# DIE WESE EN FUNKSIE VAN DIE KOMPREHENSIEWE SKOOL AS OPVOEDKUNDIGE INSTELLING VIR DIE VERSKAFFING VAN GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS AAN DIE MIDDELBARE SKOLE VAN TRANSVAAL.

DEUR

JACOBUS LODEWIKUS THERON, B.Sc., M.Ed.

--0--

Proefskrif voorgelê ter gedeeltelike voldoening aan

die vereistes vir die graad

DOCTOR EDUCATIONIS

in die Fakulteit van Opvoedkunde aan die Potchefstroomse

Universiteit vir C.H.O.

PROMOTOR : Professor H.J.J. Bingle, M.Ed., D.Phil.

--0--

DESEMBER 1958.

--0--

## VOORWOORD.

Langs hierdie weg wens die skrywer sy opregte dank te betuig teenoor skole, onderwysers en ander persone wat in een of ander hoedanigheid behulpsaam was met die navorsingswerk en voltooiing van hierdie werkstuk.

Gedurende die besoeke aan die verskillende opvoedkundige inrigtings is oral die heelhartige samewerking en vriendelike hulpvaardigheid van kollegas ondervind. Ook die bereidwilligheid van oorsese onderwysdepartemente en opvoedkundiges om gevraagde inligting te verskaf, word ten hoogste op prys gestel. Die besondere belangstelling wat deurgaans in hierdie onderwerp getoon is, getuig van 'n ernstige strewe na die welsyn en die beste vir die kind.

In die besonder wens die skrywer sy dank en waardering uit te spreek teenoor professor dr. H.J.J. Bingle wat as promotor opgetree het. Sy gewaardeerde belangstelling, vriendelike hulpvaardigheid en besondere insig en kennis was ten alle tye 'n bron van inspirasie en krag.

Die finansiële steun wat deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing) ten opsigte van koste vir hierdie navorsing verleen het, word ook hiermee met dank erken. Menings in hierdie werk uitgespreek, of gevolgtrekkings waartoe geraak is, is die van die skrywer en moet in geen geval beskou word as 'n weergawe van die menings of gevolgtrekkings van die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap (Nasionale Raad vir Sosiale Navorsing) nie.

Die besondere hulp wat deur die T.O.D. - Biblioteekdiens verleen is en veral in verband met oorsese navorsing en die verkryging van plaaslikbeskikbare bronne, word met dank erken. Die personeel se vriendelike hulp, vlytige diens en doeltreffende organisasie word ten hoogste waardeer. Hierdie bebliotoek is reeds van onskatbare waarde vir die onderwys in Transvaal; die verdere uitbouing hiervan kan nie sterk genoeg bepleit word nie.

'n Woord van dank ook aan mnre. M. Marais en J. van der Merwe vir die taalkundige versorging van die teks. Hulle vriendelike bereidwilligheid nieteenstaande eie verpligting en drukke werkprogramme word baie gewaardeer.

Ook aan Delphie, Wikus en Danie alle erkentlikheid en dank vir hulle liefde en inspirasie. Dit is die onmiddellike familiekring wat soms die meeste opofferinge moet maak.

Uiteindelik aan Hom, die Beskikker oor ons wel en wee, die erkenning van diepe afhanklikheid en die grootste dankbaarheid.

J.L.T.

# INHOUDSOPGAWE.


Bl.

HOOFSTUK 1. PROBLEEMSTELLING, ORIËNTERING, METODE VAN NAVORSING EN DOELSTELLING. .................... 1 - 10

1. Probleemstelling. .............................. 1
2. Oriëntering. ................................... 3
3. Metode van navorsing. .......................... 8
4. Doelstelling. .................................. 8

HOOFSTUK 2. 'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN DIE MIDDELBARE SKOOL IN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSSTELSEL. ..................... 11 - 43

1. Onderwystoestande gedurende die aanvangsjare tot 1872 ........................................ 11
2. Liberale en vreemde invloede in die onderwys in Transvaal; 1872 - 1881 ........................ 12
3. Die bloeityd in die onderwys van die Zuid-Afrikaansche Republiek; 1882 - 1899 ............... 14
4. Onderwys onder Engelse bewind; 1900 - 1910 .... 19
5. Onderwys onder Provinsiale Bestuur; 1911 - 1925 ........................................ 24
6. Differensiasie in verskillende onderwysdepartemente; 1925 - 1950 .............................. 28
7. Die komprehensiewe middelbare skool vir gedifferensieerde onderwys; 1950 - 1957 ............ 38
8. Gevolgtrekking ................................ 41

HOOFSTUK 3. KOMPREHENSIEWE SKOLE IN VERSKILLENDE LANDE ............................................ 44 - 86

1. Die Verenigde State van Amerika ............... 44
   (a) Die ontstaan en ontwikkeling van die komprehensiewe skole ........................... 44
   (b) Amerikaanse komprehensiewe skole ........... 53
2. Engeland ...................................... 57
   (a) Die geskiedkundige agtergrond en ontwikkeling van die komprehensiewe skool in Engeland ................................... 57
   (b) Die huidige stelsel van onderwys in Engeland ..................................... 61
   (c) Komprehensiewe skole in Engeland .......... 64
3. Skotland ...................................... 73
4. Nederland ..................................... 77
5. Kanada ........................................ 79
6. Australië ..................................... 82
7. Nieu-Seeland .................................. 84
8. Samevatting ................................... 86

HOOFSTUK 4. DIE OPVOEDKUNDIG-FILOSOFIESE, -PSIGOLOGIESE, - SOSIOLOGIESE EN - EKONOMIESE GRONDSLAE VAN DIE KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOOL VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS ........................ 87 - 125

1. Die verband tussen lewens- en wêreldbeskouing en die opvoeding ............................ 87

2. Die grondslae van die komprehensiewe skool vir gedifferensieerde onderwys .................... 88

A. Die opvoedkundig-wysgerige grondslae van die komprehensiewe middelbare skool vir gedifferensieerde onderwys ......................... 90
B. Die opvoedkundig-psigologiese grondslae van gedifferensieerde onderwys in die komprehensiewe skool ................................ 96

(a) Onderwys moet uitgaan van die belangstelling van die kind .................. 97
(b) Die ontdekking en ontwikkeling van individuele aanleg ..................... 99
(c) Onderwys vir elkeen na sy vermoë .......101
(d) Die noodsaaklikheid van aktiwiteit in die onderwys ............................102
(e) Prestasie en persoonlike sukses as aansporing in die onderwys ................105
(f) Middelbare onderwys en die adolessent ..105

(i) Karakterisering van die adolessent .106
(ii) Die veranderinge wat in die rypende jeug plaasvind ..................107
(iii) Die onderwysbehoefte van die adolessent ............................108

C. Die opvoedkundig-sosiologiese grondslae van die komprehensiewe skool vir gedifferensieerde onderwys ...........................111

(a) Die skool as 'n gemeenskap in embrio....112
(b) Die aanwending van die gemeenskap en gemeenskapsmiddele deur die komprehensiewe skool .........................114
(c) Gelyke kanse en die geleentheid tot ontwikkeling is die demokratiese reg van die individu ........................114
(d) Die skool as demokratiese instelling vir die bevordering van die demokratiese beginsels ...........................116

D. Die opvoedkundig-ekonomiese grondslae van die komprehensiewe skool ...................120

HOOFSTUK 5. DIE KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOOL IN PRAKTYK. ......................................126 - 188

1. Die doel van die opvoeding ......................126

(a) Die uiteindelike doelstelling .............126
(b) Die verwyderde doelstellings ..............127
(c) Die onmiddellike doelstellings ............128
(d) Die wyse waarop die komprehensiewe skool die onmiddellike doelstellings in die praktyk probeer verwesenlik ..............130

2. Die kurrikulum van die komprehensiewe skool ...132

3. Gedifferensieerde onderwys ......................137

A. Soorte differensiasie ........................138

B. Gedifferensieerde doelstellings van leerlinge ..... 139
C. Onderlinge groepering ..... 139

(a) Indeling in bane ..... 139
(b) Indeling in groepe ..... 140

D. Metodiek in die komprehensiewe skool ..... 143

(a) Die klaskamerpraktyk ..... 144
(b) Besondere metodes van onderwys ..... 145
(c) Algemene metodes ..... 151
(d) Gedifferensieerde metodiek ..... 152

E. Tempo-differensiasie ..... 155
F. Meting, prestasiebeoordeling, rapporte, bevordering en sertifisering ..... 159

(a) Meting in die komprehensiewe skool ..... 159

(i) Verstandstoetse ..... 160
(ii) Skolastiese toetse ..... 160
(iii) Diagnostiese toetse ..... 161
(iv) Aanlegstoetse ..... 161
(v) Skooleksamens ..... 161

(b) Prestasiebeoordeling ..... 162
(c) Rapporte ..... 167
(d) Bevordering ..... 168
(e) Sertifisering ..... 169

4. Die besondere organisatoriese probleme van die komprehensiewe middelbare skool ..... 171

(a) Afdeling- en groepindeling ..... 171
(b) Geboue ..... 173
(c) Dissipline ..... 174
(d) Die rooster ..... 174

5. Die onderwyspersoneel ..... 176

(a) Die hoofonderwyser ..... 176
(b) Die onderwysers ..... 177

6. Die voogstelsel ..... 179

A. Die doel van die voogstelsel ..... 179
B. Die indeling in vooggroepe ..... 180
C. Die funksies van die voogonderwyser ..... 180
D. Die tyd wat aan voogonderwys behoort gewy te word ..... 181
E. Die metodes wat vir voogonderwys aangewend kan word ..... 182
F. Die opleiding van voogonderwysers ..... 183

7. Voorligting in die komprehensiewe skool. Die werkmetode en tegnieke wat in die voorligtingsdiens aangewend behoort te word ..... 184

A. Die doel van voorligting ..... 184
B. Die werkmetodes en tegnieke wat in die voorligtingsdiens aangewend behoort te word ..... 185
C. Die diagnostiese bestudering van die individu ..... 185
D. Versamelde inligting ..... 185
E. Raad en leiding deur persoonlike onderhoude 186
F. Die plasing van leerlinge ..... 186
G. Nasorgwerk ..... 186

8. Adviesrade ..... 187

9. Die aandeel van die ouers in die komprehen-

siewe skool .................................. 188

HOOFSTUK 6. DIE ALGEMENE VOOR- EN NADELE VAN DIE KOMPREHENSIEWE SKOOL ............................ 189 - 203

1. Die voordele van die komprehensiewe middelbare skool ........................................ 189

(a) In 'n demokratiese gemeenskap is die komprehensiewe middelbare skool die natuurlikste opvoedkundige inrigting ............. 189
(b) Die komprehensiewe skool elimineer die probleme wat ontstaan by die oorskakeling van die laer na die middelbare skool. 190
(c) In komprehensiewe skole vind die oorskakeling van een kursus na 'n ander baie maklik plaas .................................. 191
(d) Die komprehensiewe skool voorsien in die behoeftes van alle leerlinge ............ 192
(e) Die komprehensiewe middelbare skool kan aan die opvoedkundige, maatskaplike, ekonomiese en nywerheidseise voldoen ..... 192
(f) Gedifferensieerde onderwys kan in die komprehensiewe skool op die doeltreffendste wyse geskied ........................ 193
(g) Die komprehensiewe skool is meer ekonomies as wanneer voorsiening deur middel van afsonderlike skooltipes gemaak word ...... 194
(h) Die komprehensiewe skool spits hom toe op die ontwikkeling van die hele mens .... 194
(i) In die komprehensiewe skool geniet alle vakke en kursusse 'n gelykwaardige status. 195
(j) Die komprehensiewe skool is 'n gemeenskapskool ......................................... 195
(k) 'n Eenvormige stelsel van komprehensiewe skole lei tot bevredigende personeelverspreiding en verwante aangeleenthede ..... 196
(l) Voorligting kan alleen in die komprehensiewe skool ten volle tot sy reg kom ..... 197
(m) Komprehensiewe skole geniet aanvanklik almal 'n gelykwaardige status ........... 197

2. Die nadele verbonde aan komprehensiewe middelbare skole ................................ 198

(a) Komprehensiewe skole moet noodwendig groot wees ..................................... 198
(b) Die standaard van die werk in komprehensiewe skole neig na die gemiddelde ...... 200
(c) Die leerlinge met hoë intellektuele bekwaamheid verdring die ander leerlinge in die verantwoordelike poste in die skoollewe ....................................... 201
(d) Vroeë skoolverlaters beïnvloed die akademiese leerlinge ten nadele ............ 201
(e) Die komprehensiewe skool kan onmoontlik nie vir alle beroepsvakke voorsiening maak nie ......................................... 202
(f) Hoofde van komprehensiewe skole kan nie in al die verskillende rigtings van middelbare onderwys eweveel belangstel nie. Sekere rigtings sal dus bevoordeel word. ............................................ 202

3. Samevatting ...................................... 203

HOOFSTUK 7. STRUIKELBLOKKE IN DIE WEG VAN DIE STIGTING VAN VOLSLAE KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOLE IN TRANSVAAL .............................. 204 - 230

1. Die Stelsel van verdeelde beheer ............ 204

A. Die geskiedkundige agtergrond van die huidige stelsel van verdeelde beheer ........ 204
B. Pogings wat reeds aangewend is om die toestand van verdeelde beheer op te hef .. 206

(a) Die Jagger-kommissie van 1916 ........ 206
(b) Die Hofmeyer- " " 1923 ........ 207
(c) Die Roos- " " 1934 ........ 207
(d) Die Nicol- " " 1939 ........ 208
(e) Die Wilks- " " 1946 ........ 208
(f) Die De Villiers " " 1948 ........ 209
(g) Die Pretorius " " 1951 ........ 209
(h) Die Interkerklike komitee van die Hollandse-Afrikaanse Kerke van S.A., 1955 ................................ 209
(i) Samevattend .............................. 210

C. Die nadelige gevolge van die stelsel van verdeelde beheer op middelbare onderwys .. 210

(a) Die sielkundig-opvoedkundige nadele .. 210
(b) Die sosiologies-opvoedkundige nadele . 211
(c) Die nadelige gevolge van die oorplasing van leerlinge van die een departement en skool na 'n ander ..... 213
(d) Daar heers 'n ongesonde gees van mededinging en onwil tussen die provinsiale en beroepskole ............. 213

D. Die oplossing vir die ongewenste toestand van verdeelde beheer ...................... 214

2. Die invloed van die Matrikulasie-vrystellingsvereistes op gedifferensieerde onderwys in die komprehensiewe skole ........................ 215

A. Die doel en bepalings van die Matrikulasie-eksamen .................................... 215
B. Universiteits-toelatingsvereistes in ander Westerse lande ......................... 217
C. Die algemene nadelige invloede van die Matrikulasie-eksamen op middelbare onderwys .................................. 219
D. Die besonder nadelige invloed van die Matrikulasie-eksamen op die komprehensiewe skool ..................................... 221
E. Oplossings wat reeds aan die hand gedoen is ................................. 222
F. Gevolgtrekkings ........................... 224

3. Die tradisionele kloof wat tussen liberale en beroepsonderwys bestaan. ................. 225

4. Die antipatie wat deur 'n gedeelte van die publiek en die onderwysprofessie teenoor komprehensiewe skole geopenbaar word ........ 227

5. Die hoë koste verbonde aan beroepsonderwys .. 228.

HOOFSTUK 8. BEROEPSONDERWYS IN DIE MIDDELBARE SKOOL ........................................ 231 - 258

1. Die plek van beroepsonderwys in die kurrikulum van die middelbare skool ............ 231

A. Die integrasie van algemene en beroepsonderwys ........................................ 231
B. Beroepsonderwys in die middelbare skool ... 234

2. Die ontwikkeling van beroepsonderwys in Suid-Afrika sedert 1925 ........................... 235

A. Tegniese Kolleges .......................... 237
B. Nywerheid- en verbeteringskole ........... 240
C. Hoër Huishoudskole ......................... 243
D. Hoër Tegniese Skole ........................ 245
E. Spesiale Skole ............................. 248
F. Hoër Tegniese Skole vir Volwassenes ....... 250
G. Hoër Handelskole ........................... 251
H. Staatsondersteunde Spesiale Skole ......... 253
I. Staatsondersteunde Vakskole ............... 256

3. Samevatting. ................................. 256

HOOFSTUK 9. DIE IMPLEMENTERING EN VERWESENLIKING VAN DIE KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOOL AS OPVOEDKUNDIGE INSTELLING VIR TRANSVAAL. ............... 259 - 273

1. Besondere aspekte van die huidige onderwysstelsel en die ideaal van komprehensiewe middelbare skole ........................................ 260

A. Die opheffing van die stelsel van verdeelde beheer ................................... 260
B. Middelbare skole moet vrygemaak word van die knellende bande van die huidige Matrikulasievrystellingsvereistes .............. 261
C. Die integrasie van beroeps- en algemeenvormende onderwys in die middelbare skool . 261
D. Gedifferensieerde onderwys as die noodsaaklike korrelaat van die komprehensiewe skool ...................................... 263
E. Organisatoriese implikasies ............... 265
F. Spesiale onderwysinrigtings as aanvullende voorsiening by komprehensiewe skole ....... 267

2. Die ontwikkeling van die komprehensiewe skool as opvoedkundige instelling. ................ 269

A. Die huidige middelbare skool in Transvaal as die natuurlike resultaat van 'n langsame ontwikkelingsproses .......................... 270
B. Die komprehensiewe middelbare skool word geregverdig deur en is gebaseer op opvoedkundig-filosofiese, -psigologiese, -sosiologiese en -ekonomiese grondslae .......... 271

3. Die komprehensiewe skool as opvoedkundige instelling vir middelbare onderwys vir Transvaal 272

--------

GRAFIESE VOORSTELLINGS.

1. 'n Voorbeeld van groepindeling in die komprehensiewe middelbare skool ................... 141

2. Differensiasie in tempo ........................ 157

3. 'n Grafiese voorstelling van 'n metode om leerlinge in 'n groep se prestasies met hulle vermoëns te vergelyk ........................... 164

## BYLAAG.

Opvoedkundige inrigtings wat besoek is ........... 274

BIBLIOGRAFIE. 275 - 286

------

# HOOFSTUK 1.

## PROBLEEMSTELLING, ORIËNTERING, METODE VAN NAVORSING EN DOELSTELLING.

### 1. PROBLEEMSTELLING.

Indien onderwysontwikkeling, veral op die middelbare vlak, bestudeer word, word gevind dat die noodsaaklikheid vir onderwysvernuwing byna wêreldwyd besef word en aandag geniet. Daadwerklike pogings word dan ook in verskillende lande aangewend om onderwys op 'n nuwe grondslag te plaas. Nadat die Direkteur van Onderwys van Tasmanië gedurende 'n opvoedkundige reis in verskillende lande 'n deurtastende ondersoek ingestel het, beweer hy : "I am struck forcibly by the fact that secondary education is today in a state of critical transition. Never before have its basic purposes and practical implications been so thoroughly scrutinized and appraised in the effort to overcome an obvious lag between school and society......."[1) In Suid-Afrika beweer die De Villiers-kommissie in 1948 : ".....dit (het) vir die kommissie duidelik geword dat 'n omskepping van ons hele onderwysstelsel nodig is."[2)

Hierdie strewe na onderwysvernuwing, na heraanpassing by nuutgevonde waardes en vereistes, kan hoofsaaklik aan die volgende twee faktore toegeskryf word :

a. die nuwe verhouding wat tussen skool en gemeenskap ontstaan het, die byna rewolusionêre maatskaplike en ekonomiese veranderinge wat plaasgevind het, die veranderde wêreld- en lewensomstandighede en - beskouinge wat ontstaan het en die veelvergende funksionele eise wat tans aan die onderwys gestel word, het meegebring dat bestaande onderwysstelsels en- metodes ingrypend verander moet word.

Van/.........

---

1. Tribolet, Observations on Secondary Education in England, Scotland and the U.S.A., 1.
2. Unie van Suid-Afrika, Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 22.

Van die moderne skool word geëis dat dit 'n gemeenskapsinstelling moet wees. Die Adjunk-Direkteur van Onderwys in Transvaal erken dan ook : "Ons aanvaar dat die skool in diens van die gemeenskap staan. Daarom moet die veranderinge en behoeftes van die gemeenskap weerspieël word in die skool."[1] Faktore soos industrialisasie en die gevolglike verstedeliking van die bevolking en die verdwyning van die hegte gesinsverband en huislike lewe, 'n versnelde lewenstempo, verhoogde produktiwiteit en ongekende ekonomiese welvaart, spesialisasie en outomatisasie in die nywerhede, het almal verreikende gevolge op die gemeenskapslewe gehad. Deur die geleidelike verhoging van die skoolpliggrens het groot middelbare skole met heterogene bevolkings ontstaan. Veral na die Tweede Wêreldoorlog het by vernuwing weer eens die strewe ontstaan om die demokratiese erfenis ook in die skole te bestendig deur dit reeds in die skole uit te lewe. Voorsiening moes dus getref word dat aan elke leerling gelyke maar nie gelyksoortige geleenthede gebied word. Die tradisionele selektiewe funksie van middelbare skole moet dus plek maak vir 'n distributiewe funksie - die voor-universiteitsfase moet omskep word in 'n werklike lewensfase.

b. Ook op opvoedkundige gebied het die bewustheid ontstaan dat die onderwys in geheel groot veranderinge moet ondergaan. As gevolg van opvoedkundige navorsing het aan die lig gekom dat daar verbasende indiwiduele verskille in intelligensie, aanleg en vermoë onder leerlinge bestaan. Hierdeur het die noodsaaklikheid vir gedifferensieerde onderwys ontstaan en word dit tans geëis dat leerlinge in ooreenstemming met hulle persoonlike vermoëns en behoeftes ontwikkeling sal geniet. Verdere belangrike aspekte wat deur die psigologie beklemtoon is, is die invloed of noodsaaklikheid van faktore soos ryping, aktiwiteit, persoonlike prestasie, die adolessente tydperk as 'n oorgangsfase wat diepgaande fisiese en geestelike veranderinge meebring, belangstellingsentra, leergesprekke en so meer.

Hierdie/.........

---

1. Transvaalse Onderwysersvereniging, Onderwysblad, Nr 709, Deel LXII, 1 November, 1958, Koen, Die opleiding van onderwysers vir middelbare skole, 279.

Hierdie veranderde omstandighede het 'n algehele reoriëntasie van die bestaande onderwysfilosofie en praktyk noodsaaklik gemaak. Ook die tradisionele onderwysinrigtings het by ondersoek groot tekortkominge geopenbaar. Die moderne skool moet voorsiening maak vir 'n breë basiese opleiding, kulturele vorming en karakteropvoeding. Hierbenewens moet aspekte soos voorligting, voogonderwys, beroepsonderrig, buiteskoolse aktiwiteite, ens. aandag geniet en word hiervoor besondere voorsiening en fasiliteite geëis.

As gevolg van hierdie verwikkelinge op onderwysgebied, het verskillende nuwe skooltipes ontstaan. In Engeland is moderne, tegniese, "multilateral" en "bilateral" skole gestig; in die V.S.A. het onder andere beroepskole en "dubbele-doel-skole" ("double-purpose schools") ontstaan; Skotland en Nieu-Seeland het omnibus skole gekry terwyl in Kanada die "composite schools" en in Australië die "multipurpose schools" ontstaan het. Die skooltipe wat egter veral wêreldwye aandag geniet, hoog aanbeveel word maar ook gekritiseer word, is die komprehensiewe skool wat veral in die V.S.A. en in Engeland ontwikkel het.

Laasgenoemde skooltipe word deur voorstanders in Engeland as die ideale opvoedkundige inrigting bestempel, terwyl in die V.S.A. beweer word dat hierdie soort skool Amerika se grootste opvoedkundige bydrae van die eeu vir die wêreld is. In sommige kringe, selfs in die V.S.A. ook, word die komprehensiewe middelbare skool egter kwaai gekritiseer. Hierdie navorsing beoog dan om die wese en funksie van die komprehensiewe skool as opvoedkundige instelling vir die verskaffing van gedifferensieerde middelbare onderwys in Transvaal te ondersoek.

## 2. ORIËNTERING.

Die nuwe skooltipes wat ontstaan het, het almal in 'n mindere of meerdere mate daarin geslaag om by die veranderde omstandighede aan te pas en aan die nuwe eise te voldoen. In wese verskil hierdie skole hoofsaaklik ten opsigte van die soort gedifferensieerde onderwys wat die skole aanbied. In die meeste nuwe skoolsoorte word differensiasie na buite toegepas, dit wil sê, dat gedifferensieerde onderwys deur middel van afsonderlike skole of strome geskied. In die komprehensiewe skool egter, word differensiasie na binne toegepas en word die verskillende rigtinge deur

middel/.......

middel van 'n kernkursus geïntegreer. Om absolute duidelikheid te verkry is dit derhalwe nodig om die skole en sommige terme of begrippe verder te omskrywe.

Die komprehensiewe middelbare skool.

By die bestudering van die lektuur wat handel oor die komprehensiewe skool word gevind dat die begrip nie orals eners vertolk en toegepas word nie. In die V.S.A., Kanada, Engeland en Skotland het die benaming slegs betrekking op middelbare skole, terwyl in Swede en Denemarke dit ook die laer skool insluit.[1] Verdere verskille soos die noodsaaklikheid van 'n tydperk van diagnostiese en algemeen-vormende onderwys en volslae gedifferensieerde onderwys bestaan wel, terwyl die enigste ooreenkoms wat algemeen aangetref word, is dat alle komprehensiewe skole alle leerlinge uit 'n bepaalde omgewing moet akkommodeer.

Onder die verskillende omskrywings van die "komprehensiewe middelbare skool" word die volgende aan die hand van die Londense Arbeidersparty as die volledigste beskou : "The Comprehensive school caters for all children through a system based on a central core of subjects common to all, from which branch classes in specialized subjects taken according to the desires, aptitudes and capacities of the children."[2] Die Middlesex County Council vereis van 'n volwaardige komprehensiewe skool "....that it will be organised, staffed and equipped in such a way as to offer an equal opportunity to all children according to their ability and so give them the chance of achieving the highest degree of individual development of which they are capable and of finding their happiest place in the world."[3] Van Wyk[4] beskryf die komprehensiewe skool ".... as 'n skool wat voorsiening moet maak vir alle middelbare onderwysfasiliteite vir alle kinders in 'n bepaalde omgewing."

Samevattend/...

---

1. Transvaalse Onderwysersvereniging, Onderwysblad, Nr 705, Deel LXII, Julie 1958, Van Wyk, Gedifferensieerde onderwys en komprehensiewe skole, 151.

2. London Labour Party, A policy for secondary education, 9.

3. The Comprehensive Secondary School, 4.

4. Transvaalse Onderwysersvereniging, Onderwysblad, Deel LX, Nr 679, Van Wyk, Die praktiese toepassing van gedifferensieerde onderwys, 57.

Samevattend kan dus die volgende omskrywing geformuleer word: Die komprehensiewe middelbare skool is 'n onderwysinrigting wat aan alle middelbare skoolleerlinge uit 'n bepaalde omgewing, wat daarby kan baat, gelyke maar nie gelyksoortige geleenthede bied om, in ooreenstemming met elkeen se belangstelling, aanleg en vermoë, ten volle te kan ontwikkel, en wat deur 'n stelsel van kernvakke die skool as 'n eenheid laat funksioneer maar verder deur 'n uitgebreide stelsel van keusevakke leerlinge vir alle gewenste rigtings voorberei.

Gedifferensieerde onderwys.

Gedifferensieerde onderwys is in 1955 deur die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap van Suid-Afrika as volg omskrywe :[1] "Gedifferensieerde onderwys is 'n integrerende deel van algemeen-vormende onderwys met die geleidelike invoering van beroepsgerigte akademiese vakke soos Matesis, die Wetenskappe, Handelsrekenkunde; praktiese 'Kunste' soos Metaalwerk, Houtwerk, Naaldwerk, Kookkuns, Boekhou, Tikskrif; en ander handvaardigheidsaktiwiteite. Hierdie vakke word nie ingevoer as opleiding vir spesifieke beroepe nie, maar as belangstellingsprikkels in skoolwerk, aanknopingspunte vir algemeen-vormende onderwys, en toetsing van beroepsaanleg en - voorkeur. Die algemene doelstelling bly egter nog algemene vorming en kulturele verryking."

Uit hierdie verklaring blyk duidelik dat die minister 'n onderskeid tussen algemeen-vormende onderwys en beroepsonderwys maak. Moderne onderwysontwikkeling neig egter in die rigting om die volslae integrasie van algemeen-vormende en beroepsonderwys te bewerkstellig; die "belangstellingsprikkels" en "aanknopingspunte" lei uiteindelik tot beroepsonderwys sodat dit gedurende die finale middelbare skooljare 'n noodsaaklike onderdeel van algemene onderwys vorm.

Van Wyk[2] verskaf die volgende basiese definisie : "..... gedifferensieerde middelbare onderwys vir elke leerling...... bring mee die verskaffing van

doeltreffende/....

---

1. Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Senaat, Offisiële Verslag, Nr 10, 9 - 13 Mei 1955, 2376.

2. Transvaalse Onderwysersvereniging, Onderwysblad, Deel LX, Nr 679, Van Wyk, Die praktiese toepassing van gedifferensieerde onderwys, 57.

doeltreffende onderwys ooreenkomstig die aanleg, bekwaamheid en ouderdom van elke kind of te wel die verskaffing van gelyke maar nie gelyksoortige onderwysfasiliteite ooreenkomstig individuele verskille."

Die "omnibus" skool.

Dat die ideale wat deur middel van die omnibus skool nagestreef word, in 'n groot mate ooreenstem met die van die komprehensiewe skool, blyk duidelik uit die volgende beskrywing van hierdie skoolsoort in Skotland[1]: "And by an omnibus school we mean one which accepts all the post-primary pupils of a community or of a given area. Such a school embraces the whole range of secondary education not in time only but in diversity of courses, and in provision for different intelligence levels, from the highest down to that at which the pupil ceases to find a place in the normal school." Hier ontbreek egter die doelbewuste strewe om deur middel van 'n kernkursus 'n eenheidsband in die skool te bewerkstellig. Simon[2] beweer dan ook dat die omnibus skool meer "multilateral" van aard is.

Die "multilateral" skool.

In hierdie soort skool wat hoofsaaklik in Engeland ontstaan het, word daarna gestreef om die nadele verbonde aan die "tripartite" stelsel (differensiasie in afsonderlike skole) uit te skakel deur alle middelbare skoolleerlinge in dieselfde skool of geboue op dieselfde terrein te huisves maar sodat die akademiese, tegniese, algemene en kommersiële rigtings elkeen 'n afsonderlike eenheid vorm. Die London County Council[3] beskryf dan ook die "multilateral" skool as ".....intended to cater for all the secondary education of all the children in a given area, and which includes modern, grammar, and technical elements in clearly defined sides." Ook die "composite" middelbare skool in Kanada en die "multipurpose" skool in Australië

funksioneer/....

---

1. Advisory Council of Education, Scotland, Secondary Education, 32.
2. Three Schools or one, 12.
3. The Organisation of Comprehensive Secondary Schools, 70.

funksioneer hoofsaaklik op dieselfde grondslag. Ook vir die "bilateral" skole in Engeland geld dieselfde beginsel behalwe dat in hierdie skool alleen enige twee van die moderne, tegniese of akademiese kursusse saamgegroepeer word.[1]

'n Gemeenskapskool.

Die komprehensiewe skool staan ook bekend as 'n gemeenskapskool. Hierdie skool skakel op 'n besondere wyse met die gemeenskap in die omgewing as 'n "... school that is intimately connected with the life of the community, serving as a centre for many community activities, and utilizing community resources in improving the educational program." Die woord "gemeenskap" omvat egter ook, behalwe die skool-gemeenskap, die gesin-, buurt-, dorp-, kerkgemeenskap en volk; met ander woorde alle normatief werkende sosiale eenhede waarbinne die persoon opgroei.

Beroepsonderwys.

Daar bestaan heelwat meningsverskil oor die begrip en plek van beroepsonderwys in die opvoedings-proses. Verskillende interpretasies word geheg aan beroepsgerigte vakke, beroepsonderwys en beroeps-opleiding. Beroepsgerigte vakke vorm egter 'n inte-grale onderdeel van algemeen-vormende onderwys en word geleidelik in die middelbare skole ingevoer. Beroeps-onderwys word soms, en veral in Suid-Afrika, beskryf as 'n besondere onderwysaangeleentheid wat normaalweg na 'n sekere peil van algemene onderwys, met of sonder beroepsdifferensiasie, ingevoer word.[2] Beroepsopleiding is dan die uitsluitlike aanleer van die handvaardighede wat vir 'n besondere beroep noodsaaklik is. In die komprehensiewe skole en veral ook in die "double-purpose" skole in die V.S.A., is die strewe egter om, na 'n periode van diagnostiese en algemeen-vormende onderwys, beroepsgerigte vakke geleidelik in te voer totdat uiteindelik, reeds gedurende die finale middel-

bare/.......

---

1. Paedagogische Studiën, Vol. 28, Julie 1951, Van der Velde, Persoon en Gemeenschap in de Nederlandse onderwijsvernieuwing, 203.

2. Wulfsohn, 'n Vergelykende studie van beroepsonderwys in Suid-Afrika en in sekere Wes-Europese lande, met spesiale verwysing na tegniese en handelsonderwys, 101.

bare skooljare, beroepsonderwys 'n integrale deel in die onderwysprogram vorm. Nadat die leerling die skool verlaat het, spits hy hom dan toe op eng gespesialiseerde beroepsonderwys wat beroepsopleiding, d.w.s. die aanleer van handvaardighede, insluit. Ook die De Villiers-kommissie beweer : [1] "Beroepsonderwys is derhalwe nie die teenoorgestelde van algemene onderwys nie, maar 'n fase van onderwys, waartoe voltydse algemene onderwys noodwendig moet lei.......", en verder, ".... dat algemene en beroepsonderwys dele van dieselfde geheel is, aspekte van die onverdeelbare proses."

## 3. METODE VAN NAVORSING.

Vir die bestudering van die onderwysontwikkeling in Transvaal is van sowel primêre as sekondêre bronne gebruik gemaak. Om inligting in verband met oorsese onderwysaangeleenthede in te win, is in 'n besonder mate van die dienste van die Transvaalse Onderwysbiblioteek gebruik gemaak. Die inligting wat uit verskillende lande van onderwysdepartemente en skole verkry is, is in die T.O. Biblioteek, Pretoria, beskikbaar. Verder is baie van oorsese sekondêre bronne gebruik gemaak. Om besonderhede in verband met die bestaande provinsiale en uniale onderwysstelsels in Suid-Afrika, maar veral in Transvaal, in te win, is provinsiale sowel as beroepskole in die Transvaal, Oranje Vrystaat en die Kaapprovinsie besoek.

## 4. DOELSTELLING.

Om die wese en funksie van die komprehensiewe skool as opvoedkundige instelling vir die verskaffing van gedifferensieerde onderwys in Transvaal te ondersoek, is dit nodig gevind om allereers die ontstaan en ontwikkeling van die Transvaalse onderwysstelsel na te vors. Deur hierdie studie kon bepaal word of die komprehensiewe skool deur 'n natuurlike ontwikkelingsproses plaaslik ontstaan het, of, soos dikwels beweer word, hierdie skooltipe heeltemal vreemd aan die Suid-Afrikaanse bodem en tradisies is en of dit dus heelhuids vanaf die buiteland ingevoer is.

Aangesien/.......

---

1. Unie van Suid-Afrika, Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 14, 15.

Aangesien die komprehensiewe skole ook in ander Westerse lande ontwikkel het, is dit noodsaaklik dat die ontstaan, ontwikkeling en wese van hierdie skole ondersoek moet word sodat lesse uit die bestaande praktyke en ontwikkelinge geput kan word. Universeel geldende waardes kan, indien van toepassing, ook ten voordele van eie vooruitgang aangewend word. Die voorstanders van die komprehensiewe skool maak daarop aanspraak dat hierdie skooltipe ontwikkel het as gevolg van die onvermoë van die bestaande tradisionele skole om by veranderde maatskaplike, industriële en opvoedkundige omstandighede aan te pas. Die opvoedkundige, filosofiese, psigologiese, sosiologiese en ekonomiese grondslae van die komprehensiewe skool moet dus ondersoek word om vas te stel of hierdie nuwe skooltipe wel aan die verwagtinge kan voldoen.

Om die funksionele waarde en praktiese implikasies van die komprehensiewe skool as opvoedkundige inrigting vir Transvaal te probeer bepaal, is dit ook nodig gevind om die werklike voor- en nadele wat hierdie skooltipe inhou, te bepaal.

In die komprehensiewe skool met sy heterogene skoolbevolking ontstaan die probleem om aan elkeen van die groot leerlingtal reg te laat geskied sodat elkeen se persoonlikheid volgens eie aard kan ontwikkel. Variasies in belangstelling, aanleg, ontwikkelingspeil, werkvermoë,huislike agtergrond, en so meer, bemoeilik die taak van die skool oneindig baie. Hierdie individuele verskille moet ontdek en deur middel van differensiasie in doelstellings, leerstof, metodiek, tempo, prestasie-beoordeling, promosie en selfs sertifisering tot voordeel van die individu self, maar ook van die maatskappy tot die optimum moontlikhede ontwikkel word. Die praktiese uitvoerbaarheid van hierdie noodsaaklike aangeleenthede in die komprehensiewe skool, moet ondersoek word.

Indien die komprehensiewe skool as opvoedkundige instelling op 'n volwaardige wyse in Transvaal ingevoer word en doeltreffend moet funksioneer, sal dit meebring dat bepaalde struikelblokke uit die weg geruim moet word. Die huidige toestand van sake moet dus ondersoek word om vas te stel watter faktore die implementering van die komprehensiewe ideaal teenwerk en hoedat hierdie struikelblokke uit die weg geruim kan word.

Aangesien/........

Aangesien beroepsonderwys as integrale deel van algemene onderwys 'n noodsaaklike voorvereiste vir die verwesenliking van die ideaal van komprehensiewe skole is, is dit nodig om die bestaande stelsel van beroepsonderwys in Suid-Afrika en dus in Transvaal, te ondersoek. Gedifferensieerde onderwys in afsonderlike skole is reeds in Suid-Afrika op 'n beperkte skaal in werking en die invloed hiervan op die daarstelling van komprehensiewe skole is van die allergrootste belang.

Uiteindelik sal daar gepoog word om aan die hand van die versamelde gegewens en bevindinge te bepaal of die ideaal van komprehensiewe middelbare skole vir Transvaal prakties uitvoerbaar, opvoedkundig gesond en funksioneel lonend sal wees.

----------

## HOOFSTUK 2.

## 'N HISTORIESE OORSIG VAN DIE ONTSTAAN EN ONTWIKKELING VAN MIDDELBARE SKOLE IN DIE TRANSVAALSE ONDERWYSSTELSEL.

### 1. ONDERWYSTOESTANDE GEDURENDE DIE AANVANGSJARE TOT 1872.

Onderwysaangeleenthede aan die Oosgrens van die Kaapkolonie, voor die aanvang van die Groot Trek, was deur omstandighede alleen tot die mees elementêre beperk. Die onsimpatieke Britse bestuur aan die een kant en die plunder- en rooftogte deur invallende Kafferimpi's aan die ander kant, het skoolonderrig tot die minimum beperk. Vanselfsprekend was daar ook gedurende die Groot Trek van georganiseerde onderwys byna geen sprake nie. Hoofsaak in die onderwys was dat die Trekkerkinders kon lees en skryf sodat hulle belydende lidmate van die Kerk kon word. Die opvoeding van die jeug op trek was tog egter kernagtig, kerngerig en kerngesond.[1)]

Ook gedurende die beginjare in die Transvaal het pioniersomstandighede die onderwys net tot die noodsaaklike beperk. Hier het ons met ŉ baanbrekersbevolking te doen wat onder die mees primitiewe omstandighede geleef het, deur barbaarse stamme omring en deur groot afstande geïsoleer, maar waar gevalle van ongeletterdheid haas onbekend was. Met die geweer in die een hand vir stoflike beskerming en die Bybel in die ander hand vir geestelike en kulturele beskerming, is die jongmense deur die ouers self in die moeilike lewenskool opgelei. En alhoewel hierdie soort opleiding geen groot geleerdheid meegebring het nie, het dit in die bevolking se onmiddellike behoeftes voorsien; dit het baanbrekers geskep, mense wat nie alleen die land toeganklik gemaak het nie, maar die fakkel van die blanke beskawing onverduisterd van geslag tot geslag oorhandig het.[2)]

Dat hulle godsdiens en die onderwys van hulle kinders vir die Voortrekkers erns was, blyk reeds uit die tweede Voortrekkergrondwet - die van Oktober 1838 - waarin deur artikel 13 bepaal is dat "De Raad (van Representanten van het volk) zal ook een wakend oog over de Godsdienst en Schólen moeten houden, en alles/.........

---

1. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 12.
2. Unie-Onderwysdept., Bulletin van onderwys-statistiek vir die Unie van S.A., 1947, 3.

alles aanwenden tot bevordering derzelve".[1)]

Toe die Voortrekkers die republiek in Transvaal gestig het, was dit ʼn gulde geleentheid om ʼn eie oorspronklike onderwysstelsel te ontwikkel - aanvanklik natuurlik van proefondervindelike aard - maar wat deur ondervinding en verbetering mettertyd beter by hulle behoeftes sou aanpas as die stelsel waarvandaan hulle weggetrek het. ʼn Oorspronklike, doeltreffende burgerlike regeringsvorm is ontwerp maar met die onderwysstelsel moes dit ongelukkig anders. Eers is in die sewentiger jare ʼn Hollands-gekleurde onderwysstelsel hier oorgeplant en na die Tweede Vryheidsoorlog sou Lord Milner weer alles wegveeg en dit met ʼn Engels-Kaapse stelsel vervang.[2)]

Ontwikkeling op onderwysgebied tot 1872 was hoofsaaklik beperk tot laer onderwys. Gebrek aan geldelike middele en onderwysers en politieke woelinge het vooruitgang belemmer. In 1872 word ds. T.F. Burgers tot president gekies en hiervandaan begin middelbare onderwys ook aandag geniet.

## 2. LIBERALE EN VREEMDE INVLOEDE IN DIE ONDERWYS IN TRANSVAAL; 1872 - 1881.

Hoewel die vernaamste behoefte nog hoofsaaklik laer onderwys was, het die liberaalgesinde[3)] ds. T.F. Burgers hom ten alle koste vir middelbare en hoër onderwys beywer.[4)] Die Burgers-onderwyswet, Wet No. 4 van 1874,[5)] moet beskou word as die eerste volledige wetsbepaling van die onderwys vir die Z.A. Republiek.[6)] Onder andere maak die Burgerswet dan ook voorsiening vir "Hooger onderwijs" (middelbare onderwys was net beperk tot standerds IV, V en VI) waarvoor ʼn "Gymnasium" in Pretoria en later een in Potchefstroom opgerig moes word. Ook in distrikskole kon hoër onderwys gegee word.

Die/.........

---

1. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 12.
2. Unie-onderwysdepartement, Bulletin van onderwys-statistiek vir die Unie van S.A., 1947, 4.
3. a. Hanekom, Die liberale rigting in S.A., 298.
   b. Bot, Honderd jaar onderwys in Transvaal, 15.
4. Coetzee, a.w., 41.
5. Staatscourant, 4 November 1874, Wet No. 4 van 1874. Ook in De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849 - 1885, 567.
6. Coetzee, a.w., 40.

Die kurrikulum sou bestaan uit:

"i. Hoogere Nederduitsche en Engelsche Taalkunde,
ii. Fransche en Hoogduitsche talen,
iii. Latynse en Grieksche talen,
iv. Hoogere Reken- en Meetkunde,
v. Algebra,
vi. Scheikunde, ook van landbouw,
vii. Natuurlijke Historie,
viii. Physiologie der dieren,
ix. Geologie en Mineralogie,
x. Technologie,
xi. Aardrijkskunde. Politiek zowel als Physieke,
xii. Algemeene geschiedenis en geschiedenis der Letterkunde,
xiii. Sterrekunde,
xiv. Logica, en
xv. Musijk en Tekenkunst,"[1)]

Hierdie kurrikulum weerspieël die idealisme waarmee Burgers ook vir die onderwys besiel was. In die praktyk was dit egter onuitvoerbaar en sou niks hiervan tereg kom nie. Die kurrikulum maak verder hoofsaaklik vir akademiese opleiding voorsiening.

Nadat die Transvaal op 12 April 1877 deur Shepstone vir Engeland geannekseer is en dr. Vacy Lyle vir Van Gorkum in 1878 as Superintendent van Onderwys opgevolg het, is 'n nuwe onderwysbeleid ingevoer wat meer byval by die ouers sou vind. Dr. Lyle is in 1879 oorlede en ds. H.S. Bosman het as Superintendent van Onderwys waargeneem. Hy was versigtig om veranderinge aan te bring, maar voer onder andere die stelsel van betaling volgens uitslae in.[2)] In sy verslag[3)] in Februarie 1880 word die volgende baie interessante bewering gemaak: "It is not advocated that a boy should be taught only what he can turn into monetary value - that the mental pabulum and dexterity necessary to make a living are all that he requires - but still, the more one sees and reflects the more one is impressed with the comparative uselesness, either as a means or as an end, of much that is taught,

not/..........

---

1. De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849 - 1885, 567, 568.
2. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 45.
3. Transvaalsche Gouverments Courant, 20 April 1880, Vol. IV, Government Notice No. 961880, H.S. Bosman, Report of the Superintendent of Education of 19 Febr., 1880.

not excluding the study of French. Books are not unfrequently made substitutes for nature; and education, instead of having for its chief end the bringing out of living functions, is looked upon as a matter of words, and rules, and abstractions. Now-a-days boys want to know things as well as words. The mere word repeating class of schools wholly fail to meet the necessary requirements."

Bosman openbaar hierdeur, in teenstelling met Burgers se sienswyse, 'n praktiese kyk op onderwyssake. Die kurrikulum moet, behalwe vir die noodsaaklike akademiese opleiding, meer beroepsgerig wees. Ook die tradisionele luisterskool-metodiek moet vervang word deur pragmatiese en aktiwiteitsmetodes. Alhoewel Bosman waarskynlik niks meer in die oog gehad het as 'n wyer ontwikkeling van die persoonlikheid nie, is dit tog opmerklik dat juis van hierdie aspek later in die komprehensiewe skool veel gemaak is.

## 3. DIE BLOEITYD IN DIE ONDERWYS VAN DIE ZUID-AFRIKAANSCHE REPUBLIEK; 1882 - 1899.

Na die slag van Amajuba het die Transvaal weer in 1881 'n vrye Boere-Republiek geword en begin die bloeityd, ook op onderwysgebied, van die Zuid-Afrikaansche Republiek.

Ds. S.J. du Toit word die nuwe Superintendent van Onderwys en sy onderwysbeleid word in Wet No. 1 van 1882[1)] vasgelê. Behalwe vir "elementair(lager) onderwijs" word ook vir middelbare en hoër onderwys voorsiening gemaak.[2)] Middelbare onderwys sou egter net uit standerds IV, V en VI bestaan sodat die hoër onderwys eintlik ooreenstem met ons hedendaagse middelbare onderwys.

Die kurrikulum van die "Hooger Onderwijs" was veelomvattend en daar sou twee departemente wees. Die een vir gewone hoër onderwys sou voorsiening maak vir Grieks, Latyn, Hoër Wiskunde, nuwe tale en literature en natuurwetenskappe. Die tweede afdeling sou meer

beroepsgerig/.........

1. Transvaalsche Gouverments Courant, 18 Mei 1882. Ook in De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1849 - 1885, 1069 - 1095.
2. De Locale Wetten, 1070.

beroepsgerig wees met die volgende ses afdelings: opvoedkundig, juridies, kommersieel, administratief, staatkundig, krygskundig en landboukundig. Later sou ook "Delfstofkunde" ingevoer word.[1]

Die verskillende kursusse waarvoor die "Hooger Onderwijs"-kurrikulum voorsiening gemaak het, kan beskou word as die voorloper van tersiêre onderwys in Transvaal en die universiteit kan dus sy ontstaan hierin sien.

In 1883 is "De Opleidingschool" onder W. Louis vir hoër onderwys geopen. In 1886 is aan hierdie inrigting die "Voorbereidingschool" onder J. Boekhorst bygevoeg om voorbereidende klasse vir die "Opleidingschool" te huisves. In 1889 is die "Opleidingschool" tot die "Gymnasium" hernoem.[2] In 1892 is die "Voorbereidingschool" verander tot die Staatsmodelskool, 'n skool vir gewone laer en middelbare onderwys.

In 1884 is ook die "Damesschool" vir meisies in Pretoria geopen aangesien die "Opleidingschool" hoofsaaklik vir seuns bedoel is. Die kurrikulum het die volgende vakke ingesluit: Nederlands, Engels, Frans, Duits, Rekenkunde, Geskiedenis, Aardrykskunde, Letterkunde, Filosofie, Handwerk, Musiek en Sang.[3] Hierdie inrigting het dus sy opleiding op 'n breë grondslag geplaas en het afgewyk van die destydse liberale onderwys en 'n meer gedifferensieerde kurrikulum aangebied. Nadat Du Toit as Superintendent van Onderwys bedank het, was daar geen onmiddellike behoefte aan prinsipiële onderwysveranderinge nie. Die Sekretaris van Onderwys, mnr. H. Stiemens, kon dus waarneem totdat professor N. Mansvelt in 1891 as Superintendent van Onderwys aangestel is.

Op 2 Junie is Wet No. 8 van 1892[4] formeel deur die Volksraad goedgekeur. Hierdie onderwyswet is baie vollediger as sy voorganger in 1882, en alhoewel in hooftrekke onveranderd, was daar tog belangrike afwykings.

Voorsiening is weer vir laer, middelbare en hoër onderwys gemaak. Die vakke in die middelbare skole (st. IV - VI) is die voortsetting van die laerskoolvakke,

Hollands,/.........

---

1. Volledig aangehaal in Lugtenburg, Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, 47.
2. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 58.
3. Lugtenburg, Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, 170.
4. Staatscourant, 15 Junie 1892, 769 - 773.
   Ook in De Locale Wetten der Z.A. Republiek, 1890 - 1893, 422 - 437.

Hollands, waar verlang enige ander lewende taal, Aardrykskunde, Geskiedenis, Vormleer, Teken, Boekhou, Natuur-, Plant- en Dierkunde en "nuttige en fraaie Handwerken voor meisjes." Ambagsklasse mag aan middelbare skole ingevoer word en moet onder toesig en leiding van 'n bevoegde deskundige geskied. Onderrig kan dan in een of ander handwerk gegee word.[1] Ook in die middelbare klasse is daar dus 'n mate van differensiasie ingevoer. Hierdeur sou daar beter aansluiting tussen middelbare en hoër onderwys bewerkstellig word. Weereens is daar vir 'n "Inrichting voor Hooger Onderwijs" (die "Gymnasium") voorsiening gemaak. Toelaes sou ook aan hoër meisieskole betaal word.

In 1892 met die herinstelling van die "Gymnasium" is daar in die volgende afdelings gedifferensieer: klassieke, wetenskappe, opvoedkunde en landboukunde. In 1897 is die "Mijnschool" ook hierin opgeneem. Die "Gymnasium" was dus 'n komprehensiewe skool. Alhoewel diè "Opleidingschool" en die latere "Gymnasium" van 1889 ook 'n komprehensiewe skool was, het W. Louis in 1883 as die enigste onderwyser met 20 leerlinge begin, en kon daar nie doeltreffend gedifferensieer word nie. Die nuwe "Staatsgymnasium" het met 19 leerlinge en vyf onderwysers begin.

Hierdie eerste personeel het bestaan uit:

Dr. H. Reinink (rektor) : Latyn, Vaderlandse en Algemene Geskiedenis;

Dr. H.G. Breyer : Aardrykskunde, Natuur-, Dier- en Delfstofkunde;

W. Louis : Meet- en Stelkunde;

J. Bergmans, LCH : Hollands;

A.W. Macfayden, B.A., L.L.B. : Engels.

Die leerlinge is in twee groepe ingedeel:

a. die leerlinge wat na die kursus verder in teologie, regte ens. wou studeer, en

b. die leerlinge wat hulle ten doel stel om ingenieurs, landmeters, amptenare, ens. te word.

Die leerplan vir groep (a) is so opgestel om

aan/.........

1. Lugtenburg, Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, 52.

aan die eise te voldoen om in Nederland aan die universiteite verder te kon studeer. Vir groep (b) het die vereistes van die Politegniese skool in Delft, Nederland, gegeld.

Ook wat die eksamens betref, is daar differensiasie toegepas. Die Raad van Eksaminatore het afsonderlike grade vir die Republiek ingestel, sowel as eksamens vir landmeters, regsgeleerdes, ens., maar weer eens is daar gestrewe na aansluiting by die Nederlandse universiteite en die Politegniese skool.

Elke klas is in afdelings A en B verdeel. Die volgende skema toon aan hoedat daar in vakke en vaktye gedifferensieer is en elke kursus uiteindelik 25 uur in beslag geneem het.

| | Latyn | Geskiedenis | Nederlands | Engels | Grieks | Aardrykskunde | Wiskunde | Natuurlike Historie | Natuurkunde | Skeikunde | Meganika | Tekene | Totaal |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|
| 1ste klas A: | 5 | 3 | 3 | 5 | 0 | 1 | 6 | 1 | 0 | 0 | 0 | 1 | 25 |
| B: | 0 | 2 | 3 | 5 | 0 | 2 | 9 | 2 | 0 | 0 | 0 | 2 | 25 |
| 2de klas C: | 5 | 2 | 3 | 3 | 5 | 1 | 4 | 1 | 0 | 0 | 0 | 1 | 25 |
| D: | 0 | 2 | 3 | 5 | 0 | 2 | 9 | 2 | 0 | 0 | 0 | 2 | 25 |

In 1898 is daar ook 'n begin gemaak om onderwys in Snelskrif te gee.[1)]

Uiteindelik het die inskrywing van die "Staatsgymnasium" tot 116 leerlinge gestyg en is die personeel tot 14 lede uitgebrei. Eksamens is intern afgeneem en het geskied onder toesig van die personeel en 'n onderwyskommissie wat hiervoor aangestel is.[2)]

In die "Gymnasium" moet dus die ontstaan van die komprehensiewe skool in Transvaal gesien word. Alhoewel differensiasie op 'n beperkte skaal toegepas kon word, is nogtans vir verskillende beroepsrigtinge, ooreenstemmende leerplanne en afsonderlike eksamens voorsiening gemaak.

Wet No. 8 van 1892 het bepaal dat die "Staatsmeisjesschool" in die volgende vakke onderrig moes gee:[3)]

a. Bybelse Geskiedenis, Kerkgeskiedenis en Sedeleer;

b./.........

---

1. Lugtenburg, Geskiedenis van die onderwys in die S.A. Republiek, 219-222.
2. Lynch, Differentiated Education in the Transvaal Secondary Schools 1900 - 1950, 1.
3. Idem.

b. Hollandse taal en letterkunde;
c. Engelse taal en letterkunde;
d. Hoogduitse taal en letterkunde;
e. Franse taal en letterkunde;
f. Rekenkunde;
g. Boekhou;
h. Natuurkunde;
i. Natuurlike historie;
j. Geskiedenis (algemeen en vaderlandse);
k. Aardrykskunde (algemeen en die van S.A.);
l. Huishoudkunde en Gesondheidsleer;
m. Nuttige en fraaie Handwerke;
n. Handtekene en Skilder;
o. Sang met inbegrip van Kerkmusiek en Musiek.

In 1893 is die "Hoogere en Modelschool voor Meisjes" gestig. In Oktober 1894 is ɱ kosskool aan hierdie inrigting verbind en is dit herdoop tot die "Staatsmeisjesschool". Alhoewel hierdie inrigting meisies van enige ouderdom opgeneem het en ɱ groot afdeling dus aan laer onderwys verbonde was, het dit belangrike werk verrig en was so populêr dat daar in 1899 reeds 300 leerlinge in die skool was.

Indien ons na die kurrikulum van die "Staatsmeisjesschool" kyk, vind ons dat dit vir ɱ wye vakkeuse voorsiening gemaak het. Nieteenstaande die feit dat hierdie skool nie die dogters in definitiewe studierigtings, soos deur die "Staatsgymnasium" gedoen is, gestuur het nie, is differensiasie wel deur middel van die vakkeuse toegepas.

Deur Wet No. 1 van 1898[1] is voorsiening gemaak vir die stigting van tegniese skole in distrikte waar ten minste 15 applikante daarvoor te vinde is. Hierdie skole moes dan ambagsmanne oplei maar moes hulle leerlinge hoofsaaklik werf van kinders van genaturaliseerdes en wese van gesneuwelde burgers. Hierdie skole is ook dus ɱ voorbeeld van ɱ beleid van differensiasie, maar dit is deur afsonderlike inrigtings bewerkstellig.

Op die wêreldtentoonstelling in 1900 te Parys, verower die Transvaal die "Grand Prix" - prys in die onderwysafdeling/........

1. Barker, et al. The Statute Law of the Transvaal, 826.

onderwysafdeling wat toegeken is vir sowel laer as middelbare onderwys.[1] Dit dien as bewys van die fenomenale groei, gesonde onderwysstelsel en doeltreffende onderrig wat in Transvaal gegee is.

Onderwys in Transvaal het dus gedurende die jare 1882 tot 1899 ŉ besondere bloeitydperk deurgemaak. Reeds gedurende hierdie jare vind ons dat gedifferensieerde onderwys in ŉ mindere of meerdere mate in naprimêre onderwys toegepas is. Geleidelik het die ontwikkeling in die rigting van komprehensiewe skole beweeg, maar deur die Engelse imperialisme sou hierdie ontwikkelingsgang onderbreek word en vir baie jare in ŉ ander rigting gestuur word.

## 4. ONDERWYS ONDER ENGELSE BEWIND : 1900 - 1910.

Gedurende die Tweede Vryheidsoorlog (1899 - 1902) is die bestaande onderwysstelsel uitgewis sonder om ŉ spoor daarvan na te laat. Ten einde sy verengelsingsbeleid te probeer deurvoer, het Lord Milner besluit om die onderwys hiervoor te gebruik. Netso nougeset as wat Lord Charles Somerset in 1822 die bevolking aan die Kaap wou verengels, netso sou Milner probeer om ook die Transvaal te denasionaliseer deur ŉ Engels-Kaapse onderwysstelsel tesame met die Engelse taal en kultuur op die Boerevolk te probeer afdruk.

Vir hierdie doel het Milner Engelse onderwysers op groot skaal ingevoer. Verder is E.B. Sargant, ŉ produk van die "English Public School", aangestel om die onderwys in die geannekseerde kolonie te reorganiseer. Sargant ".... endeavoured to reproduce with slight modifications English educational conditions in the Transvaal and the Orange Free State."[2]

In die konsentrasiekampe het die kampskole ontstaan wat aanvanklik slegs baie elementêre onderwys verskaf het en selde verder as die derde standerd gegaan het. Langsamerhand is die peil van die onderwys in die kampe verhoog.[3] Nadat die oorlog verby was, het dorp- en plaasskole weer vinnig vermeerder. Die verengelsingsbeleid/.........

1. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 64.
2. Lynch, Differentiated Education in the Transvaal Secondary School 1900 - 1950, 2.
3. Symington, Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode 1900 - 1907, 72.

beleid het dadelik moeilikhede begin oplewer en die Transvaalse burgers het weer hulle toevlug tot die stigting van privaatskole geneem. Hierdie skole is later saamgesnoer onder die C.N.O.-vaandel en het van krag tot krag gegaan.[1]

Gedurende 1902 is vyf middelbare skole deur die regering geopen, naamlik in Pretoria een vir seuns en een vir meisies, in Johannesburg een vir seuns en een vir meisies en in Jeppestown een vir seuns en meisies gesamentlik. In Potchefstroom is die eerste middelbare skool eers in 1905 geopen. Die toelatingsouderdom in hierdie skole was tien of selfs nege jaar.[2]

In Februarie 1903 is Sargant se onderwyswet (Ordonnansie No. 7) aangeneem en hierin is voorsiening gemaak vir laer en middelbare skole, klasse van universitêre gehalte, normaalskole, myn-, landbou- en ander tegniese skole, skole vir geestelike en vir liggaamlike ongeskiktes en verbeteringskole.[3]

Sargant was in werklikheid dus verantwoordelik vir die stelsel dat gedifferensieerde onderwys deur middel van afsonderlike skole verskaf sou word. Voor die Tweede Vryheidsoorlog was, met enkele uitsonderinge, die algemene beleid om in dieselfde skool verskillende kursusse aan te bied. Hier is dus die fondament gelê vir die stelsel van differensiasie na buite wat eers in 1950 weer verander sou word.

In die Direkteur se rapport [4] van 1903 word die doel van middelbare onderwys gestel as "..... the pupil should leave the secondary school with such developed capacity and such mental equipment as would enable him to proceed to the more specialised courses of the University but this should not be secured by premature specialisation within the secondary school. The aim should be an all-round development."

In 1904 stel direkteur Fabian Ware[5] dit as die doelwit van onderwys dat die leerling 'n goeie kennis moet besit/.........

1. Basson, Die voertaalvraagstuk in die Transvaalse skoolwese, 55.
2. Bot, Honderd jaar onderwys in Transvaal, 60.
3. Symington, Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonie-periode 1900-1907, 81.
4. T.E.D., Directors Report, 1903, 41.
5. T.E.D., Directors Report, 1904, 4.

besit van literatuur tesame met uitgebreide algemene en akkurate kennis, verskillende belangstellingsrigtings en die vermoëns fisies en geestelik so ontwikkel en versterk dat dit die leerling moet bybly en voortdra selfs nadat die stimulerende effek van die onderwyser en die skool verdwyn het.

In 1905 word die bekwame sir John E. Adamson benoem tot Direkteur van Onderwys en merk ons dadelik sy sienswyse as hy verklaar: "The school should encourage corporate feeling and so prepare its inmates for membership of a community and the duties of citizenship." Hy spreek dan ook sy vrees uit dat ".... there is reason to fear that the high schools might be driven to sacrifice the claims of rational and liberal tuition to the necessity of securing a few successes in the public examination." [1] Lynch [2] beweer tereg dat in hierdie periode die fondament gelê is van 'n staatsonderwys-stelsel wat die onderwys in Transvaal vir baie jare sou domineer. In 1905 word daar 'n begin gemaak om laer en sekondêre onderwys te skei.[3] Middelbare onderwys het egter net voorsiening gemaak vir die leerlinge wat oor die verstandelike vermoëns beskik om 'n akademiese kursus te voltooi. Hierdie tipe sekondêre onderwys was dieselfde as wat in Engeland en Skotland aangetref is.[4] In hierdie tydperk is dus die beginsel van differensiasie deur middel van afsonderlike skooltipes, wat in Engeland en ander Westerse lande in gebruik was, ingevoer. Alleen met enkele uitsonderinge is hierdie beleid in Transvaal tot in 1950 gehandhaaf toe dit uiteindelik verander is.

Nadat Selfbestuur aan die Transvaal op 6 Desember 1906 toegestaan is, is die Smuts-onderwyswet [5] (Wet No. 25 van 1907) aangeneem. Hierdie wet word beskou as een van die volledigste wette in verband met onderwyswetgewing wat in Transvaal saamgestel is.[6] Alle wysiginge hierop is gekonsolideer in die onderwysordonnansie van 1953.

In/........

1. T.E.D., Directors Report, 1905, 14.
2. Lynch, Differentiated Education in the Transvaal Secondary School 1900 - 1950, 2.
3. Basson, Die Britse invloed in die Transvaalse onderwys; 1836 - 1907, 449.
4. Lynch, a.w., 11 en 19.
5. Staatskoerant van Transvaal, 26 Aug. 1907.
6. Bot, Honderd jaar onderwys in Transvaal, 86.

In wese is die Onderwyswet van 1907 Brits-georiënteerd. In artikel 23 - 27 word vir middelbare onderwys voorsiening gemaak deur die oprigting en instandhouding van middelbare skole en ook industriële skole. Dus weer eens differensiasie na buite. Die onderwys moes meer vormend as formeel, meer prakties maar ook voorbereidend wees. Leergange moet bepaald en beslis verband hou met die toekomstige loopbaan van die leerlinge. Vir meisies moet daar ekstra vakke ingevoer word om behoorlik in hulle behoeftes te voorsien.

In sy verslag van 1908[1] het Adamson 'n pleidooi gelewer vir 'n verdere mate van differensiasie in die middelbare onderwys. Hy beweer dat leerlinge wat nie nodig het om die kursus van die Matrikulasie-eksamen, soos deur die Universiteit van die Kaap die Goeie Hoop voorgeskryf, te volg nie, toegelaat moes word om 'n ander kursus te volg. Om uitvoering hieraan te probeer gee, is 'n Organiseerder van Tegniese Onderwys benoem en afsonderlike tegniese skole moes gestig word. Die eerste tegniese skool is dan ook in Januarie 1909 in Pretoria geopen en het bekend gestaan as die "Pretoria Trade School."[2] Ook vir die platteland beveel Adamson onderwys van 'n meer tegniese aard aan om vir die lewe op die platteland voor te berei. Vir die gewone skole het regulasies wat reeds in 1908 gepubliseer is, voorsiening gemaak vir kursusse in 'n letterkundige, wetenskaplike, professionele of kommersiële rigting.[3] Hier vind ons dus tog dat, nieteenstaande die algemene beleid van differensiasie na buite, die komprehensiewe gedagte nogtans bestaan het en vir sommige skole noodsaaklik geag was.

Die ses middelbare skole het hoofsaaklik leerlinge uit die gegoede bevolkingslaag getrek. Skoolgelde moes betaal word en streng seleksie is toegepas. Van leerlinge is verwag om tot standerd tien in die skool te bly en verder is faktore soos 'n goeie skoolrapport, gedrag en die vader se beroep in aanmerking geneem. Vir die minder gegoede deel van die bevolking

was/.........

---

1. T.E.D., Directors Report 30th June 1908.
2. T.O.D. Komitee (Steyn), Gedifferensieerde middelbare onderwys vir blankes, 14.
3. Departement van Onderwijs, Transvaal, Onderwijswetten van 1907, 1908 en 1908, 85, 86.

was daar die primêre skool met sy "secondary top". Uiteindelik het hierdie skole tot standerd agt gegaan en het later as die intermediêre skole bekend gestaan.[1]

Die toestand van middelbare onderwys in 1910 word deur Adamson soos volg geskets: "Everywhere the same course is being followed, namely that which the matriculation examination of the University of the Cape of Good Hope indirectly enforces. Men and women, the farmer and the lawyer, the skilled mechanic and the predikant, must all be developed in the same groove."[2]

Die volgende kurrikulum is deur die middelbare skole aangebied:[3]

(a) <u>Verpligte vakke</u>:

i. Godsdiensonderrig;
ii. drie tale naamlik, Engels, Hollands en Frans of Duits of Latyn;
iii. Wiskunde (Algebra, Meetkunde en Rekenkunde) of Kookkuns en Gesondheidsleer vir meisies;
iv. Natuurwetenskap;
v. Geskiedenis en Aardrykskunde;
vi. Teken (dogters kan tesame hiermee ook Skilderkuns neem);
vii. Liggaamsoefening;
viii. Naaldwerk (dogters alleen);
ix. Sang (alleen verpligtend vir dogters).

(b) <u>Keusevakke</u>:

<u>Seuns</u>: i. Latyn of Frans of Duits of Grieks;
iii. Driehoeksmeting of Handwerk;
iii. Sang.

Dogters: i. Algebra;
ii. Meetkunde;
iii. die toepassing van Tekene in vakke soos Kuns en Naaldwerk;
iv. Kookkuns;
v. Kleremakery.

Hierdie kurrikulum getuig tog dat daar wel 'n

mate/.........

1. Lynch, Differentiated Education in the Transvaal Secondary School 1900 - 1950, 37 en 41.
2. T.E.D., Directors Report, 30th June 1910, 77.
3. T.E.D., Primary and Secondary School Regulations, 1909, 15.

mate van differensiasie toegepas is. Die seuns was egter hoofsaaklik verplig om die akademiese kursus te volg, terwyl die dogters akademiese of meer praktiese kursusse kon volg.

Op 31 Mei 1910 vind, as gevolg van wyse staatsmansbeleid, die unifikasie van die vier Suid-Afrikaanse Britse kolonies plaas en begin 'n nuwe periode van onafhanklike groei.

5. ONDERWYS ONDER PROVINSIALE BESTUUR; 1911 - 1925.

Deur unifikasie verloor die Transvaal sy selfstandigheid as 'n selfbesturende kolonie en word 'n provinsie van die Unie van Suid-Afrika. Die onderwys word nou beheer deur die Administrateur tesame met die Uitvoerende Komitee as bestuur van provinsiale sake met die Provinsiale Raad as wetgewende liggaam. Artikel 85(iii) van die Suid-Afrika-Wet bepaal dat die provinsiale owerheid beheer sou uitoefen oor alle onderwys, behalwe oor hoër onderwys, vir 'n tydperk van vyf jaar, hierna mag die Unie-Parlement anders besluit. Daar is ooreengekom dat die opleiding van onderwysers derde en tweede klas en tegniese en industriële onderwys by die provinsies sal berus. Na 'n aanvanklike wysiging in 1911 word in 1912 besluit dat tegniese en industriële onderwys onder die funksies van die provinsies sal bly ressorteer. Alle provinsiale ordonnansies vereis egter goedkeuring deur die Unie-regering.[1] Die Suid-Afrika-Wet het veroorsaak dat die Smuts-onderwyswet van 1907 gewysig moes word ten opsigte van die voertaalmedium in die onderwys. Deur die Taal-ordonnansie No. 5 van 1911 is volkome gelykstelling tussen die twee landstale verkry.[2]

In 1912 is die skoolpliggrens opgeskuif na 15 jaar of standerd vyf en in 1916 het skoolrade die verdere reg verkry om die grens met nog 'n jaar op te skuif. Eers in 1933 is die verpligte skoolbesoekgrens na sestien jaar of standerd agt opgeskuif.[3]

Hierdie/.........

1. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 122, 123.
2. Bot, Honderd jaar onderwys in Transvaal, 101.
3. Ibid, 103.

Hierdie periode (1910-1925) word veral gekenmerk deur die deurvoering van die beleid van sentralisasie, die uitbreiding van middelbare onderwys en die gevolglike toename in skole en leerlinge.[1] In 1912 is die Beherende Liggame vir middelbare skole in werking gestel. ʼn Belangrike gebeurtenis was die afskaffing van skoolgeld in 1914 (Ordonnansie No. 4) met die gevolglike snelle aanwas van middelbare skoolleerlinge. In 1913 het vier middelbare skole bygekom, in 1914 is die Hoër Handelskool in Johannesburg gestig, terwyl in 1918 tien nuwe middelbare skole tot stand gekom het. [2]

Die Eerste Wêreldoorlog (1914-1918) en die daaropvolgende griepepidemie het noodwendig onderwysontwikkeling baie gestrem. Hierna sou vinnige vooruitgang egter plaasvind.

Die Direkteur van Onderwys (Adamson) was ʼn sterk voorstander van skoolplase maar daar is geen uitvoering aan gegee nie. Spesiale leerplanne vir buiteskole met ʼn sterk landboukundige strekking is egter in werking gestel. Sentralisasie is aangemoedig deur die uitbreiding van vervoer- en losiesgeleenthede.[3]

In 1918 kry die handelskole in Johannesburg, Pretoria en Boksburg die status van afsonderlike handelshoërskole.[4] Ook die Gemeenskaplike Matrikulasieraad is in hierdie jaar gestig.[5] Hierdie liggaam sou voortaan as eksaminerende liggaam die eindeksamen van die middelbare onderwys in oorleg met universiteitsowerhede reël. Dit het onmiddellik ʼn geweldige invloed op die leerplan van die middelbare skole begin uitoefen, enersyds deur ʼn hoë peil te handhaaf en uniformiteit te verseker, maar andersyds as ʼn remmende invloed ten opsigte van die toepassing van differensiasie.

In Desember 1917 word ʼn onderwyskommissie aangestel wat hulle rapport[6] in November 1919 publiseer. In hierdie onderwysrapport word aanbeveel dat middelbare skole soos volg geklassifiseer sal word:[7]

"a./.........

---

1. Coetzee, Onderwys in Transvaal, 127.
2. Ibid, 128 en 133.
3. Bot, Honderd jaar onderwys in Transvaal, 105.
4. Ibid, 106.
5. Coetzee, a.w., 135.
6. T.E.D. Report of the Education Commission appointed 21 Dec., 1917, published 28 November, 1919.
7. Ibid, 14.

"a. General High Schools.
b. Modern High Schools.
c. Agricultural High Schools.
d. Commercial, Trades or Industrial High Schools.
e. Domestic Science High Schools."

Verder moes landbouskole op die platteland opgerig word[1] en die "secondary tops" by laer skole afgeskaf word.[2] Hierdie onderwysverslag beveel dus differensiasie deur middel van afsonderlike skole aan, 'n stelsel in ooreenstemming met die Engelse gebruik. As gevolg van 'n verdere aanbeveling deur die kommissie is die Matrikulasie-eksamen voortaan deur die Senior-sertifikaat-eksamen van die middelbare skole vervang. Die eksamen word deur die provinsiale skooloutoriteite bepaal en die skoolrekord sal ook in aanmerking geneem word.[3]

Gedurende 1921 is nog elf middelbare skole gestig sodat die aantal middelbare skole nou 44 beloop het; drie was handelskole, drie ambagskole en een 'n huishoudskool. Lynreg teen die wense van die Direkteur keur die Uitvoerende Komitee in 1922 die stelsel van intermediêre skole goed. Hierdie skole moes voorsien in die behoeftes van leerlinge wat nog een of twee jaar verder as standerd ses wou studeer. Dit was egter nie afsonderlike skole nie. Sekere laerskole is voorsien van die nodige akkommodasie en apparaat en is die vergunning verleen om leerlinge tot standerd agt op te lei.[4] In Pretoria en aan die Witwatersrand word 22 van hierdie skole gestig. In 1926 is hierdie soort skool ook na die platteland uitgebrei waar hulle 'n sterk landboukundige rigting ingeslaan het. Hierdie skole was egter nooit populêr nie. In die stede het hulle langsamerhand die vorm van die junior hoër skole aangeneem.[5]

Die doel met die intermediêre skole was om:

a. die aantal vakke en hulle inhoud te beperk om sodoende meer intensiewe onderrig aan die leerling te kan verskaf;

b./:........

---

1. T.E.D. Report of the Education Commission appointed 21 Dec., 1917, published 28 November, 1919, 15.
2. Ibid, 17.
3. Unie van S.A., Offisiële Jaarboek van die Unie van S.A. en van Basoetoland, Betsjoeanaland-protektoraat en Swaziland, No. 28, 1954-55, 247.
4. Bot, Honderd jaar onderwys in Transvaal, 1921.
5. Visser, Die juniorhoërskool as gewese onderwysinstelling in Transvaal, 74.

b. die onderrig self moes so ver moontlik van ŉ praktiese aard wees;

c. deur middel van die Dalton-stelsel moes inisiatief en selfwerksaamheid by die leerlinge aangekweek word.

Die kurrikulum het bestaan uit Engels, Afrikaans, Handwerk of Huishoudkunde, Natuurwetenskap of Plantkunde, Wiskunde, Teken, Geskiedenis en Aardrykskunde terwyl godsdienstige en sedelike onderrig die grondslag van alle skoolwerk moes wees.[1)]

In sy verslag van 1923[2)] laat die Direkteur hom sterk uit ten gunste van ŉ meer beroepsgerigte stelsel van onderwys vir sekere leerlinge. Hy beweer: "There is undoubtedly a strong feeling that education should be given a more vocational character. I do not think there is a question about the soundness of this movement. Education is coming to be regarded more and more as a means by which the welfare of society can be directly affected; and included in that general conception is economic welfare. Also the individual's future is becoming more and more the concern of the school." Hy beveel nogeens die stigting van skoolplase aan[3)] en beweer dat die intermediêre skole nie na wense ontwikkel nie aangesien ".... the pupils who select them are often those who are just waiting for employment.[4)]

Die noodsaaklikheid van differensiasie is dus in hierdie stadium in die onderwysontwikkeling van Transvaal, reeds deur die owerhede besef. Die metode om dit te verskaf was egter om in die groter stede en dorpe ook vak-, tegniese en intermediêre skole op te rig. Op die platteland moes skole met ŉ landboustrekking aan die vereistes voldoen, terwyl die idee van skoolplase begin posvat het.[5)]

In 1925 is, op aanbeveling van ŉ Uniale kommissie wat die finansiële verhouding tussen die Unie en die provinsies ondersoek het, alle beroepsonderwys deur die uniale owerhede oorgeneem en

ressorteer/.........

---

1. Visser, Die juniorhoërskool as gewese onderwysinstelling in Transvaal, 74.
2. T.E.D., Directors Report, 31st Dec., 1923, 16.
3. Ibid, 23.
4. Ibid, 49.
5. Lynch, Differentiated Education in the Transvaal Secondary School 1900 -,1950, 74.

ressorteer dit voortaan onder die Unie-Onderwysdepartement (die huidige Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap). Alle ambagskole, huishoudskole en handelskole staan dus regstreeks onder uniale beheer.[1] Hierdie vertikale skeiding van onderwysinrigtings het ontstaan hoofsaaklik as gevolg van finansiële oorwegings en hoewel hierdie stap reeds destyds om opvoedkundige en administratiewe redes betreur is, sou dit die ontwikkeling van onderwys in die toekoms nog baie nadelig tref.

## 6. DIFFERENSIASIE IN VERSKILLENDE ONDERWYSDEPARTEMENTE 1925-50.

Hierdie periode is 'n voortsetting van, en word gekenmerk deur, pogings om differensiasie in die middelbare onderwys deur verskillende soorte skole daar te stel. Hierdie soort differensiasie staan ook bekend as differensiasie na buite. Indien die ontwikkeling van sekondêre onderwys in Transvaal noukeurig gevolg word, word besef dat die een skooltipe aanleiding gegee het tot die ontstaan van die volgende. Die laerskool het 'n "secondary top" bygekry, dit het verander na die intermediêre skool in die twintigerjare en dié het weer op sy beurt in die junior hoër skool van die dertiger en veertiger jare verander. Die werklike verskille het eintlik bestaan in die leergange en die metodiek.

In die departementele verslag van 1926[2] word die doelstelling van die intermediêre skool gestel ".... dat die Departement daarna streef om 'n stelsel van onderwys in die lewe te roep wat bereken is om die kind in en vir sy omgewing op te voed. Die doel is eintlik tweeledig: Om voorsiening te maak vir verdere opvoeding van die groot getal kinders wat nie verder kom as standerd ses nie - en hulle maak die groot meerderheid uit van die kinders van die bevolking - en deur daardie verdere opvoeding die kinders beter toegerus die lewe in te stuur; tweedens om 'n stelsel van onderwys te ontwikkel wat opvoedkundig sal aanpas by die omgewing van die kind .... Saamgevat beteken dit die ontwikkeling van die volle mens sodat hy toegerus is om sy plek in die gemeenskapslewe in te neem en sy

deel/............

---

1. Bot, Honderd jaar onderwys in Transvaal, 123.
2. T.O.D., Verslag van die Direkteur, 31 Des. 1926, 161.

deel van die pligte daarvan so na te kom dat hy 'n aanwins vir die gemeenskapslewe is en nie 'n las nie." Hierdie lofwaardige doelstelling is nie verwesenlik nie maar bly vandag nog die ideaal van ons onderwys deur middel van differensiasie in die komprehensiewe skool.

In die intermediêre leerplan moes Landboukunde met Yster- en Houtwerk en Huishou-ekonomie 'n belangrike onderdeel uitmaak. [1] Die metodiek moes hoofsaaklik berus op die leerstellings van Dewey en Kerchensteiner wat die werkplek en die laboratorium 'n baie belangriker aandeel in die skoollewe wou gee. [2]

Na 1926 is middelbare onderwys ook baie sterk beïnvloed deur die Hadow-verslag [3] wat in daardie jaar in Engeland verskyn het. Hierdie verslag beveel die stigting van "Grammar Schools" (die akademiese hoërskool), "Modern Schools" (skole vir die prakties-aangelegde leerlinge wat nie die universiteit sal besoek nie) en "Technical Schools" (vir opleiding in die tegnologie) aan.

Reeds in 1926 spreek die direkteur (H.S. Scott wat Adamson in 1924 opgevolg het) sy kommer uit oor die onbevredigende ontwikkeling van die intermediêre skool en beveel aan dat die laer skoolklasse afgeskei moet word. Volgens hom vul die intermediêre skole wel die leemte in 'n mate in die stede aan, maar die platteland word skromelik verwaarloos en afgeskeep.[4]

'n Onderwyskommissie onder voorsitterskap van Scott word in 1927 aangestel en hulle verslag word in 1928 gepubliseer.[5] Die verslag bevat 'n meerderheids- en 'n sterk minderheidsrapport. Net so verdeeld as wat die kommissie in sy aanbevelings was, net so verdeeld was die ontvangs daarvan. Hierdeur, maar ook weens die heersende geldskaarste en die gebrek aan akkommodasie, het daar min van die kommissie se aanbevelings tereg gekom. [6]

Die Kommissie spreek sy vertroue in die intermediêre/.......

---

1. T.O.D., Verslag van die Direkteur, 31 Des. 1926, 166.
2. Coetzee, Onderwys in Transvaal 1838 - 1939, 142.
3. Report of the Consultative Committee on The Education of the Adolescent, The Education of the Adolescent (Hadow-report), 173, 174.
4. Visser, Die juniorhoërskool as gewese onderwysinstelling in Transvaal, 74, 75.
5. T.O.D., Verslag van die Onderwyskomitee, 31 Des.1928, 70.
6. Visser, a.w. 75.

intermediêre skole uit en beweer dat hulle in 'n langgevoelde behoefte voorsien en in doeltreffendheid en populariteit sal toeneem mits die laerskoolklasse weggeneem word. Hierdie nuwe skool noem die kommissie dan die "Volkskool" of die junior hoër skool. Die gedagte van die junior hoër skool, soos reeds deur Adamson uitgespreek, word deur hierdie kommissie gepropageer.

Die afskaffing van die publieke standerd ses eksamen en die instelling van die Junior-sertifikaat-eksamen word, soos deur die kommissie aanbeveel, in 1930 deur wetgewing ingevoer. In 1931 word dit teruggetrek maar in 1933 heringestel. 'n Ander belangrike aanbeveling van die Scott-kommissie het ook die gevolg gehad dat die skoolpliggrens in 1933 opgeskuif is tot leerlinge se sestiende verjaarsdag of die suksesvolle aflegging van die Junior-sertifikaat-eksamen.[1] Hierdie veranderinge het 'n groot toestroming van leerlinge wat 'n na-primêre kurses wou volg, veroorsaak. Akkommodasie was heeltemal ontoereikend maar om finansiële uitgawes te besnoei, het die departement talle middelbare afdeling aan laer skole toegestaan. Gedurende 1935 tot 1938 was daar 113 sulke aansoeke vir toestemming tot die invoer van middelbare afdelings aan laer skole. Hiervan is 28 toegestaan. Selfs in die skole waar hierdie sekondêre klasse toegestaan is, was die fasiliteite hopeloos ontoereikend. Klaslokale was swak ingerig en laboratoria, biblioteke en handwerk- en kookkunssentra was heeltemal afwesig.[2] Om die verskillende probleme te probeer oplos en onderwys op die platteland te verbeter, is sentralisasie in die jare 1934 tot 1937 met groot ywer aangepak en veel is vermag. Sentrale plekke is uitgekies, koshuise en skoolgeboue is opgerig en met behulp van losies- en vervoerbeurse is die ouers van die kinders te hulp gekom.[3] Op hierdie wyse het dan die skoolplase en gesentraliseerde plaasskole (alleen vir laer skole) ontstaan. Aan die einde van 1937 was daar reeds sewe skoolplase waar die leerlinge tot standerd agt kon leer.[4] Op die skoolplase was die kursusse van 'n meer praktiese en

landboukundige/.....

1. Visser, Die juniorhoërskool as gewese onderwysinstelling in Transvaal 79.
2. T.O.D., Verslag van die Direkteur, 21 Des. 1938, 11.
3. Visser, a.w., 80.
4. Ibid, 13.

landboukundige aard om hoofsaaklik in die behoeftes van die plattelandse kind wat nie wou matrikuleer nie te voorsien.[1)]

Aanvanklik is die ideale wat deur die skoolplaas bereik moes word, baie hoog gestel. A.K. Bot [2)] stel dit soos volg: "Dis moeilik om die onberekenbare waarde van die skoolplaasskema vir die toekoms te skat. Daar bestaan nie die minste twyfel nie dat hierdie skole vir ŉ groot deel die oplossing gaan wees van die haglike toestande wat in sekere dele van die platteland heers. As die kinders ŉ paar jaar op die skoolplaas vertoef het, sal hulle nie alleen praktiese kennis hê van verskillende vertakkings van die landbou nie, maar hulle sal ook die ondervinding hê van hoe dit is om onder higiëniese omstandighede te lewe en goeie kos te eet en hoe om dit te verkry. Hulle sal self daardie toestande kan skep as hulle na hul eie omgewing terugkeer. Hulle sal ŉ uitsig op die lewe, ŉ hoop vir die toekoms en ŉ gepaste gevoel van eie waarde kry. En dit sal ten slotte die hele gemeenskap ten goede kom." Die skoolplase moes egter ook die leerlinge voorberei vir die gewone junior hoërskooleksamen en vir moontlike aansluiting by die gewone akademiese hoër skole voorsiening maak. Die uiteindelike gevolg was dat die ideaal nie verwesenlik is nie en die onderrig byna nie van die van die intermediêre en gewone hoër skool verskil het nie.[3)]

Die skoolplase was dus in werklikheid ŉ poging om op die platteland gemeenskapskole te stig. Differensiasie sou egter beperk wees, aangesien leerlinge wat ŉ suiwer akademiese leerplan wou volg, na die stedelike hoër skole gestuur is. Verder moes die kurrikulum hom meer by die landelike omgewing en vereistes aanpas en dus meer beroepsgerig wees. Hierdie soort skool sou dus, indien die akademiese groepe nie afgeskei is nie, in werklikheid ŉ gemeenskapskool ("community school") wees, ŉ komprehensiewe skool met gedifferensieerde leerplanne om by die omgewing aan te pas.

In/.........

1. Visser, Die juniorhoërskool as gewese onderwysinstelling in Transvaal, 74, 75.
2. Bot, Honderd jaar onderwys in Transvaal 1836 - 1936, 141.
3. Laburn, A Study of the Junior High School system in Canada and the United States, with reference to the development of Junior High Schools in the Transvaal, 86.

In Maart 1937 is ŉ onderwyskommissie, onder voorsitterskap van ds. W. Nicol, benoem. Die kommissie het sy verslag in Augustus 1939 bekend gemaak.[1] Die verslag wys op die tekortkominge van die Transvaalse Onderwysstelsel van middelbare skole en skryf dit hoofsaaklik toe aan die oordrewe eerbied vir die waarde van die matrikulasie-sertifikaat.[2] As gevolg hiervan, so word beweer, probeer die provinsie om die uiteenlopende onderwysdoelwitte deur een en dieselfde middel te bedien, naamlik die "eenspoor" hoër skool. Daar word veronderstel dat almal hulle voorberei vir toelating tot die universiteit en die gevolg is dat ŉ groot gedeelte van die leerlinge in ŉ toestand gelaat word waarin hulle heeltemal onvoorbereid vir hulle lewenstaak die lewe moet ingaan.[3] Die kommissie sien dat die oplossing "... in ŉ uitgebreide differensiasie van die middelbare skoolkursus gesoek (moet) word. Die differensiasie moet net so uitgestrek wees as die verskeidenheid mikpunte wat deur die studente in die vooruitsig gestel word. Die noodsaaklikheid van hierdie differensiasie sal duidelik wees as ons besef dat die lewensdoel van die student nie bloot ŉ willekeurige keuse is nie, maar dat dit voortspruit uit die wese van die opgroeiende geslag en dat dit ŉ aanduiding is van sy aanleg asook van sy vermeende toekomstige planne".[4]

Die kommissie beveel dan ŉ alternatiewe middelbare kursus aan, ŉ korter, meer praktiese kursus van drie jaar en ŉ langer meer akademiese kursus van vyf jaar. Die kursusse moet in twee skole aangebied word wat parallel aan mekaar is en die name dra van "Die Gevorderde Skool" (die uiteindelike junior hoër skool) en "Die Hoër Skool". Vir die "Gevorderde Skool" word groot gesentraliseerde skole in vooruitsig gestel met ten volle toegeruste laboratoria, biblioteke, werkswinkels, koshuise, speelterreine, ens. Hierdie skole moet in geen opsig onderdoen aan die hoër skole waarin die vyfjaarkursus aangebied word nie, maar dien om die aanleg en bekwaamhede van die leerlinge te help ontdek en hulle so vir die

beroepslewe/.........

1. T.O.D., Verslag van die Provinsiale onderwyskommissie (Nicol-verslag).
2. Ibid, 82.
3. Ibid, 83.
4. Idem.

voor te berei.[1] Weer eens dus differensiasie deur middel van afsonderlike skole.

Vir die kurrikulum vir die junior hoër skool word die volgende vakke genoem.[2]

<u>Verpligte vakke</u> : Afrikaans, Engels, 'n handwerkvak en Handelsrekene.

<u>Keusevakke</u> : a. Musiek, Kuns, Handskrif, Gesondheidsleer en Noodhulp.
b. Geskiedenis en Burgerkunde, Aardrykskunde en 'n Bantoetaal.
c. Algemene Wetenskap, Geologie, Biologie.
d. Tikskrif, Snelskrif, Bedryfsleer en Boekhou.
e. Huishoudkunde en Handwerk.
f. Matesis, Tekenwerk, Masjinerie en Elektrisiteit.
g. Landbou met al sy vertakkinge.

Die junior hoër skool moes beskou word as die stedelike ekwivalent van die skoolplaas en die oogmerke daarvan moes wees om vir die stadskind te doen wat die skoolplaas vir die plattelandse kind doen.[3]

Die intermediêre skool was nie 'n sukses nie en in 1937 het die Uitvoerende Komitee besluit om nie meer met die stigting van hierdie soort skole voort te gaan nie.[4] Die aanbevelings van die Nicol-verslag in verband met die stigting van junior hoër skole is aanvaar en selfs vooruitgeloop. In 1931 is reeds die Central Junior High School in Pretoria as proefskool gestig. Ses junior hoër skole is in 1938 en twee in 1939 aan die Witwatersrand en Pretoria begin en is in nuwe geboue of geboue van intermediêre skole wat as sodanig omskep is, gehuisves. Aanvanklik is keuring vir die hoër skool of vir die junior hoër skool beslis deur 'n toelatingseksamen wat leerlinge in standerd vyf moes aflê, maar in 1942 is dit vervang deur die aanbeveling van die inspekteur in oorleg met die hoof. Faktore wat die deurslag gegee het, was die leerling se prestasie, intelligensiekwosiënt, onderwysers se opinies en die

wense/.........

---

1. T.O.D., Verslag van die Provinsiale onderwyskommissie (Nicol-verslag), 86.
2. Idem.
3. T.O.D., Verslag van die Direkteur, 31 Des. 1938, 15.
4. T.O.D., Komitee, (Steyn), Gedifferensieerde middelbare onderwys vir blankes, 16.

wense van die ouers.[1] Die Nicol-kommissie het die finale keuse in die hande van die ouers gelaat, maar by gebrek aan akkommodasie, het seleksie van leerlinge deur die hoër skole veroorsaak en so 'n statusverskil tussen die twee soorte skole geskep.[2]

In sy jaarverslag van 1938[3] sê H.H.G. Kreft (in 1937 aangestel as direkteur) in verband met die junior hoër skool: "Die doel van hierdie skole is om algemene onderwys van 'n wyd uiteenlopende aard te verskaf, sodat elke kind genoeg geleentheid sal hê om sy natuurlike rigting in die lewe te bepaal. Hy sal derhalwe die geleentheid hê om nie alleen die gewone akademiese vakke te beproef nie, maar ook Wetenskap, Handearbeid, Boekhou, Snelskrif, Tikskrif. Dit wil egter nie sê dat hy 'n skeikundige, 'n timmerman, 'n boekhouer of 'n bevoegde stenograaf sal wees wanneer hy die skool verlaat nie. Na gelang van die aanleg wat hy ontdek het, sal hy na 'n hoër handelskool, tegniese kollege, huishoudkunde-skool of ambaggaan om verdere opleiding te geniet." M.a.w. die junior hoër skool is beslis 'n voorberoepskool.[4]

In die junior hoër skole sou dus 'n verdere ontwikkeling van gedifferensieerde onderwys in na-primêre onderwys plaasvind. Weer eens, net soos by die skoolplase, sou die akademies-gerigte leerlinge in ander skole geplaas word. Die junior hoër skole sou wydvertakte kursusse aanbied om in die stedelike behoeftes te voorsien.

Indien die akademiese kursusse nie elders aangebied is nie, sou die junior hoër skole in alle opsigte aangepaste gemeenskaplikskole gewees het.

Aan hoofde van die junior hoër skole is groot vryheid gelaat om te eksperimenteer om sodoende die stelsel te probeer ontwikkel sodat dit 'n sukses kon wees. In sy verslag van Desember 1940[5] beweer Kreft"... the utmost freedom within the limits of the prescribed subject matter is allowed to schools, so that there is no question of strict uniformity. On the contrary, variety in the schemes of work expressing the individuality of

each/.......

1. Laburn, A study of the Junior High School system in Canada and the United States, with reference to the development of Junior High Schools in the Transvaal, 86.
2. T.O.D. Komitee (Steyn), Gedifferensieerde middelbare onderwys vir blankes, 16.
3. T.O.D., Verslag van die Direkteur, 31 Des. 1938, 15.
4. Idem.
5. Ibid, 20.

each school would be appreciated."

Die Tweede Wêreldoorlog (1939-1945) het moeilike omstandighede in die onderwys geskep. Tekorte aan noodsaaklike benodigdhede het ontstaan, byna 400 onderwysers is in die leër opgeneem terwyl die skoolbevolking in die stede byna buite verhouding toegeneem het.[1] In hierdie moeilike tydperk moes die junior hoër skool homself vestig. Verder is daar geen wysiginge aan die bestaande junior sertifikaat-eksamen aangebring nie. Alhoewel hoofde aanvanklik vry was om hulle eie leerplanne en -gange te ontwerp, is hulle deur die standerd agt eindeksamen verplig om so naby moontlik aan die bestaande leerplanne van vakke te hou. In 1941 is die eksterne standerd ses eksamen afgeskaf en uiteindelik in 1945 die junior sertifikaat-eksamen, aanvanklik behalwe die twee landstale, en later geheel- en al.[2]

Hoër skole het steeds voorrang geniet; die beste apparaat is aan hulle verskaf; hoër skool onderwysers is beter gesalarieer terwyl onderwysers die junior hoër skool gebruik het as afspringplek na die hoër skool waar alles in hulle guns was - beter salaris, hoër status, beter apparaat en bo alles, nog 'n beter tipe leerling vir so ver dit intelligensie en ambisie betref.[3]

Eers in 1944[4] het die departement 'n rigtinggewende beleid in verband met die junior hoër skole neergelê. Die doel, taak en status van die nuwe skooltipe is duidelik omskryf. Die doel is, volgens hierdie omsendbrief, om die kind wat van voorneme is om die skool op sestienjarige leeftyd te verlaat, vir die lewe af te rond en as skakel te dien tussen die laer skool en die beroepslewe. Die kind moet nie hulpeloos in die poort van die lewe staan nie, maar oor voldoende kennis, aanpassingsvermoë en selfvertroue beskik. In standerd ses moet alle leerlinge 'n algemene kursus volg en daarna in standerds sewe en agt een van die volgende drie rigtings kies, naamlik:

a./.......

1. T.O.D. (Bot), Die ontwikkeling van onderwys in Transvaal 1836 - 1951, 117, 118.
2. Ibid, 119.
3. Visser, Die juniorhoër skool as gewese onderwysinstelling in Transvaal, 74, 75.
4. T.O.D., Departementele omsendbrief No. 6, Sept. 1944.

a. tegniese rigting;

b. klerklike of handelsrigting, of

c. algemene of huishoudkundige rigting.

Volledig uitgewerkte vakkeuses is verskaf.

Nadat aanbevelings en kritiek van hoofde ontvang is, wysig die Departement in Februarie 1946[1] weer die vasgestelde leerplanne van 1944. Die leergange was egter nou so verwater dat die junior hoër skool onmiddellik sy identiteit verloor het.[2] Nadat die junior hoër skool nou die spoor byster geraak het, het hulle net bestaan omdat hulle ingestel is. Talle van die skole het in hoër skole verander en die res het as opvoedkundige inrigtings onpopulêr geword en die leerlinge is doelloos en rigtingloos in die steek gelaat.[3] Uiteindelik het alle junior hoër skole verdwyn en gewone middelbare skole geword.[4]

Verdere redes wat aangevoer kan word vir die mislukking van die junior hoër skool as onderwysinstelling is:

a. Dit het maatskaplike verskille in die lewe geroep wat vir die blanke bevolking van Transvaal vreemd was.[5] Sosiale verskille, soos deur verskillende soorte hoër skole met verskille in status veroorsaak word, pas nie by die Suid-Afrikaanse volksaard nie. Dit is dan ook een baie belangrike rede waarom differensiasie in skooltipes nooit in Suid-Afrika geslaagd sal wees nie.

b. ŉ Baie belangrike oorsaak was ook dat vir hierdie skooltipe met sy praktiese inslag, spesiale geboue en toerusting ŉ noodsaaklikheid is, en aangesien hierin nie voorsien kon word nie, kon die junior hoër skool nie aan sy doel beantwoord nie.[6]

c. Die doelstellings van die junior hoër skool was ook nie duidelik genoeg omlyn nie. Die hoër skole het die sleutel aangebied tot die toelating tot die professies,

naamlik/.......

---

1. T.O.D., Departementele Omsendbrief No. 1, Febr. 1946.
2. Visser, Die junior hoërskool as gewese onderwysinstelling in Transvaal, 92.
3. Ibid, 95.
4. T.O.D., Departementele Omsendbrief, Okt. 1950.
5. T.O.D. Komitee (Steyn), Gedifferensieerde middelbare onderwys vir blankes, 16.
6. Laburn, A study of the Junior High School system in Canada and the United States, with reference to the development of Junior High Schools in the Transvaal, 109.

naamlik, die matrikulasie-sertifikaat, en die beroepskole het op hulle beurt weer definitiewe beroepsopleiding verskaf.[1] Die junior hoër skool het tussen hierdie pole beweeg en kon nie vir homself 'n plek inruim nie.

Intussen is in Maart 1945 'n uniale kommissie in verband met tegniese en beroepsonderwys onder voorsitterskap van dr. F.J. de Villiers saamgestel. Die verslag[2] is in Julie 1948 gepubliseer. Hierdie verslag is so volledig, insiggewend en deurtastend dat dit in die toekoms nog van groot waarde kan wees. Van die opdragte[3] wat ook ondersoek is, is:

"a. of en tot watter mate uitgebreider voorsiening dan tans die geval is, gemaak moet word vir onderrig van 'n beroepskundige aard in die leerplan van laer en middelbare skole wat onderwysfasiliteite van algemene aard verskaf, en

b. die omvang van die beroeps- en tegniese onderrig wat gegee moet word in onderwys-inrigtings wat spesiaal vir die doel opgerig is."

Na 'n deurtastende ondersoek besluit die kommissie dat dit hulle oortuiging is dat die huidige middelbare skole met die bestaande leerplanne nie die regte onderwys vir elkeen van hulle leerlinge verskaf nie en ook nie sal kan verskaf nie. Leerlinge in wie se behoeftes nie voorsien word nie is:

a. leerlinge wat verdere voltydse algemene onderwys verlang (m.a.w. leerlinge wat nie 'n akademiese rigting wil volg nie, maar tog standerd tien wil slaag);

b. leerlinge wat beroepsopleiding nodig het; en

c. in die behoeftes van leerlinge van klein plattelandse middelbare skole.[4]

Die kommissie bevind uiteindelik, dat dit nodig is om die hele bestaande onderwysstelsel te omskep.[5] Die volgende stelsel word dan aanbeveel:

Kleuterskool (3 - 6 jaar)
Laerskool (5 - 12 jaar)

Junior/..........

---

1. Lynch, Differentiated Education in the Transvaal Secondary School 1900 - 1950, 113.
2. Unie van S.A. Verslag van die kommissie in sake tegniese en Beroepsonderwys.
3. Ibid, 11.
4. Unie van S.A., 17, 18.
5. Ibid, 22.

Junior hoër skool (12 - 14 jaar) vir alle leerlinge.
Senior hoër skool of Beroepshoërskole (14 jaar en verder)[1]

Hierdie stelsel verskil dan van die Nicol-kommissie se aanbeveling in so verre dat die junior hoër skool in hierdie stelsel deur alle leerlinge bygewoon moet word en daarna kan die leerlinge hoër skole of beroepshoërskole gaan. Hierdie junior hoër skole sou dus, in teenstelling met die bestaande junior hoër skole, volslae komprehensiewe hoër skole met gedifferensieerde onderwys wees.

Na die driejarige kursus in die komprehensiewe junior hoër skool word differensiasie dus in afsonderlike skole aangebied.

In Julie 1949 word 'n departementele komitee (T.O.D.) onder voorsitterskap van inspekteur J.R. Lynch aangestel om, in die lig van die De Villiers-verslag aanbevelings vir die Transvaalse Onderwysdepartement te doen. Hierdie verslag verskil van die De-Villiers-verslag in verband met die soort van differensiasie wat toegepas moet word en beveel onder andere aan:

a. dat alle junior hoër skole en skoolplase in hoër skole omskep moet word, en
b. dat die Hoër-onderwyswet sodanig gewysig moet word dat alle nie-tegniese beroepsonderwys weer 'n provinsiale funksie moet wees.

In 'n aanvullende verslag [2] beveel die komitee verder aan dat die middelbare skole gedifferensieerde onderwys moet verskaf en komprehensiewe skole in werklikheid moet wees. Op 13 September 1950 aanvaar die Uitvoerende komitee die aanbevelings van die Lynch-verslae en begin 'n nuwe era in die onderwysgeskiedenis van die middelbare skole van Transvaal.

## 7. DIE KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOOL VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS; 1950 - 1957.

Die "Nuwe Beleid vir Middelbare Onderwys", [3]

soos/.........

1. Unie van S.A., Verslag van die kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 32 - 35.
2. T.O.D. Komitee (Lynch), Verslag i/s die voorgestelde beleid vir middelbare skole in Transvaal, 31 Julie 1950.
3. T.O.D. Departementele omsendbrief No. 58, Sept. 1950.

soos in 1950 deur die Uitvoerende Komitee aanvaar, raak dan middelbare onderwys op die volgende wyse:

a. Kinders mag die skool besoek aan die begin van die jaar waarin hulle ses word, maar is verplig om die skool te besoek aan die begin van die jaar waarin hulle sewe jaar oud word;

b. die boonste skoolpliggrens sal wees die einde van die jaar waarin leerlinge sestien word;

c. junior hoër skole en skoolplase word afgeskaf;

d. skole met laer en middelbare afdelings sal voortaan "Groep II skole" genoem word en oor die algemeen sal hierdie skole nie toegelaat word om voorsiening vir klasse hoër as standerd agt te maak nie;

e. om aan alle leerlinge, wat enigsins daarby kan baat, tenminste drie jaar middelbare onderwys te verskaf, moet alle leerlinge vanaf die 13-jaar-plus ouderdom die middelbare skool besoek, nieteenstaande die standerd waarin hulle in die laer skool mag wees en

f. ŉ komitee moet benoem word om die probleem van gedifferensieerde middelbare onderwys te bestudeer en ŉ verslag uit te bring.

Op 7 Augustus 1951 word ŉ onderwyskommissie (T.O.D.) onder voorsitterskap van hoofinspekteur E. Steyn benoem. Hierdie verslag[1] (die Steyn-verslag) is op 5 Maart 1953 gepubliseer.

Intussen het die departement die terrein voorberei vir die invoering van die stelsel van gedifferensieerde onderwys. Sake wat die aandag geniet het, was:

a. die voorbereiding om die verhoogde inskrywing in die hoër skole die hoof te bied. Weens die toelating van die vyfjariges, die verhoogde skoolpliggrens en die oorplasing van alle 13-plus-jarige kinders uit die laer skole, moes spesiale voorsiening gemaak word.

b. Die vergroting van die hoër skole om 750 leerlinge in plaas van 600 te huisves; en

c. die insluiting van handelskursusse (Snelskrif, Shorthand and Tikskrif) in die standerd nege en tien kurrikulum. [2]

Die Steyn-kommissie het, nadat hulle ŉ wye studie van opvoedkundige literatuur gemaak het en opvoed-

kundige/.........

1. T.O.D. Komitee (Steyn), Gedifferensieerde middelbare onderwys vir blankes.

2. T.O.D. Verslag van die Direkteur, 31 Des. 1950, 15.

kundige inrigtings in die Unie en Suid-Rhodesië besoek het, 'n tussentydse verslag uitgebring en aanbeveel dat 'n opvoedkundige sending oorsese toestande moes ondersoek. Die kommissie beweer "..... dat alle verantwoordelike onderwysmanne bewus is van die noodsaaklikheid om die adolessent beter in die lewe toe te rus en om die middelbare skool so uit te bou dat die leerlinge se skooljare aldaar vir hom van groter betekenis en waarde sal wees as wat vandag die geval is."[1] In Suid-Afrika is daar, volgens die kommissie, egter nie 'n enkele skool deur die kommissie aangetref wat georganiseer is volgens die opvoedkundige filosofie wat ten grondslag van die De Villiers-kommissie se aanbevelings is nie of wat enigsins rekening hou met verligte moderne opvattings nie.[2]

Die kommissie vind[3] dat moderne opvoedkundiges van ons tyd aandring op die invoering van aktiwiteitsmetodes en die gebruikmaking van die projekmetode as opvoedkundige tegnieke. Hulle dring ook aan op 'n steeds wyerwordende kurrikulum met die nadruk op individuele metodes in plaas van die tradisionele klassikale metode van onderwys en streng-afgebakende vakke. Differensiasie kan bereik word deur middel van gedifferensieerde doelstellings, skole, vakkeuse, vakinhoud, onderwystempo, onderwysmetodes en aanpassingsklasse.

As gevolg van die aanbeveling in die Steynverslag is 'n oorsese sending onder voorsitterskap van dr. A.H. du P. van Wyk in Februarie 1955 oorsee en het hulle verslag[4] in Oktober 1955 gepubliseer. Die verslag getuig van 'n grondige ondersoek en helder siening en sal sekerlik vir 'n lang tydperk rigtinggewend wees vir die progressiewe benadering van onderwys op die middelbare skoolvlak in Transvaal en die res van die Unie van Suid-Afrika.[5]

Die verslag van die oorsese sending bevat besonderhede oor:

a. die stelsel van onderwys in nege verskillende

lande/.....

---

1. T.O.D. Komitee (Steyn), Gedifferensieerde middelbare onderwys vir blankes, 7.
2. T.O.D. Komitee (Steyn), a.w., 8.
3. Ibid, 58.
4. T.O.D. komitee (van Wyk), Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys.
5. T.O.D. Onderwysburo, Onderwysbulletin Vol. 1. Nr 1, Maart 1956, 5.

lande;

b. die stelsels van beheer oor die onderwys in hierdie lande;

c. die koördinasie van middelbare onderwys met universiteitsopleiding en/of hoër tegnologiese inrigtings en die invloed hiervan op die toepassing van die beleid van gedifferensieerde onderwys in die verskillende lande;

d. die koördinasie tussen en invloed oor gedifferensieerde middelbare onderwys deur primêre en sekondêre nywerhede in die lande wat besoek is, en

e. die stelsel van komprehensiewe hoër skole vir gedifferensieerde onderwys.

ŉ Groot verskeidenheid ingrypende aanbevelings word gemaak wat ŉ wye veld van die onderwysstelsel dek. Die implementering van sommige van hierdie aanbevelings sal veranderde wetgewing en ruimer finansiering vereis.[1)] In verband met die daarstelling van gedifferensieerde onderwys in komprehensiewe skole word aanbeveel :

a. dat alle middelbare onderwys aan die provinsies oorgedra word[2)]; en

b. dat die huidige matrikulasie-skooleindeksamen met sy tweeledige funksie vervang word deur algehele afsonderlike meting vir skool-vereistes aan die een kant en vir universiteits-toelatingsvereistes aan die ander kant.[3)]

Die feit dat hierdie verslag deur die onderwysowerhede aanvaar is en dat reeds met die implementering en uitvoering daarvan ŉ begin gemaak is, is ŉ bewys dat die noodsaaklikheid van ŉ onderwysvernuwing terdeë besef word. Die invoering van die aanbevelings sal geleidelik plaasvind nadat die nodige voorbereidings getref is, finansiële reëlings gemaak is, onderkomitees verskillende aspekte ondersoek het, nuwe leerplanne en -gange uitgewerk is en sekere aspekte eers deur eksperimentele ondersoek uitgetoets is.

## 8. GEVOLGTREKKING.

Indien die ontwikkeling van onderwys in Transvaal noukeurig nagegaan word, word besef dat, vanaf die aanvangsjare tot in 1958 - dus ongeveer ŉ honderd jaar -

dit/.........

---

1. T.O.D. Onderwysburo, Onderwysbulletin Vol. 1 Nr. 1, Maart 1956, 11.
2. T.O.D. Komitee (van Wyk), Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 51.
3. Ibid, 59.

dit getuig van snelle groei en vooruitgang. Dit getuig verder van ꞌn daadwerklike strewe om in die behoeftes te voorsien en tred te hou met moderne opvoedkundige ontwikkeling.

Vanuit die grond moes alles opgebou word. Eers is ꞌn Nederlands-georiënteerde onderwysstelsel ingevoer en na ꞌn tydperk van aanpassing en vinnige vooruitgang uiteindelik ingetree het, is alles weer weggeveeg en deur ꞌn Engels-Kaapse stelsel vervang. Deur die jare heen het hierdie stelsel langsamerhand veranderinge ondergaan. Saam met die volksontwikkeling het die onderwysstelsel gegroei en in die veranderende behoeftes probeer voorsien. Industrialisasie en verstedeliking het ook op onderwysgebied sy uitwerking gehad. Die Intermediêre skole moes plek maak vir die skoolplase en die junior hoër skole en op hulle beurt is hulle weer deur die landbou hoër skole en die huidige middelbare skole vervang.

Netsoos die Hadow-verslag[1] as gevolg van omstandighede in Engeland, middelbare onderwys vir alle normale na-primêre-leerlinge aanbeveel het, net so is ook die Nicol-kommissie voor die voldonge feit geplaas dat, as gevolg van die toename in die middelbare skoolbevolking, differensiasie ꞌn noodsaaklike vereiste geword het. Hierdie probleem het die kommissie deur die junior hoër skoolplan probeer oplos. Nadat hierdie stelsel op ꞌn mislukking uitgeloop het, het die De-Villiers-kommissie ꞌn stelsel van verpligte junior hoër skole vir alle leerlinge en daarna differensiasie in akademiese of beroepshoërskole, voorgestel. Hierdie aanbeveling is nie uitgevoer nie en uiteindelik is na die Lynch-verslag besluit om gedifferensieerde onderwys in komprehensiewe skole aan te bied (1950).

Hierdie besluit word egter deur die stelsel van verdeelde beheer en die Wet op Beroepsonderwys (1955) gedwarsboom. Volgens hierdie wet word die provinsiale hoër skole beperk tot alleen 8-uur (dus twee vakke) onderrig per week in ꞌn besondere beroepsrigting. Verder is die 50-persent-plus uniale subsidie aan die provinsies ontoereikend om in die vereistes vir volwaardige beroepsonderwys te voorsien.[2]

Die/.........

1. The Consultative Committee on the Education of the Adolescent, The Education of the Adolescent.

2. Kyk ook hoofstuk 7.

Die gevolg is dat differensiasie nie ten volle deurgevoer kan word nie en die middelbare skole dus nie in volwaardige komprehensiewe skole ontwikkel kan word nie.

Die komprehensiewe middelbare skool is nie 'n skoolsoort wat vanaf die buiteland in die Transvaal oorgeplant is nie. Die "Opleidingsschool" van 1883 was reeds 'n skool waarin differensiasie toegepas is. Hierdie skool het ontwikkel in die "Gymnasium" (1889) en uiteindelik in die "Staatgymnasium" (1892). Hierdie inrigtings was gedeeltelike komprehensiewe skole en het nie net gedifferensieerde leerplanne aangebied nie, maar selfs in die eksamens wat afgelê moes word, is daar gedifferensieer. Ook die "Staatsmeisjesschool" se kurrikulum getuig van 'n stelsel van differensiasie in dieselfde skool.

Deur die verengelsingsbeleid is deur Sargant 'n stelsel van afsonderlike skooltipes, soos in Engeland en Skotland deur heersende klasseverskille veroorsaak, in Suid-Afrika ingevoer. En alhoewel die intermediêre skole, skoolplase en junior hoër skole wat mettertyd ontstaan het, in wese gedeeltelike komprehensiewe skole was, moes hierdie skoolsoorte uiteindelik plek maak vir die huidige ideaal van volslae komprehensiewe middelbare skole vir gedifferensieerde onderwys.

Die beleid van komprehensiewe hoër skole vir gedifferensieerde onderwys in Transvaal vind dus aansluiting by die verlede. Dit is 'n skoolsoort wat uit die behoeftes van die volk gebore is, en deur langsame ontwikkeling in Transvaal ontstaan het. Die besluit deur die Transvaalse onderwysowerhede in 1950 om gedifferensieerde middelbare onderwys in komprehensiewe skole aan te bied, was dus die resultaat van 'n natuurlike ontwikkelingsproses. En waar die vader van die komprehensiewe skool in Transvaal, dr. A.H. du P. van Wyk, beweer:[1] "Die feit dat differensiasie tot beleid verklaar is en dat die middelbare volkskool as die mees geskikte tipe skoolorganisasie vir die doel aanvaar is, is die gevolg van ontwikkelinge wat net so Suid-Afrikaans is as die bodem waarop ons hier woon" is hy blykbaar geregverdig en is hierdie stelling histories juis.

----------

HOOFSTUK 3/....

1. Transvaalse Onderwysersvereniging, Onderwysblad, Nr.705, Deel LXII, 1 Julie 1958, Van Wyk, Gedifferensieerde Onderwys en Komprehensiewe skole, 151.

# HOOFSTUK 3.

## KOMPREHENSIEWE SKOLE IN VERSKILLENDE LANDE.

### 1. DIE VERENIGDE STATE VAN AMERIKA.

#### a. Die ontstaan en ontwikkeling van die Komprehensiewe skool in die V.S.A.

Die Amerikaanse onderwysstelsel het gegroei uit en is intiem saamgeweef met die volk se ontstaan en ontwikkeling. Dit is 'n volk wat aanvanklik ontstaan het deur 'n vryheidsdrang wat hulle na nuwe wêrelddele gelei het en wat daarna die groot Noord-Amerikaanse kontinent ontgin het, deur miljoene immigrante aangevul is en vandag nog beskou word as "....... een volk in wording en een volk in beweging."[1] Hierdie faktore het 'n strewe na demokrasie, aanpassingsvermoë en goeie burgerskap laat ontstaan en dit het ook basiese vereistes in die onderwys geword. Die demokratiese reg van die individu het gelei tot die begrip van "equality of educational opportunity"[2] en die noodsaaklikheid van aanpassing en goeie burgerskap het vereis dat klem gelê word op die ontdekking van die aanleg en vermoëns van die individu en die ontwikkeling daarvan tot voordeel van die individu en die maatskappy.

Nadat die oostelike kusstreke van Noord-Amerika gekoloniseer is en selfs na die Amerikaanse Vryheidsoorlog, was die patroon waarop die onderwys voortgeborduur het, baie nou verwant aan die oorgeërfde klassieke skole. Deur die groot weswaartse volksverskuiwing het ook die Amerikaanse volkskarakter verandering ondergaan. Pioniersomstandighede het veral 'n onafhanklikheidsgevoel aan 'n avontuurdrang gekoppel. Hierdie karaktertrekke het in die onderwys 'n sterk individualiteitsneiging en strewe na die beste in die toekoms laat ontstaan. Die onderwysstelsel vandag weerspieël nog hierdie karaktertrekke en dit word

beweer/.....

---

1. Paedagogische studiën, Vol. 31, Februarie 1954, Neureiter, Een Noordamerikaans oordeel over het onderwijs in de U.S.A. en in Nederland, 47.

2. Kandel, The new era in Education, 301.

beweer : "American schools look more to the future than to the past!"[1]

Die onderwysstelsel van die V.S.A., en veral die middelbare onderwys, word beskou as die grootste laboratorium of ervaringsgebied ter wêreld. 28,000 openbare en private middelbare skole is versprei oor 100,000 skooldistrikte. In elke gebied is daar 'n groot mate van self-beskikkingsreg. Hierdie gebiede word beheer deur meer as 3000 outonome beheerstelsels wat alleen verantwoordelik is aan die Sekretarisse van Onderwys van die 48 afsonderlike state. Uiteindelik gekoördineer deur middel van die losse federale regeringsstelsel, behou elke staat in die praktyk onbelemmerde volmag om sy onderwyssake na eie goeddunke te reël. Hierdie stelsel van desentralisasie in onderwysbeheer, werk ingrypende plaaslike afwykings in feitlik al die aspekte van die onderwys in die hand.[2]

As gevolg van onderlinge samewerking is dit egter "..... merkwaardig en zelfs bewonderenswaardig, dat uit dese chaos zonder veel druk van overheid een stelsel is gegroeid, dat in het gehele land bijna gelijkvormig is en dat door dezelfde geestesgesteldheid beheerst word.[3] Kandel beweer dat ".... whatever the form of organization, the high schools are in the great majority 'comprehensive and coeducational.'"[4]

Indien die onderwysstelsels van die Europese lande, en veral ook Engeland, met die Amerikaanse vergelyk word, word gevind dat die Britse stelsel gekenmerk word deur 'n tradisionele, konserwatiewe gees terwyl die Amerikaanse stelsel meer progressief van aard is. Die volgende vernaamste verskille tussen hierdie twee stelsels dui ook sommige van die grondslae aan waarop die komprehensiewe skool in die V.S.A. gebaseer is.[5]

Die/..........

---

1. Cramer et al, Contemporary Education, 12.
2. Muller, Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in Suid-Afrika as geïntegreerde faktore in verband met druiping aan die Universiteit, 70,71.
3. Paedagogische Studiën, Vol. 31, Februarie 1954, Neureiter, Een Noordamerikaans oordeel over het onderwijs in de U.S.A. en in Nederland, 48.
4. Kandel, The new era in Education, 304.
5. Richmond, Education in the U.S.A., 22, 23.

| | Die tradisionele Britse sienswyse. | Die progresiewe Amerikaanse sienswyse. |
|---|---|---|
| 1. | Beweer dat onderwys in werklikheid voorbereiding vir die lewe is. | Beweer dat onderwys en die lewe 'n integrale eenheid vorm. |
| 2. | Die vernaamste funksie van die leerproses is die verwerwing van kennis. | Die vernaamste funksie van die leerproses is die verwerwing van ondervinding. |
| 3. | Glo dat die vereistes wat deur volwassenheid en die gemeenskap gestel word die onderwysdoelstellinge moet bepaal. | Glo dat die onmiddellike belange en belangstellinge van die kind die uitgangspunt in die onderwys moet wees. |
| 4. | Logiese metodes word verkies. | Psigologiese metodes geniet voorkeur. |
| 5. | Konsentreer op intellektuele ontwikkeling. | Beklemtoon die noodsaaklikheid van die ontwikkeling van die "hele mens". |
| 6. | Hou vol dat die inhoud van die kurrikulum sy intrinsieke waarde het. | Ontwikkeling ("growth") is belangriker as vakinhoud. |
| 7. | Vryheid kan deur strewe verwesenlik word. | Vryheid is 'n natuurlike gawe. |
| 8. | Beroep hulself op outoriteit en outoritêre maatreëls. | Outoritêre optrede is onnodig en lei net tot onderdrukking. |
| 9. | Dissiplinêre optrede en maatreëls is noodsaaklik. | Hoofsaaklik vertroue in selfdissipline. |
| 10. | Die onderwyser beheer alle aktiwiteite. | Die inisiatief en deelname van leerlinge word aangemoedig. |
| 11. | Die onderwyser is die leermeester. | Die vernaamste funksie van die onderwyser is om as prikkel te dien en daarna op die agtergrond te beweeg. |
| 12. | Beweer dat inspanning belangstelling opwek. | Glo dat belangstelling tot inspanning lei. |
| 13. | Leerlinge moet eers werk en daarna speel anders doen hulle net wat hulle wil. | Werk en spel moet geïntegreer word en leerlinge leer meer doeltreffend indien hulle hou van wat hulle doen. |
| 14. | Maak onderskeid tussen binne- en buitemuurse aktiwiteite. | Geen definitiewe skeiding nie. |
| 15. | Handhaaf strenge orde in die skoolorganisasie. (byvoorbeeld beweeg in rye, vaste rooster, vaste banke,ens.) | Probeer die skool so informeel moontlik maak. (byvoorbeeld groepwerk, selfstudie, vloeibare rooster, beweeglike meubelment,ens.) |

| | |
|---|---|
| 16. Beskou formele drilwerk as noodsaaklik. | Leer deur doen. |

Die besoeker aan die laer skole in die V.S.A. staan verbaas om te sien hoe min kinders hier "geleer" word. "Men verwacht daar van de school niet in de eerste plaats dat zij het jonge kind veel zal leren, veel feitekennis sal bijbrengen. Daar geeft men weinig om ..... wat men wel verwacht is dat de school de grondslag zal leggen voor 'good citizenship!'. Haar taak is goede burgers te vormen, bruikbare mensen, die straks hun weg weten te vinden, die begrip hebben voor, 'team work' en die door veel speel en sport, ook door talrijke sociale activiteiten, gemeenschapbesef hebben verworven."[1] Die beginsel van "Growth before grades"[2] word algemeen toegepas.

Oor die algemeen word alle oud-laerskoolleerlinge in een middelbare skool opgeneem. In stedelike gebiede veroorsaak dit soms groot skole sodat inskrywings van 1500 tot 2500 baie algemeen voorkom. In die groter stede, waar gebiedsafbakening nie in die reël voorkom nie, bestaan die leerlinge van elke skool uit "....a complete cross-section of that population, boys and girls, prosperous and unprosperous, clever and stupid, industrious and idle."[3]

In die V.S.A. varieer die boonste skoolpliggrens van staat tot staat van 14 tot 18 jaar. Die meeste leerlinge bly egter na die bereiking van die ouderdomsgrens langer in die skool aan ten einde eers hulle kursusse te voltooi. So bly 91% van die leerlinge in Desmonies, Iowa, in die skool nadat die verpligte skoolgrens bereik is.[4]

Vir die Amerikaner is die middelbare skool "...the chief symbol of democracy - the one common tie of an active cultural nature by which all families feel themselves attached."[5] As gevolg hiervan bestaan

daar/........

---

1. Paedagogische Studiën, Vol. 31, Februarie 1954, Neureiter, Een Noordamerikaans oordeel over het onderwijs in de U.S.A. en in Nederland, 55.


2. Richmond, Education in the U.S.A., 146.

3. London County Council, Education Committee, Minutes of Proceedings, 19 July 1944, Report of the General Sub-committee, 461.

4. Simon, Three Schools or one, 25.
5. Ibid, 60.

DIE HUIDIGE MIDDELBARE ONDERWYSSTELSEL IN DIE V.S.A.

Die volgende skematiese voorstelling gee 'n beeld van die skoolstelsel in die V.S.A.



daar min privaatskole in die V.S.A. Verskillende skooltipes word egter, veral in die stede, as gevolg van die stelsel van onafhanklike plaaslike beheer, aangetref. So tref ons akademiese, beroeps-, beroeps-algemeen ("double purpose"), komprehensiewe, tegniese, algemene, gespesialiseerde en kollege-voorbereidende middelbare skole aan. Nieteenstaande hierdie groot verskeidenheid is die skole in wese almal komprehensief van aard en word 'n verskeidenheid kursusse aangebied.

Nieteenstaande hierdie differensiasie in skooltipes is die algemene opinie nie ten gunste daarvan nie en dit word beweer dat dit "eilande in die jeuglewe" skep. Voorkeur word gegee aan die komprehensiewe skool, ".... the high school, with its vigorous communal life and its choice of vocational biases, is not simply a working model but the very hub of democracy - the institution par excellence ........"[1]

In die Amerikaanse middelbare skole, en veral in die komprehensiewe of gemeenskapskole, (soos hierdie skole graag genoem word) bestaan die oortuiging dat onderwys funksioneel ondeelbaar is en word die kind as "hele mens" as uitgangspunt geneem. Die wese is 'n ondeelbare persoonlikheid ook in sy verhouding tot die beroepslewe, wat 'n integrale deel vorm van die algemene lewe, net soos die beroepsonderwys 'n integrale onderdeel is van algemene onderwys.[2] Daar word geglo dat "...the dignity of work has been a never-failing source of inspiration."[3] Beroepsgerigte vakke word dus in die skole aangebied, maar leerlinge word ook aangemoedig om buite skoolure kennis met die beroepslewe te maak. Die meeste seuns en dogters werk deeltyds in winkels, motorhawens, fabrieke, plase, ens. Hierdie werksondervinding gee aan die jeug selfvertroue en ook 'n insig in sosiale aangeleenthede. Ten nadele kan onder andere aangevoer word dat dit 'n té vroeë materialistiese gees onder die jeug laat posvat.[4]

In/........

---

1. Richmond, Education in the U.S.A., 187, 189.
2. T.O., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 59.
3. Richmond, a.w. 148.
4. The Times Publishing Co., The Times Educational Supplement, Democracy in an American School, 6 January, 1956, 5.

In die meeste skole en ook in die komprehensiewe skole word, naas algemene onderwys, volwaardige beroepsonderwys gegee. Die skole is voorsien van goedtoegeruste werkswinkels vir druk-, hout-, leer-, metaal-, motor-, vliegtuigwerk, ens. Voorsiening word ook vir koöperatiewe werk gemaak; leerlinge woon klasse in die skool by maar werk ook terselfdertyd. Hierdie stelsel bied uitstekende wisselwerking tussen teorie en praktyk en dien as 'n middel tot die oorbrugging van die gaping tussen die skool en die lewe.[1)]

Gedifferensieerde onderwys met die integrasie van algemene en beroepsonderwys word dus in die komprehensiewe skole aangebied.

Die meeste middelbare skole gebruik 'n stelsel van krediete vir die verkryging van 'n hoër skooldiploma. Die kredieteenhede word gewoonlik gedurende die laaste drie of vier jaar aan die skool, toegeken. Een eenheid krediet vereis normaalweg tenminste dat 'n vak vir vyf periodes per week vir 38 weke geneem word. Sommige skole het ook 'n stelsel van "major" en "minor" krediete. Indien 'n leerling in 'n vak slaag, word die krediet aan hom toegeken en kan hy desnoods na 'n ander vak oorskakel. Hierdie stelsel vergemaklik oorskakeling om die leerling te help om sy aanleg te bepaal. Dit is egter moontlik om die vereiste kredieteenhede vir slaagdoeleindes (gewoonlik 15 tot 17) uit 'n verskeidenheid vakke op te bou en spesialisering so teen te werk.[2)]

Bevorderings in die skole is dus per vak en word algaande toegeken. "There is no school-wide examinations to determine promotion or graduation from the schol."[3)] Daar bestaan ook 'n stelsel van gedifferensieerde sertifisering. Aan die einde van die vierjarige senior kursus

ontvang/.......

---

1. T.O., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 61.

2. a. Keller, The Double-Purpose High School, 185, 187.

   b. Muller, Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in Suid-Afrika as geïntegreerde faktore in verband met druiping aan die universiteit, 75.

   c. Keller, The Comprehensive High School, 284.

   d. London County Council, Education Committee, Minutes of Proceedings, 19 July 1944, Report of General Subcommittee, 461.

3. Cramer et al, Contemporary Education 212.

ontvang suksesvolle leerlinge die "college diploma". Sertifikate word egter ook aan leerlinge toegeken wat beroepskursusse voltooi het en van voornemens is om praktiese beroepe te aanvaar.[1]

Die "State Departments of Education" oefen hoofsaaklik 'n adviserende in plaas van 'n kontrolerende funksie uit. In verband met vakonderwys word konsep-leerplanne gepubliseer om onderwysers van hulp te wees. Leerkragte het hulle eie vakverenigings, soos byvoorbeeld die "National Council of Teachers of Mathematics", en deur middel van hierdie vereniging se eie tydskrif en gereelde vergaderings word die werk gekoördineer en die standaard algemeen gehandhaaf.[2]

'n Besondere kenmerk van die Amerikaanse komprehensiewe en ook ander skole, is die feit dat leerlinge tot groot selfstandigheid en selfdissipline aangemoedig word. Die Engelse prefekstelsel word verwerp en vervang deur 'n stelsel van selfregering. "Student government is highly developed, and student organizations elect their own officers and handle many of their own affairs. Student-body officers wield as much influence in a high school as do the prefects in an English secondary school, but they are elected by the students themselves rather than being appointed by the principal or faculty."[3]

'n President word elke semester deur middel van 'n eleksie verkies. Hierdie leerling is dan die hoof van sy makkers, dien as skakel tussen personeel en leerlinge, ontvang besoekers, organiseer programme in die auditorium, hou toesprake by offisiële funksies, ens. Hy word bygestaan deur 'n gasheer en 'n gasvrou, bibliotekaris, 'n bestuurder en 'n vrede-regter om wet en orde te handhaaf. Sake word verhoor deur 'n leerlinghof met 'n regter aan die hoof.[4] Hierdie leerlinge word almal deur 'n stelsel van nominasie en verkiesing aangewys.

In/...........

---

1. Paedagogische Studiën, Vol. 31, Februarie 1954, Neureiter, Een Noordamerikaans oordeel over het onderwijs in de U.S.A. en in Nederland, 51.

2. Idem.

3. Cramer et al, Contemporary Education, 214.

4. The Times Publishing Co., The Times Educational Supplement, Democracy in an American School, 6 January, 1956, 5.

In die V.S.A. word 'n onderskeid gemaak tussen skooleindsertifikaat en universiteitstoelatingsvereistes sodat laasgenoemde nie die skole aan knellende bande lê nie en hulle vrylaat om gedifferensieerde onderwysprogramme na goeddunke te reël.

Universiteitstoelating word hoofsaaklik bepaal deur 'n stelsel van geakkrediteerde skole of deur die Educational Testing Service se College Entrance Examination Board wat deur middel van gestandaardiseerde toetse voornemende studente se ontwikkelingspeil en kollegegeskiktheid (en nie noodwendig alleen parate kennis nie) vasstel. Sommige inrigtings vir hoër onderwys het egter nog hulle eie toelatingseksamens.

In die V.S.A. is die ideaal dat die deurslag Amerikaner hoër onderwys moet benut. So waarsku professor De Kiewiet, president van die Universiteit van Rochester : "The true greatness of American higher education is held aloft on the two pillars of both quality and quantity. .... If the correction is made for the differences in national population, ten times as many American boys and girls go to college as in Great Britain."[1)]

Indien die standaarde van die Amerikaanse komprehensiewe skole met die "Grammar Schools" van Engeland vergelyk word, moet hierdie feite in aanmerking geneem word. Die gemiddelde standaard van 'n ongeselekteerde en 'n geselekteerde skool kan nie sonder meer vergelyk word nie. Die Education Committee van die London County Council besef hierdie feit en beweer : "......it is misleading to compare the average of such a school with the grammar schools of this country, where in the main the abler children are segregated ...... In many ways they have a wider education and it might not unfairly be claimed that they have wider interests. Indeed, our fine reverence for quality in this country is confined to a narrow circle. We tend to love exclusive aristocracies, and when the aristocracy of wealth went out of fashion we created a new one which we were pleased to think was an aristocracy of brains, that is, of those who

excel/.......

---

1. The Journal of Teachers Education, Vol. VI, No. 4, December 1955, The dual mandate of American Higher Education, 255.

excel in book learning. We need to create a much wider aristocracy - of those who excel in the art of social living. This, the American school conciously sets out to achieve."[1]

b. Amerikaanse Komprehensiewe Skole.

Arsenal Technical High School, Indiana.

Hierdie komprehensiewe middelbare skool[2] beskik oor 'n terrein van 76 akkers. In 1955 was daar 4500 leerlinge in die skool. Die skool is verdeel in 'n junior en 'n senior (vir die laaste drie jare) afdeling. Die werk van die junior skool is diagnosties en algemeenvormend van aard. In die senior skool moet leerlinge 'n definitiewe rigting inslaan. Hierdie skool het veral op die voorgrond getree vanweë sy beroepskursusse en voorligtingstelsel.

Die doelstellings van die skool is om vir 'n demokratiese leefwyse voor te berei. Die leerling moet sosiaal ontwikkel om 'n nuttige en konstruktiewe aandeel in die politiek, ekonomiese en sosiale lewe te kan hê. Die potensialiteite van elke individu moet so ontwikkel word dat hy 'n selfstandige persoon kan word. Hy moet gesond kan lewe, nuttig sy vrye tyd bestee, die skone kan waardeer en mooi karaktereienskappe ontwikkel.

Die skoolwerk word, vanaf die negende skooljaar (st. sewe), in drie bane gestuur, naamlik in die akademiese, tegniese en beroepsrigting. Hierdie bane word egter geïntegreer en alhoewel leerlinge in homogene groepe ingedeel word, is daar gedurige wisselwerking en kontak gedurende sekere vakperiodes, studietye en spele.

Die akademiese kursus bied 'n vierjaar opleiding aan wat deur die kolleges en universiteite vir toelatingsdoeleindes aanvaar word. Die akademiese vakke word egter aan sekere voorberoeps- en tegniese onderwerpe gekoppel om leerlinge wat ook in hierdie rigtings aanleg het, die die nodige opleiding te verskaf.

In/.........

---

1. London County Council, Education Committee, Minutes of Proceedings, 19 July 1944, Report of the General Sub-committee, 462.

2. Keller, The Comprehensive High School, 39 - 44 en 282 - 284.

In die werkswinkels word voltydse vakvoorbereidingswerk (drie uur per dag) in die volgende ambagte aangebied : Motorherstelwerk, Uitklopwerk, Vliegtuig- en Masjienwerktuigkunde, Houtwerk, Skilder en Versiering, Gietery, Loodgietery, Elektronika, Radiotegniek, Yskasreparasie, Werkswinkel-praktyk, Meubelmakery, Plaatmetaalwerk, Sweis en Smedery, Ontwerp van patrone en Drukkerswerk.

Verdere kortere kursusse soos Kommersiële Kuns, Reklame Dekorasie, Drukwerk, Argitek-tekene, Masjientekene en Kommersiële Kookkuns word ook aangebied. 'n Volledige reeks kommersiële vakke soos Boekhou, Verkoopskuns, Sekretariële opleiding en ook Beroepsmusiek (orkes en sang) word aangebied.

Leerlinge begin met 'n intensiewe beroepskursus vanaf hulle negende skooljaar of op 'n later tydstip. Spesiale aandag word aan die leerlinge gewy wat nog nie 'n definitiewe keuse kan maak nie.

Die voorligtingsdiens van die skool is versigtig beplan en geskied deur middel van persoonlike onderhoude, waarneming, navorsing, toetsing en plasing. Elke leerling word aan die begin van sy hoërskoolloopbaan by 'n voogonderwyser ("sponsor teacher") geplaas en vir die res van sy skoolloopbaan bly hierdie onderwyser sy raadgewer en vriend. Die skool beywer hom om sy leerlinge in die regte werk te plaas. Nasorgwerk word gedoen en deur middel van 'n kaartstelsel behou die skool volledige verslae en besonderhede van sy oud-leerlinge.

Die skool probeer ontydige skoolverlating uit te skakel deur sommige leerlinge toe te laat om een skoolvak minder te neem en dit met deeltydse werk te vervang. Hierdie werk moet egter gekeur word en aanpas by die leerling se persoonlike eienskappe en opleiding. Sukses in die werk word dan in die skool gekrediteer.

<u>Slaagvereistes van die Arsenal skool.</u>

Totale aantal krediete wat behaal moet word : 32.

Krediete word as volg behaal :

| | | | |
|---|---|---|---|
| Engels | 6 | | |
| Wiskunde | 2 | | |
| Wetenskap | 2 | | |
| Amerikaanse Geskiedenis | 2 | | |
| Amerikaanse Regering | 1 | | |
| Amerikaanse Probleme | 1 | | |
| Fisiologie en Gesondheidsleer | 1 | | |
| Liggaamlike Opvoeding en Veiligheid | 1 | | |
| Liggaamsfiksheid (indien nie vrygestel) | 1 | 17 | |
| Aantal ander krediete vir keusevakke | | 15 | 32. |

'n Hoofkrediet ("major credit") bestaan uit ses krediete in een onderwerp terwyl 'n hulpkrediet ("minor credit") uit vier krediete in een onderwerp bestaan. Vir finale slaagdoeleindes moet 'n leerling ten minste twee hoofkrediete en twee hulpkrediete behaal het. Indien die leerling aan die basiese vereistes voldoen het, word 'n diploma aan hom uitgereik. 'n Leerling wat spesifieke kursusse in tegniese of industriële rigtings plus sekere akademiese kursusse voltooi het, ontvang 'n beroepsertifikaat.

MONT PLEASANT HIGH SCHOOL, NEW YORK.

Hierdie komprehensiewe middelbare skool[1)] word in twee hoofafdelings verdeel, naamlik 'n akademiese en 'n tegniese afdeling. Die kursusse en programme word egter so opgestel dat leerlinge van albei afdelings in die akademiese vakke saam onderrig word. Die leerlinge wat die tegniese rigting volg, wy egter addisionele tyd na skool aan die tegniese kursus.

Die skool bied die volgende rigtings aan :

1. Akademies.
2. Handels
   a. klerklik
   b. sekretarieel
   c. verkoopskuns.
3. Algemeen
   a. algemene kursus
   b. industriële kuns
   c. handelslugvaart
   d. industriële vakkunde.
4. Tegnies
   a. elektries.
   b. meganies.

Leerlinge word aangeraai om hulle kursusse in die negende skooljaar te kies. 'n Latere keuse vereis aanpassings.

Vir die diploma moet 16 vakeenhede plus vier jaar Liggaamlike Opvoeding en- Gesondheid behaal word. Alleen die laaste vier jaar se krediete word vir die einddiploma getel. 'n Eenheid vereis dat 'n vak vir ten-

minste/......

---

1. a. Keller, The Double - Purpose High School, 95.
   b. Joint Committee of the Four Secondary Associations, The Organisation of Secondary Education, 2 - 29.

minste 5 periodes per week vir 38 weke geneem is. Vyf vakke word elke kwartaal geneem.

Vorderingsverslae word elke tien weke uitgestuur. Aan die ouers van leerlinge wat onbevredigende werk lewer, word briewe van waarskuwing gerig en hulle word uitgenooi om die skool te besoek. Leerlinge wat 80% en meer in vakke behaal het, word van eksamens vrygestel.

Die voorligters kan enige tyd gedurende die dag geraadpleeg word. Spesiale tye word ook vir voorligting afgesonder. Vakansie-klasse ("Summer School") bied ekstra kursusse aan vir leerlinge wat hulle kursus wil aanvul, wat die standaard van hulle werk wil verbeter en vir leerlinge wat vakke gedruip het.

Die leerlinge gee elke drie of vier weke hulle eie koerant, die "Watchtower", uit. 'n Jaarblad word jaarliks saamgestel.

Die skool beskik oor 'n kafee wat 500 persone kan bedien. In die skool is daar 'n winkel waar besigheidsmetodes prakties aangeleer word.

Om 'n insig in die gees van hierdie skool te kry, word die volgende aangehaal. Dit is 'n voorskrif in 'n brosjure deur die hoof aan die leerlinge gerig :

"Greetings from the high school of your choice to you who are now entering to learn that you may go forth to serve. For the next three years you will be living with other students, within a building of exceptional facilities and with a faculty of great talents, skills and understanding. You will find many special services available to you in the adjustment to your new school life. Mont Pleasant High School is a friendly community with teachers and pupils all working toward better citizenship, leadership, character, scholarship and service. You will find freedom and opportunity for development - freedom limited only where it conflicts with the rights and freedom of others. We want you to share in setting goals of learning and to help in planning ways to achieve them. Your efforts will be noted, evaluated and appreciated and your achievements used to help at a pattern for a future full life. Use this book effectively and feel free to consult teachers, counselors and administrators about problems not mentioned in the handbook."[1)]

Met./.........

1. Joint Committee of the Four Secondary Associations, The Organisation of Secondary Education, 2.

METROPOLITAN VOCATIONAL HIGH SCHOOL, NEW YORK.

Die "Vocational High Schools" wat in die V.S.A. aangetref word, is baie na verwant aan die komprehensiewe skole. Hulle word soms "Double Purpose High Schools" genoem en bied ook akademiese vakke aan, maar die basis is streng beroepsgerig. Die Metropolitan Vocational High School, New York,[1] is 'n baie goeie voorbeeld van hierdie skole. Leerlinge word geselekteer hoofsaaklik vanweë hulle beroepsaanleg. Nieteenstaande hierdie feit kombineer 'n kwart van al die leerlinge tog die beroepskursus met 'n "college preparatory program". Die skool maak selfs vir verstandelik vertraagde leerlinge voorsiening.

Die noodsaaklikheid dat die skool by sy omgewing moet aanpas en ook in die onmiddellike en spesiale behoeftes moet voorsien, blyk uit die beroepskursusse wat deur die Metropolitan aangebied word. Die vernaamste kursusse is :

Seemanskap : dek, masjien, radio, bediening, elektries en skeepsbou;
Voordragkunste : dans, drama, musiek;
Kommersiële fotografie;
Skoonheidskultuur;
Haarkappery; en
Drukkerswerk.

Behalwe die gewone skoolgebou beskik hierdie skool nog oor 'n teater in die middestad, twee publieke swembaddens, 'n publieke gimnasium, die skip John W. Brown wat in die East River vasgemeer is, en ruimte in die hoofkwartier van die Western Union Telegraph Company. Hierdie plekke word almal vir die opleiding van die leerlinge gebruik. Vir die meeste kursusse word die helfte van die dag aan akademiese vakke en die ander helfte aan die beroepsvakke gewy.

2. ENGELAND.

Die geskiedkundige agtergrond en ontwikkeling van die komprehensiewe skool in Engeland.

Middelbare onderwys in Engeland was tradisioneel 'n voorreg wat alleen aan 'n hoogs geselekteerde minderheidsgroep/......

---

1. Keller, The Double-Purpose High School, 88 - 95.

groep verleen is. "The whole approach to secondary education in England has been coloured by the fact that, until the Act of 1944, secondary education was considered suitable only for the few, and from the earliest times the chief function of the Grammar School was to prepare for the learned professions. The few were the rich, namely those who could afford to buy it for their children, together with, until quite recently, an infinitesimal number of poor boys of exceptional ability who were admitted to religious endowments and later to the endowed grammar schools, before these were taken over by the middle class for their own use."[1)]

Selfs in 1938 het die middelbare skole alleen een uit elke agt leerlinge toegelaat, terwyl die junior tegniese, handels- en kunsskole vir minder as een uit elke 200 leerlinge voorsiening gemaak het. Alle ander leerlinge, behalwe die wat in privaatskole onderrig is, het hulle onderwys in laer skole ("Elementary schools") ontvang.[2)]

Tot in 1902 het die staat hoofsaaklik in laer onderwys belang gestel. Nadat die L.E.A.'s (Local Education Authorities) in 1902 gestig is en die inisiatief by plaaslike liggame (afdelings- en stadsrade) berus het, het middelbare onderwys langsamerhand aandag begin geniet. Onder die huidige stelsel ontvang die L.E.A.'s onderworpe aan ministeriële toesig en goedkeuring, die volgende finansiële steun van die regerings :

60% van die uitgawe vir algemene onderwys;
75% van die uitgawe vir gevorderde beroepsonderwys;
100% van die uitgawe vir melk en skoolmaaltye.[3)]

Reeds in 1867 is die tripartite stelsel (drie afsonderlike skooltipes) deur die Endowed Schools Commission, in navolging van die destydse Pruisiese "Realschulen", vir die burgerklas aanbeveel. In 1895 is hierdie aanbeveling deur die Bryce Commission onderskryf. In 1926 het die Hadow Committee in sy verslag "The Education of the Adolescent" na- primêre onderwys vir alle normale leerlinge in "grammar", selektiewe "modern" (die latere tegniese skole), die non-selektiewe "modern" skool en voortsettingsklasse aan laer skole aanbeveel. Oorplasing moes op 11-plus-ouderdom geskied. In 1938 volg die verslag van die Consultative Committee of the Board of Education (die

Spens/......

---

1. Simon, Three Schools or one, 14.
2. Ministry of Education, The New Secondary Education, 8.
3. T.O. Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 47.

Spens-verslag), wat aanbeveel dat die skooltipes in alle opsigte gelyke status moet geniet ("parity of esteem"), maar ".....would differ only in the kind of education they provide to meet the differing abilities and interests of the pupils."[1] Die komitee erken dat die "multilateral school" in sommige omstandighede verkieslik mag wees, maar beveel nie hierdie soort skool in die algemeen vir Engeland en Wallis aan nie.

Voordat die Spens-rapport enige vrugte kon afwerp, het die Tweede Wêreldoorlog uitgebreek. Deur hierdie oorlog het die begrip van die demokratiese reg van die individu vir die ontwikkeling van sy aanleg en vermoëns, in die onderwys in Engeland opnuut posgevat en inslag gevind.

In 1944 word die belangrike "Education Act of 1944" aangeneem. Die belangrikste bepalings in hierdie wet vir middelbare onderwys is die volgende[2] :

a. Vry middelbare onderwys moet moontlik wees vir elke normale kind ouer as elf jaar;
b. vanaf 1 April 1947 sou die skoolpliggrens 15 wees en sal later opgeskuif word na 16;
c. middelbare skole word geskei van laer skole;
d. L.E.A.'s is verantwoordelik vir primêre, middelbare en voortgesette onderwys.

Die 1944-wet het weer eens die drie tipes sekondêre skole beoog om leerlinge na die 11-plus-eksamen te onderrig. Hierdie skole is :

a. die "Grammar School." Dit is die tradisionele akademiese middelbare skool met 'n vyfjarige kursus wat bestaan uit moderne en klassieke tale, Matesis en natuurwetenskappe as die vernaamste vakke. 'n Sesde jaar dien hoofsaaklik ter voorbereiding vir 'n universiteitskursus. Deur die 11-plus-eksamen word leerlinge streng geselekteer en die toegang tot die "grammar" skole is tot die bevoorregtes beperk.
b. Die "Secondary Modern School" met 'n veelsydige, algemene opvoeding. "It has to provide a series of courses for children of widely differing

ability,/......

---

1. Board of Education, Report of the Consultative Committee on Secondary Education, 311.

2. Ministry of Education, The New Secondary Education, 10, 11.

ability, aptitude and social background. It has to cater for the needs of intelligent boys and girls, for those with a marked practical bent, as well as for the special problem of the backward children."[1] In werklikheid het hierdie skole die aflaaiplek geword vir alle leerlinge wat nie toegang tot die akademiese of tegniese skole kon verkry nie, die sogenaamde "schools for failures".[2]

c. Die tegniese skool wat verband hou met die nywerhede en beroepe. Soos deur die minister gestel : "The secondary Technical School differs in fact from other types of secondary schools, not by being more closely related to life, but by selecting the sphere of industry or commerce as its particular link with the adult world."[3] Gedurende die eerste twee of drie jaar volg die leerlinge 'n algemeen-vormende kursus maar hierna word die opleiding beroepsgerig.

Reeds in 1944 is besef dat ".....it would be wrong to suppose that they (die verskillende skooltipes) will remain separate and apart. Different types may be combined in one building as considerations of convenience and efficiency may suggest. In any case the free interchange of pupils from one type of education to another must be facilitated."[4]

As gevolg van hierdie opening wat gelaat is, het "bilateral", "multilateral" en komprehensiewe skole ontstaan. En alhoewel die Minister van Onderwys hierdie gekombineerde skole, en veral die komprehensiewe skole, alleen op 'n eksperimentele basis wou toelaat, het sommige L.E.A.'s die komprehensiewe gedagte aanvaar en wou dit ten alle koste deurvoer. So is die "Education Committee of the London City Council" en ander L.E.A.'s van voorneme om groot komprehensiewe skole in groot getalle op te rig.

Die/.....

---

1. Ministry of Education, The New Secondary Education, 29.
2. Paedagogische Studiën, Vol. 32, September 1955, Lee, English Comprehensive Schools, 356.
3. Ministry of Educ., The New Secondary Education, 47,48.
4. London County Council, Minutes of Proceedings, 19 July 1944, Report of the General Sub-Committee, 460, 461.

Die beginsels van die komprehensiewe skool in Engeland is egter nie alleen op opvoedkundige grondslae gebaseer nie, maar dit is ook aan die partypolitiek gekoppel : "It was as much a political partisan proposal as it was educational."[1] Die Arbeidersparty het te Margate in 1950 die komprehensiewe skool as beginsel aanvaar en in die verslag "A policy for Secondary Education" (1951) is die komprehensiewe skool gepropageer. Die heersende "tripartite" stelsel is aangeval op grond van die feit dat dit 'n klasseverskil deur middel van die drie skooltipes bewerkstellig en dus ondemokraties is. Die 11-plus-eksamen lewer verder onoorkomelike moeilikhede op.

Die Konserwatiewe Party daarenteen, verkies die tradisionele "tripartite" stelsel en beweer : "We do not believe that we should be justified in affecting, by a deliberate act of policy, the disappearance of the Grammar School (boys) and the High School (girls). We feel that both these schools are capable of fulfilling as valuable a function in the future as in the past, and, while we are not disposed to give an over-riding weight to the claims of sentiment or tradition, we feel that tradition is not to be sacrificed lightly for the sake of administrative uniformity, or in pursuit of a theory of educational equality. (County Borough of Darlington.)"[2]

As gevolg van hierdie botsende standpunte berus die inisiatief tans hoofsaaklik by die plaaslike L.E.A. en die party wat in hierdie liggaam die oorhand het, bepaal watter skooltipe in sy gebied opgerig sal word. Die komprehensiewe skole kom dus hoofsaaklik in sekere gebiede voor. Engeland beskik egter reeds oor 44 komprehensiewe skole en nog 10 is in aanbou.

Die huidige stelsel van onderwys in Engeland.

"Een oningewijde, die binnekomt in het labyrinth van het Engelse onderwijssysteem, ziet als in een doolhof geen plan, geen systeem, dog enkel paden die altyd weer op sijpaden uitlopen."[3] Hierdie toestand van sake is

te/........

---

1. Kandel, The new era in Education, 261.
2. Ministry of Education, The New Secondary Education, 11.
3. Paedagogische Studiën, Vol. 30, Mei 1953, Ijpma, Indrukken van Engels Schoolleven, 152.

te wyte aan die stelsel van L.E.A.'s. Elke skooldistrik ontwikkel volgens eie karakter, onderhewig aan die goedkeuring van die Minister van Onderwys en "His Majesty's Inspectors". Die onderwysstelsel in Engeland en Wallis kan soos volg voorgestel word :[1)]

Die Engelse skoolstelsel.

| Staatskole. | | | Staatsondersteunde skole. | Privaat skole. |
|---|---|---|---|---|
| Laer skole. | | | Direkte ondersteunde laer skole (5-11) | Private laer skole (5-11) |
| "Grammar" skole (12 - 18) | Komprehensiewe/ "Multilateral"/ "Bilateral" skole (12 - 18)<br>"Modern" skole (12 - 15) | Tegniese skole (12-18) | Staatsondersteunde "Grammar" skole. ("Direct Grant") | "Preparatory" skole (8-13)<br>"Public" skole (13-18) |

In die meeste gevalle besoek die leerlinge vanaf die vyfde tot die elfde jaar die plaaslike laer skool. Tussen die ouderdomme 10 plus en 11 plus word die veelbesproke 11-plus-eksamen afgelê. Hierdie eksamen bestaan gewoonlik uit 'n toets in Engels en Rekene. Hierdie toetsprestasie tesame met die I.K., die laer skool-verslae en moontlik 'n persoonlike onderhoud vir grensgevalle met 'n paneel opvoedkundiges, word gebruik om die leerlinge, waar die "tripartite" stelsel in werking is, vir die verskillende skole te selekteer.[2)]

Die 11-plus-eksamen word deur 'n groot deel van die bevolking en deur baie opvoedkundiges gekritiseer. Algemeen word dit as 'n ondoeltreffende en onbillike basis/......

---

1. a. Paedagogische Studiën, Vol. 32, September 1955, Lee, English Comprehensive Schools, 355.

   b. Unesco, World Survey of Education, 651.

2. Pedley, Comprehensive Education 16, 19.

basis vir seleksie beskou. So beweer Pedley : "The plain fact is that the process of selection is riddled with weaknesses at every stage ...... But all this does not affect the inevitable conclusion : that the 10 plus pass lists are feeble forecasts of capacity to profit academically by a grammar school education - the avowed aim of selection."[1] In 'n debat in die Britse Laerhuis oor komprehensiewe skole het James Johnson beweer : "We still have a class system in education. A fortunate few can still buy the education at fee-paying independent public schools. The vast majority of our youngsters, however, enter school at five, and at 10½ they face, on one catastrophic day, the special place scholarship examination, and by that examination they are graded into academic or modern or technical types of education. By this test the best pass on to academic or grammar school education. Those who are not quite so good go to a technical secondary school. Those who are left behind go to the modern secondary school. These have done magnificent work in the last few years, but parents still look upon them with disfavour and would very much sooner have their children go to the academic or grammar schools."[2]

In Engeland word die "tripartite" stelsel dus nog byna algemeen aangetref. Onder die heersende toestande ondervind die ondersteuners van die komprehensiewe skole dit baie moeilik om hulle ideale ten uitvoer te bring.

As gevolg van die reg verleen aan plaaslike L.E.A.'s om self 'n eie onderwysstelsel te ontwikkel, het die Arbeidersparty-beheerde plaaslike besture reeds die "tripartite" stelsel afgeskaf en oorgeskakel na "bilateral", "multilateral" of komprehensiewe skole. Die vernaamste distrikte waar komprehensiewe skole gestig of ander omskep word, is onder andere Londen, Coventry, Bristol, Birmingham, Anglesey en Mann. Die meeste van hierdie skole is nog nie volslae komprehensiewe skole nie, aangesien net die akademiese en moderne skole saam-

gesmelt/.....

1. Comprehensive Education, 39, 42, 43.
2. Hansard, House of Commons, Parliamentary Debates, Fifth-series, Vol. 478, Session 1950, 646.

gesmelt is en hulle nog nie in staat is om volledige tegniese kursusse aan te bied nie.[1)]

'n Belangrike ontwikkeling in die middelbare skoolstelsel in Engeland is die "General Certificate of Education Examination" (G.C.E.) wat in 1951 ingestel is om die skoolsertifikaat en hoër skoolsertifikaateksamen te vervang. Die eksamen kan op die gewone, gevorderde of studiebeursvlak afgelê word. Die eksamen is 'n vakeksamen met geen groepvereistes nie en bied aan skole die maksimum vryheid om hulle kurrikula uit te brei. Dit word ook gebruik as toelatingsvereistes tot die universiteite en vir spesifieke professionele en semi-professionele beroepe.[2)]

Hier het ons dus 'n voorbeeld van 'n gedifferensieerde eksamenstelsel wat prestasies in verskillende rigtings en vir verskillende doeleindes meet.

Komprehensiewe skole in Engeland.

In 1953 het die London County Council in 'n pamflet "The organization of Comprehensive Secondary Schools" die volgende beginsels neergelê:

"a. It is a matter of first rate importance for modern society that life in school should promote a feeling of social unity among adolescents of all kinds and degrees of ability.

b. A secondary school for pupils not selected for education in secondary grammar and technical schools, even if it has up-to-date and well-equipped premises, is bound to be regarded by parents and pupils as a school for 'failures'. This attitude will become even more strongly marked when the provision of secondary technical schools has been raised to its proper level.

c. A secondary school popularly regarded as a school from which the abler pupils escape would be unlikely to attract its fair share of the ablest teachers.

d. Within a large school catering for a wide variety of pupils, it should be possible to provide opportunities for each pupil to make a suitable

choice/..

1. T.O. Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 19.
2. Wulfsohn, 'n Vergelykende studie van Beroepsonderwys in Suid-Afrika en in sekere Wes-Europese lande, met spesiale verwysing na tegniese en handelsonderwys, 129 - 132.

choice of curriculum, and thus of career, at any stage as his interest and abilities develop ..."

Hierdie beginsels vorm die basis waarop die komprehensiewe skole in Engeland berus. Daar word hoofsaaklik klem gelê op die ontwikkeling van 'n sosiale eenheidsgevoel, geen seleksie van leerlinge vir verskillende skole nie en die ontwikkeling van groot skole met geleenthede vir elke leerling om sy aanleg te ontdek en te ontwikkel.

Die volgende skole kan as verteenwoordigend van die verskillende komprehensiewe skole in Engeland beskou word :

Holyhead Comprehensive High School, Anglesey.[1)]

Hierdie skool is sedert 1948 'n komprehensiewe skool en is een van die oudste komprehensiewe skole in Engeland. In September 1955 was daar 1,131 leerlinge waarvan 565 meisies en 566 seuns was. 183 leerlinge was 15 jaar (die skoolpliggrens) en ouer en die sesde vorm het uit 65 leerlinge bestaan. Die skool is die enigste middelbare skool in sy omgewing en ongeveer 200 leerlinge van die omgewing besoek jaarliks vir die eerste keer die skool vanaf hulle 10.8- tot 11.8- ste jaar, sonder om 'n toelatingseksamen te skrywe. Vir subnormale kinders bestaan daar 'n spesiale skool.

Verslagkaarte word gedurende die eerste jaar nooit geraadpleeg nie. Die leerlinge word in klasse van 30 tot 35 volgens alfabetiese rangorde geplaas. Die eerste jaar is diagnosties en toetse word elke maand, en eksamens twee maal per jaar geskrywe. Gedurende die eerste jaar volg almal dieselfde rooster. Na die toetse vind kruisgroepering ("setting") plaas in Engels, Waals, Wiskunde, Sosiale Studies en in Natuurwetenskap. Gewoonlik bestaan hierdie groepe uit drie knap, een normale en

een/.........

---

1. a. Meededeelingen van Nutsseminarium, Brouwer et al, De Comprehensive School in Engeland, Wales en Schotland, 54, 55 en 73,74.
   b. Pedley, Comprehensive Schools to-day, 3, 7, 30.
   c. The Times Publishing Co., The Times Educational Supplement, January 27, 1956, 97.
   d. Ibid, February 7, 1958, 190.
   e. Association of Education Committees, Education, Vol. 104, October 1954, 520.

een langsaam - vorderende groep. In elke vak is daar ten minste drie onderwysers sodat elke onderwyser in 'n standerd alleen een groep-tipe onderrig.

Gedurende die eerste vier jaar word die leerlinge volgens 'n proses van geleidelike ("progressive") differensiasie in staat gestel om die gekoördineerde vakke te selekteer waarin hulle besondere aanleg openbaar. Hiervolgens word hulle dan in bane geplaas. Gedurende die tydperk van eliminasie, en gedeeltelik ook daarna, word aandag aan algemeen-vormende onderwys gegee. Gedurende die eerste drie jaar is die vakkeuse baie beperk. In die eerste drie jaar is die keuse hoofsaaklik net tussen Kookkuns, Naaldwerk en Hout-/Metaalwerk. In die derde jaar is daar 'n verdere keuse tussen Latyn/Fisika; Latyn/Skeikunde; Waals/Frans; Musiek/Duits.

In die vierde en vyfde jaar word 21 van die lesure aan verpligte vakke en die orige 19 aan die keusevakke gewy. In die vierde en vyfde jaar is die keuse :

Wiskunde/Naaldwerk (4 periodes);
Waals/Frans/Lyntekene (5 periodes);
Tekene/Aardrykskunde/Latyn/Fisika/Kookkuns/Landbouonderrig/Houtwerk/Handelsonderrig (5 periodes);
Geskiedenis/Skeikunde/Naaldwerk/Duits/Musiek/Landbouonderrig/Metaalwerk/Handelsonderrig (5 periodes).

Gedurende die sesde, sewende en selfs agtste jaar is daar 'n keuse tussen die volgende rigtings :

<u>A - rigting (natuurwetenskappe)</u> :

Wiskunde/Botanie (9 periodes)
Skeikunde/Engels (9 periodes)
Fisika/Soölogie (9 periodes)
Aanvullende studie (4 periodes)
Liggaamlike Opvoeding (2 periodes)
Musiek (1 periode) Duits (1 periode)
Sosiale Aktiwiteite (5 periodes).

<u>B - rigting (tale en kuns) :</u>

Frans/Waals/Aardrykskunde (9 periodes)
Latyn/Eng/Tekene (9 periodes)
Duits/Geskiedenis/Musiek (9 periodes)
Aanvullende studie (4 periodes)
Liggaamlike Opvoeding (2 periodes)
Musiek (1 periode) Natuurwetenskap (1 periode)
Sosiale Aktiwiteite (5 periodes).

C - rigting (voor- verpleegsterskursus):

Hierdie kursus bestaan hoofsaaklik uit Fisiologie, Gesondheidsleer, Natuurwetenskap en ander aanvullende vakke.

Die Holyhead skool is besonder goed toegerus, veral wat werkswinkels en uitrusting betref. Alle vakke geniet dieselfde status en die leerlinge van die skool vorm 'n sosiale eenheid. Onderwysers onderrig, waar moontlik, die knap sowel as die normale en langsaamvorderende leerlinge in die verskillende standerds. Die skool word as 'n groot sukses beskou, ouers is baie tevrede en die uitslae en die produkte van die skool dien as bewys van die welslae wat deur middel van hierdie komprehensiewe skool bereik word.

Kidbrooke Comprehensive School, Londen.[1)]

Hierdie skool vir meisies is die eerste komprehensiewe skool wat in September 1954 deur die inisiatief van die London City Council geopen is. Die skool is spesiaal vir hierdie doel gebou. "The buildings, brilliantly designed to avoid any impression of overwhelming size, the imaginative use of colour and material, the contemporary furniture and up-to-date equipment make the school an inspiring place in which to work."[2)]

Jaarliks word ongeveer 450 nuwe leerlinge van normale intelligensieverspreiding toegelaat. Die "Grammar"-skole trek tog 'n gedeelte van die begaafde leerlinge. Vir sub-normale leerlinge bestaan daar spesiale skole. Nieteenstaande die feit dat alle normale leerlinge toegelaat word, word die Junior Leaving Examination (die 11-plus-eksamen) nogtans in die laer skool afgelê. Hierdie resultate tesame met die I.K., die laer skool-verslag en 'n onderhoud met die ouers, word gebruik om die leerlinge in homogene groepe met 'n baie beperkte verspreiding van

vermoëns,/......

---

1. a. International Review of Education, Vol. II, No. 4, 1956, Green, Kidbrooke School; An English Comprehensive School, 419-428.

   b. The New Era in Home and School, Vol. 38, No. 5, May 1957, 92 - 95.

   c. The Times Publishing Co., The Times Educational Supplement, No. 2229, Febr. 7, 1958, 184.

   d. Pedley, Comprehensive Education, 110.

2. International Review of Education,

vermoëns, in te deel. Gedurende die eerste drie jaar word in alle klasse van dieselfde standerd dieselfde vakke gevolg, naamlik Godsdiensonderrig, Engels, Geskiedenis, Aardrykskunde, Wiskunde, Natuurwetenskap, 'n tweede taal, Kuns, Kunsvlyt, Naaldwerk, Huisvlyt, Musiek en Liggaamlike Opvoeding. Noodsaaklike oorplasings tussen klasse word gedoen indien nodig. Die meeste vakke word deur vakonderwysers onderrig, maar in die swakker klasse word tenminste die helfte van die periodes deur die klasonderwyser self waargeneem. Kruisgroepering ("setting") word in die tweede jaar in Wiskunde en die tale toegepas. Vanaf die tweede jaar kan begaafde leerlinge ook Latyn of Duits bykomstig neem.

Die leerplan vir elke vak word as 'n geheel beplan en daarna word dit by die verskillende klasse van 'n standerd aangepas. Sommige klasse vorder vinnig en ander stadiger, in sommige klasse is die onderrig meer akademies gerig terwyl in ander dit meer prakties van aard is. Om kontinuïteit te bewerkstellig, onderrig dieselfde onderwyser dieselfde leerlinge vir agtereenvolgende jare.

Aan die einde van die derde jaar verskil die standaard van werk in die verskillende klasse aansienlik, ".... the more intellectual are working on academic lines, and already there are indications that some girls will be linguists, other scientists; some have developed technical skills, other have shown musical or artistic promise. The late starters have found their level, the backward reader has, through his own painstaking efforts and thanks to the patience and understanding of the staff, reached the stage where she can join in part at least of the work and activities of her contemporaries. The moment has arrived when a choice of course can reasonably be made."[1] Na die derde jaar word daar tussen die akademiese, kommersiële of tegniese rigtings gekies. Hierdie kursusse is beroepsgerig maar nie volslae beroepsonderwys nie. Gedurende die vierde jaar word 'n dag en 'n half (12 periodes) en in die vyfde jaar twee dae (16 periodes) aan 'n spesiale studie gewy. Die res van die tyd word deur algemene vakke in beslag geneem.

In/..........

---

1. The New Era in Home and School, Vol. 38, No. 5, May 1957, Green, Broadening the Field of Response, 93.

In die sesde vorm word die werk nog meer gespesialiseerd en differensieer in die natuurwetenskap-, tale, handels- en verpleegrigtings.

Die "General Certificate Examination" kan in een van die drie vlakke afgelê word.

In 1950 het die skool begin met 1650 dogters en 86 onderwyseresse dus ongeveer 20 leerlinge per onderwyseres. Die hoof word bygestaan deur 'n onderhoof, senior assistent, hoofde van departemente vir elke vak (Godsdiensonderrig, Engels, Geskiedenis, Aardrykskunde, moderne tale, Wiskunde, Natuurwetenskap, Kuns, Huisvlyt, Liggaamlike Opvoeding, Kleremakery, Snyerskuns, Tafelbediening, Hoedemakery en Handel), standerd-organiseerders en huisonderwyseresse ("house teachers"), 1 per 250 leerlinge. Verder bestaan die administratiewe personeel uit 'n sekretaris, hulp-sekretaris, snelskriftikster, telefonis, liaseerklerk, stoorman, 'n groep laboratoriumtegnici en 'n bibliotekaris (nie 'n onderwyseres nie).

Die huisstelsel speel 'n belangrike rol in die Kidbrooke-skool. Elke huis word saamgestel uit 'n paar leerlinge uit elke klas van die skool; dus 'n verteenwoordigende groep uit die hele skool. Elke onderwyseres in die skool is aan 'n huis verbonde. Elke tweede week word 'n huisvergadering gehou terwyl die huis elke alternatiewe week saam vir godsdiensoefening vergader. Elke huis het sy eie klubs byvoorbeeld drama, tuinmaak, fotografie, musiek, skaak, skermkuns, dans, ens. Elke huis het sy eie koor en liefdadigheidsfonds. Die fonds word aangewend ten bate van een of ander hospitaal of ouetehuis waarvoor die huis verantwoordelik is. Middagete word in huisgroepe genuttig. Interhuis spele, wedstryde en atletiekbyeenkomste word gehou.

Hierdie stelsel het die voordele dat dit leerlinge in 'n sosiale groep saambind, kontak tussen onderwyseresse en leerlinge en leerlinge onderling bewerkstellig, leerlinge geleentheid bied om aktiwiteite te organiseer, verantwoordelikheid te aanvaar en aan groepaktiwiteite deel te neem. Dit verhoed dat leerlinge in die massa verdwyn, en geen persoonlike aandag ontvang nie. Hulle voel tuis en 'n sterk groepsgevoel ontwikkel.

Die prefekstelsel word ook aan hierdie skool beoefen en word as noodsaaklik beskou vir die ontwikkeling van leiereienskappe en die uitoefening van en onderwerping aan dissipline en tug.

Die Kidbrooke komprehensiewe skool maak daarop aanspraak dat hy gelyke geleenthede aan alle leerlinge bied en dat "...... the brightest children are stretched to capacity, the slowest helped to literacy, (and that the staff) assess the ability of all the children they teach and see that it is used to the full."[1)]

Die ander komprehensiewe skole in Engeland stem in minder of meerdere mate ooreen met die Holyhead en Kidbrooke skole. Geen vaste patroon bestaan egter nie en verskille word van skool tot skool aangetref. Die meeste skole ondervind nog dat sommige begaafde en/of meer gegoede leerlinge die "Grammar Schools" besoek. So akkommodeer die Walworth Comprehensive School, Londen, net die leerlinge van die omgewing wat nie toegang tot die "Grammar Schools" verkry het nie. Die skool streef dan ook daarna "...... to replace any feelings of failure by giving opportunities according to the developing ability, aptitude, interests and desire of each child."[2)]

In Coventry geniet komprehensiewe skole voorkeur en die distrik beskik reeds oor sewe sulke skole. Die skole word elk in huise verdeel terwyl elke huis in 'n afsonderlike gebou gehuisves word met eie eetkamers "house-rooms", personeelkamer, sluitkassies ("lockers") vir elke leerling en selfs 'n paar klaskamers vir studiedoeleindes.[3)]

Van die Woodlands Comprehensive School word beweer dat "Visitors have frequently remarked that it is like entering a small township, and that the boys give the impression of being both purposeful and at home."[4)] En die nuwe hoof skrywe : "To the writer, just beginning the last decade of his professional life, the school is the most thrilling and exciting experience he has encountered in the field of education."[5)]

In die dunbevolkte gebiede van Noord-Skotland, die eilande Mannen Anglesey en die meer-distrikte in

Noord/......

---

1. The New Era in Home and School, Vol. 38, No. 5, May 1957, Green, Broadening the Field of Response, 95.
2. The Times Publishing Co., The Times Educational Supplement, No. 2229, Febr. 7, 1958, 185.
3. The Times Publishing Co., The Times Educational Supplement, a.w., 187.
4. The Institute of Education, University of Birmingham, Educational Review, Peel, Vol. 8, No. 3, June 1956, 210.
5. Ibid, 217.

Noord Engeland is die komprehensiewe skool die aangewese skooltipe en reeds vir jare (op die Isle of Manreeds sedert 1946) in gebruik.[1]

In die meeste groot komprehensiewe skole word die skool in 'n laer (11 - 13) en hoër (13 - 18) afdeling verdeel. Die mees effektiewe stelsel is waar die twee afdelings in afsonderlike geboue naby mekaar gehuisves word. In sommige skole, soos byvoorbeeld in Great Barr en Sheldon Heath, is daar drie afdelings; laer (11 - 13), middel (13 - 15) en hoër (15 - 18)[2]

Opvallend is egter die verskille in getalle van die verskillende komprehensiewe skole. So vind ons byvoorbeeld Windermere (230), Kirby Stephen (400), Castle Rushen (400), Willenhall (530), William Penn (780), Maesydderwen (909), Elliot (2000), Great Barr (2300).

Die London City Council beraam om ongeveer 105 komprehensiewe skole in sy gebied uiteindelik te hê. Die volgende beraamde kostes, leerlingtalle en die terreingroottes dien as sprekende bewys dat, nieteenstaande beperkte terreine, daar geweldige groot skole met die allerbeste geriewe gebou word.[3]

| Skool | Koste | Leerlingtal. | Terrein. |
|---|---|---|---|
| Strand Comp. School | £651,562 | 2210 | 8½ akker |
| Putney Park Lane C.S. | 612,000 | 2210 | " |
| Lewisham Prendergast C.S. | 361,700 | 1190 | " |
| Kings Park C.S. | 674,280 | 2210 | 23 " |

Die Kings Park Comprehensive School is 'n sesverdieping gebou met twee hooftrappe en vier hysbakke vir dertig passasiers elk. Behalwe die hoofsaal, gymnasia en werkswinkels is daar 'n spesiale drama-saal met 200 - 250 sitplekke vir eie opvoerings. Die Strand Comprehensive School is nege verdiepings hoog. Sommige skole is maar op 1½ akker geleë.

In 1957 is die volgende vakke in Engelse komprehensiewe skole aangebied. :[4]

Godsdiens/...

1. Meededeelingen van't Nutsseminarium, Brouwer et al, De Comprehensive School in England, Wales,en Schotland, 40.
2. Pedley, Comprehensive Education, 111.
3. Association of Education Committees, Education, Vol.98, 1951, 107.
4. National Union of Teachers, Questionaire, 13 Augustus, 1957, 21, 22.

Godsdiensonderwys
Liggaamlike opvoeding
Geskiedenis
Skeikunde
Ingenieurs-tekene
Handwerk
Ingenieurs-werkswinkeltegniek.
Bou-ambagte
Elementêre Enginieurswerk
Drukkersambag
Pottebakkery
Moederkunde
Kuns
Engels
Frans
Fisika
Boutekene
Enginieurswerk
Werkswinkelteorie en praktyk
Tegniese onderwerpe
Natuurwetenskap
Tekstielkleurkuns
Huisvlyt
Naaldwerk
Musiek
Aardrykskunde
Wiskunde
Metaalwerk
Houtwerk
Motorwerktuigkunde
Vliegtuigboukuns
Boekbindery
Huishoudkunde
Kookkuns
Geometriese of Tegniese Tekene
Bediening
Voor-verpleegsterskursus
Plantkunde
Besigheidsrekeninge en bedryf
Boekhou
Ekonomie
Grieks
Duits
Waals
Tuinmaak
Algemene Natuurwetenskap
Naaldwerk en Kleremakery
Menslike Biologie
Dierkunde
Tikskrif
Kantoorbestuur en-roetine
Sosiale Studies
Wêreldtoestande
Hebreeus
Toegepaste Wiskunde
Tuinbou
Geologie
Gesondheidsleer
Biologie
Handel
Snelskrif
Burgerkunde
Latyn
Russies
Meganika
Drama
Landbouskeikunde.

Na 'n ondersoek van die Engelse komprehensiewe skole beweer 'n Nederlandse onderwyssending[1] :"Deze scholen

slagen/..

---

1. Meededeelingen van't Nutsseminarium. Brouwer et al, De Comprehensive School in Engeland, Wales en Schotland, 77, 78 en 96.

slagen er, dunkt ons, wel ongeveer in om elke leerling het onderwijs te verschaffen, dat past by zijn capasiteiten, interessen en behoeften en dat lijkt ons zeer belangrijk," en verderr : "De Comprehensive school is een school met vele mogelijkheden, vooral als ze volledig comprehensive is en alle vormen van middelbaar onderwijs binnen haar muren een plaats gevonden hebben."

In die Times Educational Supplement van Februarie 1958 word sewe bladsye aan die komprehensiewe skole in Engeland gewy. Dit dien as getuigskrif vir die sukses en vordering wat reeds deur middel van hierdie skooltipe bereik is.

In werklikheid is die Engelse komprehensiewe skole egter nie volslae komprehensiewe skole nie. Na 'n grondige ondersoek beweer die Direkteur van Onderwys van Tasmania [1]: "In the best sense of the term I saw few truly comprehensive high schools in Great Britain. With few exceptions, the so-called comprehensive schools are really multilateral, in prupose, character and organisation." Hy kritiseer dan verder die onbuigbare stelsel van seleksie in bane ("streaming") met behulp van die I.K. en die 11-plus-eksamen en die strewe na goeie uitslae in die "G.C. Examination" ten nadele van die belange van die gewone leerlinge.

3. SKOTLAND.

Middelbare onderwys in Skotland is tradisioneel in wese meer demokraties as in Engeland. Hierdie eienskap is hoofsaaklik toe te skryf aan die beginsels wat reeds in die sestiende eeu deur die groot Skotse Protestantse Hervormer, John Knox, neergelê is. Verder was die Skotse bevolking vir eeue meer landelik van aard en ook oorwegend minder gegoed. Klasseverskil het byna nie bestaan nie. Die ontwikkeling van die "omnibus"skool [2] die Skotse

komprehensiewe/..

---

1. Education Department of Tasmania, Tribolet, Observations on Secondary Education in England, Scotland and the U.S.A., 6.
2. a. Simon, Three Schools or one, 20 - 22, 63, 64, 76.
   b. T.O., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde onderwys, 19 - 21; 47; 55; 63.
   c. The Times Publishing Co., The Times Educational Supplement, 7 and 14 January, 1955.
   d. Muller, Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in S.A. as geïntegreerde faktore in verband met druiping aan die universiteit, 48 - 50.
   e. Unesco, World Survey of Education, 663.

f/......

komprehensiewe skool - het dus op 'n natuurlike wyse ontstaan en gegroei.

In 1872 het die staat die leisels van die onderwys oorgeneem en steeds voortgebou op die tradisionele grondslag. Reeds in 1918 is middelbare onderwys vir alle normale leerlinge kosteloos in vooruitsig gestel. In 1945 is die Onderwyswet van 1944 van Engeland byna onveranderd deur Skotland oorgeneem. Laer, middelbare en verpligte voortgesette onderwys is dus aan die L.E.A.'s oorgedra. As gevolg hiervan is daar dus vandag 'n noue verwantskap tussen die Engelse en Skotse onderwysstelsels. In Skotland word egter voorkeur gegee aan die omnibus skole.

Die volgende skooltipes word in Skotland aangetref: laer skole, graad een tot standerd vyf; junior sekondêre skole, standerd ses tot agt; senior sekondêre skole, standerds ses tot tien; omnibus skole, graad een tot standerd tien of standerd ses tot tien en tegniese skole vir leerlinge wat reeds die skool verlaat het.

Die junior middelbare skool beoog kursusse vir leerlinge wat die skool op vyftienjarige leeftyd (die skoolpliggrens) wil verlaat. Dit maak voorsiening vir 'n algemene opvoeding maar differensiasie vind tog plaas in letterkundige, handels-, tegniese, huishoudkundige en landelike kursusse.

Die senior sekondêre skool verskaf onderwys aan leerlinge wat tot hulle 17de of 18de jaar in die skool wil bly en uiteindelik die Skotse Skooleindsertifikaat wil aflê. Verpligte en opsionele vakke word geneem.

Die omnibus skole probeer om in die behoeftes van alle leerlinge te voorsien. Drie-en vyfjarige kursusse word aangebied. Die kursusse is die volgende: akademies, algemeen, handels, tegnies en 'n aangepaste kursus. Laasgenoemde kursus is prakties van aard, inhoud sowel as metodiek, en is bedoel vir leerlinge wat moeilik 'n normale kursus kan deurloop. Differensiasie vind dus plaas in verskillende bane maar ook deur middel van verskillende leergange. Vir dieselfde vak word soms drie verskillende

leergange/...

---

f. Meededeelingen van't Nutsseminarium voor Pedagogiek, Brouwer et al, De Comprehensive School in Engeland, Wales en Schotland, 40 - 55.

g. Keller, The Comprehensive High School, 72 - 76.

h. Paedagogische Studiën, Vol. 30, 11de afl., Nov. 1953, Upma, Indrukken van Schots Schoolleven, 339 - 345.

leergange uitgewerk; 'n akademies-gerigte vir die toekomstige universiteitstudent, 'n tweede vir die gemiddelde leerlinge is minder teoreties van aard en die derde vir die stadige leerlinge is heeltemal prakties en utilisties van aard.

Oor die algemeen word die leerlinge in die verskillende bane streng geskei en word hulle nie vir sekere vakke saamgegroepeer nie. Die neiging is dus hier meer "multilateral" van aard en in wese dus nie komprehensief nie.

Die groot gebrek in die Skotse middelbare onderwysstelsel was steeds die feit dat aan die leerlinge wat nie akademies aangelê is nie, en hulle is ongeveer 80 persent van die skoolbevolking, nie reg laat geskied is nie. "Pupils unable to cope with the arduous courses leading to the Leaving Certificate tended to be neglected, and such education as was provided for them was all too frequently little more than a pale reflection of the academic courses. These problems are not peculiarly Scottish, they are world-wide; but they were probably particularly acute in Scotland because for so long the main emphasis at the secondary stage was a preparation for the university."[1)]

Die gevolg van hierdie toestand is dat nog steeds ongeveer 75 persent van die Skotse skoolbevolking die skool aan die einde van die leerpligouderdom (15) verlaat. Hierdie leemte word egter aangevul deur die verpligte bywoning van tegniese inrigtings na skoolverlating.

Die leerlingtal in die Skotse omnibus skole wissel van 300 in die plattelandse gebiede na 1200 in die stedelike gebiede. Die algemene neiging is egter om die inskrywing tot 1000 leerlinge te beperk.

In teenstelling met die Amerikaanse komprehensiewe skole, word daar in Skotland getwyfel aan die noodsaaklikheid van selfs een jaar algemene onderwys voordat die finale keuse gemaak word. Vir die gemiddelde en stadiger leerlinge word die noodsaaklikheid nog besef"... but we consider that no time should be lost in allocating children to appropriate courses of study for which they are/......

---

1. The Times Publishing Co, The Times Educational Supplement, 7 January, 1955.

are clearly ready and able."[1] Sommige skole in fabrieksdistrikte, soos in Edinburg byvoorbeeld, beskik vir dogters oor 'n volledig gemeubileerde en toegeruste woonstel waarin praktiese ondervinding in huishouding opgedoen word. "Meisjes uit de hoogste klas, B-stream (de huishoudafdeling dus), krijgen, in groepen van acht, de gelegenheid een maand lank in dit huis te woonen met een huishoudlerares. Drie van de meisjes slapen er ook, afwisselend. Ze moeten het hele huis leren verzorgen, om beurten koken, tafeldekken, bedienen, afwassen, etc. Ze krijgen huishoudgeld, moeten dat zelf besteden, inkopen doen, boekhouden, gasten ontvangen, enz., kortom leren huisvrouw te zijn en een huis te bewonen. Ze krijgen ook onderricht in babyverzorgen, waarvoor hier evenwel slechts een pop op ware grootte en gewicht aanwezig is. Willen de meisjes evenwel kinderverzorgster worden, dan worden ze op bepaalde tijden naar een creche of nursery school gestuurd om daar de echte babies en kleuters te verzorgen. Via deze weg gaan ze dan later soms in de verpleging."[2]

Die Skotse Skooleindeksamen is in die eerste plek 'n skooleindeksamen en eers in die tweede plek 'n universiteitstoelatingseksamen. Verder bestaan daar ook 'n University Entrance Board wat nie net alleen kandidate vir universiteitstoelating keur nie, maar wat ook in sekere omstandighede eksamens afneem om voornemende studente te toets. Daar kan dus in die skole in 'n hoë mate uitvoering gegee word aan 'n beleid van differensiasie.

Alhoewel die Skotse komprehensiewe of omnibus skole 'n tradisionele instelling is, word daar tans daadwerklike pogings aangewend om die skole in volwaardige komprehensiewe skole te omskep. Die standaard van die akademiese leerlinge word op 'n hoë peil gehandhaaf, maar daar word ook gepoog om aan die ander leerlinge - die orige 80 persent - reg te laat geskied.

Nederland/....

---

1. The Times Publishing Co., The Times Educational Supplement, 7 January, 1955.

2. Paedagogische Studiën, Vol. 30, 11de afl., Nov. 1953, Ijpma, Indrukken van Schots Schoolleven, 345.

4. NEDERLAND.

Die Nederlandse onderwysstelsel [1] berus hoofsaaklik op twee grondslae naamlik desentralisasie en vryheid. Onderwyssake word in 'n groot mate na eie wense, deur munisipaliteite en privaat-ondernemings, gereël. Middelbare onderwys word in 'n groot verskeidenheid skole aangebied wat hoofsaaklik uit voortgesette laer skole of afsonderlike middelbare skole bestaan. Voorgesette laer onderwys geskied in "Voortgezet gewoon lager onderwijs, Uitgebreid lager onderwijs of Buitengewoon lager onderwijs skole." Die afsonderlike middelbare skole bestaan uit Gimnasiums, Hoër Burgerskole, Lycea, Middelbare Meisieskole, Daghandelskole en Tegniese skole.

Die Lyceum is die naaste aan 'n komprehensiewe skool aangesien dit 'n kombinasie van gimnasium en hoër burgerskool-kursusse aanbied. Die beroepskursusse word egter hoofsaaklik tot die handelsrigting beperk. Die skool is dus in werklikheid nie 'n volwaardige komprehensiewe skool nie. Komprehensiewe skole word egter ook vir Nederland in die vooruitsig gestel en professor Stellwag beweer :"Wij zien in de ontwikkeling, groei en toename der Lycea duidelijk uitgedrukt dat de tijdstendenz gaat in de richting van een Middelbare school waarbinnen dan differentiëring mogelijk is." [2]

In Nederland word leerlinge reeds aan die einde van hulle laer skool-loopbaan op een of ander middelbare skool aangewys. In verband met hierdie skooltipes beweer professor De Groot: "Maar bovendien verschillen de scholen (en hun diploma's) in maatschappelijke status,

in/....

---

1. a. T.O., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde onderwys, 23, 49; 55; 65.
   b. "Education in the Netherlands." Brosjure verkrygbaar in die T.O.D. Biblioteek, Pretoria.
   c. Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen, Onderwijs en Opvoeding in Nederland.
   d. Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen, Het onderwijs in Nederland.
   e. i. Paedagogische Studiën, 7 Augustus 1947, 227-229.
      ii. Paedagogische Studiën, 27ste jaargang, 1950, 226.
   f. Muller, Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in S.A. as geïntegreerde faktore i.v.m. druiping aan die universiteit, 55 - 57.
   g. Unesco, World Survey of Education, 449.

2. Paedagogische Studiën, 27ste jaargang, 1950, 226.

in eerbiedwaardigheid, in de opleiding en salariëring der docenten, in sfeer, in 'stand' van de leerlingen ook. Het zijn allemaal gescheiden wereldjes, waarvan de bewoners een scherp, soms voor ander hinderlijk, soms voor zichzelf pijnlijk, bewust zijn, hebben van hun eigen positie in de school van 'diplomaklassen,' van geleerdheidstanden, die ons maatschappelijk bestel kenmerkt. Scholen voor voortgezet onderwijs representeren klasseverschillen ..... Schoolkeuze is derhalve grotendeels klassekeuze." [1]

Nederland het dus in werklikheid geen komprehensiewe skole nie maar differensiasie word deur middel van afsonderlike skole verkry terwyl die keuse in 'n groot mate op 'n klassegrondslag berus.

Die volgende drie opvoedkundige inrigtings maak egter voorsiening vir een of ander besondere vorm van onderwys wat op 'n gedifferensieerde grondslag berus en in komprehensiewe skole ten voordele aangewend kan word :

a. Die Werkplaats Kindergemeenschap te Bilthoven.

Hierdie skool word as 'n groot eksperiment beskou en maak voorsiening vir leerlinge vanaf die grade sowel as middelbare onderwys. Geen seleksie of klasseverskil word by toelating toegepas nie. Die leerlinge werk selfstandig of vrywillig in gemeenskaplike groepe. Die leerstof word in take onderverdeel en leerlinge werk teen hulle eie tempo. Die leerlinge is absoluut vry en geen beheermaatreëls word toegepas nie. Selfdissipline word alleen nagestrewe.

b. Die Johan de Witt Hogereburgerschool, 's Gravenhage.

In hierdie skool word differensiasie in werktempo toegepas. Leerlinge werk in groepe wat teen 'n snel, normaal of langsame tempo werk. Wisseling tussen die groepe vind maklik plaas en druiping word in 'n groot mate uitgeskakel.[2]

c. Die Thorbecke Hogereburgerschool, 's Gravenhage.

Hierdie/....

---

1. Paedagogische Studiën, 7/8/57, 227.
2. Kyk hoofstuk 5.

Hierdie skool probeer druiping te verminder deur dit in werklikheid te probeer afskaf. Uitstekende resultate is reeds verkry.[1]

5. KANADA.

Die Kanadese onderwysstelsel weerspieël duidelik drie faktore in sy samestelling. Die Britse en Franse oorsprong van die meeste immigrante veroorsaak dat daar nog steeds afsonderlike onderwysfasiliteite aan beide volksgroepe beskikbaar gestel word. Verder oefen die geografies-nabygeleë V.S.A. 'n geweldige groot invloed op die onderwysaangeleenthede in Kanada uit. Uiteindelik bestaan Kanada uit stedelike sowel as groot onontwikkelde landstreke waar selfs poolklimaatstoestande, vervoermoeilikhede, skraal plantegroei en onontwikkelde rasse oor uitgestrekte gebiede versprei is. Om aan hierdie blankes, Indiane en Eskimos onderwysfasiliteite te vertrek, skep groot opvoedkundige probleme.[2)]

Onderwys in Kanada is deur die "British North America Act" van 1867 reeds in die hande van die provinsies, met uitsondering van enkele aspekte, gelaat. Onderwyssake word egter deur die "Canadian Education Association" gekoördineer. Plaaslike onderwysbeheer word deur gekose skoolrade uitgeoefen. In Kanada, net soos in die V.S.A., bestaan daar dus nasionale middelbare onderwys sonder nasionale beheer.

Die middelbare skole[3)] vorm, net soos in die V.S.A., 'n groot verskeidenheid. In die groter stede word gedifferensieerde middelbare onderwys meesal deur

middel/......

1. Kyk hoofstuk 5.

2. a. Peacock, Operation of Schools in Labrador by the Moravian Mission.
   b. Canadian Geographical Journal, Jan 1951, Education goes North.
   c. Lesage, The Eskimo Family.
   d. Department of Northern Affairs and National Resources,
      i. Settlements and Trading Posts of the Northwest Territories and Northern Quebec.
      ii. Teach in Canada's Northlands.
   e. Sivertz, The Canadian Arctic.
   f. Jacobson, New Educational Programme for the Northwest Territories.
   g. Minister of Northern Affairs, New Education Programme in the Northwest Territories.
   h. Education Administration, Education in Canada's Northland.
   i. Thompson, The Yukon's Schools.

3. a. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending i.v.m. ge-

dif/......

middel van afsonderlike skole voorsien. Daar bestaan akademiese, handels- en tegniese of beroeps hoër skole. In sommige dorpe word daar egter voorkeur aan die "Composite Schools[1] (die Kanadese komprehensiewe skole) gegee. In hierdie samegestelde skole word akademiese en beroepskursusse geïntegreer. In die dunner bevolkte gebiede word die streek hoër skole of gesentraliseerde middelbare skole aangetref. Hierdie skole moet, om in die behoeftes te kan voorsien, komprehensief wees. Verder bestaan daar kleiner plattelandse middelbare skole wat gewoonlik, as gevolg van hulle beperkte leerlingtal, net 'n akademiese kursus aanbied. In sommige provinsies, soos in Alberta, word die skole in junior en senior afdelings geskei. Alle leerlinge besoek eers die junior hoër skool en daarna die senior hoër skool.

Selfs in die akademiese middelbare skole word 'n mate van differensiasie toegepas. In Montreal, byvoorbeeld, word praktiese kursusse vanaf die negende graad (st. 7) vir sommige leerlinge ingevoer. Gedurende die twaalfde graad bestee hierdie leerlinge dan 17 periodes aan die akademiese en 18 periodes aan die praktiese vakke per week. Die beroepsvakke sluit in Tikskrif, Sake-

grondslae/......

---

differensieerde middelbare onderwys, 15 - 17; 45 - 47; 51 - 53; 61.

b. Muller, Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in S.A. as geïntegreerde faktore i.v.m. druiping aan die universiteit, 67 - 69.

c. Unesco, World Survey of Education, 143.

d. Manitoba Legislative Assembly, Report of the Special Select Committee on Education, 10 - 45.

e. Joint Committee of the Four Secondary Associations, The Organisation of Secondary Education.

f. Dept of Education, Alberta, Junior High School Handbook, 1955, 5 - 47.

g. Dept. of Education, Alberta Senior High School Handbook, 1957 - 1958, 10 - 25.

h. Alberta General Currciculum Committee, Curriculum News Letter, No. 6, Aug., 1956, 3 - 5.

i. Dept. of Education, Requirements for Certificates and Diplomas, 1957 - 1958.

1. Die "Composite High School ..... is generally applied to a large high school which offers a full matriculation program and in addition, commercial and technical courses up to and including the Grade XII level." Alberta General Curriculum Committee, Curriculum News Letter, No. 6, Aug., 1956.

grondslae en Kantoorpraktyk, Bedryfskennis, Huishoudkunde, Kuns, Instrumentale Musiek, Dramatiek, Sosiale Studies, Wiskunde en Natuurwetenskap.

Die streekhoërskole bied gewoonlik 'n volwaardige akademiese kursus aan, plus 'n Huishoudkunde en 'n Werkswinkelkursus. Bedryfskennis vervang soms die Werkswinkelkursus en bestaan uit Tekenwerk, Handwerk, Motorwerktuigkunde, Masjienwerk en Elektrisiteit.

Die "Composite" skool bied 'n meer rekbare program aan en die skeidslyn tussen die akademiese en beroepskursusse is baie vaag. Die beroepskursusse, behalwe die handelskursus, is slegs voorberoepskursusse en is nie afgerond nie. Nadat 'n vakleerlingseksamen afgelê is, word soms 'n jaar afslag van die vakleerlingtydperk verkry. Voorbeelde van hierdie beroepskursusse is Teken-, Hand-, Metaal- en Plaatmetaalwerk. Inskrywings in hierdie skole wissel van 600 - 1500 leerlinge. Differensiasie word verder verkry deur verskillende leergange van 'n vak binne 'n kursus aan te bied of deur die aanpassing van vakke in die verskillende kursusse.

Die kredietstelsel word ook algemeen in Kanada aangewend. Gemiddeld word 35 krediete per jaar vir slaagdoeleindes vereis. Een krediet veronderstel een periode van 35 minute per week. Gedurende die laaste drie jaar in die middelbare skool word die krediete toegeken en vir die "High School Diploma" moet die leerling oor 100 krediete beskik. Die kursusse bevat almal verpligte en keusevakke.

In Kanada word baie van die "Unit Method" as opvoedkundige middel gebruik gemaak. Nadat sekere studie-eenhede uitgekies is, word rondom hierdie eenhede as uitgangspunt 'n dig geweefde, geïntegreerde veld van kennis en ondervindinge opgebou. Behalwe die gewone onderwysmetodes word ook baie van groepwerk en leerlingverslae gebruik gemaak.

Die Kanadese middelbare skole se eksamenstelsels verskil van provinsie tot provinsie. Die algemene gebruik is egter dat die "High School Diploma" verkry word nadat die skooleksamen afgelê is en dit tesame met die jaarsyfer in berekening gebring is. Indien 'n leerling na 'n universiteit wil gaan, moet hy vir 'n verdere jaar terug gaan skool toe en dan 'n departementele eksamen in verpligte vakke aflê. In Kanada word dus weer eens 'n onderskeid gemaak tussen skooleindeksamens en universiteitstoelatingseksamens. Groter differensiasie-geleenthede word

dus/........

dus hierdeur vir die skole moontlik gemaak.

6. AUSTRALIË.

Australië beslaan drie miljoen vierkante myl maar die bevolking van nege miljoen is hoofsaaklik langs die oos- en suid-ooskus gekonsentreer. Ongeveer die helfte van die totale bevolking woon in die ses groot stede terwyl die binneland baie dun bevolk is. Hierdie omstandighede skep groot opvoedkundige probleme sodat in sommige streke die leerlinge hulle onderwys deur middel van korrespondensie-kursusse ontvang.

Aanvanklik is die Britse onderwysstelsel in Australië oorgeplant. Langsamerhand het Amerikaanse invloede en noodsaaklike plaaslike aanpassing, veranderinge genoodsaak, maar die huidige Australiese onderwysstelsel getuig nog nie van 'n eie nasionale karakter nie.

Die Australiese onderwysbeheer is gedesentraliseer en berus by die ses provinsiale besture. 'n Direkteur van onderwys beheer die onderwys in elke provinsie en daar bestaan geen plaaslike beherende liggame nie. Privaatskole (waarvan die meeste aan die Protestantse en Roomse kerke behoort) maak omtrent 25 persent van die totale aantal skole uit.

In die verlede is middelbare onderwys in Australië deur universiteitstoelatingsvereistes gedomineer. Hierdie feit tesame met die provinsiale gesentraliseerde onderwysstelsel, het 'n sterk formalistiese kleur aan die onderwys gegee en het die klem op akademiese onderrig en eksterne eksamens laat val. Daar het egter, veral na die Tweede Wêreldoorlog, 'n sterk beweging ontstaan om die kurrikulum uit te brei en die skole meer komprehensief of"multipurpose" (die Australiese term vir komprehensief) te maak.

Die volgende middelbare[1] skole word in Australië/......

1. a. Butts, Assumptions underlying Australian Education, 56 - 62.
   b. Muller, Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in S.A. as geintegreerde faktore i.v.m. druiping aan die universiteit, 62.
   c. Cramer et al, Contemporary Education, 327, 335.
   d. International Review of Education, Vol. II, No. 4 1956, 444 - 448.

e./..........

lië aangetref: High Schools, High Primary Schools, Boys/ Girls Technical Schools, Agricultural Schools en Area Schools.

Die High Schools bied gewoonlik algemene (akademiese), kommersiële en soms tegniese en landbouwetenskaplike kursusse aan. Hierdie "multipurpose" skole verleen vrye toegang aan leerlinge wat in die afgebakende gebied van die skool woon. Die ouers het egter die reg om die soort skool waarheen hulle kinders moet gaan, te kies. Die skole kan nie as volwaardige komprehensiewe skole beskou word nie. Die beroepskursusse wat aangebied word, is nog baie beperk terwyl die klem nog maar steeds op die akademiese vakke val.

Die Higher Primary Schools of junior hoër skole is tot die stede beperk en bied 'n wye keuse in kursusse aan. Nadat leerlinge die Intermediêre eksamen afgelê het, kan hulle tot die "High Schools" toegelaat word.

Die tegniese landbou- en gebiedskole bied drie- en vierjarige beroepskursusse tesame met akademiese vakke aan.

Publieke eksamens word afgelê en na drie jaar kan die Intermediêre en na vier jaar die Skooleindsertifikaat ("Leaving Certificate") verwerf word. Na die vyfde jaar word die universiteitstoelatingseksamen ("Leaving Honours") geskrywe. Die universiteite het nog 'n verdere metode van keuring. Streng seleksie word in die studente se eerste jaar toegepas sodat omtrent 30 persent druip en hulle word nie weer tot die universiteit toegelaat nie.

In Australië word onderwys as 'n staatsfunksie beskou en ouers se belangstelling in onderwysaangeleenthede is tot die minimum beperk. Hierdie toestand word hoofsaaklik toegeskryf aan 'n materialistiese gees en die stelsel van provinsiale gesentraliseerde bestuur sonder verteenwoordigende plaaslike liggame. Ouers stel hoofsaaklik daarin belang dat hulle kinders die eksamens

suksesvol/......

---

e. Dept. of Education, South Australia, Brosjure.

f. Education Dept. of Western Australia, Secondary Education in Western Australia, 1 - 5.

g. Unesco, World Survey of Education, 75.

suksesvol sal aflê en so toegang tot die beroepswêreld kan kry.

Na 'n grondige ondersoek van onderwystoestande in Australië beweer R.F. Butts : "I found a growing movement in theory for the comprehensive high school in Australia, but it will have a very difficult road ahead .....a fundamental reorientation of assumptions will be needed before the advantages of a comprehensive school are genuinely accepted in practice as well as in theory."[1)]

7. NIEU-SEELAND.

Die eerste middelbare skole[2)] wat in die middel van die vorige eeu in Nieu-Seeland gestig is, was op die tradisionele Engelse patroon geskoei. Sedert 1888 het die universiteite deur middel van die toelatingsvereistes, 'n houvas op die skole gekry en sedertdien was die hoofdoel van die onderwys om deur middel van akademiese opleiding leerlinge vir die universiteite voor be berei en te selekteer. In 1944 is die stelsel ingrypend verander en is daar 'n verskil gemaak tussen die skooleindsertifikaat ("School Certificate") wat na drie - of vierjarige middelbare onderrig verkry kan word, en die universiteitstoelatingseksamen (Entrance Examination") wat 'n addisionele skooljaar vereis. Die skole is hierdeur vrygemaak om gedifferensieerde onderwys te verskaf en die huidige omnibus skole het ontstaan.

Sekere middelbare skole word egter as standaard skole ("accredited schools") beskou en voornemende universiteitstudente van hierdie skole word van die toelatingseksamen vrygestel. Leerlinge van ander skole wat egter verplig is om die eksamen af te lê, moet alleen slaag in Engels en enige drie ander vakke uit 'n goedgekeurde lys van vakke.

Die middelbare skole in Nieu-Seeland bestaan uit "High Schools" en "Technical Schools." Albei hierdie skoolsoorte is omnibus skole alhoewel die hoër skole

'n/.........

---

1. Assumptions underlying Australian Education, 56.
2. a. Unesco, World Survey of Education, 471.
   b. Muller, Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in S.A. as geïntegreerde faktore i.v.m. druiping aan die universiteit, 64 - 65.
   c. International Review of Education, Vol. II, No. 4. 1956, Beeby, New Zealand - an example of secondary education without selection, 396 - 407.

'n groter persentasie akademiese leerlinge trek en die tegniese skole meer beroepsgerig is. Die skole verskil in werklikheid baie min. Gemiddelde inskrywing in die skole wissel tussen 600 en 800 leerlinge.

Nadat leerlinge die laer skole op 13-jarige leeftyd verlaat, het hulle vrye keuse en toegang tot enige middelbare skool. Leerlinge kan enige kursus volg, maar die ouers word deur die hoof en loopbaanadviseurs ingelig en aangeraai watter kursus hulle kinders behoort te volg.

Die skoolvakke word verdeel in die "common core" en opsionele vakke. Die kernvakke is verpligte vakke en bestaan uit Engels, Sosiale Studies, Algemene Natuurwetenskap, Elementêre Wiskunde, Musiek, Kunsvlyt (Huisvlyt vir dogters) of Skone Kunste en Liggaamlike Opvoeding. Uit die opsionele vakke moet 3 of 4 van die volgende gekies word : Geskiedenis, Aardrykskunde, Latyn, Grieks, Frans, Duits, Maori, Wiskunde, Tekene, ens.

Die skole bied nie noodwendig die hele reeks keusevakke aan nie maar selekteer die vakke wat die beste by die omgewing en leerlinge aanpas en spesialiseer dan daarin. Uiteindelik word geen eksamen in die kernvakke afgelê nie maar alleen in die keusevakke. Gedurende die eerste drie jaar van die middelbare kursus is leerlinge verplig om die helfte van die skooltyd aan die kernvakke te wy.

Die Nieu-Seelandse stelsel verskil van die Amerikaanse stelsel hierin dat leerlinge in Nieu-Seeland 'n kursus van verwante vakke moet kies terwyl in die V.S.A. leerlinge hulle kursus uit vrye wil uit losstaande vakke kan saamstel.

Die skooleindsertifikaat word deur die gemiddelde leerlinge in vier jaar voltooi maar deur differensiasie in tempo kan die kursus egter deur die skrander leerlinge in drie jaar afgelê word. Hierdie differensiasie word, waar moontlik, deur homogene groepering vergemaklik.

Deur gedifferensieerde onderwys het die skole daarin geslaag "..... to give almost every child an education that has some meaning for him personally and some relevance to his abilities and his purposes in life."[1)]

In/.....

---

1. International Review of Education, Vol. II, No. 4 1956, Beeby, New Zealand - and example of secondary education without selection, 404.

In Nieu-Seeland word daarop aanspraak gemaak dat deur middel van die omnibus skole "....there has been achieved a parity of esteem between secondary and technical schools and between the academic and non-academic courses within any one school. The hard lines between general and vocational education have been blurred, as have the lines between those who follow each."1) Verder aanvaar die handel en industrieë die skooleindsertifikaat as voldoende en universiteitstoelating lewer geen probleme op nie.

8. SAMEVATTING.

Indien die komprehensiewe, omnibus- en "composite" skole in verskillende lande ondersoek word, word gevind dat :

a. hierdie skooltipes ontstaan het as gevolg van 'n natuurlike ontwikkelingsproses wat hoofsaaklik gedurende die twintigste eeu plaasgevind het. As gevolg van ekonomiese, maatskaplike en industriële omwentelinge wat langsamerhand plaasgevind het, tesame met nuwe natuurwetenskaplike, tegnologiese, psigologiese en opvoedkundige ontwikkelinge, het die noodsaaklikheid vir 'n onderwysvernuwing ontstaan. Die voorstanders van die komprehensiewe skool sien in hierdie opvoedkundige instellings die antwoord op die nuutgevonde eise.

b. Die komprehensiewe skole verskil in wese en in die praktyk van land tot land. In sommige lande is die bestaande skole omskep terwyl in ander lande die komprehensiewe skole as addisionele onderwysfasiliteite geskep is wat tesame met die bestaande skooltipes funksioneer.

c. Die enigste volwaardige komprehensiewe skole word in die V.S.A. aangetref. In die meeste Amerikaanse komprehensiewe skole word die basiese beginsels wat die komprehensiewe skool onderlê, doelbewus nagestreef en uitgeleef.

d. In die meeste lande ondervind die voorstanders van die komprehensiewe skole egter ook teenkanting van sommige ouers, opvoedkundiges en ander gesaghebbende persone in die samelewing.

e. Nieteenstaande die laasgenoemde verskynsel geniet die komprehensiewe gedagte al groter steun en word daadwerklike vordering gemaak om die ideaal vir komprehensiewe skole uiteindelik te verwesenlik.

---

1. International Review of Education, Vo. II, No. 4 1956, Beeby, New Zealand - and example of secondary education without selection, 404.

---------

## HOOFSTUK 4.

## DIE OPVOEDKUNDIG-, FILOSOFIESE, -PSIGOLOGIESE, -SOSIOLOGIESE EN -EKONOMIESE GRONDSLAE VAN DIE KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOOL VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS.

### 1. DIE VERBAND TUSSEN LEWENS- EN WÊRELDBESKOUING EN DIE OPVOEDING.

Die lewens- en wêreldbeskouing van die mens verleen 'n bepaalde gestalte en inhoud aan die opvoedingsideaal en stuur dit doelbewus in 'n sekere rigting.[1] 'n Volledige opvoedingsteorie veronderstel dus 'n wysgerige mensbeskouing en lewensopvatting. De Hovre[2] beweer dan ook "Onze zienswijze over de opvoeding van den mensch hangt af van onze zienswijze over den mensch, zijn aard, zijn bestemming, zijn doel. ...... Dwaalt men ginds (oor die wese van die mens en sy bestemming. J.L.T.) dan slaat men ook den doolweg in met zijn opvoeding." Geen ware opvoeding is dus denkbaar en moontlik sonder die rigtende en steunende krag van 'n weldeurdagte, gegronde lewens- en wêreldbeskouing nie. Die lewenshouding en -ideale van die opvoeder - hetsy ouer of onderwyser - bepaal die opvoedkundige ideale, leerstof, metodiek, ens., in die opvoeding.[3]

Deur die eeue heen het die opvoedingsideaal ontwikkel vanaf die beklemtoning van die volmaakte liggaam deur die Grieke en Romeine, die wilsgimnastiek van die middeleeue, die gevoelsuitinge in die Renaissancetydperk, die agtiende- en negentiende eeu se intellektualisme, totdat vandag in die twintigste eeu uiteindelik die opvoeding van die hele mens beklemtoon word.[4]

Die moderne filosofiese beskouinge oor die opvoeding kan, as gevolg van fundamentele verskille in wêreld- en lewensbeskouing, in twee groot teenstellende denkskole verdeel word, naamlik die humanistiese en die teïstiese rigtings.

Die progressiwisties-georiënteerde opvoedkundiges is geneig om die wêreld as 'n veranderlike eenheid te sien, met die gevolg dat, weens die veranderlikheid

van/........

1. Keyter, Opvoeding en Onderwys, 119.
2. Paedagogische Wijsbegeerte, 9.
3. Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 26.
4. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 9.

van alles, opvoedingsdoelstellinge nie vooraf bepaal kan word en geldend kan wees nie. Opvoeding word beskou as die rekonstruksie van ondervinding, en opvoedkundige ontwikkeling of groei ("growth") is aan niks ondergeskik nie, behalwe aan verdere groei. Groei is skeppend en progressief deur die ontwikkeling van individuele verskille. Die onsekerheid van die toekoms moet bekamp word deur die aanleer en vervolmaking van die vermoë tot probleemoplossing as opvoedkundige tegniek.[1] Alleen die onmiddellike is belangrik en die geloof in en voorbereiding vir 'n hiernamaals, word verwerp.

In teenstelling met hierdie naturalisties-pragmatistiese lewens- en opvoedingsfilosofie vind ons die meer histories-christelike rigting. Die veranderlike element is wel teenwoordig, maar daar is tog die konstante, onveranderlike faktore. Aan die onveranderlike, ewige waardes word groot waarde geheg en daar word nie geskroom om vooropgestelde toekomsideale te bou en te aanvaar nie. Opvoeding moet dus volgens 'n vaste patroon geskied, met die moontlikheid om aanpassings, deur veranderinge genoodsaak, te maak. Individuele verskille is baie belangrik maar word tog oorheers en verdwerg deur universele waardes. Vooropgestelde ideale word doelbewus nagestreef en opvoedkundiges voel geregtig tot outoritêre en selfs dogmatiese onderwys. Die oog bly egter gedurig gevestig op die ewige dinge.[2]

Die lewens- en wêreldbeskouing bepaal dus die wese van die opvoedingsproses en die ideale wat nagestreef word.

## 2. DIE GRONDSLAG VAN DIE KOMPREHENSIEWE SKOOL VIR GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS.

Die komprehensiewe middelbare skool vir gedifferensieerde onderwys het sy ontstaan te danke, hoofsaaklik aan nuwe beskouinge en sosiologiese ontwikkelinge wat, as gevolg van veranderde omstandighede, aan die begin van die twintigste eeu begin posvat het. Hierdie nuwe filosofiese, psigologiese, biologiese en sosiologiese gesigspunte, gerugsteun deur ekonomiese en industriële eise, het opvoedkundiges genoodsaak om ingrypende veranderinge in

die/.........

---

1. Brubacher, Modern Philosophies of Education, 22.
2. Idem.

die middelbare skoolwese aan te bring.

In die afgelope 50 jaar het in toenemende mate die bewustheid by opvoedkundiges ontstaan dat onderwys in sy geheel groot veranderinge sal moet ondergaan. Hiertoe veral het bygedra die pionierswerk van Montessori en Decroly, die invloed van die Dalton-plan en die Projekmetode, die leerstellings van Dewey, Kilpatrick en Nunn en die bevindings van die objektiewe verstandstoetse dat daar verbasende individuele verskille in intelligensie en aanleg onder normale kinders aanwesig is. Ook die afgelope twee wêreldoorloë het die noodsaaklikheid van ŉ onderwysvernuwing beklemtoon. Opnuut is die gelyke regte van mense, en dus ook in onderwysgeleenthede, besef. Die oorloë, en die daaropvolgende koue oorloë, het ook die besef laat ontstaan dat die demokratiese beginsels en leefwyse reeds op skool uitgeleef moet word en inslag moet vind. Verder het ook, as gevolg van na-oorlogse industriële ontwikkeling, ŉ geweldige tekort aan wetenskaplikes, tegnici en opgeleide werkers ontstaan. ŉ Nuwe filosofie van onderwys het ontstaan wat byna elke bestaande grondslag waarop klaskamer- en groepinstruksie berus het, in twyfel trek. Die "Advisory Council on Education" van Skotland beweer dan ook dat: "If these new educational ideas have not yet found expression in any one fully accepted technique of teaching and learning, they have profoundly shaken confidence in the old ways among all who are not simply routine-bound, and have created a ferment in pedagogical thought and practice everywhere."[1)]

Ook in die Transvaal het die pogings tot onderwysvernuwing nie uitgebly nie: Die algemene beleid van differensiasie deur middel van afsonderlike skooltipes (soos die teenswoordige "tripartite" stelsel wat nog in Engeland aangetref word) is in 1950 deur die Uitvoerende Komitee verander tot die beleid van differensiasie in komprehensiewe middelbare skole.

Die Oorsese Sending kon dus as beginsel aanvaar: "Transvaal het reeds die komprehensiewe hoër skool as skooltipe vir die toepassing van sy beleid van gedifferensieerde middelbare onderwys aanvaar.[2)] Uitgaande van hierdie veronderstelling en nadat oorsese toestande nagevors/..........

1. Secondary Education 1947, 22.
2. Vergelyk die ontwikkeling van die middelbare onderwysstelsel in Transvaal, Hoofstuk 2.

vors is, formuleer die Komitee die besondere opvoedkundig-filosofiese beginsels wat die agtergrond vorm van gedifferensieerde onderwys in komprehensiewe middelbare skool soos volg :[1]

i) Onderwys vir almal insluitende die noodsaaklikheid vir die geleentheid vir kostelose middelbare onderwys vir minstens drie jaar;

ii) die vorming en ontwikkeling van die hele mens volgens sy besondere behoeftes, talente en potensialiteite met die nadruk op morele, intellektuele, sosiale, estetiese en liggaamlike ontwikkeling met inagneming van en voorbereiding vir 'n toekomstige lewensbestaan;

iii) die erkenning van die bestaan en ontwikkeling van individuele verskille en ooreenkomstes en die verpligting wat op onderwysowerhede rus om vir die besondere behoeftes van elke kind voorsiening te maak;

iv) die ontwikkeling van elke kind volgens sy eie aard tot 'n bate vir die gemeenskap en gelukkige eie bestaan vir die individu. Aanvullend hierby kan nog genoem word:

v) die toepassing van opvoedkundig-psigologiessosiologiese beginsels wat deur moderne navorsing openbaar is met betrekking tot die inhoud, organisasie en metodiek wat in die middelbare skoolfase noodsaaklik is.

Hierdie beginsels kan in die komprehensiewe middelbare skool met gedifferensieerde onderwys as noodsaaklike korrelaat uitgeleef word. Die komprehensiewe skool voldoen dan hoofsaaklik aan die volgende wysgerige, psigologiese, sosiologiese en ekonomiese eise.

A. <u>Die opvoedkundig-wysgerige grondslae van die komprehensiewe middelbare skool vir gedifferensieerde onderwys.</u>

Die woord "opvoeding" kan in tweërlei sin gebruik word, naamlik in 'n wyere, algemene sin of in 'n meer bepaalde, wetenskaplike sin. In die wyere sin

beteken/.........

---

1. T.O.D. Komitee (van Wyk), Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 118.

beteken opvoeding die proses van ontwikkeling van die individu en sy aanpassing by die gemeenskap en omgewing. Dit begin reeds vanaf die voorgeboortelike stadium en word voortgesit deur die hele lewe heen.[1] Die individu ontwikkel vanaf absolute afhanklikheid en onvermoë om homself te help tot selfstandigheid. In die reël word die woord "opvoeding" egter in 'n enger en meer wetenskaplike sin gebruik. Dit word beperk tot die opsetlike en doelbewuste pogings wat deur ouers en onderwysers aangewend word om die jeugdige tot volwassenheid in die lewe te lei.

Deur die eeue heen het opvoedkundiges die begrip opvoeding in ooreenstemming met hulle wêreld- en lewensbeskouing, op verskillende en uiteenlopende wyses geïnterpreteer en geformuleer. Die tradisionele skool was hoofsaaklik daarop ingestel om sekere vakke te onderrig. Hierdie onderrig het hoofsaaklik op 'n intellektuele basis berus en het in die primêre onderwys bestaan uit Lees, Skryf, Rekene, Grammatika en Aardrykskunde, terwyl in die sekondêre skole Wiskunde en die vreemde tale die hoofsaak was. Die belangstelling in die kind was hoofsaaklik beperk tot die vordering wat die leerling in die vakke maak en nie die ontwikkeling van die leerling as individu nie. Hierdie toestand het reeds sedert die vroegste eeue geheers en word selfs vandag nog in die onderwys aangetref.

Gedurende die agtiende en negentiende eeu is hierdie uiters beperkte begrip van opvoeding deur opvoedkundige denkers soos Rousseau, Pestalozzi en Froebel skerp veroordeel. Langsamerhand het 'n wyer siening van die opvoedingsproses inslag begin ~~vindingsproses inslag begin~~ vind, totdat dit op daadwerklike wyse aan die einde van die negentiende eeu deur die Froebeliaanse beweging bevorder is. Froebel en sy volgelinge het die idee van die pedosentriese, of kindgerigte skool, en van ontwikkeling (groei) deur skeppende en ekspressiewe aktiwiteit gepropageer. Dit het gelei tot 'n nuwe begrip van opvoeding as 'n proses wat gemoeid is met elke aspek van die leerling se ontwikkeling tot volwassenheid, dit wil sê, die ontwikkeling van die hele mens.[2]

Hierdie/..........

---

1. Wiley, The redirection of Secondary Education, 1.
2. Ontario Education Department, Report of the Royal Commission on Education in Ontario, 35.

Hierdie nuwe onderwysrigting het veral in die V.S.A. inslag gevind. Hiervoor was die Amerikaanse filosoof John Dewey hoofsaaklik verantwoordelik. Dewey is die grondlegger van die pragmatisme en instrumentalisme met die sosiale motief as uitgangspunt van die opvoedingsproses. Die skool as inrigting, sy leerplan, metode, doelstelling, tughandhawing, organisasie, ens., het vir hom alleen betekenis indien dit in diens van die gemeenskap gestel word en die gemeenskapsmiddele weer in die opvoeding diensbaar gemaak word.

Die wysgerige denke van T. Percy Nunn van Engeland, hoewel in wese lynreg in teëstelling met die sosiale opvoedingsrigting van Dewey, het ook 'n groot invloed op die onderwysvernuwing gehad. Nunn benader die opvoedkundig-wysgerige vraagstukke grotendeels vanaf 'n biologiese standpunt en is die vader van die individualisme as denkrigting in die opvoedkunde. Tesame met die wysgerige denkwyses van Dewey en Nunn was Freud, Koffka, en Thorndike verantwoordelik vir 'n nuwe psigologiese benadering van die opvoedingsproses. Freud met sy psigoanalise, Koffka as die eksponent van die Gestalt-sielkunde en Thorndike as die skepper van die Behaviorisme wat gelei het tot die moderne opvattings in verband met die menslike aanleg, individuele verskille en die leerproses, het belangrike bydraes tot die vernuwing in die onderwys gelewer.

As gevolg van hierdie baanbrekerswerk het die pedosentriese onderwys ontstaan. Die kind vorm nou die middelpunt van alles en sy individualiteit, inisiatief, aktiwiteit en totaliteit vorm die grondvereistes van die opvoedingsproses. Onderwys moet 'n aktiewe, dinamiese proses wees, ingestel om elke onvolwassene se aanleg en vermoëns te ontdek en tot die grootste alsydige ontwikkeling te bring.

Die pligte van die moderne skool is gevolglik baie wyer vertak en verskillend van aard van die skole van die verlede. Dit stel onder andere belang in die liggaamlike welsyn van die kind en maak voorsiening vir liggaamlike opvoeding en sportaktiwiteite; mediese en tandheelkundige versorging word voorsien en selfs aanvullende voeding word in die skole verskaf. Opvoedkundiges is bewus van die noodsaaklikheid van goeie ventilering, beligting en 'n aantreklike omgewing. Die glorie

van die eertydse "ou rooi skoolgeboutjie" word steeds besing, maar in werklikheid was hierdie skole gewoonlik onaantreklik en onhigiënies. Opvoedkundiges stel ook vandag belang in die geestelike lewe van die kind, in die ontwikkeling van gewenste belangstellingsrigtings, nuttige en gesonde vryetydsbesteding, die ontwikkeling van musiek- en kunswaardering en die bevordering van handvaardighede en skeppende aanleg. Voorligting in persoonlike en beroepsprobleme, die plasing in die beroepswêreld en latere nasorgwerk sorg vir die uiteindelike welsyn en geluk van die individu.[1)]

Verskillende en uiteenlopende interpretasies en formulerings wat verskillende aspekte van die opvoedingsproses beklemtoon, word deur pedagoë gegee. So beweer Keyter[2)]: "Die begrip opvoeding kan dus omskryf word as daardie ontwikkelingsproses waardeur die mens bevoeg gemaak word vir 'n gesonde, doeltreffende inpassing in sy lewensmilieu, daardie individuele vorming van die individu wat plaasvind deur middel van die invloed van sy lewensmilieu, veral deur middel van die waardevolle kultuurgoed, wat sy lewe tot 'n georganiseerde, stabiele, maar tog met groeikrag besielde eenheid ontwikkel, hom daardeur vatbaar maak vir die invloed van objektief waardevolle geestesgoedere ~~en hom bekwaam maak vir die invloed van objektief waardevolle geestesgoedere~~ en hom bekwaam maak om hulle te waardeer, te handhaaf en self objektief waardevolle kultuurprodukte voort te bring." Nadat Coetzee[3)] die biologiese, fisiologies, psigologiese, sosiologiese, logiese, etiese en estetiese gesigspunte van die opvoeding behandel het, formuleer hy opvoeding as ".... 'n volkome toerusting van die mens van God vir elke goeie werk." Keyter benader die opvoeding vanuit 'n Christelik-nasionale standpunt, terwyl die definisie van Coetzee die suiwere Calvinistiese vertolking is.

Dewey[4)] daarenteen beweer opvoeding is ".... a continuous process of growth, having as its aim at every stage an added capacity of growth." Kohnstamm[5)] weer,

definieer/..........

---

1. Ontario Education Department, Report of the Royal Commission on Education in Ontario, 35.
2. Opvoeding en Onderwys, 87, 88.
3. Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 100.
4. Democracy and Education, 63.
5. O.V.S. Onderwys Dept., Aangehaal in die Verslag van die Provinsiale Onderwys kommissie 1951, 16.

definieer opvoeding as ".... een mens in wording te helpen om zonder ander lastig of ten laste te vallen, den diepsten hem bereikbaren innerliken vrede te vinden." Oberholzer[1] gee die volgende omskrywing: "Opvoeding is die geheel van met voorbedagte rade terwerkgaande, dit is bewuste, doelbewuste, opsetlike, gesistematiseerde en verantwoordbare, gewilde gedragswyses wat van sedelike selfstandiges, bekend as opvoeders-onder-gesag uitgaan, met die doel om ŉ verandering of veranderinge waaraan waarde geheg word by ander persone, bekend as sedelike onselfstandiges, te veroorsaak en op die duur te bestendig sodat hierdie opvoedelinge as sedelike selfstandigwordendes die voorgestelde veranderinge as eie gedragsnormerende doelstellinge innerlik as behoorlik sal aanvoel en aanvaar, en deur eie wilsbeslissinge aanhoudend sal probeer verwesenlik." Dewey se eenvoudige definisie van opvoeding as ŉ groeiproses, Kohnstamm se bewoording waarin die persoonlike ontwikkeling in die sosiale verband gesien word en Oberholzer se woordryke omskrywing, getuig almal van die ontwikkeling van die individu van onvolwassenheid tot volwassenheid.

Al die voorafgaande formulerings van die begrip opvoeding vloei voort uit ŉ bepaalde filosofies-humanistiese of teïstiese lewens- en wêreldbeskouing en beklemtoon die aspekte wat ten grondslag lê van hierdie wysgerige rigtings. Die humanistiese opvoeding is heeltemal "diesseitig" terwyl die teïsties georiënteerde opvoeding uitgaan van die beginsel dat die lewe van die mens ook "jensseitig" is. Dit blyk dat die opvoedingsproses in elk geval ŉ dubbele werksaamheid behels : aan die een kant vorming en leiding deur die opvoeder en aan die ander kant ontwikkeling en innerlike ontplooiing van die jeugdige. Die proses moet dien om die onvolwassene tot volwassenheid te voer sodat hy tot selfontwikkeling sal kom en sal inpas in ŉ samelewing sodat hy ŉ waardige bydrae tot voordeel van die gemeenskap kan lewer.[2]

Die wysgerige grondslae van die komprehensiewe skool as opvoedkundige inrigting sal dus ook deur die

lewens-/.........

1. Inleiding tot die Prinsipiële Opvoedkunde, 49.
2. O.V.S. Onderwys Dept., Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie 1951, 16, 17.

lewens- en wêreldbeskouing van die gemeenskap bepaal word. Dit hou egter rekening met die feit dat die wetenskap van die opvoeding sy stof en soms sy metode aan sekere grond- en hulpwetenskappe ontleen. Nuwe gesigspunte en feite, soos deur navorsing aan die lig gebring, word in die opvoedingsproses opgeneem. In die komprehensiewe middelbare skool kan die moderne sosiologiese, psigologiese en opvoedkundige ontwikkelinge met vrug toegepas word.

Die Personalistiese wysgerig-opvoedkundige rigting soos vertolk deur prof. dr. Ph. Kohnstamm[1] kan beskou word as 'n lewens- en wêreldbeskouing wat die komprehensiewe skool as gemeenskapskool die beste ten grondslag lê. Hierdie filosofiese lewensbeskouing omskrywe die wese van die opvoedingsproses en die funksie van die opvoeder deur die volgende beginsels of kredo's[2]: "Onder opvoeden versta ik, het steeds opnieuw volledig op me nemen van de persoonlijke verantwoording, door geboorte en bestemming, tot vrijheid geroepen, een mens onder de mensen te zijn, zodat ik erken en aanvaard, door mijn bestaan en mijn wezen, mijn existentiële keuze en verwerping, mijn onwillekeurig en willekeurig scheppen doorbreken van sfeer, mijn onbewust en bewust doen en laten, mijn spontaan en overwogen spreken en zwijgen, door het getuigenis van mijn gehele leven, inspirerend, stimulerend en regulerend in te werken op mijn medemensen,

in het bijzonder op de jongeren, die door geboorte, milieu en opvoeding, eigen keuze of de keuze van anderen, aan mijn hoede en gezag zijn toevertrouwd,

in de ontwikkeling van hun natuurlijke en geestelijke vermogens, de totale uitgroei van hun persoonlijkheid.

zodat ik hun moet leiding geven bij het varen tussen de klippen van natuurlijk en geestelijk extremisme,

opdat zij niet ondergaan in de chaotische, continuloze massa, maar opgaan tot de levende, historische gemeenschap,

zodat zij komen tot de diepste voor hen bereikbare innerlijke vrede, zonder anderen lastig of ten laste te vallen,/.........

---

1. Persoonlijkheid in Wording.
2. Van Praag, De Zin der Opvoeding, 158, 159.

vallen,

en uit eigen existentie de verantwoordelijkheid aanvaarden van mens onder de mensen te zijn,

open staande voor Gods Woord, dat wij geschapen zijn naar Gods beeld en gelijkenis, geplaatst op aarde om haar te behoeden en te bebouwen, het leven van anderen en onszelf te eerbiedigen, het dierlijke te beheersen, de naaste lief te hebben als onszelf en God boven alles,

zoals ook ik bereid ben,

mijzelf door anderen te laten gezeggen en opvoeden, rekening te houden met ervaring en wetenschap,

en te luisteren naar Gods Woord in profetie, geloofsgemeenschap en geschiedenis."

Hierdie wysgerig-opvoedkundige grondslag sal noodwendig by nasionale omstandighede en - eise aangepas moet word. Waar ons in Suid-Afrika die onderwys op 'n christelike-nasionale grondslag wil baseer, moet hierdie beginsels dus in ooreenstemming hiermee aangevul word. Veral val die algehele gebrek aan die beklemtoning van die behoud en uitbouing van die eie nasionale karakter, taal en kultuur 'n mens op.

Die eis dat die jeugdige se natuurlike en geestelike vermoëns ontdek en tot volle ontwikkeling gebring moet word, vorm die grondvereiste van gedifferensieerde onderwys. Die komprehensiewe skool as die draer van gedifferensieerde onderwys en as gemeenskapskool, bied volgens die voorstanders van hierdie skooltipe die moontlikhede tot "de totale uitgroei" van die "hele mens".

B. Die opvoedkundig-psigologiese grondslae van gedifferensieerde onderwys in die komprehensiewe skool.

Moderne opvoedkundige psigoloë baseer hulle teorieë hoofsaaklik op 'n nuwe begrip van die individu as 'n dinamiese totaliteit en opvoeding en onderwys, op die sekondêre vlak, as 'n aktiewe proses wat in gedurige wisselwerking met die omgewingsfaktore geskied. Verder vereis dit 'n noukeurige studie van die adolessensieperiode.[1] Die verskillende aspekte wat die basis vorm van pedosentriese onderwys is veral die aktiwiteitsdrang, individualiteit, aanleg en vermoëns, belangstelling, werktake, groepwerk, rypingsperiodes, opvoedingsmomente en die noodsaaklikheid van persoonlike prestasie vir ontwikkeling./.........

1. Alberta Education Dept., Curriculum Guide for Alberta Secondary Schools, 1950, 7.

ontwikkeling.

Die Skotse Onderwyskommissie[1] beweer dan ook: "Children are essentially active, and we condemn them in the classroom to a passive role, though they are highly individual, the same subject-matter is presented to whole classes at the same time, and uniform tasks are habitually prescribed to diverse capacities and attainments. Their activity springs from spontaneous interest; yet we keep the initiative almost wholly in the teachers hands. Childrens preoccupation is with 'concrete wholes', but we abstract and schematise and offer subject-content in a logical sequence. Their attention-spans may vary greatly, and the ebb and flow of interest and activity follow a different rhythm in every child; nevertheless the period bell has but one summons for all, and thirty minds must act in unison.

Again, children are by nature co-operative, tending to group and regroup in the pursuit of successive ends. But within the illusory society of the classroom, there is little scope as a rule, for co-operative effort. Most of the time the teacher is dealing with the children one by one by way of question and answer, and if any well-intentioned pupil intervenes to help or prompt his neighbour, it is soon brought home to youthful minds that the team virtues must be kept for the playing field and not imported into the serious business of learning or, by implication, life."

Aangesien die moderne opvoedkunde dus heeltemal wegbreek van die tradisionele teorieë in verband met vermoëns, formele dissipline of oordrag en klassikale onderwys, noodsaak dit ons om ŉ noukeurige studie van die psigologiese grondslae van die nuwe beginsels te maak.

a. Onderwys moet uitgaan van die belangstelling van die kind.

Psigologies gesien, is belangstelling ŉ vingerwysing na ontwikkeling. Indien daar geen belangstelling is nie, kan daar geen vordering in die opvoedingsproses wees nie. Belangstelling moet dien as bron om die leerproses te aktiveer.[2] Onder belangstelling moet nie

afleiding/.........

1. Secondary Education 1947, 22.
2. Mort and Vincent, Modern Educational Practice, 71.

afleiding of vermaak verstaan word nie. Dit ontstaan uit die innerlike en is die natuurlike aanknopingspunte vir onderwys. Decroly praat dan ook van die noodsaaklikheid van die ontdekking van die belangstellingsentra. Van nature is elke individu met sekere potensiële belangstellinge bedeel. Deur gebeurlikhede ontwaak hierdie belangstelling en word die persoon tot aktiwiteit aangespoor. Hierdie aktiwiteit kan fisies of geestelik van aard wees. Die aktiwiteit wek nuwe belangstellingsrigtings op, wat weer tot hernude aktiwiteit aanleiding gee. As gevolg hiervan ontstaan die gedurige wisselwerking tussen belangstelling en aktiwiteit.[1)]

Belangstelling skep 'n innerlike behoefte tot verwesenliking. Dit moet die onderwyser vrystaan om hierdie innerlike behoefte te ontdek en saam te werk om die leerling in staat te stel om hierdie belangstelling uit te lewe en so die grootste bevrediging te behaal.[2)] Belangstelling moet gesien word as 'n bipolêre begrip, met die kind as een pool en die vereiste aktiwiteit as die ander pool. Belangstelling verbind hierdie twee pole en veroorsaak 'n doelgérigte strewe, 'n vereenselwiging met die doelstelling en 'n geestelike ingesteldheid wat tot inspanning en prestasie lei.[3)] Kilpatrick[4)] stel dit soos volg : "The essence of this interest is that the self is active and unified as it works. This doctrine of interest says that interest, so understood, is the gurantee of attention and effort; and that such attention and interested effort best utilizes the laws of learning, particularly of set, readiness and effect."

Gedifferensieerde onderwys berus in 'n groot mate op die ontdekking en ontwikkeling van die belangstellingsrigtings soos dit deur verskillende leerlinge openbaar word. Dit moet ontplooi en tot 'n ryke verskeidenheid verwerk word, tot uiteindelike voordeel vir die maatskappy en sukses en geluk vir die individu.

Vakkeuse en vakinhoud moet in ooreenstemming met aanleg en belangstelling gebring word. As daar nie 'n natuurlike verband of kontinuïteit tussen die kind self en die kurrikulum bestaan nie, word die onderwyser genoodsaak om belangstelling vir die werk kunsmatig te probeer opwek. Die werk moet dus "interessant" gemaak word en die

toevlug/.........

---

1. Kilpatrick, Foundations of Method, 156.
2. T.O.D., Gedifferensieerde middelbare onderwys vir blankes. Verslag deur T.O.D.-komitee, 55.
3. Brubacher, Modern Philosophies of Education, 232.
4. Kilpatrick, a.w. 140.

toevlug word geneem tot kunsmatige aansporing en die ontwikkeling moet gestimuleer word deur metodes soos eksamens en punte, belonings en strafmaatreëls.[1] Hierin moet in 'n groot mate die oorsaak gesoek word vir die groot persentasie mislukkings wat deur leerplanbeperkings en verouderde metodiek veroorsaak word.

In die komprehensiewe skool bied die verskillende vertakkinge waarin die belangstellingsrigtinge van leerlinge gestuur kan word, die versekering dat leerlinge die optimum geleenthede sal kry om te ontwikkel.

b. <u>Die ontdekking en ontwikkeling van individuele aanleg.</u>

Opvoedkundig-psigologiese navorsing het aan die lig gebring dat die individuele aanleg van leerlinge geweldig baie van persoon tot persoon verskil. Indien die aanleg van sommige leerlinge nie ontdek en ontwikkel word nie, lei dit soms tot wanaanpassings.[2] Dewey [3] beweer dan "..... if we identify ourselves with the real instincts and needs of childhood, and ask only after its fullest assertion and growth, the discipline and information and culture of adult life shall all come in their due season." Hierin stem Dewey saam met Rousseau[4] wat beweer dat die natuur van die kind vrye moontlikhede tot ontluiking moet geniet.

Beide Dewey en Rousseau se sienswyse kan as te eng beskou word. Te meer skiet hierdie stelling te kort in 'n gemeenskap wat 'n Christelike lewensbeskouing huldig. Die onfeilbaarheid van die natuur van die mens en die vereiste dat hierdie aanleg nie versterk en geantisipeer moet word nie, anders word die natuur se rol in die ontwikkeling van individualiteit teengewerk, kan nie sonder meer aanvaar word nie. [5] Die feilbaarheid van die menslike natuur verplig die opvoeder om steeds selekterend en kontrolerend op te tree. Ook die welsyn van die gemeenskap sal sy invloed as kontrole-faktor laat geld.

Dat die individualiteitsbeginsel wel 'n belangrike rol in die ontwikkeling van die jeugdige moet speel, word/.........

1. Brubacher, Modern Philosophies of Education, 234.
2. Mort and Vincent, Modern Educational Practice, 71.
3. The School and Society, 54, 55.
4. Rousseau, vertaal deur Foxley, Emile or Education, 58.
5. Freeman, Individual differences, 6.

word deur Keyter beklemtoon.[1] Hy beweer dat indien die karaktervolle persoonlikheid as opvoedkundige strewe beskou moet word, dan moet die innerlike wese van die individu, sy individualiteit, ook by die opvoedingsproses in ag geneem en behoorlik ontwikkel word. Elke persoon besit n eie individualiteit en vir gesonde ontwikkeling moet die individualiteit van die persoon as geldende faktor beskou word. "As gevolg dus van die feit dat daar individuele verskille in erfmassa, fisiese en geestelike struktuur, in reaksie op prikkels van die buitewêreld, in temperament, in n groot mate in die lewensmilieu, ens., bestaan, moet daar sover as moontlik erkenning daarvoor in die opvoedingsmetodes gegee word."[2]

In die laer skool word variasie in aanleg en vermoëns in n groot mate deur algemeen-vormende onderwys en druiping opgehef. By die aanvang van die middelbare skooljare veroorsaak seleksie in homogene groepe verdere vermindering in variasie. Daar bestaan egter nog wel verskille in intelligensie, ryping en vermoëns in so n geselekteerde groep. Verder veroorsaak beroepsbelangstelling en -eise soms dat verdere algemene onderrig, veral gedurende die latere rypende jare, as oorbodig beskou word en dat spesialisasie verlang word. Ellis[3] beweer dan ook dat geen vak in die hoër skoolkurrikulum as n vereiste vir alle leerlinge beskou kan word nie. Sekere vakke mag wel vir sekere beroepsrigtings noodsaaklik geag word, maar aangesien die psigologie die teorie van formele dissipline verwerp, kan die aanspraak van die sogenaamde formeel-vormende vakke nie steek hou nie. Spesialisasie moet egter nie breë kulturele ontwikkeling strem of beïnvloed nie.

Die middelbare skool moet dus vir die adolessent met sy ontwikkelende beroepbelangstellinge deur middel van gedifferensieerde doelstellings, skool of skole, vakkeuse, vakinhoud, onderwystempo, onderwysmetodes en aanpassingsklasse, voorsiening maak. Leerlinge moet die geleentheid gebied word om in die skool n kursus te volg wat verband hou met hulle aanleg en uiteindelike beroepe.[4]

Deur/..........

1. Keyter, Opvoeding en Onderwys, 226.
2. Idem.
3. The Psychology of Individual Differences, 455.
4. Nova Scotia Education Dept., Intermediate Division; Outlines of courses for experimental use, 8.

Deur middel van differensiasie kan daarin geslaag word om, nadat die individuele verskille vasgestel is, voorsiening te maak vir die noodsaaklike verskeidenheid kursusse. Ook in die komprehensiewe middelbare skool kan hierdie ideaal verwesenlik word.

c. Onderwys vir elkeen na sy vermoë.

In die komprehensiewe middelbare skool word die beginsel gehandhaaf dat, deur differensiasie, elke leerling in staat gestel moet word om in sy besondere aanlegsrigting na vermoë te presteer. Hierdie beginsel berus ook op 'n gelykenis wat deur Christus bykans 2000 jaar gelede verkondig is. Hierin is reeds die beginsel van verskille in individuele potensialiteite vasgelê, toe Hy gesê het: "En aan die een gee hy vyf talente en aan die ander twee en aan die ander een, aan elkeen na sy vermoë;" (Matt. 25 vs. 15). En uiteindelik is elkeen geoordeel volgens die gebruik wat hy van sy gegewe vermoëns gemaak het.

Beroemde sielkundiges soos Binet, Spearman en Thorndike is verantwoordelik vir die besef wat uiteindelik posgevat het, naamlik dat kinders, wat hulle natuurlike vermoëns en bekwaamhede betref, meer van mekaar verskil as wat enigiemand ooit besef het. Psigologies word dan ook erken dat "Individuals differ in all sorts of ways ...", en verder, ".... growth is a steady, continuous process and different individuals grow at different rates."[1)] Hierdie verskille, veroorsaak deur oorerwing en die invloed van die milieu, vergroot namate die leerlinge ouer word en die verwagting dat onderwys hierdie verskille sal ophef, is tot mislukking gedoem. Inteendeel, onderwys dra daartoe by om individuele verskille al meer prominent te laat word.[2)]

Namate die verskille tussen leerlinge al groter word, tree al groter variasies in die totale ontwikkeling in en moet die onderwys hiervoor voorsiening maak. Vir harmonieuse ontwikkeling is dit noodsaaklik dat leerlinge die bevrediging van sukses en vordering sal smaak, en is dit dus noodsaaklik dat 'n verskeidenheid kursusse en aktiwiteite deur die skool aangebied word. Intellektuele,

fisiese,/..........

---

1. Mort and Vincent, Modern Educational Practice, 311 en 327.
2. T.O.D., Gedifferensieerde middelbare onderwys vir blankes. Verslag deur T.O.D.-komitee, 53.

fisiese, motoriese, sosiale en emosionele verskille veroorsaak almal ŉ ingewikkelde komplekse patroon van variasie. Uit hierdie groot verskeidenheid is dit moontlik om homogene groepe saam te stel wat in die opvoedingsprogram kan inpas.[1] In hierdie groepe kan egter nog steurings ontstaan wat individuele vordering nadelig kan beïnvloed. Fisiese en psigiese groeiprobleme, huislike omstandighede, moeilikheid met die onderwysers of onderwysmetode is onder andere almal moeilikhede wat alleen deur die persoonlike optrede van ŉ simpatieke onderwyser uit die weg geruim kan word.[2]

Na ŉ grondige ondersoek, beweer die kommissie insake tegniese en beroepsonderwys,[3] dat die huidige middelbare skole in S.A. nie die regte onderwys vir elkeen van hulle leerlinge verskaf en kan verskaf nie. Die kommissie haal dan ŉ toespraak deur dr. W. de Vos Malan, gewese Superintendent-Generaal van Onderwys in die Kaapprovinsie aan, waarin hy reeds in 1946 beweer het dat die tydperk waarin die slagspreuk "middelbare onderwys vir almal" moet oorgaan in ŉ tyd waarin die nuwe slagspreuk moet wees "die regte soort onderwys vir almal."[4] Pedly,[5] die voorstander van komprehensiewe skole in Engeland, beweer dat die skool vir elke individu die stimulus tot prestasie op sy eie vermoëvlak moet verskaf. Deur ŉ kombinasie van liberale en tegniese onderwys in die komprehensiewe middelbare skool word ŉ organiese, bevredigende eenheid geskep wat ŉ ryker opvoeding aan die meerderheid kan bied.

d. Die noodsaaklikheid van aktiwiteit in die onderwys.

Die natuurlike neiging van die jeug is om gedurig aktief te wees. Opvoedkundiges soos Comenius, Rousseau, Pestalozzi, Froebel en Montessori het reeds die belangrikheid van motoriese indrukke by alle opvoeding beklemtoon. Die moderne sielkundiges onderskryf nie meer die Herbartiaanse luisterskoolidee as ŉ ideale leeromstandigheid nie. Motoriese vaardigheid het ŉ

definitiewe/........

1. Ontario Education Dept., Report of the Royal Commission on Education in Ontario 1950, 67.
2. Vernieuwing van Opvoeding en Onderwijs, September 1957, nr. 146, Rotten, Argumenten voor de Comprehensive school, 5.
3. Unie van S.A., 17.
4. Ibid, Toespraak voor onderwyserskonferensie te Stellenbosch 1946, 19.
5. Comprehensive Schools today, 44.

definitiewe verband met die ontwikkeling van die denkvermoë, wils- en emosionele lewe. Die gekoördineerde en geïntegreerde ontwikkeling van die liggaam en die verstand noodsaak ons om die kind as 'n eenheid, 'n psigofisiese geheel, te beskou. Noodsaaklike bewegings beinvloed dus die verstandelike groei van die jeugdige op direkte of indirekte wyse. Die bewegings van die liggaam skyn noodsaaklike faktore vir die ontwikkeling van die verstand te wees.[1)]

Sommige progressiwistiese skole fouteer daarin om enige aktiwiteit, solank as wat die leerling net aktief besig is, as noodsaaklik te beskou. Oefening in motoriese vaardighede kan nie as noodsaaklik vir die ontwikkeling van die denke, wils- en emosionele lewe beskou word nie.[2)] Dit is noodsaaklik dat dit doelgerigte aktiwiteit moet wees. Die aktiwiteit moet bestaan uit 'n vooropgestelde doel, beplanning, die uitvoering van die daad en die uiteindelike beoordeling van die bevinding.[3)] So 'n volkome handeling lei tot die gewenste resultaat.

Die noodsaaklikheid van praktiese ondervinding word deur die Spens-rapport[4)] soos volg beklemtoon: "We urge that the curriculum should be thought of in terms of activity and experience rather than of knowledge to be acquired and facts to be stored." Die De Villiers-verslag[5)] beweer dat "Die geleentheid om 'n werklike stuk werk te doen, baie tot die onderwys van 'n seun of 'n meisie sal kan bydra. Veral in die later jare van die adolessente-leeftyd is daar dikwels geen hoop op die normale ontwikkeling daarsonder nie."

Die De Villiers verslag gaan verder as om net die aktivering van die kurrikulum voor te stel.

Beroepsvoorbereiding/.......

---

1. T.O.D. Onderwys-bulletin. Vol. II nr. 3, September 1957, 159.
2. National Society for the study of Education, Thirty-seventh Yearbook, part 2, 1938, Dewey, The determination of ultimate values or aims through antecedant or a priori speculation or through pragmatic or empirical inquiry, 482.
3. Kilpatrick, Foundations of Method, 200 en 203.
4. Board of Education; London, Report of the Consultative Committee on 'Secondary Education', 152.
5. Unie van S.A., Verslag van die kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys, 30.

Beroepsvoorbereiding word in die vooruitsig gestel. Ook die "Advisory Council on Education" van Skotland[1] beweer in hierdie verband: "But all our evidence goes to show that the strongest justification for giving such pre-vocational and practical training a place in the secondary school is directly education, i.e., it arises from the needs of the adolescent himself," en verder, "Handicraft is some education for all; it is never all education for some".

Die oplossing vir die byna daaglikse ondervinding van onderwysers dat ŉ groot persentasie leerlinge belangeloos is, nie die nodige vordering in hulle skoolwerk maak nie, en uiteindelik mislukkings van hulle skoolloopbaan maak, word deur Dewey[2] soos volg gesien: "If we were to conceive our educational end and aim in a less exclusive way, if we were to introduce into educational processes the activities which appeal to those, whose dominant interest is to do and to make, we should find the hold of the school upon its members to be more vital, more prolonged, containing more culture."

Die voortbestaan van die blanke beskawing in Suid-Afrika berus op burgers wat, intellektueel en handvaardig, deeglik opgelei is sodat bekwaamheid en superioriteit nog die maatstaf kan bly. Die opvoeding van die jeug, in die lig van moderne psigologiese beginsels gesien, as psigo-fisiese eenhede, berus by die middelbare skool. Vir die opvoeding van die "hele" persoon moet daar ook geleenthede geskep word om in die praktiese, meer handvaardige vakke onderrig te ontvang. Die komprehensiewe skole bied die geleentheid aan sy leerlinge om deur middel van ŉ wye keuse in die praktiese vakke en aangesien aktiwiteit nie alleen liggaamlike aktiwiteit impliseer nie, ook deur die aanwending van die aktiwiteitsbeginsel in die meer formele vakke, hulle aktiwiteitsdrang nuttig aan te wend. Hierdie voordeel geld vir die beroepsvakke maar ook vir die normale algemeen-vormende vakke.[3]

e./.........

1. Secondary Education, 16.
2. The School and Society, 26.
3. T.O.D., Onderwys-bulletin, Vol. II nr. 3, September 1957, 166.

e. <u>Prestasie en persoonlike sukses as aansporing in die onderwys.</u>

Prestasie en persoonlike sukses is noodsaaklike aansporing tot verdere inspanning vir elke individu. Indien iets bevrediging of geluk verskaf, word dit graag herhaal of daarmee voortgegaan. Mislukkings en die daarmee gepaardgaande onaangename ervarings word liefs vermy.[1] Indien leerlinge dus mislukking op mislukking in die daaglikse onderwys smaak - en hoe dikwels is dit nie die geval nie - is dit 'n natuurlike verskynsel dat frustrasie sal intree en gedragsmoeilikhede hierdeur sal ontstaan.

Die individu ontwikkel normaalweg in 'n groep of sosiale kring. Vermoëns van leerlinge word dikwels slegs deur die stimulerende effek van deelname aan groepaktiwiteite tot uiting gebring. Vir normale groepaanpassing is dit 'n vereiste dat die individu, saam met die ander persone in die groep, vordering sal maak. Inspanning moet deur sukses bekroon word. Ons leer wel deur ons foute maar sodra daar geen vordering gemaak word nie, verdwyn die dryfkrag uiteindelik, ontwikkeling word daardeur beëindig en die belangstelling en aktiwiteite word in die verkeerde rigting gestuur.[2]

Leerlinge verskil in liggaamlike hoedanighede, aanleg, vermoëns, sosiale agtergrond, temperament, sienswyse, ambisie, ens. Ook in die tempo waarteen hulle werk, verskil hulle sodat prestasie nie gelyktydig plaasvind nie. Hiervoor moet voorsiening gemaak word, sodat elke leerling volgens sy eie vermoë, ook 'n geleentheid gebied word om teen sy eie tempo te presteer. Daar is dus wel ontwikkeling van sy individuele vermoëns; hy kan sy plek in die samelewing vind en sy selfrespek behou.[3]

Deur differensiasie in komprehensiewe of afsonderlike skole kan bogenoemde geleenthede aan leerlinge gebied word.

f. <u>Middelbare onderwys en die adolessent.</u>

Die adolessente-tydperk neem 'n aanvang met die intree van die puberteitsfase en hou aan totdat liggaamlike en geestelike volwassenheid bereik word. Die adolessensie-periode kan onderverdeel word in die fase van die

rypende/.........

---

1. Mort and Vincent, Modern Educational Practice, 58 en 71.
2. The Minister of Education; Ontario, Programme of studies for grades 1 to 6 of the Public and Separate Schools; 1955, 8, 9.
3. Ibid. 9.

rypende jeug (tot op ongeveer agtienjarige leeftyd) en die fase van die rypere jeug (vanaf agtien jaar en verder). Die middelbare skooljare beslaan dus hoofsaaklik die periode van die rypende jeug en die middelbare skool is genoodsaak om sy program van opvoeding by hierdie ontwikkelingstydperk te laat aanpas.

i. <u>Karakterisering van die adolessente-tydperk</u>.

Die adolessensie is 'n oorgangstydperk, 'n tussentydvak tussen onvolwassenheid en volwassenheid. Die adolessent is nie meer 'n kind nie maar ook nog nie 'n volwassene nie. Dit is 'n periode waarin belangrike fisiese en geestelike veranderinge plaasvind en waarin daar 'n bewuswording van die persoonlike - die "ek"-verhouding - intree.[1] Dit is 'n periode van selfbewuswording, selferkenning, selfverkenning, dit is 'n fase van persoonswording.[2]

Die puerale periode (8-12 jaar) wat gekenmerk word deur buitengewone vitaliteit en uithouvermoë, van gelykvloeiende, gelukkige geestelike en sosiale verhoudinge, word nou omskep in 'n negatiewe periode waarin aanvanklik die fisiese, sosiale en selfs geestelike balans versteur word. Die fisiese balans word versteur deur die buislose kliere en die aanvang van seksuele rypheid. Die veranderinge verskil egter baie tussen seuns en dogters alhoewel daar wel ook ooreenkomstes is. Ook die sosiale gedrag ondergaan radikale veranderinge. Vervreemding van vorige vriende, ouers en onderwysers vind plaas en aktiwiteite wat plesier verskaf het, word verwerp. Die dogter word lui en passief terwyl die seun sy oortollige energie en krag in sportaktiwiteite ontlaai. By dogters vind afname in werkvermoë plaas, hulle is rusteloos, onstabiel en 'n algemene ontevredenheid kenmerk hulle optrede. Soms openbaar hulle ook die aggressiwiteit wat seuns in die algemeen openbaar.[3]

Omdat die adolessent in 'n oorgangstydperk verkeer, is daar nog nie die vastigheid, sekerheid en doelgerigtheid wat in die volwassene se handelinge en opvat-

tinge/.........

---

1. Coetzee, Die ontwikkeling van die sedelike oordeel by leerlinge van die middelbare skool, 66, 67.
2. Langeveld, Inleiding tot de studie der Paedagogische Psychologie; 107.
3. Buhler, From Birth to Maturity, 181-182.

tinge bespeur word nie. As onervare persoon kom die adolessent te staan voor situasies en probleme wat groter rypheid en ervaring verg sodat nuwe vaardighede aangeleer moet word en die denke by nuwe situasies moet aanpas.[1)]

Die adolessent is dan iemand wat besig is om te groei en te ontwikkel, wat ryping ondergaan wat al die aspekte van sy lewe dek soos die fisiese en verstandelike ontwikkeling, die ontwikkeling van die strewingslewe, die emosionele, godsdienstige, morele ontwikkelinge en uiteindelik ook die sosiale ontwikkeling.[2)] Nadat menstruasie by die dogters en saadlossing by die seuns ingetree het, vind stabilisasie plaas en vind volwassewording op ŉ meer gelykvloeiende vlak plaas.[3)]

ii. <u>Die veranderinge wat in die rypende jeug plaasvind</u>.

Die veranderinge wat in die rypende jeug plaasvind, volg nie die een die ander op nie, maar vloei almal inmekaar. Daar vind dus gelyktydige verwikkelinge plaas wat ŉ hele persoonsverandering tot gevolg het. Die vernaamste veranderinge is egter die liggaamlike, sosiale en geestelike groei en ryping.

In verband met die biologies-fisiologiese veranderinge beweer Kuhlen[4)]: "The pubescent growth cycle which involves marked changes in internal make-up and external dimensions provides the adolescent with a new physical self and new physical capacities which definitely alter his status both in his own eyes and in the eyes of others." Van groot belang is die vinniger liggaamlike groei en die seksuele rypwording wat plaasvind en ŉ liggaamlike en psigiese aanpassingsproses wat hierdeur genoodsaak word.

Van uiters groot belang vir die onderwys is die toeneming en uitbreiding van die belangstelling van die kind.[5)] Die belangstellingspatroon is in die adolessente jare baie ingewikkelder. Dit is beslis seks-sosiaal georiënteer en die eenvoudiger belangstelling wat alleen fisiese aktiwiteit geïmpliseer het, is geneig om te verminder/.........

1. Barnard, ŉ Empiriese studie oor die sosiale ontwikkeling van ŉ groep Afrikaans-sprekende middelbare skoolleerlinge, 15.
2. Ibid, 15, 16.
3. Bühler, From birth to maturity, 180-182.
4. The Psychology of Adolescent Development, 80.
5. Coetzee en Bingle, Beginsels en metodes van die Middelbare onderwys, 14.

minder. By die aanvang van die tweede fase van die adolessensie, naamlik die rypere jare, neem die veelvuldigheid van belangewisseling af, word belangstellings meer permanent en beroepsleiding en voorbereiding ŉ noodsaaklikheid[1].

In die vroeë adolessensie ontstaan ook ŉ toenemende belangstelling in wetenskap en filosofie. Daar ontstaan ŉ drang na die verklaring van die wêreld en die lewe, na die oorsprong, samestelling en doel van die skepping. As individu word daar na vryheid van beweging en denke gestrewe.[2]

Die ontwikkeling van die gevoelslewe ondergaan in die lewe van die rypende jeug belangrike veranderinge. Die ontwaking van die seksgevoelens en -drif veral, veroorsaak soms ŉ geweldige krisis en ŉ tydperk van storm en drang word deurgeworstel.[3] Langsamerhand vind aanpassing egter plaas en verdwyn die frustrasie en konflikte.

Die rypende jeug verwerf langsamerhand ŉ groter en beter taalbeheer, ŉ groter beheer oor logiese begrippe, ŉ noukeuriger en veelvuldiger kennis en ŉ verbetering in die redeneervermoë."[4] Die algemene intelligensiekurwe begin al stadiger styg en bereik in die latere, rypere jare ŉ byna konstante hoogte.

In die vroeë rypende jare is die adolessent beslis asosiaal. Hy is ongelukkig, voel dat niemand hom verstaan nie en is afwisselend teruggetrokke en nors, openhartig en opgeruimd. Later ontwikkel ŉ hetero-sosiale houding, vriendskappe is hegter en meer persoonlik, groeporganisasie word weer belangrik en inpassing by die gemeenskap vind plaas.[5]

iii. <u>Die onderwysbehoefte van die adolessent.</u>

Die De Villiers-kommissie beweer: "Daar is nog steeds geen provinsiale skool of middelbare skool in die Unie met ŉ leerplan wat gebaseer is op die algemene onderwysbehoeftes van die adolessente persoon nie. Die inhoud van die kursusse, wat diegene wat verder voltydse

algemene/.........

---

1. Kuhlen, The Psychology of Adolescent Development, 229.
2. Coetzee en Bingle, Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, 14, 15.
3. Ibid, 15.
4. Ibid, 16.
5. Kuhlen, a.w., 139.

algemene onderwys nodig het, kan kies, word nog altyd deur die vereiste vir toetreding tot die universiteit oorheers."[1] Die Skotse "Advisory Council on Education" beweer: "What makes it so necessary to stress the new responsibility falling on the school is the profound change that has come over our own national life in the last half century. Urbanisation, limitation of families and the passing away of a closely unified family life, the immense scale and high specialisation of industry and the ceaseless movement of population have transformed the relatively simple and stable community life of earlier times into a vast, incoherent complex in which the adolescent is lost .... and, unless the secondary school with an extended vision of its function, can in some measure replace what has been lost, the prospects are indeed dark for many who in this generation are rootless and bewildered.[2] Hierdie donkere beeld kon net so wel van die veranderde toestande in S.A. geskilder gewees het.

Dit is die spesiale funksie van die middelbare skool om in die behoeftes van die vroeë adolessente jare van die jeug te voorsien. Die onderwys moet die fasiliteite skep sodat die rypende individu die geleentheid tot normale en volkome ontwikkeling kan geniet. Die welsyn van die gemeenskap en die belange van die individu kan alleen verwesenlik word, indien die skool sy verantwoordelikheid besef en sy roeping vervul deur doelbewus pogings aan te wend om die individu tot volle ontwikkeling te help.[3]

Die De Villiers-kommissie beveel dan 'n stelsel aan ".... waarvolgens die belangstellings en moontlikhede wat met elke stadium van die adolessente leeftyd te voorskyn tree, op geskikte wyse aangemoedig sal word, sodat daar verwag kan word dat die jeugdiges by volwasse leeftyd sal aankom met al hulle moontlikhede redelik goed ontwikkel en met 'n liggaamlike, maatskaplike en kulturele ervaring wat vir hulle baie nuttig in die volwasse leeftyd sal wees".[4]

Die/.........

---

1. Unie van S.A., Verslag van die kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys, 17.
2. Advisory Council on Education in Scotland, Secondary Education 1947, 11.
3. Wiley, The redirection of Secondary Education, 20.
4. Unie van S.A., a.w., 17.

Die middelbare skool as 'n gemeenskapsinstelling moet dus voorsiening maak vir die normale en gelukkige ryping van die adolessent. Dit moet ook in die volgende vereistes voorsien:

1. Die kurrikulum moet so opgestel word dat dit aanpas by die fisiese, geestelike, sosiale en emosionele ontwikkelingsfase wat die seuns en dogters deurmaak.[1] Leerlinge openbaar nie net alleen besondere eienskappe nie, maar in die adolessente tydperk is daar ok 'n merkbare afname in die werkvermoë. Totdat seksuele rypheid en algemene stabiliteit bereik word, moet die werkvereistes dan ook rekening hou met die vermoëns van die leerlinge.[2]

2. As gevolg van individuele verskille in aanleg en ontwikkelingstempo moet daarna gestreef word om aan individuele vereistes te voldoen.[3] Besondere aandag moet aan persoonlike probleme gegee word en 'n simpatieke optrede is 'n absolute vereiste vir gesonde ontwikkeling.

3. Hand aan hand met die bewuswording van die gevoel van onafhanklikheid en verantwoordelikheid raak die belangstellinge en vermoëns van die adolessent gespesialiseerd.[4] Daar is 'n drang na selfverwesenliking en prestasie en dit is noodsaaklik dat die skool moontlikhede hiervoor moet skep. Beroepsvoorligting en -voorbereiding word 'n aktuele vraagstuk. Hierdie gespesialiseerde aktiwiteitsdrang en belangstellinge kan tot groot voordele van die rypende jeug benut word.

4. Aangesien die puberteitsfase selde sonder konflikte verloop[5], vereis dit nie net alleen konsekwente en simpatieke optrede deur die opvoeders nie, maar ook gespesialiseerde kennis van die opvoeding self. Vir die suksesvolle aan- en inpassing van die adolessent is dit noodsaaklik dat hy gelukkig en tevrede voel, erkenning as individu in die gemeenskap geniet, nie met onnodige kommer en sorge belas word nie en dat daar 'n aangename gevoel van sekuriteit by hom bestaan.[6]

5. Die middelbare skool moet hom toelê op die

ontwikkeling/..........

---

1. Alexander and Saylor, Secondary Education, 252.
2. Bühler, From Birth to Maturity, 181, 182.
3. Alexander and Saylor, a.w., 252.
4. Bühler, a.w., 190.
5. Langeveld, Inleiding tot de studie der Paedagogische Psychologie, 99.
6. Kuhlen, The Psychology of Adolescent Development, 286.

ontwikkeling van die hele mens en moet strewe na die ontwikkeling van kultuur, selfstandige denke, plesier in werk en vryetydsbesteding, bevrediging van die etiese en estetiese gevoel, bevordering van gesondheid en die ontwikkeling van ŉ waardebesef.

Die komprehensiewe skool as gemeenskapskool met sy uitgebreide differensiasiemoontlikhede, maar ook doeltreffende differensiasie deur middel van afsonderlike skole, kan aan hierdie opvoedingsvereistes wat deur die adolessensiefase gestel word, reg laat geskied.

C. Die opvoedkundig-sosiologiese grondslae van die komprehensiewe skool vir gedifferensieerde onderwys.

Onderwys is ŉ funksie van die gemeenskap. Die lewenswyse, gewoontes, tradisie, aspirasies, waardes en konflikte van die gemeenskap word in die onderwys weerspieël. Die onderwysbeginsels sal dus ten nouste saamhang met die instellings, gewoontes en idees van die gemeenskap en help om die sosiale en intellektuele aard van die kultuuraangeleenthede in die gemeenskap te bepaal.[1)]

Elke skool moet dus ŉ kultuursentrum, ŉ ligpunt in die omgewing wees. Opvoeding kan ook gesien word as ŉ sosiale proses met doelstelling om leerlinge te bring tot die beheersing van hulle omgewing.[2)]

Die sosialiseringsbeginsel moet dus in die onderwys gehandhaaf word. Individualiteit, karakter en persoonlikheid kan alleen waarde en inhoud kry indien die sosiale bewussyn, die morele moed en strewe om ŉ waardige bydrae tot die vooruitgang van die gemeenskap te lewer, ontwikkel word. Om ŉ waardige mens onder mense te wees, moet die kind reeds vanaf die begin as ŉ sosiale wese behandel word. Sosiale isolasie en verengende invloede lei tot belangeloosheid in en miskenning van, sosiale verantwoordelikhede. Oordrewe intellektualisme veroorsaak dat die noodsaaklike sosiale deugde verwaarloos word en die individu verengde, egoïstiese doeleindes nastrewe.[3)]

Vir die gesonde ontwikkeling van die persoonlikheid van die aolessent is dit noodsaaklik dat hy as ŉ vrye, maar integrale lid van ŉ besondere gemeenskap sal

opgroei./.........

---

1. Butts, Assumptions underlying Australian Education, 3.
2. Onderwysblad, 1 September 1956 Pauw, Sosiale Opvoeding, 207.
3. Keyter, Opvoeding en Onderwys, 228.

opgroei. Die skool "..... should provide a rich social environment where adolescents grow in character and understanding."[1] Vir hierdie natuurlike ontwikkeling van die individu moet die skool aan die volgende sosiologiese vereistes voldoen :

a. <u>Die skool as 'n gemeenskap in embrio.</u>

Die komprehensiewe skool streef daarna om 'n vereenvoudigde vorm van die gemeenskap te wees en "... is to be regarded as not merely a place of learning but as a social unit or society of a peculiar kind in which the older and the younger members, the teacher and the taught, share a common life, subject to a constitution to which all are in their several ways consenting and co-operating parties, pursuing purposes which, though not coincident, are nevertheless correlative. .... But it is, or should be, also a natural society, in so far as the conditions of life in it, particularly those we think of as discipline and order, should enable its members to live on easy terms with one another, the older members exercising due influence upon the growth and character of the younger and the younger having space and freedom for many-sided individual development."[2]

Die skool as 'n gemeenskap in embrio het ook die aanvullende funksie om die opvoedingsfaktore vir die rypende jeug te vereenvoudig, 'n breë gebalanseerde milieu te skep en die sosiale gewoontes te suiwer en nader aan die ideaal te bring.[3] Om in hierdie ideaal te kan slaag, word die onderwys self nie net tot die skoolterrein beperk nie, maar strek dit ook uit in die gemeenskap om die opvoedingsproses na aan die lewe te bring. Maar op sy beurt word die gemeenskap en sy middele, waar benodig, weer in die onderwys ingetrek.

Deur 'n vrye wisselwerking tussen skool en gemeenskap is dit moontlik om 'n meer natuurlike omgewing vir die ontwikkeling van die leerlinge daar te stel. 'n Goeie voorbeeld hiervan word in Castle-town, Isle of Mann, gevind. Die plaaslike hoër skool is die fokuspunt van die/..........

---

1. Advisory Council on Education in Scotland, Secondary Education, 1947, 10.
2. Board of Education, London, Report of the Consultative Committee on 'Secondary Education', 146, 147.
3. Dewey, Democracy and Education, 27.

die kulturele lewe van die hele suidelike gebied van die eiland. Die invloed van die gemeenskapskool kan in die hele dorpie en in die omliggende plattelandse gebied bespeur word. Ouers en vriende het vrye toegang tot die skool en word selfs in skoolorganisasies en -aktiwiteite ingetrek. Volwassenes speel byvoorbeeld saam met leerlinge in die skoolorkes terwyl leerlinge op plaaslike rade, kommissies, musiekverenigings, ens. dien. Daar bestaan dus onderlinge vertroue en ꞌn eenheidsgevoel tussen skool en gemeenskap. Leerlinge groei op in ꞌn natuurlike gemeenskap sodat die uiteindelike oorskakeling by skoolverlating sonder probleme verloop.[1)] Die vernaamste beswaar wat teen die komprehensiewe skool ingebring word, is dat hierdie tipe skool noodwendig groot moet wees. In hierdie moontlike nadeel steek egter ook die voordeel dat in so ꞌn groot skool die gemeenskapslewe baie goed ooreenstem met die werklike lewe. Die groot groep verskillend gekwalifiseerde onderwysers wat verskil in ervaring en persoonlikheid, die groot skoolbevolking met sy ryke verskeidenheid belangstellingsrigtinge, die groot verskeidenheid in werkslokale, laboratoria, vaklokale, goed toegeruste biblioteke, gimnastieksale, vergadersale, ens., verskaf ꞌn omgewing waarin ꞌn normale gemeenskapslewe gevoer kan word.[2)] Daar word dan ook beweer : "The sociological significance of the Comprehensive school is that it is capable of becoming a function of its community in a way that the segregated or the 'type' school cannot; for the Comprehensive School is coterminous with the community; it is the whole community at a certain age and stage."[3)]

Die ideale onderwysstelsel staan in ꞌn noue verband met die gemeenskap - dit is in werklikheid ꞌn funksie van die gemeenskap. Die verhouding tussen skool en gemeenskap moet dus baie nou en werklik wees. Die doelstellinge van die skool moet ꞌn spieëlbeeld van die doelstellinge van die gemeenskap wees. Die skool en gemeenskap moet dus in werklikheid ꞌn eenheid vorm en dit kan alleen bewerkstellig word indien daar ꞌn intieme wisselwerking tussen skool en gemeenskap bestaan.

b./.........

---

1. Pedley, Comprehensive Schools to-day, 19.
2. New Era, The new era in home and school, Vol. 38, No. 5, 91.
3. English New Education Fellowship, The Comprehensive School, 16.

b. <u>Die aanwending van die gemeenskap en gemeenskapsmiddele deur die komprehensiewe skool.</u>

Die skool moet doelbewus daarna strewe om brûe tussen die skool en gemeenskap te slaan. Hierdeur word die geleentheid geskep dat ook die gemeenskap vryelik van die fasiliteite van die skool gebruik kan maak. Hierdeur word ook egter geleenthede geskep vir die skool om die gemeenskap as laboratorium vir onderwysdoeleindes te gebruik. Onderrig deur belewing word so moontlik gemaak.

Indien onderwys alleen in die skool self plaasvind, kan dit nie realisties genoeg wees nie en word onderrig beperk tot boekekennis, die oordra van ervaring en die aanleer van vakvaardighede. Hierdie kennis is noodsaaklik, maar dit is ook noodsaaklik dat geleenthede geskep word vir uitgebreide persoonlike ondervindings en ervarings. Goed beplande projekte soos veldekskursies, onderhoude, werkonderneming, skoolkampe en besoeke aan fabrieke, plase, musea, laboratoria, openbare vergaderings, geregshowe, ens., kan almal tot voordeel van die leerlinge aangewend word.[1] Deur hierdie ondersoeke leer die jeugdige onder andere om die ekonomiese en sosiale verhoudinge van sy gemeenskap van naderby te ken en te verstaan en lei dit tot ꞌn beter begrip van lewensverhoudinge. Deur die onderwys op so ꞌn breë grondslag te plaas, word geleenthede vir die volle ontwikkeling van elke individu moontlik gemaak.

c. <u>Gelyke kanse en die geleentheid tot ontwikkeling is die demokratiese reg van die individu.</u>

Keller beweer: "The inescapable fact about people is their diversity. The depressing truth about curricula is their uniformity. A curriculum is a course to be run - by the fleet-footed, by the lame, the well, the sick, the bright, the dull, the intellectual, the athletic - and the well-educated are those who finish on time."[2] Die demokratiese reg van die individu vereis egter die geleentheid vir die volledige ontwikkeling van elke persoon se besondere aanleg en vermoëns in die besmoontlike omstandighede. Gesien teen die agtergrond van

die/..........

1. Jacobson, The American Secondary School, 323.
2. Principles of Vocational Education, 69.

die belange van die maatskappy moet die skool as 'n funksie van die maatskappy nogtans altyd besef dat die behoeftes van die jeug altyd voorkeur moet geniet. Die leerling en sy belange moet dus die uitgangspunt in die opvoedingsproses wees aangesien sy ontwikkeling die fundamentele vereiste is. "Een waarlijk democratische samenleving kan namelijk alleen bloeien, als in ieder mens de in aanleg aanwezige levensvormen zich vrij kunnen ontplooien en als ieder naar de mate van de hem geschonken gaven zijn krachten welbewust en doordrongen van het besef van zijn medeverantwoordelijkheid voor het welzijn van de gemeenschap, dienstbaar leert maken aan de eisen die de sameleving aan hom stelt."[1)]

Die tradisionele onderwysstelsel was ondemokraties omdat "The tradition was based on the acceptance of class stratification and the differentiation of schools for the children of the massas and for the children whose parents were able to pay tuition fees or who were able to win scholarships to enter secondary schools."[2)] Die skoolonderrig vir die groot massa van die volk was beperk tot laer onderwys of voortgesette klasse aan laer skole. Middelbare onderwys was dus alleen beperk tot die bevoorregtes.

So lank as wat die tradisionele middelbare skool selektief van aard was en die kurrikulum tot akademiese opleiding beperk is, kon die leerlinge beperk word tot alleen die minderheidsgroep wat baat kon vind by liberale opvoeding. Vandag egter, word die beginsel van gelyke onderwysgeleenthede vir elkeen algemeen aanvaar, en word ook in Suid-Afrika vir ten minste drie jaar middelbare onderwys, vir elke persoon wat daarby kan baat, voorsiening gemaak. Die middelbare skool moet dus vir elke seun en dogter die geleenthede bied om sy aanleg en vermoëns ten volle te ontwikkel. Die kurrikulum moet dus voorsiening maak vir akademiese, handels-, tegnies-praktiese en algemene opleiding.

Die skool moet dus probeer om deur differensiasie elke persoon se demokratiese reg as wese, en sy reg op individuele ontwikkeling te erken. Dit veronderstel dat

die/..........

---

1. Paedagogische Studiën, 30ste jaargang 10de afl., Oktober 1953, de Boer, Opvoeding tot democratie, 308.

2. Kandel, The new era in Education, 80, 81.

die skool nie die moontlikheid vir ontwikkeling tot 'n sosiale elite-groep sal beperk nie. Inteendeel moet die opvoedingsprogram so saamgestel word dat waar moontlik, dit voorsiening maak vir die maksimum ontplooiing van die potensialiteite van elke leerling.[1] Die vooruitgang van die moderne geïndustrialiseerde samelewing kan alleen geskied indien die aanleg en vermoëns van elke individu ontwikkel en tot voordeel van die maatskappy aangewend kan word. Hierdie moontlikhede word deur die komprehensiewe skool maar ook deur differensiasie in afsonderlike skole moontlik gemaak.

d. Die skool as demokratiese instelling vir die bevordering van die demokratiese beginsels.

Die demokrasie is afhanklik vir sy bestaan van onderwysinrigtings as draers van die demokratiese gedagte. Die skool moet die leerlinge doelbewus lei om vir hulleself die demokratiese leefwyse en ideale te kies en na te streef wat deur 'n demokratiese gemeenskap aanvaar word. Deur 'n skool-organisasie wat self in sy wese demokraties is, waar aangename persoonlike verhoudings tussen onderwysers en kinders heers, waar 'n vriendelike gees van samewerking daagliks aangemoedig word en waar daagliks dus die beginsels van demokrasie werklik nagestreef word, sal die demokratiese gedagte inslag vind en gevestig word.[2]

Hierdie demokratiese begrippe is deur "Die Werkcomité voor Opvoeding tot Demokrasie" soos volg geformuleer :[3]

"i. fundamentele ongelijkheid maar gelijkwaardigheid van de mensen;

ii. recht op individuele ontwikkeling van de eigen persoonlijkheid;

iii. vrijheid van uiting;

iv. eerbied voor de rechten van anderen;

v. vrijwillig aanvaarde verantwoordelijkheid; en

vi. onafhanklijke rechtspraak ter bescherming van de belangen van individu en gemeenschap."

Deur/.........

---

1. Alexander and Saylor, Secondary Education, 95.
2. The minister of Education, Ontario, Programme of Studies for grades 1 to 6 of the Public and Separate Schools 1955, 7.
3. Paedagogische Studiën, 30ste jaargang 10de afl., Oktober 1953, de Boer, Opvoeding tot democratie, 310.

Deur die demokrasieë word algemeen aanvaar dat die sterkte van 'n nasie afhanklik is van die karakter en intelligensie van sy burgers. Om hierdie eienskappe te bevorder, moet die ideaal van "equality of educational opportunity" bewerkstellig word."[1)]

Middelbare skole word vandag verplig om hulle kurrikulum uit te brei om by die veranderde omstandighede aan te pas. Hierdeur ontstaan die probleem watter soort middelbare skool of skole die beste aan hierdie vereistes sal voldoen. In Engeland het die "tripartite" onderwysstelsel ontstaan en is akademiese, tegniese en moderne (algemene) skole opgerig. Nadat op elf-plus-jarige ouderdom 'n seleksie-eksamen afgelê is, word die leerlinge dan tussen die drie tipe skole gedistribueer. Die diagnostiese eksamen op hierdie vroeë leeftyd het ondoeltreffend geblyk en daar is in werklikheid dus net twee moontlike oplossings:

i. die kurrikulum van alle middelbare skole moet in die eerste twee jaar dieselfde wees en daarna vind distribusie in akademiese, tegniese of algemene skole plaas;

ii. die oprigting van komprehensiewe skole waarin vir al die rigtinge voorsiening gemaak word.

Watter vorm dit ook aanneem, drie of meer skole of een, ".... the important point to be emphasized is that the undemocratic character of the dual system of education was recognized during World War II and the ideal of providing equality of educational opportunity has been generally accepted and with it the realization that systems of education must be reorganized.[2)]

In verband met differensiasie deur middel van verskillende skooltipes, beweer Tribolet [3)] van die onderwysdepartement van Tasmania, nadat hy opvoedkundige navorsing in Engeland, Skotland en die V.S.A. gedoen het: "My visit to England leaves me with considerable misgivings as to the social effects of tripartism ..... The Modern Schools have failed to achieve parity of esteem in the eyes of the public, teachers and students alike.

My/.........

---

1. Kandel, The new era in Education, 80, 81.
2. Ibid, 82.
3. Observations on Secondary Education in England, Scotland and the U.S.A., 6.

My general impression is that they are regarded as a depository for 'left overs' and something that only those children 'last on the bus' would want to be associated with. Generally the Secondary Modern Schools are regarded with great disfavour by the Modern School teachers with whom I came into contact. It is highly interesting to note that on the whole, the stoutest defenders of the Modern School are to be found amongst the Grammar School teachers, as Grammar Schools are anxious to preserve the professional selectivity". In soverre hierdie opvoedkundige navorser se ondervinding. In die Transvaal is die analogiese ondervinding met die Junior hoër skole as opvoedkundige inrigting ondervind. (Verwys na hoofstuk twee).

Vir die voorsiening van gelyke onderwysgeleenthede aan elkeen, word daar na dié skooltipe gesoek waarin hierdie ideaal verwesenlik kan word. Die "London City Council" beweer: "Education is not a matter only of intellectual achievement. It is a matter of all-round growth and development, physical, intellectual, social and spiritual, and it seems indefensible to categorise schools on the basis of intellect only. It is, for example, a matter of first-rate importance for modern society that life in school should promote a feeling of social unity among adolescents of all kinds and degrees of ability."[1] Hughes[2] beweer dan ook "..... in the education of adolescents the idea of the comprehensive school must, in one way or another, be accepted if we are to give young people at this crucial formative stage the richest possible experience of community life, the fullest possible education for democracy."

In die V.S.A. is die komprehensiewe skole die draers van die demokratiese gedagte. Van die leerlinge van hierdie skole word geskrywe: "Ever alert to the violations of democracy's principles in school and community life, these young citizens build the democratic faith and process into their daily patterns of behaviour - the only reservoir in which democracy can be contained. Thus they lay deep in their own character the foundations for a better community today and with it, a better world tomorrow."

Die/.........

---

1. Ministry of Education, London, The New Secondary Education, Pamphlet No. 9.
2. Education and the Democratic Ideal, 8.

Die komprehensiewe skool strewe daarna om ʼn skool vir die hele gemeenskap te wees en alle lede van die gemeenskap (uitgesonderd die lede wat spesiale onderwys nodig het) van middelbare skoolgaande ouderdom en ontwikkelingspeil te bedien.

Die gemeenskapskool of "neighbourhood school", soos die komprehensiewe middelbare skool graag in die V.S.A. genoem word, is ʼn gebiedskool wat al die leerlinge van ʼn spesifieke gebied bedien. Dit strewe daarna "... to underline a 'commonality' of heritage, humanity and responsibility for all youth in the local community, and in so doing it achieves a social purpose in gradually overthrowing the artificial barriers that seek to divide men and women in the adult world. Thus it helps to make possible that social mobility and fluidity characteristic of a free society."[1)]

Nieteenstaande die feit dat daarna gestrewe word om verskille, wat op natuurlike aanleg en vermoëns berus, te ontdek en te ontwikkel, word daar na positiewe effektiewe middele gesoek om kunsmatige verskille wat op klassebegrip en ekonomiese welvaart berus, op te hef. Die komprehensiewe skool as gemeenskapskool probeer dus ʼn sosiale eenheid skep sonder om individualiteit te onderdruk en probeer om individuele aanleg en vermoëns te ontwikkel.

Die skool is dus nie selektief van aard nie; dit is nie ʼn akademiese tregter alleen vir die opwaartse gang van die intellektuele superieures nie. Die skool se deure staan wyd oop vir elke lid van die gemeenskap en strewe daarna om geleenthede te skep vir die volle ontwikkeling van alle jeugdiges in ooreenstemming met elkeen se aanleg en vermoëns.[2)] Om hierin te kan slaag, strewe die komprehensiewe skool daarna om die ongelukkige skeiding tussen liberale en beroepsonderwys op te hef. Die teenstelling tussen kultuur (in die engere sin gesien) en arbeid moet verdwyn en die begrip "die kultuur van die arbeid"[3)] moet ingestel word. Dit verwerp die

idees/.........

---

1. Tasmania Education Dept., Observations on Secondary Education in England, Scotland and the U.S.A., 4.
2. Ibid, 3.
3. Pauw, Die kultuur van die arbeid, Referaat gelewer voor die Jaarvergadering van die Transvaalse Werkgemeenskap van die S.A. Akademie op 24 April 1957.

idees van sommige kultuurleiers dat Afrikaanse Harrows en Etons - privaatskole waarin die aristokratiese Afrikaanse kind nie in aanraking met minderwaardige maats moet kom nie - opgerig moet word.[1)]

Die komprehensiewe skool is dan ꞌn demokratiese gemeenskapsinstelling, ꞌn ".... vorm van samenleving die een geleidelijk groeiende wisselwerking tussen individu en gemeenschap mogelijk maakt, waarbij beider rechten en verplichtingen door rechtvaardige wetgeving zodanig worden bepaalt, dat een zo groot mogelijke waarborg word verkregen voor aller welzijn en vrede."[2)]

D. Die opvoedkundig-ekonomiese grondslae van die komprehensiewe skool.

Van die skool as funksionele instelling van die maatskappy word geëis dat sowel die belange van die individu as die van die maatskappy bevorder moet word. Faktore soos verstedeliking van die bevolking, geweldige industriële ontwikkeling en outomatisasie het egter radikale veranderinge in die maatskaplike lewe veroorsaak. Indien die opvoeding en onderwys dus tred moet hou met hierdie verwikkelinge, vereis dit dat die onderwys, in die lig van veranderde omstandighede, met betrekking tot sy verantwoordelikheid teenoor maatskaplike en individuele eise ook ꞌn algehele verandering sal moet ondergaan.[3)] Dit het noodsaaklik geword dat die onderwys op ꞌn baie breër grondslag geplaas moet word, dat dit belas word met nuwe verantwoordelikhede teenoor sy heterogene skoolbevolking en die veranderde maatskaplike omstandighede. Vir sy ekonomiese welvaart is die maatskappy van die skool afhanklik van ꞌn gestadige stroom gelukkige, goed-aangepaste en deeglik opgeleide werkers.

Veranderde omstandighede het meegebring dat die middelbare skoolbevolking vandag bestaan uit die grootste persentasie jeugdiges van middelbare skoolleeftyd. Hierdie leerlinge vorm dus ꞌn verteenwoordigende monster van die hele bevolking in sy groot verskeidenheid. Indien die onderwys sy roeping wil vervul, moet

daar/.........

---

1. Tasmania Education Dept., Observations on Secondary Education in England, Scotland and the U.S.A., 2.
2. Paedagogische Studiën 30ste jaargang, 10de afl., Oktober 1953, de Boer, Opvoeding tot democratie, 308.
3. Dewey, The School and Society, 26, 27.

daar in die behoeftes van al die skoolpligtiges voorsien word. Individuele verskille noodsaak dus gedifferensieerde onderwys. Die Interkerklike Komitee beweer:[1] "Dit moet duidelik wees dat hierdeur 'n gans ander posisie geskep is t.o.v. middelbare onderwys: immers die gesag wat verpligte skoolbesoek vir duisende meer leerlinge toepas, moet dan ook gedifferensieerde kursusse aanbied wat minstens die opgelegde kursus sou billik. ..... As sy onderwysveld ingekort is, gebeur dit noodwendig dat duisende leerlinge nie op die regte tyd in die regte soort kursusse beland nie. Kortom, die kenmerkende selektiewe funksie van die sekondêre skool vir enkele leerlinge is gewysig tot 'n duidelike distributiewe funksie vir iedere leerling in die mate waartoe hy daarvan kan profiteer." Vir die grootste persentasie van die middelbare skoolbevolking is die sekondêre skoolfase die finale en bepalende tydperk in hulle onderwysloopbaan, hiervandaan gaan hulle die beroepslewe binne. Vir hierdie leerlinge moet die skool dus afgeronde algemeen-vormende sowel as beroepsvoorbereidende kursusse verskaf. Hierdie opvoedkundig-ekonomiese, kultureel-utilistiese eise het gedifferensieerde onderwys in komprehensiewe of afsonderlike skole noodsaaklik gemaak.

Die geïndustrialiseerde beroepswêreld vereis dat om te voorsien in al sy menigvuldige behoeftes, elke burger sy aanleg en vermoëns ten volle sal ontwikkel. Die onderwysprogram moet dus daarop ingestel wees om individuele verskille te ontdek en te ontwikkel. Die moderne skool moet dus 'n algehele funksionele metamorfose ondergaan en wegbreek van die "eenspoor" middelbare skool van die verlede.

Dewey[2] sien dan ook die moderne skool as "embryonic community life, active with types of occupations that reflect the life of the larger society and permeated throughout with the spirit of art, history and science. When the school introduces and trains each child of society into membership within such a little community, saturating him with the spirit of service, and providing him with the instruments of effective self-direction, we shall have

the/.........

1. Memorandum insake die behoefte aan 'n uniale onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer t.o.v. middelbare onderwys, 22.

2. The School and Society, 27. 28.

the deepest and best guaranty of a larger society which is worthy, lovely and harmonious."

Die middelbare skool het ook 'n voorbereidende en voorspellende funksie, aangesien leerlinge reeds aangewys en voorberei word vir hulle toekomstige beroepe. Die middelbare skool vorm die oorgang of skakel met die samelewing.[1] In die V.S.A. word hierdie beginsel egter verder gevoer. In die komprehensiewe skole, maar veral in die "Double Purpose Schools" (algemene en beroepskole) en die "Vocational Schools" word die noodsaaklikheid van beroepsonderwys nog meer beklemtoon. In hierdie skole geld die utiliteitsbeginsel baie meer en word daar aangevoer dat "We should teach people to do better those desirable things they are going to do anyway",[2] en verder, "The modern school's basic and direct concern must be the education of better persons for better living in a better world."[3] Beroepsonderwys geniet in hierdie skole net so veel en soms nog meer aandag as die gewone algemeenvormende onderwys.

In hierdie soort komprehensiewe skole word daar doelbewus na gestrewe om die kultuur van die arbeid hetsy hande- of intellektuele arbeid, by leerlinge in te skerp. Arbeid word beskou as nie net sleurwerk nie, maar 'n hoë roeping wat lei tot geestelike veredeling.[4]

Ook in Suid-Afrika kan hierdie beginsels, hierdie nuwe visie, tot heilsame gevolge lei. Indien deur komprehensiewe skole of andersinds daarin geslaag kan word om die adel van die arbeid heringestel te kry, kan die uiteindelike kulturele en ekonomiese gevolge vir die individu en die maatskappy van onskatbare waarde wees.

In die komprehensiewe skole, in teëstelling met die "multilateral schools" waarin die verskillende rigtings heeltemal ewewydig aan mekaar loop en daar geen onderlinge integrasie is nie, word die rigtings of bane doelbewus saamgevleg en ontstaan daar nie die afgebakende strome nie. Daar is gedurige onderlinge wisseling in die groepe sodat

die/.........

---

1. Coetzee en Bingle, Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, 12.
2. Mort and Vincent, Modern Educational Practice, 71.
3. Jacobson, The American Secondary School, 326.
4. a. Keller, The Double-Purpose High School, 179, 180
   b. Pauw, Die kultuur van die arbeid, 2.

die skool as ŉ eenheid funksioneer. "The Comprehensive School provides a breadth and continuity in the educational matrix within which the good citizen of the school develops into the good citizen of the community."[1] Verder word daar van die veronderstelling uitgegaan dat praktiese vakke nie volledige onderwys vir sommige leerlinge is nie, maar gedeeltelike onderwys vir alle leerlinge is. Die noodsaaklikheid van praktiese vakke en die ontwikkeling ook van handvaardigheid word dus algemeen aanvaar.

By die uiteindelike oorskakeling na en inskakeling in die gemeenskapslewe ondervind die leerlinge van die komprehensiewe skole die minste aanpassingsmoeilikhede. Die gemeenskapskool was die maatskappy in embrio, daar was gedurige inskakeling en aansluiting ook met die beroepswêreld en die aspirant werker kan nou sonder verlies van tyd en geld sy rigting vind en sy regmatige plek in die samelewing inneem.

In ŉ onderwysstelsel waarin daar verskillende skooltipes is (byvoorbeeld in die "tripartite" stelsel), moet akademiese skole wel ook vir sekere praktiese vakke soos hout- en metaalwerk voorsiening maak, sodat dit dus, in soverre as wat dit die uitgawes aan geboue, toerusting en opgeleide personeel betref, meer ekonomies is om hierdie geriewe net uit te brei sodat dit in die behoeftes van alle leerlinge voorsiening kan maak. Differensiasie na buite (in skooltipes) sal dus hoër uitgawes vereis aangesien daar dan oorvleueling van lokale, toerusting en personeel sal wees.

ŉ Aangeleentheid wat nou saamhang met die nuttigheidsaspek van die onderwys en besondere aandag in die meeste komprehensiewe skole geniet, is die kwessie van druiping. Nadat die persentasie druipelinge in Transvaal vanaf 1940 tot 1951 vanaf 12.8 persent tot 8.0 persent gedaal het, vind ons dat daar nogtans in 1951, vanaf die grade tot standerd tien, 18,354 leerlinge gedruip het. Bereken teen die per caput koste van £36 en £50 per laer- en hoër skoolkind respektiewelik, beloop die totale bedrag nagenoeg driekwart miljoen pond. Behalwe die finansiële aspek van die saak, ontstaan die vraag ook of die onderwysdoeltreffendheid

deur/.........

---

2. English New Education Fellowship, The Comprehensive School, 16.

deur druiping verhoog word en of die nadelige gevolge van druiping soos byvoorbeeld die gevolglike versteuring van emosionele stabiliteit, hierdeur geregverdig word.[1]

Muller[2] kom tot die volgende gevolgtrekking: "Die beeld wat ons aan die hand van die gegewens deur ervare waarnemers versamel, hier vir u geteken het, is nie 'n aantreklike nie: . Ons skole (is) in die greep van gesteriotipeerde akademiese vereistes; hierdie toestande vererger deur snobisme en tradisie wat 'n vryer keuse van skoolvakke vir die nie-akademiese aangelegde leerling belemmer; 'n duur proses van uitsakking en druiping op ons hoër skole grotendeels terwille van die klein persentasie leerlinge wat uiteindelik op die universiteit beland, en dan nog druiping van byna helfte van hierdie uitverkorenes ...."

Om druiping te probeer beperk, is 'n aktuele vraagstuk wat tans aandag in die meeste Westerse lande geniet. Verskillende oplossings vir die beperking van druiping, is reeds aan die hand gedoen.

Indien die middelbare skole egter deur middel van gedifferensieerde onderwys, in komprehensiewe of afsonderlike skole, elke leerling volgens sy besondere belangstelling, aanleg en vermoë die beste en die regte ontwikkelingsgeleenthede bied, sal twee vername faktore wat tot druiping lei, naamlik belangeloosheid en onvermoë, in 'n groot mate uitgeskakel word. Die komprehensiewe skool bied 'n oplossing deur differensiasie van leerplanne, leergange, metodiek, tempo, ens., waardeur aanpassingsmoontlikhede aan leerlinge gebied word, sodat langs hierdie weg moontlik ook aan druiping paal en perk gestel kan word.

In plaas van die huidige tregtervormige keuringstelsel wat deur seleksie alleen die akademiesbevoegde minderheidsgroep deurlaat, kan deur komprehensiewe middelbare skole die volgende bewering van die De Villiers-kommissie bewaarheid word:[3] "Ons werklike rykdom lê in die potensiële vermoëns en talente van ons

jeug/.........

---

1. T.O.D., Onderwys-bulletin Vol. 1 Nr. 3, September 1956, Druiping op skool, 118 en 122.
2. Muller, Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in Suid-Afrika as geïntegreerde faktore i.v.m. druiping aan die universiteit, 116.
3. Unie van S.A., Verslag van die kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys, 24.

jeug en in die karakter en vaardigheid van ons bevolking; ons hoop as 'n volk, in die ruimste aanwending van ons menselike materiaal."

----------

# HOOFSTUK 5.

## DIE KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOOL IN PRAKTYK.

### 1. DIE DOEL VAN DIE OPVOEDING.

Netsoos ons lewens- en wêreldbeskouing ons begrip van opvoeding bepaal, bepaal dit ook die opvoedingsdoeleindes. Elke ouer of onderwyser voed dus sy kinders en leerlinge op in ooreenstemming met sy lewens- en wêreldbeskouing. Die mens met 'n Christelike lewens- en wêreldbeskouing het noodwendig 'n Christelike opvoedingsdoel.[1]

Die opvoedingsdoel vorm verder een van die allerbelangrikste grondvrae van die opvoedkunde, aangesien geen werksaamheid van die mens tot enige vrug kan lei, indien dit nie met 'n bewuste doel voor oë verrig word nie. 'n Doelgerigte strewe in die lewe en opvoeding het tot gevolg 'n ordelike, bewuste strewe wat afstuur op 'n voorafbepaalde en vooruitgesiene beëindiging van ons handelinge.[2] Die opvoedingsproses is egter 'n langsaamontwikkelende, ontvouende lewensproses en word nooit in 'n absolute sin verwesenlik nie. Dit is alleen moontlik om die vooropgestelde doel ordelik, doelbewus en stapsgewys te nader. Dit is dus noodsaaklik dat ons in die opvoeding sal onderskei tussen die verskillende vorme waarin die beëindiging van ons werksaamhede hulle openbaar.[3] Die doelstellings in die lewe en opvoeding kan dan onderverdeel word in die hoogste of die uiteindelike, die verwyderde en die nabysynde of onmiddellike.

#### a. Die uiteindelike doelstelling.

Die uiteindelike doel van die opvoeding is dieselfde as die hoogste lewensdoel. In die Christelike opvoeding word as lewens- en opvoedingsdoel gestel die kennis, die liefde en die diens van die Skepper. Hierdie weg lei tot die verwesenliking van die einddoel van alle lewe en opvoeding : die verheerliking van die naam van God/.......

1. Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 276.

2. Ibid, 274.

3. Idem.

God.[1] Hierdie opvoedingsideaal kan nie beter gestel word as wat prof. J. Chris Coetzee dit saamvat[2] in die woorde van die Apostel Paulus in 2 Timotheus 3 ver 17 nie : "........ sodat die mens van God volkome kan wees, vir elke goeie werk volkome toegerus."

Die middelbare onderwys probeer om hierdie verhewe doel te bereik of minstens na te streef deur nie alleen onderrig in die Christelike religie te gee nie, nie alleen deur 'n Christelike lewenswandel nie, maar deur die onderwys in 'n Christelike gees en rigting te laat geskied. In die liefde tot Hom, die Bron van ons hele bestaan, word die uiteindelike, die hoogste en die allesomvattende doel verwesenlik.[3] Ook in die komprehensiewe middelbare skool kan en moet hierdie doelstelling nagestreef word.

b. <u>Die verwyderde doelstellings</u>.

Ook die verwyderde doelstellings is gegrond op die mens se lewens- en wêreldbeskouing maar, anders as by die uiteindelike doel, kan enersgesinde mense tog hierin verskil. Die einddoel is finaal en onveranderlik, maar die verwyderde, en ook die nabysynde doeleindes, kan van persoon tot persoon baie verskil en is dus nie finaal, absoluut en onveranderlik nie.[4] By die verwyderde doelstellings beklemtoon ons hoofsaaklik die filosofiese, etiese en estetiese eise.

Deur die middelbare onderwys kan die kind reeds gebring word tot 'n filosofiese insig in die lewe. Dit moet die kind bring tot 'n geformuleerde en wetenskaplik gefundeerde lewens- en wêreldbeskouing. Die skool moet sorg vir die filosofiese versorging, vorming en ontwikkeling van die opvoedeling.[5]

Die sedelike vorming, ook genoem die karaktervorming van die mens, is een van die hoogste doeleindes van die ware opvoeding. Kennis van die goeie en die ware wat verkry is deur die verwerwing van kennis en die vorming van die verstand, het geen werklike betekenis

in/.........

1. Coetzee en Bingle, Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, 10.
2. Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 33.
3. Coetzee en Bingle, a.w., 10.
4. Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 276.
5. Coetzee en Bingle, a.w., 11.

in die lewe nie as dit nie ook voer tot die doen, die uitlewing van die goeie nie.[1]

Die middelbare skool, meer as die primêre skool, is daartoe in staat om te sorg vir die estetiese ontwaking, versorging, vorming en ontwikkeling van die kind. Skoonheid is 'n eis van die gebod van God. Deur die onderrig in Letterkunde, Geskiedenis, Natuurwetenskappe, Wiskunde en die skone kunste word die kind se oë vir die skone geopen.

Ook die komprehensiewe skool kan en moet daarna streef om, deur die ontwikkeling van 'n selfstandige, gebalanseerde, karaktervolle en ten volle ontwikkelde persoonlikheid, ook die verwyderde doelstellings in die onderwys te verwesenlik.

c. Die onmiddellike doelstellings.

Die nabysynde oogmerke van die opvoeding moet die uiteindelike en die verwyderde doelstellings dien en bevorder. Hierdie doelstellings is meer onmiddellik bereikbaar en kan meer planmatig nagestreef en ten uitvoer gebring word. By die formulering van hierdie meer bepaalde oogmerke van die opvoeding vir enige besondere inrigting, sal opvoedkundiges moet besluit watter kennis, belangstellinge, ideale, gewoontes, vermoëns en vaardighede deur die leerlinge aangeleer en ontwikkel moet word ten einde die jeugdiges hulle regmatige plek as individu, as lede van 'n gesin, gemeenskap, staat en as wêreldburgers te laat vind sodat hulle hul plek as maatskaplike en geestelike wesens en as werkers kan inneem.[2] By die formulering van hierdie oogmerke vind ons dat net so universieel as wat die opvoedingsverskynsel onder mense is, net so verskillend is die oogmerke van die bemoeienis van volwassenes met die volwasse-wordendes.[3] Opvoedingsoogmerke is ideologiese aangeleenthede en elkeen, hetsy enkeling, gemeenskap of volk, beweer dat die doel wat hy beoog, die beste is om na te strewe. Dit is sy interpretasie van die hoogswaardevolle. Hy glo in sy saak en dit gee hom staan en vastrapplek in die lewe. Dit maak sy

arbeid/....

1. Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 283.

2. Unie van S.A., Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys 1948, 23.

3. Oberholzer, Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde, 85.

arbeid, ook die van die opvoeding, sinvol.[1] Hierdie opvoedingsdoelstellings is dus nogeens neerslae of uitkristallisasies van lewensopvattinge en mensebeskouinge en is uiteenlopend en verskillend van aard.[2]

Die onderwys moet hom egter die ontwikkeling van die hele persoon ten doel stel en moet dus mikpunte en oogmerke kies waarop die onderwyser hom by die bevordering van volkome ontwikkeling kan rig.[3] Hierdie ontwikkeling moet die jeugdige uiteindelik in staat stel om die voorregte en die verantwoordelikhede van die lewe op hom te neem, te geniet en uit te voer en 'n waardige plek onder sy medemense in te neem. 'n Ewewig moet getref word tussen die eise wat deur die breë kultuur en deur die utilitarisme aan die skool gestel word. Die doel moet wees om 'n ten volle ontwikkelde, beskaafde persoonlikheid voort te bring. Dit behoort verder vir die skool moontlik te wees om by die aankweek van die kultuureienskappe, die kind terselfdertyd voor te berei sodat hy hom by die opleiding vir sy toekomstige beroep kan aanpas.[4] Die ideale skool is dus 'n kultuursentrum vir die gemeenskap wat die verskillende magte wat op sy lede inwerk, moet koördineer, saamvat en integreer; dit moet diagnoserend wees om individuele aanleg, vermoëns en belangstellinge te ontdek, differensieer om aan hierdie verskille reg te laat geskied en moet uiteindelik propedeuties van aard wees om die individu sy regmatige plek in die samelewing te laat inneem.[5]

Vir eeue lank was die tradisionele funksie van sekondêre onderwys hoofsaaklik om 'n geselekteerde minderheidsgroep van superieure leerlinge vir universiteitstoelating voor te berei. Eers vanaf die begin van hierdie eeu het versiende opvoedkundiges die moontlikheid van sekondêre onderwys vir die meerderheid van die jeug begin oorweeg.[6]

Hierdie/.....

---

1. Oberholzer, Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde,178.
2. Ibid, 180.
3. Unie van S.A., Verslag van die kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys 1948, 22.
4. Provinsie van Transvaal, Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie 1939, 10.
5. Coetzee en Bingle, Beginsels en metodes van die middelbare onderwys, 12, 13.
6. Tasmania Education Dept., Observations on Secondary Education in England, Scotland and the U.S.A. 1955, 1.

Hierdie ideaal het so ver gevorder dat die huidige middelbare skool vandag voorsiening moet maak vir die grootste persentasie van die skoolbevolking bo 13 jaar, vir ten minste drie jaar sekondêre opleiding. Hierin staan die komprehensiewe skool met sy moontlikhede tot differensiasie baie sterk, aangesien dit voorsiening probeer maak vir elke lid van hierdie bykans ongeselekteerde middelbare onderwysgroep.

Die moderne skool het dus 'n geweldige taak, sodat "....we must aim at a school so richly varied in personnel, equipment and range of activities that it will escape the priggish exalting of the purely intellectual or clerkly gifts which has so falsified our values and impaired our social health."[1] Voorsiening moet dus vir elke leerling gemaak word en daar moet gestreef word na die volle en harmoniese ontwikkeling van al die aspekte van die individu se persoonlikheid, sy liggaamlike, geestelike, sosiale, politiese en logiese versorging, vorming en ontwikkeling en sy uiteindelike aanpassing by sy omgewing.[2]

Die komprehensiewe skool vir gedifferensieerde onderwys is die opvoedingsinrigting waarin hierdie ideale verwesenlik kan word.[3]

d. <u>Die wyse waarop die Komprehensiewe skool die onmiddellike doelstellings in die praktyk probeer verwesenlik</u>.

Indien die grondbeginsels en doelstellings van komprehensiewe middelbare skole in verskillende lande nagegaan word, blyk dit dat dit in mindere of meerdere mate onderling verskil. Die ooreenstemmende basiese vereistes is egter dat die komprehensiewe skool

i. 'n <u>gemeenskapskool</u> moet wees. Die skool moet toeganklik wees vir <u>alle</u> normale leerlinge in die gemeenskap, en

ii. die kurrikulum moet bestaan uit 'n kern van algemeen-vormende vakke wat deur alle leerlinge geneem

moet/......

1. Advisory Council on Education in Scotland, Secondary Education 1947, 37.

2. Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 278 - 282.

3. Onderwysbulletin, Vol II Nr. 2, Junie 1957, Groenewald, Waarom 'n nuwe onderwysbeleid vir Transvaal, 95.

moet word, en daarna spruit dit uit in 'n reeks gespesialiseerde rigtings waaruit elke leerling sy keuse in ooreenstemming met sy aanleg en vermoëns kan maak.

Keller[1] formuleer die besondere doelstellings van die komprehensiewe skool as volg : "The comprehensive high school aims to serve the needs of all American youth. That is to say it accepts without selection all the young people in the area it commands - all races, creeds, nationalities, intelligences, talents, and all levels of wealth and social status. Such a school has as its broadest objective the teaching of all varieties of skill, all kinds of knowledge to all kinds of youth bent upon living socially profitable lives. To each one it seeks to give the course for which he seems best fitted. Its design is to prepare one and all for potentially successfull vocations. The Comprehensive High School prepares the college-oriented youth for college. It qualifies the noncollege-bound youth and, as far as possible, the boy or girl who will drop out before graduation for an occupation. It is adapted to give everyone a general education for the common things he will do in life and it may and should give some pupils a high capacity preparation for both college and occupation. In this last area it functions also as a double purpose high school."

Uitgaande dan van die algemene grondslag van die komprehensiewe skool in die verskillende lande kan die besondere doelstellings van die komprehensiewe middelbare skool dan soos volg geformuleer word : Doel

i. onderwys vir almal met gelyke geleenthede aan alle leerlinge in die skool ;

ii. die vorming en ontwikkeling van die hele kind volgens sy besondere behoeftes, aanleg en vermoëns;

iii. die ontwikkeling van algemene en beroepskundige bekwaamhede;

iv. die opheffing van die skeidsmuur tussen akademiese en beroepsonderwys en

v. die uitleef en vestiging van die demokratiese beginsels en gebruike by die onvolwassene ter beveiliging van die demokrasie.

Aangesien/.....

---

1. The Comprehensive High School, 31, 32.

Aangesien dit egter noodsaaklik is dat alle opvoedkundige inrigtings in 'n land aansluiting moet vind en aanpas by landsomstandighede, tradisies en gebruike, sal die komprehensiewe skool in Suid-Afrika noodwendig ook die draer van die christelike nasionale onderwysideaal moet wees. Veral die godsdienstige eise, apartheidsbeginsel en moedertaalonderwys sal gehandhaaf moet word indien hierdie skooltipe suksesvol toegepas wil word.

2. DIE KURRIKULUM VAN DIE KOMPREHENSIEWE SKOOL.

Die woord "kurrikulum" beteken "'n klein loopbaan" en omvat in die onderwys die leerstof (vakke of aktiwiteite) wat nodig geag en voorgeskryf word vir die bereiking van 'n bepaalde stadium van volwassenheid in die opvoedkundige ontwikkeling van die kind.[1)] Morrison[2)] definieer ook die kurrikulum as "the body of learnings which are presumed to constitute the content of right education."

Die leerstofkeuse word bepaal deur die opvoedkundige beginsels wat gehuldig word en die kennis, vaardighede en houdinge wat as noodsaaklik beskou word. Bepalende faktore sal dan wees die lewens- en wêreldbeskouing, die opvoedingsdoel wat nagestreef word, die psigologiese, sosiologie en logiese eise waaraan voldoen moet word, die historiese kriterium en uiteindelik die noodsaaklikheid om die leerstof onderling te korreleer en te integreer.[3)]

Deur die eeue heen het opvoedkundige teorieë, die lewenseise, die ontwikkeling van die gemeenskap, die kultuur, ens. egter veranderinge ondergaan en is die kurrikulum ooreenkomstig gewysig. Reeds vanaf die Griekse beskawingstydperk is 'n skeiding tussen liberale en beroepsonderwys gemaak. Deur die middeleeue tot die moderne akademiese of "grammar" skole het die liberale onderwysrigting sy besondere status gehandhaaf en het beroepsonderwys geen erkenning verkry nie. Beroepsopleiding is deur die Grieke tot die slawe beperk, terwyl in die middeleeue beroepsonderrig deur middel van die gildestelsel geskied het. Die opkoms van die moderne handel en nywerheid

het/...........

---

1. Coetzee, Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde, 323.

2. Basic Principles in Education, 48.

3. Coetzee, a.w., 326, 330.

het die opleiding van vakkundige werkers noodsaaklik gemaak en so het die industrie-skole en later die tegniese skole ontstaan. Gedurende die twintigste eeu het liberale en beroepsonderwys egter nader aan mekaar beweeg sodat dit tans deur sommige opvoedkundiges as 'n ondeelbare eenheid beskou word.[1)]

Deur middel van 'n kurrikulum wat vir sowel die akademiese as die beroepsrigtings voorsiening maak en hierdie rigtings verder onderling korreleer en integreer strewe die komprehensiewe skole daarna om die eeu-oue skeiding te oorbrug. Die skool word dan so georganiseer "..... to meet the needs of all educable youth until they are eighteen years of age. This means that the secondary school should make a determined effort to provide both for the academically - minded student preparing for university entrance, and for the much larger group who, though intending to go into farming, business, or industry, would nevertheless profit from several additional years of schooling. Matriculation requirements must not hinder the development of a curriculum sufficiently flexible to provide for the needs of non-matriculants."[2)]

Ook in die verhouding van leerstof tot leerling het daar geleidelik 'n verandering ingetree. Die tradisionele en die nog konserwatiewe beskouing is om die kind by die kurrikulum te laat aanpas. In die komprehensiewe skool word daarna gestrewe om, soos Brubacher[3)] dit stel ".... to conceive of the curriculum more in terms of the nature of the learner. In order to do this one must cease thinking of subject matter as something fixed and ready-made in advance. In a like manner, one must give up thinking of the curriculum as something outside the childs experience as something that can be poured into the child from without."

In ooreenstemming met hierdie strewe om die inhoud van die kurrikulum by die rypende jeug te laat aanpas en in die behoeftes van elke adolessent te voorsien, moet deur middel van die leerstof die volgende beoog word :

a./.........

---

1. Dempster, Purpose in the Modern School, 80, 81.
2. Department of Education, Alberta, Curriculum Guide for Alberta Secondary Schools, 20.
3. Modern Philosophies of Education, 225.

a. die persoonlike ontwikkeling van die adolessent,
b. die skepping van 'n gesonde familielewe,
c. die ontwikkeling tot 'n waardige lid van die samelewing, en
d. om die jeugdige beroepsvoorbereid te maak.[1]

In sommige komprehensiewe skole soos in Engeland en Skotland word die leerstof nog volgens die logiese sisteem in afgebakende vakwetenskappe ingedeel. In die V.S.A. word die inhoud egter in ooreenstemming met die belangstelling, behoeftes en bekwaamhede van die leerlinge byvoorbeeld in werk-eenhede (H. Parkhurst se Dalton-plan) of studiekursusse (H.C. Morrison) of projekte (W.H. Kilpatrick) ingedeel. In Kanada word weer van "program blocks" gebruik gemaak. Deur middel van al hierdie metodes vervaag die skeidsmure wat die vakwetenskappe skei en word daarin geslaag om die inhoud te korreleer en te integreer.

In die komprehensiewe skool word dit noodsaaklik geag dat daar gedurende die eerste paar jaar van middelbare onderwys 'n breë algemeen-vormende grondslag as fondament vir die toekomstige gespesialiseerde onderwys gelê moet word.[2] Hierdie aanvangsjare dien ook as 'n diagnostiese periode om leerlinge in staat te stel om hulle aanleg en vermoëns te ontdek. Gedurende hierdie periode word aan alle leerlinge dieselfde vakke aangebied, maar verskil die werk tog van klas tot klas deur van differensiasie in sommige vakke gebruik te maak.

Die tydsduur van die diagnostiese tydperk wissel van land tot land. In Skotland word die gemiddelde en skrander leerlinge aangemoedig om sonder verwyl met hulle keuserigting voort te gaan, terwyl die keuse vir die swakkere leerlinge uitgestel word. Die algemene gebruik elders is egter om ten minste drie jaar vir die algemene onderrig te gebruik. Gedurende hierdie tydperk word keusevakke geleidelik ingevoer sodat leerlinge aan die begin van hulle vierde middelbare skooljaar hul rigting gevind het. Veranderings kan selfs nog op later stadiums gemaak word maar vereis dan sekere aanpassings.

In/......

---

1. Department of Education, Alberta, Curriculum Guide for Alberta Secondary Schools, 15.
2. T.O.D. Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde onderwys, 75.

In die V.S.A. waar die kredietstelsel algemeen in werking is, word hierdie oorskakeling baie vergemaklik.

Netsoos by die gewone skole bestaan die kurrikulum van die komprehensiewe skole uit kern- (verpligte) en keusevakke. Die verpligte vakke ("common core") is die algemeen-vormende vakke wat noodsaaklik geag word vir die essensiële kern van kennis, vaardighede, religieuse vorming en sosiale aanpassing en vorm die basis van die kurrikulum.[1)]

Die kernvakke wissel in die verskillende komprehensiewe skole maar bestaan gewoonlik uit ten minste die huistaal, Sosiale Studies, Rekene, of Algemene Wiskunde, Liggaamlike Opvoeding, Bedryfskennis, Kuns en Musiek. Gedurende die diagnostiese tydperk onderrig die klasonderwyser self soveel as moontlik van hierdie vakke sodat daar 'n hegter onderwyser - leerling verhouding ontstaan en sodat vakke onderling bymekaar ingeskakel kan word. Hierdie vakke word meesal, veral in standerd ses waar geen of min homogene groepering plaasvind, in klasgroepe geneem. In standerd sewe en agt word groepering volgens keuse en homogeniteit geleidelik ingevoer en verdere kruisgroepering ("setting") kan ingevoer word.[2)] In die Transvaal word die vakke egter in kern-, keuse- en byvakke ingedeel.

Die keusevakke wissel van skool tot skool in ooreenstemming met die grondbeginsel wat in die komprehensiewe skool gehandhaaf word, naamlik dat die skool 'n gemeenskapskool is en dus in die beroepe, handel en industrieë van die omgewing se behoeftes moet voorsien.

Geleidelik selekteer die leerling dan uit 'n wye veld van beroepsrigtings die vakke wat ooreenstem met sy intelligensiepeil, aanleg, vermoëns en die wense van sy ouers. Langsamerhand word al meer periodes aan die gespesialiseerde rigting gewy totdat in die finale jare ten minste helfte van die tyd hieraan bestee word.[3)]

Hierdie stelsel van kern- en keusevakke voorsien in die vereiste van onderwys vir elke individu, maar verseker nog nie dat elkeen die regte onderwys ontvang nie. Hierdie leemte word aangevul deur middel van gedifferensieerde onderwys.

Indien/.......

---

1. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 75.
2. London County Council, The Organisation of Comprehensive Secondary Schools, 20.
3. English New Education Fellowship, The Comprehensive School, 31.

Indien leerlinge in verskillende bekwaamheidsgroepe ingedeel word en daar 'n verskil in die eindoel vir elke baan is, is dit dus noodsaaklik dat ook in die vakinhoud vir elke bekwaamheidsgroep gedifferensieer sal word. Binne die raamwerk van elke vak moet die leerstof dus rekening hou met die intelligensiepeil, aanleg, belangstelling en uiteindelike beroepsdoel van elke leerling. Verskillende leergange moet dus in elke vak opgestel word. In die tale, byvoorbeeld, kan die klem vir die akademiese groepe meer op taal-insig val, vir die klerklike en handelsgroepe sal die aandag bepaal word by die korrekte en logiese gebruik van die spreek-taal en die skrywe van briewe terwyl die tegniese en algemene kursusse vereis dat klem op die praktiese, dit wil sê die meer utilistiese, aspekte gelê sal word.[1)] Netso sal Wiskunde wat aan akademiese groepe geleer word, indien dit geneem word, opvallend verskil van die Wiskunde wat by die beroepsgerigte kursusse sal aansluit. In die meeste vakke sal hierdie aanpassing by en die koördinasie met die bestaande bekwaamheidsgroepe gevind moet word.

Leergange vir die akademiese groepe sal dus nie slegs rekening hou met die vereistes vir die aflegging van die eksterne matrikulasie-eksamen nie maar moet ook vir die akademiese, filosofiese en wetenskaplike vorming van leerlinge voorsiening maak. 'n Verstandige vakkeuse en aangepaste leergange kan ook vir die leerlinge wat die senior sertifikaatkursus volg meer doeltreffend en afgerond wees. Leerlinge wat moontlik die skool verlaat voordat die seniorsertifikaateksamen afgelê word, is die leerlinge wat in die verlede die meeste afgeskeep is : "Hulle moes werk doen wat bokant hulle verstandspeil en buite hulle beroepsbelangstelling geval het."[2)] Leergange vir hierdie leerlinge moet wel die basiese kernfeite bevat maar moet fundamenteel prakties van aard wees.

Die gebruik in die verlede (byvoorbeeld in die junior hoër skole) om 'n standaard leerplan as basis te gebruik en dan net verrykte en verwaterde leergange daaruit op te bou, was nie suksesvol nie. In die komprehen-

siewe/.......

1a. T.O.D.-komitee, Gedifferensieerde middelbare onderwys vir blankes, 31.

b. Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Griffith, Differentiated Secondary Education, 9.

2. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 81.

siewe skole is die strewe om in elke individu se persoonlike behoeftes te voorsien. Leergange moet dus selfstandig, funksioneel en stimulerend wees sodat "No one scheme should be considered as inferior to another but each should be drawn up to meet the needs of a particular group."[1] Waar die Transvaalse Onderwysdepartement dus A-, B-, en C-bane reeds ingevoer het, is dit 'n noodsaaklike vereiste dat die B- en C- bane nie inferieur aan die A-baan moet wees nie maar alleen 'n besondere doelstelling dien. Wiskunde van die A-baan moet noodwendig akademies gerig wees terwyl die Wiskunde wat in die C-baan aangebied word meer utilisties en prakties van aard moet wees maar moet geensins aan die akademiese leergang onderdoen nie.

3. GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS.

Veral gedurende die puberteitsjare vind daar by elke persoon verreikende veranderinge plaas, veranderinge wat geestelik, fisies, maatskaplik en emosioneel van aard is. Die middelbare skoolbevolking bestaan uit adolessente, sodat die aanwesige en steeds ontwikkelende verskille die middelbare skool ten nouste raak. Elke persoon ontwikkel volgens eie tempo en aard en by geen twee persone is hierdie proses dieselfde nie.[2]

In die komprehensiewe skool met sy heterogene bevolking is dit dus 'n ingewikkelde probleem om aan elke leerling reg te laat geskied om sy hele persoonlikheid volgens sy eie aard te laat ontwikkel. Variasies in aanleg en ontwikkeling, werkvermoë, huislike agtergrond, belangstelling en uiteindelike doel in die lewe, veroorsaak so 'n uitgebreide reeks van persoonlike verskille dat dit die taak van die middelbare skool oneindig bemoeilik. Die doel van gedifferensieerde onderwys is dan juis die beplanning van die onderwys ooreenkomstig die onderlinge verskille by leerlinge sodat dit aansluit by en uitgaan van die geestesbehoeftes en vermoëns van die verskillende bekwaamheidsgroepe.[3] Dit impliseer dan die aanpassing van doelstellings, leerstof, metodiek, tempo, prestasiebeoordeling, promosie en sertifisering by leerlinge.

A/.......

1. Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Griffith, Differentiated Secondary Education, 9.
2. T.O.D.-komitee, Gedifferensieerde middelbare onderwys onderwys vir blankes, 19.
3. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 79.

A. Soorte differensiasie.

1. Differensiasie kan bereik word deur middel van afsonderlike skole, deur verskillende kursusse in dieselfde skool aan te bied wat heeltemal afsonderlik van mekaar staan of deur verskillende kursusse wat onderling geïntegreer is en deur verdere interne differensiasie verryk word, aan te bied.

Deur afsonderlike skooltipes word differensiasie na buite bewerkstellig deur skole elkeen in 'n besondere of gespesialiseerde rigting te laat voorsien. Hierdie stelsel word byvoorbeeld in Engeland aangetref. Deur middel van die "tripartite" stelsel word skole geklassifiseer as akademies, tegnies en "modern." Leerlinge word deur 'n seleksiestelsel (die 11-plus-eksamen) gekeur en word daarna verplig om 'n bepaalde skool by te woon.[1] Ook in Transvaal is pogings aangewend om gedifferensieerde onderwys deur middel van afsonderlike skole aan te bied maar dit het nie 'n sukses geblyk nie. Uiteindelik is die komprehensiewe skool vir gedifferensieerde onderwys in 1951 in Transvaal aanvaar.[2]

2. Differensiasie kan ook bereik word deur afsonderlike kursusse in dieselfde skool aan te bied, maar waar hierdie kursusse of bane heeltemal onafhanklik van mekaar beweeg en die leerlinge in die verskillende strome heeltemal van mekaar geskei word. Hierdie skole word "Bilateral", "Multilateral" (in Engeland) of ook "Multipurpose" (in Australië) skole genoem. In werklikheid verskil hierdie stelsel van die vorige alleen daarin dat die kursusse op dieselfde campus of terrein aangebied word. Gewoonlik word die strome in afsonderlike geboue op die terrein aangebied.

3. In die komprehensiewe middelbare skool word gedifferensieerde onderwys bewerkstellig deur in dieselfde skool al die verskillende kursusse wat deur die middelbare skoolbevolking uit die skool se gebied benodig word, aan te bied, dit onderling te integreer en verder deur middel van interne differensiasie onderwys aan elke individu ooreenkomstig sy belangstelling, aanleg en vermoë te verskaf.[3] In die komprehensiewe skool word interne differensiasie/...

1. Kyk hoofstuk 3.
2. Kyk hoofstuk 2.
3. Tydskrif vir Middelbare Onderwys, Vol. XXXV, Nr. 2, Sept. 1957, Griffith, An introduction to the subject of Differentiated Secondary Education, 7.

ferensiasie op die volgende wyse verskaf :

B. Gedifferensieerde doelstellings van leerlinge.

Aangesien al die middelbare leerlinge van die gemeenskap in die komprehensiewe skool saamgetrek word, is daar dus 'n groot verskeidenheid in belangstelling, aanleg en vermoëns en dus in uiteindelike doelstellings. Die skool moet dus daarop ingestel wees om doeltreffende voorsiening vir die volle ontwikkeling van elke leerling te maak. Nieteenstaande hierdie gedifferensieerde doelstellings wat deur middel van 'n uitgebreide kurrikulum moontlik gemaak moet word, vereis die voorstanders van die komprehensiewe skool ".... a unity of organization in the Main School rather than a sharp cleavage of 'sides' (Grammar, Technical or Modern) or the separation of different schools grouped round a 'campus'. The unity we have in mind will permit of considerable decentralization and devolution of responsibilities on a democratic pattern; but will promote an overall unity of purpose within which the manifold aims of the school will be achieved harmoniously within the same social and moral climate."[1)]

C. Onderlinge groepering.

In die komprehensiewe skool word leerlinge eerstens in bane (strome) en daarna verder in groepe ingedeel. Die indeling in bane is in werklikheid indeling in bekwaamheids en/of vakgroepe en weerspieël die uiteindelike onderwyspeil of beroepsrigting wat die leerling beoog. Nadat die leerlinge in drie of vier bane verdeel is, word elke baan verder onderverdeel in groepe en kan tussen hierdie groepe vir sekere vakke ook kruisgroepering plaasvind.

a. Indeling in bane.

Die indeling in bane geskied gewoonlik deur die bane volgens beroepsrigtinge of volgens bekwaamheid en beroepsrigtings te maak. Hierdie twee metodes is verwant en oorvleuel gedeeltelik mekaar. Indien die indeling volgens beroepsrigtinge gemaak word, is die indeling in akademiese, handels, tegniese en algemene bane. Die indeling volgens bekwaamheid en beroepsrigtinge is in die A-baan (I.K.110+), B-baan (I.K. 100-110) en C-baan (I.K. 80 - 100) Laasgenoemde stelsel is ook in Transvaal ingevoer. Die volgende/...

---

1. English New Education Fellowship, The Comprehensive School, 26.

volgende persentasie leerlinge van die totale skoolbevolking behoort volgens die normale verspreidingskurwe in elke baan te wees : A-baan 20%, B-baan 30% en C-baan 43%.[1]

Die A-baan is die akademiese stroom en is vir leerlinge wat, nadat hulle standerd X voltooi het, aan 'n universiteit of ander hoër onderwysinrigting verder wil studeer. Die B-baan word gevolg deur leerlinge wat nie na 'n hoër onderwysinrigting wil gaan nie maar nogtans standerd X wil aflê. Die C-baan is vir die leerlinge wat nie verder as standerd VIII wil gaan nie of wat dit baie moeilik sal vind om met hulle studies verder as hierdie standerd te kan vorder. Ouers het egter die reg om hulle kinders in enige baan wat hulle mag verkies, te plaas. Deur middel van doeltreffende voorligting en samesprekings met ouers behoort probleemgevalle opgelos te word.

Die faktore wat in aanmerking behoort geneem te word by die indeling in bane is die I.K., ouderdom, skoolprestasie, laerskool-verslag, ouers se wense, die uitslag van gestandaardiseerde skolastiese toetse, huislike omstandighede, houding teenoor werk en voorliefde vir besondere vakke, ywer en deursettingsvermoë.

b. Indeling in groepe.

Nadat die stroomindeling voltooi is, word differensiasie verder gevoer deur die bane van elke standerd in meer homogene bekwaamheids en/of vakgroepe in te deel wat ook terselfdertyd moontlik ook die klasindeling sal wees. Nadat die eerste toetse afgehandel is, en daarna met gereelde tussenposes, word in sekere vakke, gewoonlik in die kernvakke, kruisgroepering toegepas.


By die indeling in bekwaamheidsgroepe en veral by kruisgroepering, word van homogene groepering gebruik gemaak. Van homogene groepering word beweer : "There is no doubt that the greatest success in internal differentiation will be obtained when pupils are divided into homogeneous groups. By this is meant the grouping together of pupils of the same kind or of a similar nature, for then it may be assured that their needs are, in general, the same. It is obviously much easier to make suitable provision/...

---

1. a. T.O., Omsendbrief aan hoofde van middelbare skole, Nr. 59 van 1957., 2.

   b. Tydskrif vir middelbare onderwys, Vol. XXXV., Nr 2, September 1957, 8.

**'N VOORBEELD VAN GROEPINDELING IN DIE KOMPREHENSIEWE SKOOL.**




Verduideliking. 1. Byvakke word in klasgroepe c/a, c/b of c/c geneem en leerlinge word dus nie saam met leerlinge van ander klasse gegroepeer nie.
2. A/aAfr/1 is dus A:A-baan; a : Klasgroep a Afr/1: Afrikaans homogenegroep 1.
3. Verwys "Onderlinge groepering" vir verdere verduideliking.

provision for a group of pupils whose needs are similar than for a group in which there is a great variation in needs." 1)

Wyndham definieer 'n homogene groep "..... as a group of individuals which, at a given time and in a given situation, present a comparatively small degree of scatter in terms of major criterion of grouping."2) Dit is 'n normale verskynsel dat die homogene groepering vir byvoorbeeld Wiskunde heelwat mag verskil van die leerlinge wat in Afrikaans homogene groepe saamstel. Hierdeur ontstaan die noodsaaklikheid vir kruisgroepering. Die homogene groepe word saamgestel deur ook van dieselfde faktore gebruik te maak wat vir die baanindeling in aanmerking geneem is. Vir homogene vakgroepe is die belangrikste kriterium egter die prestasie wat in die besondere vak deur die leerling behaal is.

Deur middel van homogene groepering is dit moontlik om die beswaar teen komprehensiewe skole, naamlik dat hierdie skole tot gevolg het dat 'n te lae standaard vir die skrander leerlinge en 'n te hoë standaard vir die stadiger-vorderende leerlinge gehandhaaf word, teen te werk. Elke groep word in staat gestel om ongehinderd na vermoë te werk. Homogene groepering word egter soms gekritiseer aangesien dit, so word beweer, die sosiologiese voordele wat die komprehensiewe skool bied, benadeel.

In die V.S.A. is 500 hoofde van skole in verband met hulle praktiese ondervinding aangaande homogene groepering geraadpleeg. Die uitslag was baie sterk ten gunste van homogene groepering as 'n noodsaaklike middel om gedifferensieerde onderwys te bewerkstellig.3) Wyndham4) kom tot die gevolgtrekking dat homogene groepering wel skolastiese prestasies kan verhoog en dat dit geen noemenswaardige nadelige gevolge op die persoonlike ontwikkeling van die adolessent het nie en ook nie wanverhoudings tussen leerlinge skep nie.

D/.......

---

1. Tydskrif vir middelbare onderwys, Vol. XXXV, Nr. 2 Sept 57, 8.

2. Ability Grouping, 118.

3. American Association of School Administration, Ninth Yearbook, 1931, 121 - 126.

4. Ability Grouping, 185 - 187.

D. Metodiek in die komprehensiewe skool.

Onderwysmetodiek speel naas die opvoedingsdoel en -inhoud, 'n belangrike rol in die onderwys en word deur die opvoeder gebruik om die opvoedingsproses so te kontroleer, te suiwer en te rig dat die kind se aktiwiteite so beheer en gelei word dat die gewenste ontwikkeling en vorming van sy karakter en vermoëns kan ontstaan.[1] In die komprehensiewe skool word daarna gestrewe om 'n gedifferensieerde metodiek te ontwikkel "..... that unlocks the child's energy, focuses his attention, and stimulates his interests ......"[2] Hierdie metodiek word bepaal en beheer deur die fundamentele beginsels wat die komprehensiewe skool ten grondslag lê.[3] In die besonder word egter beklemtoon dat die hele mens as 'n karaktervolle persoonlikheid en sosiale wese aktief en onbelemmerd tot volwassenheid sal ontwikkel om so sy regmatige plek in die samelewing te kan inneem.

In die opvoedkunde het daar hoofsaaklik twee opvoedkundige filosofieë in verband met onderwysmetodiek ontstaan. Aan die een kant bestaan daar die tradisionele teorie en klaskamerpraktyk en aan die ander kant die progressiewe metodiek.[4]

Die tradisionele metodiek berus veral op outoritêre en formalistiese grondslae en is meer dualisties van aard. Leerling en onderwys is twee afsonderlike eenhede en van die leerling word verwag om hom te skik en aan te pas by vooropgestelde doelstellings, inhoud, belangstellings en logiese orde wat deur volwassenes in ooreenstemming met bestaande vereistes bepaal word. Die onderwyser is die middel waardeur hierdie voorafbepaalde vereistes aan die leerlinge oorgedra moet word. Indien leerlinge nie volgens vereistes handel en by hierdie goed georganiseerde skema inpas nie, word druk op hulle uitgeoefen en word die morele waarde van selfdissipline beklemtoon. Indien noodsaaklik, word tugmaatreëls toegepas om leerlinge te verplig om aan die gestelde eise te voldoen.

In die komprehensiewe skole het die progressiewe onderwysmetodiek inslag gevind en word die metode ontwerp en aangepas om in die leerling se behoeftes te voorsien. In die metodiek : rc veral die psigologiese eise be/.....

---

1. Keyter, Opvoeding en Onderwys, 223.
2. Dempster, Purpose in the Modern School, 52.
3. Kyk hoofstuk 4.
4. Brubacher, Philosophies of Education, 274, 275.

beklemtoon, Die drang na selfwerksaamheid, ondervinding en vryheid word gebruik om die belangstellinge en vermoëns van die kind te aktiveer en te kanaliseer. Die belangrikste taak van die onderwyser is om die moontlikhede tot selfwerksaamheid te skep, leiding te gee en ".... door de wijze waarop hy de leerstof laat verwerken de activiteitsdrang van de leerlingen in de juiste banen te leiden, de arbeidsvreugde te verhogen en het zelfvertrouwen te versterken."[1] Persoonlike probleme geniet onmiddellike aandag en word opgelos voordat gedragsmoeilikhede kan ontstaan. Indien tug toegepas moet word, geskied dit alleen as 'n laaste maatreël indien dit opvoedkundig effektief sal wees.

a. Die klaskamerpraktyk.

In die komprehensiewe skool word 'n balans tussen klassikale en individuele onderwys as 'n noodsaaklike voorwaarde vir 'n volkome opvoeding gestel. Die klaskamers is huislik en gerieflik ingerig en is in werklikheid laboratoria of werkswinkels waarin leerlinge vryheid van aktiwiteit en uitdrukking kan geniet. Die atmosfeer is vriendelik en informeel en los tafels en stoele vergemaklik vrye beweging of onderlinge groepering en koöperatiewe werk.[2] Wanneer die leerstof van so 'n aard is dat dit vanweë die leerlinge se natuurlike belangstelling terselfdertyd aan 20 of 30 of selfs 40 leerlinge oorgedra kan word, en gemeenskaplike besprekings tot die verheldering van begrippe en die aanleer van noodsaaklike tegnieke kan bydra, word wel van die klassikale onderwysmetode gebruik gemaak.

Individuele onderrig en studiemetodes neem egter 'n belangrike plek in die daaglikse werksaamhede in sodat ".....voor iedere leerling voldoende tijd beschikbaar komt voor een zo vrij mogelijke ontwikkeling van de perzoonlijkheid."[3] Die volgende beginsels word in die klaskamer gehandhaaf.[4]

i. Individuele ontwikkeling word beklemtoon in

plaas/......

---

1. Paedagogische Studiën, 30ste Jaargang, 10de afl., October 1953, de Boer, Opvoeding tot Democratie, 316.

2. Washburne, What is Progressive Education, 20 - 22, 82.

3. Paedagogische Studiën, a.w., 315.

4. Department of Education, Alberta, Curriculum Guide for Alberta Secondary Schools, 23.

plaas van net feitekennis te versamel. Parate vakkennis is noodsaaklik maar alleen as 'n middel tot 'n doel;

ii. Die onderwyser moet persoonlik belangstel in en besondere kennis dra van elke leerling in sy klas.

iii. Vakke word onderling geïntegreer en vorm die algemene basis vir onderwysondervinding.

iv. Die onderwyser moet die beginsels van dinamiese groepvorming in die klasorganisasie toepas.

v. Waar moontlik moet praktiese ondervinding die basis van onderrig vorm en hiervoor moet ook die gemeenskapsmiddele ten voordele aangewend word.

vi. Leermiddele soos aanskouingsmateriaal, bandopnames, uitsaaidienste, ens. moet aanvullend gebruik word.

vii. Reeds gedurende skoolure moet gerigte onafhanklike studie en navorsing huiswerk tot 'n minimum beperk.

Deur bogenoemde metodes word daarna gestrewe om

i. leerlinge tot selfstudie te inspireer;

ii. alles in die klaskamer op 'n demokratiese grondslag te laat geskied;

iii. groepwerksaamhede ten volle te benut;

iv. die onderrig by individuele belangstellinge, aanleg en vermoëns te laat aanpas;

v. leerlinge tot maksimum inspanning en prestasie te beweeg;

vi. geleenthede vir die ontwikkeling van leiereienskappe te skep;

vii. 'n aangename atmosfeer in die klaskamer te skep en besef sal word dat

viii. persoonlike prestasie die grondslag vir toekomstige inspanning en uiteindelike sukses en geluk vorm.

b. Besondere metodes van onderwys.

Verskillende metodes van onderrig wat gedurende die laaste eeu ontwerp is, word gewoonlik in een of ander gewysigde of aangepaste vorm in komprehensiewe middelbare skole toegepas. Die volgende metodes word veral toegepas,[1)]

Die St. Louis-plan: Hierdie plan behels die versnelling van die skrander leerlinge. Elke 10 weke word leerlinge getoets deur middel van 'n eksamen wat handel oor 'n bepaalde gedeelte van die kursus. Volgens die uitslae vind

homogene/.....

---

1. Wyndham, Ability Grouping, 10 - 45.

homogene groepering plaas, en kan die skrander groepe onbelemmerd werk en voortgaan.
Die Elizabeth-plan: Hierdie stelsel is in New Jersey toegepas en is 'n wysiging van die St Louis -plan. Leerlinge promoveer sodra hulle die voorgeskrewe kursus voltooi het.
Die Cambridge-plan: Hierdie stelsel is in Massachusets ontwerp en toegepas en bestaan uit 'n dubbelloop kursus. Die een kursus is vir die skrander leerlinge en hulle werk teen 'n versnelde tempo. Die ander kursus is by die stadiger-vorderende leerlinge aangepas. Die kursusse het gereelde snypunte waar leerlinge van een kursus na 'n ander kan oorskakel. Die kursusse kan in 6, 5 of 4 jaar voltooi word.
Die Oregon-plan : Die kurrikulum word in 54 eenhede verdeel. Normale groepe voltooi vier eenhede per halfjaar maar meer of minder eenhede kan na vermoë voltooi word. Promosies vind halfjaarliks plaas. Die volledige kursus kan in enige tydperk van 4 tot 7 jaar afgehandel word.
Die North-Denver-plan: Hierdie stelsel is deur Van Sickle ontwerp en behels die aanpassing van die kurrikulum by die kind. "Each child was required to cover a minimum course of study; the more able children who had completed an assignment were released so that they were constantly 'by a process of natural selection, detaching themselves temporarily from the class in order to work on some study in which they are weak, or for a broader or deeper study of the topic by means of reference books, gathering illustrative material, or following out some line of interest approved by the teacher.'"[1] Promosies geskied halfjaarliks en in elke klas werk 'n begaafde en 'n stadiger-vorderende groep saam.
Die Santa-Barbara-plan: In hierdie stelsel word die hoeveelheid leerstof by die vermoë van die leerling aangepas. Die kurrikulum word in 'n minimum kursus (C-groep), 'n breër kursus (B-groep) en 'n uitgebreide kursus (A-groep) verdeel. Bevordering word aan die oordeel van die onderwyser oorgelaat. Leerlinge promoveer van die A-groep in een kursus na die C-groep in die volgende kursus.
Die Pueblo-plan: Hierdie onderwysmetode is in Colorado ontwerp en beoog die individualisering van onderrig.

Die/......

1. Wyndham, Ability Grouping, 18.

Die onderwysprogram en die tydsindeling word deur die onderwyser na goeddunke verander en aangepas.

<u>Die Newton-plan</u>: Om hierdie metode toe te pas, is aan elke skool addisionele onderwysers aangestel wat vrygestel is van gewone onderwys. Leerlinge uit enige klas kan ter eniger tyd by hierdie onderwysers vir hulp aanklop. Vir sommige is die hulp dan helend en vir ander aanvullend. Klasse word tot klein groepe beperk sodat leerlinge individuele aandag kan ontvang. Promosies geskied per vak en nie per standerd nie.

<u>Die Batavia-plan</u>: Hierdie plan is in New York ingevoer. Elke klas het uit 'n groot aantal leerlinge bestaan, maar in elke klas is ook 'n bykomstige onderwyser geplaas met die doel om individuele aandag aan leerlinge te gee wat moeilikhede met hulle werk ondervind. Uiteindelik is die stelsel gewysig en is die helfte van die tyd aan klassikale onderrig en die ander helfte aan individuele onderwysmetodes gewy.

<u>Die Dalton-plan</u>[1]: Hierdie stelsel is gebaseer op drie beginsels, naamlik individuele vryheid, die wisselwerking van groeplewe en 'n meer ekonomiese gebruik van tyd. Klaskamers word in laboratoria omskep en onderwysers is vakspesialiste wat in hulle laboratoria leiding aan leerlinge gee. Die leerstof word in take verdeel, 'n kontrak word opgestel en leerlinge is vry om van laboratorium tot laboratorium te beweeg en die take na eie keuse af te handel. Leerlinge kan individueel of in groepe soos hulle mag verkies, die take afhandel. Helen Parkhurst wat die stelsel ontwerp het, sê in verband met hierdie metode: "Let us think of the school rather as a sociological laboratory where the pupils themselves are experimenters, not the victims of an intricate and crystallized system in the evolution of which they have neither part nor lot. Let us think of it as a place where community conditions prevail as they prevail in life itself."[2]

<u>Die Projek-stelsel</u>: Hierdie metode [3] het sy ontstaan aan Dewey te danke en bestaan uit 'n aktiewe proses van ontdekking

~~dekking~~/........

1. Keyter, Opvoeding en Onderwys, 246 - 252.
2. Parkhurst, Education on the Dalton Plan, 14.
3. a. Stevenson, The Project method of Teaching.
   b. Keyter, a.w., 252 - 259.

en ondersoek deur die leerlinge. Die kurrikulum word verdeel in aktiwiteite. Hierdeur word verstaan ".... any large learning situation brought about by the strong purpose of the child or group of children to achieve a worthy end desirable to themselves, which, like those situations in life through which we are most truly educated draws upon a large number of different kinds of experience and many fields of knowledge."[1] Die projekte bestaan uit individuele of groepwerk. Hierdie metode bevorder 'n natuurlike, selfstandige optrede en 'n drang na verdere kennis, die skoolwerk is probleme uit die lewe self, die opvoedingsproses word psigologies benader en die leerstof vorm 'n groot eenheid. In verband met hierdie metode beweer professor Hamley van die Londense Universiteit: "The project, whether isolated or functional related to other projects ......is an echo of life, of life that is rich and significant, of life that is really worth living."[2]

<u>Die Cousinet-metode</u>[3]: Hierdie moderne onderwysmetode berus op die beginsel van vrye groepaktiwiteit. Uit bepaalde take kan leerlinge, meesal in groepe van ses, na eie wil selekteer en so lank daaraan werk soos hulle verkies. Die hele program word op hierdie wyse in die loop van die jaar afgewerk. Op vrugbare wyse word die beginsels van vryheid, samewerking en selfwerksaamheid aangewend.

<u>Die Decroly-metode</u>[4]: Hierdie metode maak gebruik van die "leer deur lewe" beginsel. Die skool is huislik en is veral toegerus vir selfstandige ondersoek en eksperimentele werk. Baie navorsingswerk word buite die skool verrig aangesien die samelewing gebruik word om probleem-materiaal te verskaf. Die leerstof word om belangstellingsentra opgebou en vind aansluiting by die natuurlike belangstellinge van leerlinge.

<u>Die Winnetka-tegniek</u>[5]: Die Winnetka-tegniek berus op die ontwikkeling van vrye individuele ondersoekingswerk. Die skool is 'n opvoedkundige laboratorium waarin leerlinge se spesiale bekwaamhede en belangstellinge deur selfaktiwiteit ontwikkel word, maar waar ook aandag aan algemeenvormende kennis en vaardighede gewy word.

Die/........

---

1. Kilpatrick, The Project method.
2. The New Era in Home and school, Vol. 28 - 31, 1947 - 1950, 139 - 141.
3 - 5. Keyter, Opvoeding en Onderwys, 259 - 262; 262 - 269; 279 - 287.

<u>Die Jena-plan</u> : [1] Hierdie plan is, netsoos die Winnetka-tegniek geen volledig-uitgewerkte tegniek nie, maar is 'n omvattende, steeds voortdurende eksperiment en streef daarna om 'n familie-skool te skep. Die skool is die gemeenskap-in-klein en die werksaamhede word verdeel in leergesprekke, spele van verskillende aard, arbeid en feesviering. Die aktiwiteite vind in groepe plaas en lei tot die ontwikkeling van die kultuurbewussyn en gemeenskapsgevoel.

<u>Die "Unit"-metode</u> : Hierdie metode is een van die mees moderne tegnieke. Hierdie metode "..... is one in which related subject matter and useful experiences are organized around large central themes or units in order to provide learning situations which have greater meaning for the pupils ........."[2] Leerlinge is bewus van die onmiddellike doel waarna hulle strewe sodat hulle belangstelling gedurig gestimuleer word. Daar word van die gewone onderwysmetodes sowel as van die meer progressiewe metodes soos groepswerk en leerlingverslae gebruik gemaak. In die "unit"-metode word vakke gekorreleer en die take hou almal verband met 'n sentrale werkskema. Die werksaamhede word in drie stadiums verdeel, naamlik algemene beplanning, die taak self en uiteindelik die verwerking van die resultate en die maak van algemene gevolgtrekkings.

Aangesien die geheel-metode van leer beter en meer ekonomies is, geniet hierdie metode voorkeur en word samegestelde probleme aangepak. Veelvuldige aktiwiteite ontstaan waardeur die leerlinge die nodige kennis opdoen. Deurdat leerlinge uit vrye wil koöperatief of andersinds kan saamwerk en deur goeie beplanning doelgerig op die einddoel afstuur, presteer hulle gesamentlik of individueel baie goed en vind dáár terselfdertyd die nodige ontwikkeling van algemene en besondere vermoëns plaas. Omdat leerlinge verder die werkeenhede ("units") uit vrye wil selekteer en dit dus by hulle belangstelling en aanleg aansluit, vorm die uitslag van hulle bedrywighede 'n regverdige basis van prestasiemeting.[3]

Alhoewel/.....

---

1. Keyter, Opvoeding en Onderwys, 287 - 292.
2. Education Department, Alberta, Junior High School Handbook, 33.
3. Department of Education, Alberta, Curriculum Guide for Alberta Secondary Schools, 26.

Alhoewel die meeste komprehensiewe skole gewoonlik nie net een besondere metode toepas nie maar wel 'n gewysigde vorm van een van die genoemde metodes, gebruik, geniet die Dalton-plan, Projek-metode en "Unit"-metode tog voorkeur.

In die V.S.A. is 'n opname gemaak van die onderwysmetodes en gebruike wat in 8594 middelbare skole gebruik word. Die volgende is 'n lys van die vernaamste metodes waaraan die skole voorkeur gee :[1]

i. Die aantal vakke wat leerlinge mag neem, hang van hulleself af.

ii. Remediërende onderrig word aan die stadigvorderende leerlinge verskaf.

iii. Gedifferensieerde take word aan leerlinge in dieselfde klas gegee.

iv. Besondere voorsiening word in die onderwysprogram vir voorligting aan leerlinge gemaak.

v. Die skole het 'n kredietstelsel waarin studies of projekte wat buite skoolure verrig word, erkenning ontvang.

vi. 'n Laboratorium-plan van onderrig.

vii. Spesiale klasse vir druipelinge.

viii. Homogene groepering.

ix. "Long-unit" opdragte.

x. Die kurrikulum word in take verdeel.

xi. Individuele onderrigmetodes.

xii. 'n Kontrak-plan (Dalton-stelsel)

'n Analise van die genoemde besondere onderwysmetodes toon dat almal in 'n mindere of meerdere mate op die volgende opvoedkundige beginsels berus.

i. Groter vryheid aan leerlinge. "The new freedom reveals itself, therefore, in an easier, more natural group life ..... Freedom to develop naturally, to be spontaneous, unaffected, and unselfconscious, is, therefore, the first article of faith.[2]

ii. Pedosentriese onderwys. Die skool is daar vir die kind en sy belange word vooropgestel. Die skool en al sy middele word rondom die kind georiënteer.

iii/.......

---

1. American Association of School Administrators, Ninth Yearbook 1931, 113.

2. Rugg en Shumaker, The child-centred school, 56.

iii. Die onderrigmetodes berus op persoonlike ervaring. Fisiese en geestelike aktiwiteit kenmerk alle werksaamhede.

iv. Die aanleg en vermoëns van elke leerling word ontdek en ontwikkel in plaas van almal op dieselfde patroon te probeer skoei.

v. Die "Uitgangspunt van alle beschouwingen is echter de eerbied voor de menzelijke persoonlijkheid".[1] Maar ook die noodsaaklikheid van sosiale aanpassing word beklemtoon. Die opvoeding is dus individueel - sosiaal.

c. Algemene metodes.

Die komprehensiewe skool as gemeenskapskool strewe doelbewus daarna om die nouste samewerking tussen die samelewing en die skool te probeer verkry. Ook die aktiwiteite van die skool moet ingeskakel wees en aansluiting vind by die beroepslewe.

Die samelewing word dan gebruik as 'n groot laboratorium of ervaringsgebied. Onderwysers en kinders strewe doelbewus daarna om die belangstelling van die publiek in skoolsake te verkry. Sodra hierdie ideaal bereik is, kan die gemeenskapsmiddele ook vryelik deur die onderwys ten bate van die opvoeding aangewend word. As teenprestasie is die skool en sy fasiliteite toeganklik en ter beskikking van die gemeenskap. Die skool is 'n kultuursentrum, 'n ware ligpunt in die omgewing. Die Skotse Advisory Council beweer dan ook ".... that the new ideal of education implies a degree of co-operation between home and school undreamt of in the past......."[2]

Maar ook om die kloof tussen skool- en beroepslewe te oorbrug, word kontak met die handel en industrieë gemaak. Werksondervinding in die samelewing wat aansluit by leerlinge se belangstelling en aanleg word aangemoedig.[3] Die skool probeer selfs doelbewus om werkgeleenthede vir leerlinge te vind. Indien genoegsame geleenthede ontbreek, word nuwe projekte geskep soos grond-bewaringsveldtogte, oesinsameling, vrugteverpakkery, ens. Die opvoedkundige aspekte van die aktiwiteite word ten volle benut en aangewend deur gegewens te versamel, dit te verwerk en in take saam te vat of om in samesprekings te gebruik. As-

pekte/.........

---

1. Van Praag, De Zin der Opvoeding, 36.
2. Secondary Education, 149.
3. Thayer et al, Reorganizing Secondary Education, 261, 262.

Aspekte van die beroepe soos die ekonomiese aangeleenthede, werksomstandighede, vermoeienis- en eentonigheidsfaktore, spesialisasie en meganisasie en hulle voor- en nadele, ens. word onder die soeklig gestel.

d. Gedifferensieerde metodiek.

In die komprehensiewe skool ontstaan die belangrike probleem hoe om vir 'n heterogene leerlingbevolking met groot verskeidenheid in belangstellinge en vermoëns doeltreffend voorsiening te maak.

Daar word terdeë besef dat groot klasse, ondoeltreffende groepering en gebrek aan differensiasie in die onderwys self, veral by minder skrander, vertraagde en agterlike kinders, almal faktore kan wees wat gebrekkige vordering en uiteindelike druiping in die hand kan werk.[1]

'n Noukeurige studie van die verskillende intelligensiegroepe se belangstellinge, vermoëns, karakter en temperamentele eienskappe, intellektuele en emosionele lewens, fisiese en geestelike beperkinge en moontlikhede, etiese en estetiese behoeftes, ens. is noodsaaklik om in hulle vereistes te voorsien. Die volgende kenmerkende eienskappe word by dom en skrander leerlinge aangetref en bepaal die onderwysmetode wat op die verskillende groepe toegepas moet word.[2] V

Kenmerkende verskille tussen dom en skrander leerlinge wat as bepalende faktore in die onderwysmetodiek kan geld.

| Dom leerlinge. | Skrander leerlinge. |
|---|---|
| 1. Onvermoë om twee of meer verstandelike funksies te kan koördineer. | Vermoë om verstandelike funksies te koördineer. |
| 2. Assimilasie-probleme ontstaan. | Assimileer met gemak. |
| 3. Leer die beste op 'n eenvoudige praktiese wyse. | Vermoë om te leer deur te abstraheer en te veralgemeen. |
| 4. Bepaal aandag alleen vir 'n beperkte tyd by sake. | Langdurige aandag en belangstelling moontlik. |

5/..........

1. Nel, Druiping by skoolleerlinge, 135.

2. American Association of School Administrators, Ninth Yearbook, 1931, 108.

| | | |
|---|---|---|
| 5. | Stadige reaksie. | Vinnige reaksie. |
| 6. | Beperkte weetgierigheid en inisiatief. | Intellektuele belangstelling en voldoende inisiatief. |
| 7. | Beperkte verbeeldingsvermoë. | Groot verbeeldingsvermoë. |
| 8. | Benadering subjektief. | Objektiewe, onpersoonlike benadering van probleme. |
| 9. | Vordering afhanklik van die opbouende kritiek en beslissing van andere. | Self-kritiek. Vel intellektuele beslissings met gemak. |
| 10. | Gebrek aan humorsin. | Gesonde sin vir humor. |
| 11. | Beperkte taalvermoë. | Gewoonlik besondere taalvermoë. |
| 12. | Beperkte belangstellinge. | Uitgebreide en aktiewe belangstellinge. |
| 13. | Lees baie stadig. | Lees vlot en vinnig. |
| 14. | Toepassing van begrippe baie moeilik. | Gemaklike begripstoepassing. |
| 15. | Gebrekkige geheue vir abstrakthede. | Logiese en akkurate geheue. |
| 16. | Waarneming sonder logiese gevolgtrekkings. | Noukeurige waarneming en akkurate gevolgtrekkings. |
| 17. | Baseer gevolgtrekkings op onvoldoende gegewens. | Uitgestelde oordeel. |
| 18. | Herhaling verhoog prestasie sonder dat insig verbeter. | Prestasie verhoog deur beheer van basiese begrippe. |
| 19. | Handelinge emosioneel gekleurd. | Rasionele optrede. |
| 20. | Ongevoelig vir intellektuele en estetiese indrukke tensy aandag daarop gevestig word. | Gevoelig vir intellektuele en estetiese indrukke. |

Hierdie basiese verskille by leerlinge noodsaak dus ook differensiasie in die onderwysmetodiek en dit word moontlik gemaak deur homogene groepering wat deur middel van baanindelings, klasgroepering en kruisgroepering bewerkstellig word.

Besondere aandag aan die ontwikkeling van die talente van die begaafde kind word tans deur wetenskaplike en tegnologiese vooruitgang en beveiligingsmaatreëls genoodsaak en van die middelbare skool geëis. Dit is dan ook van die allergrootste belang dat die begaafde leerling die nodige voorligting, aanmoediging en gespesialiseerde leiding tot die verwesenliking van hulle be-

sondere/.....

sondere potensialiteite behoort te kry. [1]

Die volgende metodes kan vir die begaafde groepe as aansporing en uitdaging dien en kan die ontwikkeling van hulle besondere intellektuele vermoëns tot gevolg hê: [2]

i. Geleenthede tot selfwerksaamheid, navorsing, en eksperimentering moet geskep word sodat die leerlinge hulle aanleg en vermoëns genoegsaam kan beoefen;

ii. spesiale projekte in gevorderde en gespesialiseerde werk moet uitgevoer word;

iii. heelkundige onderwys moet aan die enkelinge verskaf word wat onbevredigende werk lewer;

iv. onderwysers vir hierdie groepe moet vakspesialiste wees en oor genoegsame ondervinding beskik;

v. versnelling moet toegepas word; en

vi. leerlinge kan ekstra vakke neem.

Die gemiddelde leerling kan deur inspanning en die regte onderwys die middelbare skool met sukses deurloop. Selfwerksaamheid en praktiese onderrigmetodes behoort hier as basis te dien. Geleidelik moet die onderwys meer beroepsgerig word en gekeurde werksgeleenthede kan voorsien word. Skakelwerkstukke ("units") wat aansluit by die belangstelling, aanleg en vermoëns en ook die utilistiese neigings kan ten voordele aangewend word.

Vir die verstandelik minderbegaafde leerlinge sal die grootste taak in die onderwys wees om hulle die fundamentele kennis, vaardighede en houdinge aan te leer wat noodsaaklik vir 'n suksesvolle en gelukkige bestaan is. Die besondere metodes wat vir hierdie leerlinge gebruik kan word is die volgende : [3]

i. Projekte wat groepwerk en selfwerksaamheid bevorder, is noodsaaklik;

ii. remediërende onderwys is 'n vereiste;

iii. homogene groepering in sommige vakke, sodat die werk konkreet-prakties aangebied kan word, sal hulle prestasies verhoog;

iv. 'n langsamer tempo, sodat byvoorbeeld drie jaar se/....

---

1. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 81.

2. U.S. Department of Health, Education and Welfare, Teaching Rapid and Slow learners, 8.

3. a. T.O.D., a.w., 81.

   b. U.S. Department, a.w., 9.

se werk in vier jaar voltooi kan word, sal druiping in 'n groot mate uitskakel; en

v. onderwysers moet spesiaal opgelei wees om hierdie groepe doeltreffend te kan onderrig.

E. <u>Tempo-differensiasie</u>.

Die algemene beginsel van gedifferensieerde onderwys is die beplanning van die onderrig ooreenkomstig die aanleg, vermoëns en belangstellinge van leerlinge. Aangesien leerlinge deur verskille in intelligensie en werkvermoë teen variërende tempo werk, is dit dus wenslik om die werkstempo by individuele leerlinge aan te pas. Sommige leerlinge is in staat om die jaarlikse leerplan in 'n korter tyd as die normale skooljaar te voltooi. Die tradisionele beleid is om hierdie leerlinge die pas te laat markeer deur hulle addisionele of verrykende werk te laat doen. Soms word hierdie leerlinge gebruik om die onderwyser met helende onderwys vir die swakker leerlinge behulpsaam te wees, maar meermale moet hulle net wag totdat die stadiger-vorderendes ook die leerstof bemeester het.

Sommige leerlinge vind dit egter weer moeilik om die voorgeskrewe leerstof in 'n jaar baas te raak. Die uiteindelike gevolg is dat hulle aan die einde van die jaar druip en die hele kursus moet herhaal.

Deur middel van differensiasie in tempo is dit moontlik om hierdie probleme op 'n doeltreffende wyse op te los deur die tyd waarin die werk afgehandel moet word, by die verskillende bekwaamheidsgroepe aan te pas.

Differensiasie in tempo word in komprehensiewe skole op verskillende wyses toegepas. In die V.S.A. waar die kredietstelsel in gebruik is, kan leerlinge, deur meer vakke per jaar te neem, die vereiste aantal krediete in 'n korter tydperk as die normale behaal. 'n Ander vorm van tempo-differensiasie is waar klasgroepe teen 'n versnelde, normale of langsame tempo werk. Die volgende beskrywing van laasgenoemde stelsel word aan die Hogereburgerschool, Johan de Witt, te 's Gravenhage toegepas.[1)] ~~2 & 3)~~ Dit is ook met sukses aan die dr.

Malan/.......

---

1a. Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen, Het Onderwijs in Nederland, 1954, 235, 236.

b. De Lange, Het gedifferentieerde stelsel bij het middelbaar onderwijs, 1 - 3.

c. Paedagogische Studiën, 33ste Jaargang, 7 en 8ste Afl., Julie en Augustus 1956, Bergstra, Vrij werken op de middelbare school, 201 - 216.

Malan Hoër Skool, Meyerton toegepas.[1]

Die verskillende vakke word in vier kategorieë verdeel naamlik a. tale, b. eksakte vakke, c. inhoudsvakke en d. byvakke en praktiese vakke. Gewoonlik word differensiasie in tempo net in die tale en eksakte vakke toegepas aangesien die grootste verskille in hierdie vakke ontstaan.

Daar word gewoonlik teen drie tempo's gewerk naamlik 'n versnelde-, normale- en langsame tempo. Soms word nog 'n vertraagde tempo ook bygevoeg.

Alle leerlinge volg gedurende die eerste kwartaal die normale tempo.[2] Na die eerste kwartaal word daar nie meer van klasse gepraat nie maar alleen van groepe. Die vinnig-vorderende leerlinge werk voortaan teen 'n versnelde tempo, en voltooi drie jaar se werk in twee jaar of vier jaar se werk in drie jaar. Indien die eersgenoemde stelsel gevolg word, moet die versnelde groep die normale standerdleerplan in agt maande voltooi en in die laasgenoemde geval in nege maande. In die volgende voorbeeld word laasgenoemde stelsel verduidelik.

Gedurende die tweede kwartaal werk die res van die leerlinge nog teen die normale tempo. Na die tweede kwartaal vind 'n verdere groepering plaas en word alle leerlinge wat nie teen die normale tempo kan werk nie in die langsame groepe geplaas. Hierdie langsame groepe voltooi nou die vier jaar se werk in vyf jaar of hulle werk vyftien maande aan 'n normale standerd-leerplan. Die gebruik is soms om die langsame groepe agtien maande aan 'n kursus te laat werk en hulle voltooi dus die vier jaar se werk in ses jaar. Hierdie leerlinge bring dit egter selde verder as standerd agt. In die volgende voorbeeld word laasgenoemde stelsel gebruik.

Vir die drie verskillende tempo's (wat elkeen weer uit meer as een homogene groep bestaan) word gedifferensieerde leergange en - metodiek gebruik.

Vanaf die derde kwartaal is daar dus die snelgroepe, normale groepe en die langsame groepe. Aan die einde van die derde kwartaal is die snelgroepe klaar met die leerstof van die eerste niveau of standerd ses en


het/.........

---

1. Verwys a. Verslag : Die Praktiese toepassing van sekere aspekte van gedifferensieerde onderwys aan die Dr. Malan Hoër Skool, Meyerton.
   b. Brosjure "Gedifferensieerde Middelbare Onderwys" saamgestel deur mnr. H.E.J. Senekal, hoof van die Dr. Malan Hoër Skool.

2. Kyk grafiese voorstelling op bl. 157.

## DIFFERENSIASIE IN TEMPO



het hulle 'n beslissingspunt bereik. Nou word vir elke leerling besluit of hy teen hierdie tempo (snel) kan volhou en of hy beter teen die normale tempo sal werk. In die laaste geval sal hy sonder enige tydsverlies by die normale tempo aansluit en 'n deel van die werk herhaal. Die skrander leerlinge werk verder teen maksimum inspanning en druiping is uitgeskakel.

Aan die einde van die eerste akademiese jaar word beslissings aangaande alle leerlinge gemaak. Leerlinge in die sneltempo kan voortgaan of afskuif na die normale tempo. Ook vir elke leerling in die normale tempo word nou besluit of hy teen hierdie tempo kan volhou en of hy beter in die langsame tempo sal aanpas. In laasgenoemde geval sal hy afskuif na die langsame tempo, 'n gedeelte van die werk herhaal en in staat wees om standerd ses na 1½ jaar te kan slaag. Weer dus geen werklike druiping nie.

Indien leerlinge van die langsame tempo na 'n jaar se werk nie aan die vereistes voldoen nie, moet hulle druip. As gevolg van die langsame tempo en gedifferensieerde leergange en metodiek behoort hulle getalle egter baie min te wees. Die druipelinge begin dan die volgende jaar weer saam met die nuwe standerd ses leerlinge en werk gedurende die eerste kwartaal weer saam ten die normale tempo. Vanaf die tweede kwartaal word hulle, indien moontlik, in 'n snelgroep geplaas en word so in staat gestel om verlore tyd in te haal.

In uitsonderlike gevalle sal dit moontlik wees dat enkele leerlinge by die beslissingspunte van 'n laer na 'n hoër tempo kan opskuif. Dit sal egter net in uitsonderlike gevalle geskied en sal ekstra werk vereis om die agterstallige werk in te haal.

Indien die skool leerlinge ook in A,B en C bane indeel, sal dit meebring dat hulle ook van een baan na 'n ander oorgeplaas kan word. Druiping in die A- en B- bane kan dus heeltemal uitgeskakel word deur die leerlinge wat nie in die langsame tempo bevredigend vorder nie, na die volgende baan af te skuif.

Dit is moontlik dat, indien tempo-differensiasie in die tale en eksakte vakke toegepas word, 'n leerling terselfdertyd vir die twee vakgroepe in verskillende tempogroepe geplaas kan word; in die tale werk die leerling byvoorbeeld in die snelgroep en in die eksakte vakke in die normale groep. By oorplasing moet die leerling se

vordering/....

vordering in die twee groepe eers afsonderlik en daarna gesamentlik beoordeel word. Indien vordering in een baan te stadig is, behoort hierdie vertraging deur remediërende werk of 'n addisionele kursus aangevul te word. Dit is nie gewens dat 'n leerling in een groep vakke in die sneltempo en die ander in die langsame tempo werk nie, aangesien die verskil dan uiteindelik te groot en dus onprakties sal wees. Nadat die werk in een groep afgehandel is, kan ekstra tyd aangewend word om in die agterstallige werk ook die vereiste standaard te bereik. Volgens hierdie metode word tempo-differensiasie net tot aan die einde van standerd nege toegepas. Gedurende die laaste jaar berei leerlinge hulle voor vir die eindeksamen. Indien 'n stelsel van differensiasie in sertifisering ook in gebruik is, volg sommige leerlinge gedurende die laaste skooljaar 'n universiteitsvoorbereidingskursus terwyl die leerlinge wat die skool na standerd tien wil verlaat, 'n voorberoepskursus kan volg.

Deur die toepassing van differensiasie in tempo word die volgende voordele behaal :

i. Die gereelde beslissings noodsaak leerlinge om konstant deur die jaar te werk;

ii. die groepe is meer homogeen en dit vergemaklik onderwys;

iii. die snelgroepe werk teen die hoogste versnelling;

iv. leerlinge in die langsame groepe werk rustiger;

v. die gevaar dat hulle na ander tempo's kan afskuiwe, stimuleer leerlinge om hard te werk. Ander strewe daarna om hoër op te skuif;

vi. leerlinge kan hulle kursusse in 'n korter tydperk voltooi; en

vii. druiping word in 'n baie hoë mate uitgeskakel.

F. Meting, prestasiebeoordeling, rapporte, bevordering en sertifisering.

a. Meting in die komprehensiewe skool.

Bestaande gebruike en metodes van prestasie en verstandsmeting is een van die aspekte van onderwysmetodiek wat deur moderne opvoedkundiges gekritiseer word. Ayres[1] beweer dat "Under our present system there are

large/....

1. Laggards in our Schools, 220.

large numbers of children who are destined to lives of failure. We know them in the schools as the children who are always a little behind physically, a little behind intellectually, and a little behind in the power to do so....... He always falls below; he falls down - he knows he is going to fall."

Om hierdie ongelukkige toestand en die gevolglike verkwisting van mensemateriaal te probeer voorkom, word in die komprehensiewe skool, deur middel van doeltreffende differensiasie ook na wetenskaplike en betroubare metodes van verstands- en prestasiemeting gestrewe. Vir hierdie doel word verstands-, sklastiese, diagnostiese, aanlegs- en skooltoetse gebruik.

i. Verstandstoetse.

Aangaande die betroubaarheid van intelligensietoetse bestaan daar wyd uiteenlopende sienswyses onder opvoedkundiges. As gevolg van emosionele en omgewingsfaktore word allerweë egter erken dat intelligensiemeting, veral indien dit deur middel van 'n enkele groeptoets geskied, nie baie betroubare resultate lewer nie. In die komprehensiewe skool egter is die intelligensie kwosiënt tesame met ander gegewens 'n belangrike maatstaf wanneer baan- en groepindelings gemaak moet word. Die Nuwe Suid-Afrikaanse Groeptoets wat uit twee ekwivalente toetse bestaan wat elkeen op drie verskillende ouderdomme (8 - 11, 10 - 14 en 13 - 18) afgeneem kan word, behoort vir die Transvaalse skole betroubare resultate te lewer.[1)]

ii. Skolastiese toetse.

Skolastiese toetse is gestandaardiseerde toetse wat leerlinge se werklike prestasiepeil en ondervinding in bepaalde aspekte van die onderwys met wetenskaplike akkuraatheid vasstel. Hierdeur kan die vordering wat gemaak is, bereken word, en dit verskaf ook 'n vergelykbare maatstaf met die prestasie van ander leerlinge van dieselfde ouderdomsgroep.

Met behulp van verstands- en skolastiese toetse kan individuele leerlinge se graad van domheid, agterlikheid en traagheid noukeurig bepaal word. In die toekoms sal hierdie wetenskaplike, objektiewe metode meer gereeld in skole gebruik moet word. Soos in die V.S.A. die geval is, sal ook vir Suid-Afrika 'n spesiale liggaam wat hierdie toetse/......

---

1. T.O.D., Bulletin, Vol. 1, Nr. 2, Junie 1956, The use and interpretation of scholastic tests, 45.

toetse opstel en vir oordeelkundige gebruik vrystel, van groot waarde in die onderwys wees.

iii. Diagnostiese toetse.

Die doel van diagnostiese toetse is om die oorsaak van wanaanpassings of onbevredigende vordering op skool op te spoor. Indien die spesifieke swakhede in 'n leerling se opvoedkundige toerusting opgespoor kan word, kan remediërende onderwys doeltreffend aangewend word. Waar skolastiese toetse dus die peil, vordering en inspanning van leerlinge meet, voorsien diagnostiese toetse bykomstige inligting in verband met die tipe, oorsaak en voorkoms van die kind se probleem.

In die komprehensiewe skool waar die geluk en sukses van elke individu nagestreef word, sal diagnostiese toetse 'n onontbeerlike hulpmiddel wees om die vinger op leerlinge se swakhede te lê sodat daarop, deur middel van remediërende onderwys, toegespits kan word.

iv. Aanlegstoetse.

In die komprehensiewe middelbare skool is die onderwys meer beroepsgerig as in die tradisionele skole en leerlinge word uiteindelik doelbewus in beroepsrigtinge gestuur. Vir die vasstelling van beroepsaanleg word dan beroepstoetse of siftingstoetse gebruik om leerlinge se belangstelling en aanleg eers in breëre beroepsrigtinge en daarna in meer spesifieke rigtinge aan te dui.

Die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap is bewus van die gebrek aan hierdie noodsaaklike onderwysmiddel en is besig om verskillende beroepstoetse op te stel wat in die toekoms op vrugbare wyse saam met bestaande toetse aangewend kan word.

v. Skooleksamens.

In die meeste lande word prestasie nog in 'n minder of meerdere mate deur middel van die tradisionele eksamenmetodes onder interne of eksterne beheer, bepaal, maar in die V.S.A. word hierdie soort eksamens al minder gebruik.[1] Nieteenstaande die feit dat die wese en funksie van middelbare onderwys verander het, dat individuele verskille almeer erken word en aandag geniet, en moderne onderwysmetodes ontwikkel het, is die tradisionele eksamenstelsel nogtans behou. Denkbeeldige standaarde word/.....

1. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 31.

word nog steeds gebruik om leerlinge te klassifiseer en desnoods te druip; subjektiewe metodes van beoordeling, statisties-foutiewe metodes van prestasieberekening en opvoedkundig-ongesonde kompetisie-, klassifisering- en rapportstelsels is nog aan die orde van die dag. [1)]

Selfs die sterkste voorstanders van die tradisionele eksamenstelsel[2)] bepleit tans 'n gewysigde eksterne eksamenstelsel soos wat in Engeland (G.C.E.) in gebruik is, naamlik, dat die eksamen op drie vlakke na eie keuse afgelê kan word en in plaas van die geykte blokstelsel, moet die vakke afsonderlik afgelê kan word. In die V.S.A. word hierdie stelsel verder gevoer en word krediete aan leerlinge toegeken sodra aan die vereistes in 'n vak voldoen is. Sodra die vereiste aantal krediete behaal is, slaag die kandidaat dan die kursus en word verder geen formele eksamens afgelê nie.

In die komprehensiewe skool waar leerlinge in afsonderlike bane en groepe verdeel word en waar van aangepaste leergange en metodiek gebruik gemaak word, sal noodwendig gedifferensieerde meting ingevoer moet word. Hierna sal die prestasies individueel ook ontleed en beoordeel moet word.

b. Prestasiebeoordeling.

Die standpunt wat in komprehensiewe skole in verband met prestasiebeoordeling gehandhaaf word, word as volg gestel: [3)] "The classes should not be thought of, either by staff or pupils, as higher or lower, but as different in kind. No class should be measured by the yardstick of another. They are not all running the same race with varying handicaps; each class is running its own race, and the teachers task is to organize success for each class within its appropriate field." Deur middel van differensiasie ontstaan homogene groepe, sodat leerlinge met hulle gelykes in aanleg en vermoëns meeding, die enigste billike basis van beoordeling. In werklikheid kompeteer

elke/......

---

1. a. Advisory Council on Education, Scotland, Secondary Education, 1947, 147.
   b. T.O.D. Bulletin, Vol. 1, Nr. 1, Maart 1956, Kompetisie in die onderwys, skoolrapporte en die publikasie van eksamenuitslae, 16 - 20.
2. Davies, Recent trends concerning examinations, promotion and differentiation in Secondary Education in certain European countries, Canada and the United States of America, and the significance of these trends for Secondary Education in the Transvaal, 132 - 133.
3. English New Education Fellowship, The Comprehensive School, 29.

elke leerling dus met homself; sy prestasie word vergelyk met sy natuurlike aanleg en vermoëns en die verhouding weerspieël duidelik of hy na vermoë gepresteer het.

Die volgende metode[1] om leerlinge se prestasies in 'n groep met hulle vermoëns te vergelyk, kan toegepas word deur die uitslag van 'n gewone toets (nie gestandaardiseer nie) te gebruik.[2] Hierdie metode word vir elke groep afsonderlik toegepas en kan met gereelde tussenposes aangewend word om leerlinge se prestasies te beoordeel. Na eksamens word dit ook gebruik om die nodige inligting te bekom om aan die ouers deur middel van die rapport te verstrek.

Metode :

i. Maak 'n alfabetiese lys van die leerlinge, en skryf teenoor elke leerling se naam sy punt en sy I.K.

ii. Stel vas wat die hoogste, en laagste I.K. in die groep is, en deel 'n horisontale skaal op grafiekpapier in om albei hierdie waardes in te sluit.

iii. Deel 'n vertikale skaal in van 0 tot 100 om enige moontlike prestasie in die toets in te sluit.

iv. Bereken die gemiddelde I.K. van die groep en dui dit met 'n vertikale lyn op die grafiek aan.

v. Bereken die gemiddelde punt van die groep en dui dit met 'n horisontale lyn op die grafiek aan.

vi. Trek 'n horisontale lyn op die grafiek om die minimum slaagpunt aan te dui. (35 punte)

vii. Trek 'n vertikale lyn op die grafiek om die teoretiese minimum I.K. van die groep aan te dui. (110 in die geval van die A-baan,100 in die geval van die B-baan, en 80 in die geval van die C-baan.

viii. Verbind die snypunt van die minimum slaagpunt en die teoretiese minimum I.K. met die snypunt van die gemiddelde I.K. en die gemiddelde groeppunt.

ix. Verbind die snypunt van die minimum slaagpunt en die teoretiese minimum I.K. met die snypunt van die minimum slaagpunt en die ordinaat.

x. Verbind die snypunt van die gemiddelde I.K. en die gemiddelde groeppunt met die snypunt van die 100-prestasielyn en die maksimum I.K.-lyn.


xi. Trek nou twee lyne ewewydig aan hierdie lyn

OPJE;/.....

---

1. 'n Gewysigde metode van 'n stelsel soos toegepas aan die Hoërskool Dr. Malan, Meyerton.
2. Kyk grafiek bl.164.

**'n Grafiese voorstelling van 'n metode om Leerlinge in 'n groep se prestasies met hulle vermoëns te vergelyk**




Gem. I.K. van Groep : 116
Gem. punt van Groep : 58%
Hoogste I.K. : 132
Laagste I.K. : 97
Laagste Teoretiese
I.K. vir die groep: 110
Minimum Slaagpunt : 35

OPJE; die een tien punte daarbo, en die ander tien punte daaronder.

xii. Voorsien elke leerling met 'n kodenommer. (1,2, 3, ...... ens.)

xiii. Stip 'n punt op die grafiek aan vir elke leerling se prestasie teenoor sy I.K. en merk die punt met die leerling se kodenommer.

Gevolgtrekkings uit die grafiek.

Algemeen :

1. Alle leerlinge op die lyn PJE presteer volgens hulle vermoë. Leerlinge op die lyn OP presteer bokant hulle vermoë maar aangesien dit die minimum slaaglyn is, en indien hul in hierdie baan, wat in werklikheid bokant hul intelligensievermoë is, wil bly, vervang OP nou hul vermoëlyn.

Daar word egter 'n speling van 10% na weerskante toegelaat, sodat die gevolgtrekking nou lui dat alle leerlinge binne die gebied LMGDEFNTS volgens hulle vermoë presteer.

2. Alle leerlinge in die gebied ADGML presteer bo hulle vermoë.

3. Alle leerlinge in die gebied STNFXU presteer onder hulle vermoë.

Analise in besonderhede:

1. Reghoek OPVU : Hierdie leerlinge se I.K.'s is te laag vir die groep (soos vergelyk met die hele bevolking), en hulle het ook druippunte behaal. Hulle is wanaangepas en dit is twyfelagtig of hulle veel baat by heelkundige werk sal vind. Hulle sal in 'n ander baan met aangepaste leerstof beter vaar.

2. Reghoek HIPO : Hierdie leerlinge se I.K.'s is laer as die teoretiese minimum vir die groep. Hulle werk egter bo hulle vermoë, en slaag in die toets. Hulle is egter nog onder die gemiddelde van die groep, en mag swaarkry as die eise van die werk strenger word.

3. Reghoek ABIH : Hierdie leerlinge se I.K.'s is laer as die teoretiese minimum vir die groep. Hulle werk egter ver bo hul vermoë, en slaag nie slegs in die toets nie, maar is ook bo die gemiddelde van die groep. Hierdie leerlinge is besonder goed aangepas in die groep en behoort geen moeilikhede te ondervind nie. In die algemeen kom die hardste werkers in die groep uit hierdie gebied van die grafiek. Hulle besondere prestasies mag te danke wees aan baie harde werk, besondere aanleg, ens.

4/..........

4. Reghoek PQWV : Die I.K.'s van hierdie leerlinge is bo die teoretiese minimum vir die groep maar onder die gemiddelde van die groep. Hulle presteer onder hulle vermoë. In die algemeen mag aangeneem word dat hulle swak prestasie te wyte is aan luiheid, sosio-ekonomiese omstandighede, gesondheidstoestand, moeilikhede met die onderwyser, geen aanleg vir die betrokke vak nie, ens. Diagnostiese toetse en heelkundige werk mag die posisie van hierdie leerlinge verbeter, maar dit is ook moontlik dat beter aangepaste leerstof of die verandering van 'n vak in hulle geval nodig mag wees.

5. Driehoek PJQ : Hierdie leerlinge se I.K.'s is bo die teoretiese minimum vir die groep, en hulle slaag ook in die toets. Hulle presteer egter onder hulle vermoë. 'n Verslapping in hulle werk mag fataal wees.

6. Driehoek PIJ : Hierdie leerlinge se I.K.'s is bo die teoretiese minimum vir die groep, hulle slaag in die toets en werk bo hul vermoë. Ofskoon hulle nog onder die groepgemiddelde val, beide wat I.K. en punte aanbetref, is hul posisie redelik veilig.

7. Reghoek BCJI : Die I.K.'s van hierdie leerlinge is onder die gemiddelde van die groep, maar hulle presteer bo die gemiddelde van die groep. Hierdie groep is in die algemeen harde werkers en behoort geen moeilikhede te ondervind nie. Hulle is goed aangepas.

8. Reghoek QRXW : Met hierdie leerlinge is daar groot fout. Hulle I.K.'s is bo die gemiddelde van die groep, maar hulle punte is nie slegs onder die groepgemiddelde nie; hulle druip ook in die toets. Die redes vir hulle swak prestasies mag dieselfde wees as wat genoem is onder 4 hierbo. Hulle mag baat by remediële werk, maar hul mag ook geen aanleg vir die vak hê nie, en beter aangepaste leerstof of 'n ander vakkeuse mag nodig wees.

9. Reghoek JKRQ : Die I.K.'s van hierdie leerlinge is bo die gemiddelde van die groep. Hulle slaag in die toets maar is nog onder die groepgemiddelde. Hulle werk dus heelwat onder hul vermoëns. 'n Groter mate van individuele aandag mag hulle werk aansienlik verbeter, behalwe indien hulle swak prestasie te wyte is aan die gebrek aan aanleg.

10. Driehoek JEK : Die I.K.'s van hierdie leerlinge is bo die gemiddelde van die groep, en hulle prestasie is ook bo die gemiddelde van die groep. Volgens die grafiek werk hulle onder hul vermoëns. Dit is egter net van party leerlinge waar, want sommige van hierdie leerlinge word

[illegible] deur/i.....

deur hierdie analise in 'n swak lig gestel. Dit is baie moeilik om in enige toets die maksimum aantal punte te behaal, terwyl die grafiek vereis dat die leerling met die hoogste I.K. ±100% moet behaal. Hierdie leerlinge is goed aangepas, maar daar mag luiaards onder hulle wees.

11. Driehoek CEJ : Hierdie leerlinge se I.K.'s is hoër as die gemiddelde van die groep, hulle prestasies is bo die gemiddelde van die groep, en hulle werk ook bo hulle vermoëns. Hierdie leerlinge is in die algemeen die leerlinge wat nooit enige probleme met hulle werk behoort te ondervind nie.

12. Aanpassing van die grafiek. Vir die laer intelligensiegroepe sal die kurwe gewysig moet word, aangesien die prestasies moontlik nie so hoog sal wees nie. Lyn JE se helling moet dus verminder word en die gevolg is dat hoe laer die gemiddelde intelligensie van die groep is, hoe nader beweeg punt E na punt K.

c. Rapporte.

Die suiwerste doel met die tradisionele skoolrapport is om[1]

i. besonderhede aan die ouers te verstrek insake die vordering en gedrag van hulle kinders op skool,

ii. kontak met die ouers te soek en te behou en hulle oor skoolsake in te lig,

ii. die ouers se belangstelling in die skool aan te wakker, en

iv. om ouers se hulp en samewerking te verkry indien remediërende werk in belang van hulle kinders gedoen moet word.

In die verlede is die skoolrapport egter dikwels misbruik deurdat dit onderlinge wedywering aangemoedig het, foutiewe inligting aan ouers verstrek het en as 'n dissiplinêre maatreël gebruik is.

In die komprehensiewe skool waar leerlinge in verskillende bane en groepe geskei word, verskillende leergange toegepas word en gedifferensieerde meting en prestasiebeoordeling geskied, is dit noodsaaklik dat die skoolrapport omsigtelik opgestel word en alleen die volgende noodsaaklike en opvoedkundig-juiste gegewens aan die ouers sal verstrek:

i. nadat die kind se prestasie in ooreenstemming met sy intelligensievermoë in sy eie homogene groep geëvalueer is/....

1. Onderwysbulletin, Maart 1956, Vol. Nr. 1, Kompetisie in die onderwys, skoolrapporte en die publikasie van eksamenuitslae, 19.

is, kan sy werklike prestasie deur middel van 'n simbool aangedui word;

ii. of die kind werklike vordering gemaak het. Sy prestasies word dus eers met vorige gegewens vergelyk;

iii. Moontlike veranderinge in baan of vakkeuse kan aanbeveel en gemotiveer word;

iv. indien nodig, moet die ouers spesiaal uitgenooi word om 'n onderhoud met die hoof, voorligter en voog-onderwyser gesamentlik te reël; en

v. kontak met die ouers te maak of te behou, hulle oor skoolaangeleenthede in te lig, en hul hulp en samewerking te verkry.

d. Bevordering.

Bevordering is 'n aspek van onderwys wat tans op 'n wêreldwye grondslag ondersoek word. Die nadele van druiping word algemeen besef en daar word naarstiglik na oplossings gesoek. Verskillende stelsels om druiping te bekamp, word dan ook toegepas en ondersoek.[1]

In verband met druiping sê professor B.F.Nel:[2] "Dit word byna elke dag in ons onderwys beklemtoon dat daar individuele verskille bestaan, dat die een kind stadiger dink as 'n ander, dat die een kind minder konsentreer as 'n ander, dat die een dommer is as 'n ander, ens., en tog dwing ons almal om die leerstof van die leerplan binne 'n skooljaar te bemeester. Ons opvattings oor individuele verskille word hier oorboord gegooi en ons staan klaar om almal te oordeel volgens dieselfde maatstaf ...... ons staan aan die end van die jaar klaar om met 'n glimlag sekere leerlinge met 'n maatstaf te meet waarvan ons weet dat hulle nie sal kan voldoen nie, en om hulle dus aan een van die wreedste mislukkings te onderwerp."

Nieteenstaande die groot afname in druiping in die Transvaal, is dit beslis nog van geweldige omvang. Tussen 1935 en 1951 het van elke 100 leerlinge wat in standerd ses was, gemiddeld slegs 18 standerd tien volgens rooster bereik. Onder die 82 uitsakkelinge was daar 34 druipelinge. Van die 18 matrikulante het nog weer gemiddeld drie gedruip. 37 leerlinge uit elke 100 het dus op een of ander tyd gedurende hulle middelbare skoolloopbaan gedruip.[3] Die 48 uit elke 100 leerlinge wat ontydig die skool/.....

1. T.O.D. Bulletin, Vol 1, Nr. 3, September 1956, Druiping op skool, 119.
2. Druiping by skoolleerlinge, 139, 140.
3. Onderwysblad, 1 Mei 1954, Van Wyk, Die Matrikulasieraad, 5

verlaat het, is ook in 'n baie groot mate daartoe verplig omdat die skool ook nie op 'n doeltreffende wyse vir hulle sukses en geluk voorsiening gemaak het nie. Die vraag ontstaan dus of die onderwysstelsel dus bestaan om alleen die belange van 13 uit elke 100 leerlinge te behartig? En indien hierdie geselekteerde groep van 13 uit elke 100 leerlinge almal na die universiteit of ander hoër onderwysinrigtings gaan, druip nog 'n groot persentasie hiervan jaarliks!

In die komprehensiewe skool word druiping op die volgende metodes bekamp:

i. deur die verskaffing van gedifferensieerde onderwys. Die leerlinge se belangstellinge, aanleg en vermoëns vorm die uitgangspunt van alle onderwys en is rigtinggewend.

ii. Deur remediërende onderwys. Tyd en geleentheid hiervoor word gedurende skooltyd ingeruim. In sommige lande word ook vakansiekursusse aangebied;

iii. Tempo-differensiasie word toegepas. Bevordering word dus nie net tot die einde van elke skooljaar beperk nie;

iv. die kredietstelsel word soms toegepas. Krediete word algaande verwerf, formele eksamens word afgeskaf en leerlinge herhaal alleen die druipvakke,

v. voogonderwys en voorligting geniet besondere aandag sodat individuele hulp en raad moeilikhede voorkom of oplos;

vi. afsonderlike eksamens word vir universiteitstoelating en vir skooleindsertifikaat afgeneem;

vii. gestandaardiseerde en diagnostiese toetse word wetenskaplik toegepas en geïnterpreteer en stel onderwysers in staat om leerlinge beter en suksesvoller te onderrig;

viii. mediese en sielkundige dienste word by die onderwys ingeskakel;

ix. deur die aanwending van bepaalde onderwysmetodes soos die Dalton-plan, "Unit"-metode, ens., word moderne opvoedkundige beginsels soos onderwys in ooreenstemming met die belangstelling en vermoë van die kind, die noodsaaklikheid van aktiwiteit, ens., toegepas; en

x. deur die leerplan langsamerhand meer beroepsgerig te maak, word leerlinge se belangstelling behou en hulle tot groter inspanning aangemoedig.

e. <u>Sertifisering</u>.

Dit is net logies dat gedifferensieerde doelstellings, leergange, metodes, meting en promosie ook ge-

dif./.......

differensieerde sertifisering sal meebring. Hierdie soort differensiasie is in die Transvaal in gebruik alleen waar 'n verskil tussen matrikulasie - en skooleindsertifikaat gemaak word. Wat verdere bestaande sertifikate, gesertifiseerde verklarings, bekwaamheidsverklarings en ander diplomas van verskillende skole, provinsies en onderwysdepartemente, beide wat kursusse en afsonderlike vakke betref, word vordering in terme van standerds geslaag, aangedui. Hierdie standerdnorm is van wisselende standaard en besit dikwels geen vergelykbaarheid van skool tot skool nie, afgesien nog van provinsie tot provinsie of van departement tot departement.[1]

Die blote besit van 'n sertifikaat is egter nog geen waarborg vir verdere suksesvolle studie, vakleerlingskap of werkverrigting nie. Die dokument bied slegs 'n geleentheid tot verdere studie of werk aan. Dit is wel die gesindheid en die mate waartoe die sluimerende potensialiteite ontwikkel is waarmee die nuwe taak aangepak word wat die belangrike maatstaf vir toekomstige sukses of mislukkings is.[2]

Indien die komprehensiewe skool deur middel van gedifferensieerde onderwys daarin kan slaag om beter aangepaste seuns en dogters die lewe in te stuur, deurdat hulle aanleg en vermoëns ontdek en ontwikkel is en hulle met vasberadenheid en selfvertroue hulle lewensroeping aanvaar, sal die verskillende sertifikate wat uitgereik word, by die beroepswêreld meer vertroue wek en sal dit aanneemliker wees as wat tans die geval is.

Die toepassing van 'n kredietstelsel, projekmetode, "unit"-metode of ander geskikte moderne metode kan formele eksamens of die huidige vorm daarvan soos dit tans nog algemeen toegepas word, in 'n groot mate vervang. Indien die stelsel van geakkrediteerde skole nie gevolg word nie, sal sekere inrigtings soos die universiteit, ander hoër onderwysinrigtings, die staatsdiens, ens., hulle eie toelatingseksamens moet afneem.

Behalwe/.....

---

1. Muller, Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in Suid-Afrika as geintegreerde faktore in verband met druiping aan die universiteit, 183.
2. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 85.

Behalwe die onderwyspeil, en hierdeur word nie alleen die standerdnorm bedoel nie maar ook die werklike standaard van werk in die verskillende vakke en onderwysaangeleenthede, moet besonderhede oor karakter, temperamentele, organisatoriese en liggaamlike eienskappe op sertifikate vermeld word. Deur die noue samewerking tussen die beroepslewe en die skool sal verdere raadpleging en die verstrekking van die nodige inligting 'n normale prosedure wees.

As gevolg van gedifferensieerde onderwys, en veral deur homogene groepering, sal ook die akademiese leerlinge vir die universiteite en ander hoër onderwysinrigtings beter voorberei word. Die ondervinding wat reeds opgedoen is deur selfstandige studiegewoontes, navorsingswerk op verskillende terreine, die uitwerk van projekte en gesonde sosiale aanpassing, sal verseker dat studente goed toegerus hulle verdere studies aanpak.

4. DIE BESONDERE ORGANISATORIESE PROBLEME VAN DIE KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOOL.

Die besondere organisatoriese probleme van die komprehensiewe middelbare skool ontstaan hoofsaaklik as gevolg van die grootte van die skool en sy wye vakkeuse. Om die nadele wat deur hierdie faktore ontstaan te bekamp, word verskillende planne beraam. Die vernaamste probleem ontstaan om die skool as 'n groot vlotwerkende eenheid te laat funksioneer maar om dit nogtans in onderling makliker beheerbare afdelings en onderafdeling te verdeel.

a. Afdeling- en groepindeling.

In die groot komprehensiewe skole is dit gebruiklik om die skole in twee horisontale afdelings - 'n juniorafdeling vir leerlinge van 11 tot 13 jarige leeftyd en 'n seniorafdeling vir leerlinge van 13 tot 18 jarige leeftyd - of in drie afdelings - juniorafdeling 11 tot 13, middelafdeling 13 tot 15 en seniorafdeling 15 tot 18, te verdeel. Die Oorsese Sending[1] stel dan ook die volgende indeling voor : 'n juniorafdeling, bestaande uit standerd ses, 'n middelafdeling uit standerd sewe en agt en 'n seniorafdeling uit standerd nege en tien.

Die eerste jaar, of selfs die eerste twee jaar aan die middelbare skool, word hoofsaaklik as 'n ontdek-

kings/......

1. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 87.

kingstydperk vir die leerlinge gebruik. Die onderwys is meer algemeen-vormend maar ook diagnosties van aard en geleidelik vind aanpassing by die nuwe omgewing en veranderde omstandighede plaas. Die onderwys is meer klassikaal en die klasonderwyser neem verkieslik die grootste aantal van die vakke van sy klas self waar sodat 'n intieme leerling-onderwyser verhouding geskep kan word.[1] Indien die skool so gebou is dat die twee of drie afdelings in afsonderlike geboue gehuisves kan word, sal die juniorafdeling dus 'n kleiner, meer intieme eenheid binne die groot geheel vorm en sal dit verhoed dat hulle in die groot massa verlore raak.[2] Gedurende hierdie tydperk word die grondslag vir toekomstige ontwikkeling in die nuwe skool gelê en word die horison geleidelik verbreed sodat inskakeling op 'n natuurlike wyse geskied. Die uiteindelike oorskakeling na die ander afdelings bly 'n avontuur waarna met entoesiasme uitgesien word.

Die drie afdelings hou hulle eie afsonderlike funksies en byeenkomste. Hierdeur ontwikkel elke afdeling 'n sterk groepsgevoel. Gesamentlike godsdiensoefeninge, skoolfunksies, sportbyeenkomste, konserte, kampe, klubwerk, werkprojekte, ens., kan almal deur die hele skool se leerlinge gesamentlik aangepak word en ontwikkel so ook die noodsaaklike samehorigheidsgevoel en lojaliteit teenoor die skool as geheel. Groter en kleiner sale sal dus vir die verskillende groep- of gesamentlike byeenkomste benodig word. Om vervoer- en organisatoriese probleme vir so 'n groot groep leerlinge op te los, is gevind dat indien die afdelings in die oggend 'n halfuur na mekaar begin en dus in die middag in dieselfde volgorde verdaag, dit sake baie vergemaklik.[3]

Verder kan die skool ook op 'n vertikale wyse in verskillende huise of kommando's verdeel word. Hierdie stelsel wat deur Engelse kosskole ontwikkel is, en later ook deur die dagskole oorgeneem is, word deur sommige opvoedkundiges hoog aangeprys,[4] en deur andere verwerp.[5]

Indien/......

1. London County Council, The Organisation of Comprehensive Secondary Schools, 12.
2. English New Education Fellowship, The Comprehensive School, 26.
3. London County Council, a.w., 13.
4. Ibid., 10.
5. Pedley, Comprehensive Schools to-day, 33.

Indien hierdie stelsel egter op 'n doeltreffende wyse in groot skole toegepas word, sodat daarin geslaag word om kleiner huislike groepe tot voordeel van die leerling bewerkstellig word, kan dit tot groot nut aangewend word.

Leerlinge kan verder in vooggroepe van ongeveer 30 wat deur middel van 'n voogonderwyser behartig word gegroepeer word.

b. Geboue.

Besondere probleme ontstaan by die beplanning van die geboue en die uitlê van die terrein. 'n Skool vir 2,000 leerlinge is nie 'n skool wat net vier maal so groot is as 'n gebou wat 500 leerlinge kan huisves nie. "A school is not an arithmetical problem but a problem in human relations. Here emphatically, quantitative increase involves qualitative change, and the nature of the provision as well as the extent must be considered. To maintain the quality of school life, we must plan in a large school much that is improvised in a small one. Unless for example, we plan for social grouping within the school we shall run the risk of the school degenerating into a regimented mass."[1] Lang gange, rye klaskamers, deure en vensters, steurende geraas deur leerlinggroepe wat tussen klasse beweeg, lang afstande om van een deel van die gebou na 'n ander te beweeg, die samedromming van leerlinge op trappe, die massa-opeenhoping van leerlinge in sekere gedeeltes van die skool, ens., is almal aspekte wat noukeurige beplanning vereis. Hierdie faktore bepaal ook in 'n groot mate die atmosfeer in die skool en het 'n belangrike uitwerking op die gees van onderwysers en leerlinge. In die moderne geboue wat tans vir komprehensiewe skole opgerig word, word die moeilikhede op doeltreffende wyse bekamp. In die Woodlands Secondary School in Engeland bestaan die skool uit 12 blokke. Die sentrale gedeelte bestaan uit 'n groot saal en gimnasium, administratiewe kantore, biblioteek, personeelkamer en mediese inspeksiekamer. Rondom is ses blokke wat uit klaskamers vakkamers en werkswinkels bestaan. Elke blok vorm 'n funksionele eenheid en voorkom onnodige wisseling van leerlinge. Op die terrein is ook vyf "house blocks" wat elkeen/......

1. English New Education Fellowship, The Comprehensive School, 20, 21.

twee huise van die totale tien huise huisves.[1)]

c. Dissipline.

In die komprehensiewe skool word meesal na selfdissipline gestrewe en die leerlinge geniet in 'n groot mate vryheid van doen en late. Selfregering op 'n demokratiese grondslag gebaseer, word byna algemeen beoefen terwyl in sommige skole in die V.S.A. leerlinge toegelaat word om selfs die leerstof in die vorm van projekte of werkeenhede te kan kies of te bepaal. Daar word doelbewus na individualiteit en selfstandigheid maar tog ook na sosiale verantwoordelikheid gestrewe. Met behulp van die verskillende leerlingliggame word die skool in 'n vlotwerkende demokratiese instelling omskep en word baie pligte en verantwoordelikhede deur leerlinge gedra en word die hoof en personeel se pligte dus verminder.

d. Die rooster.

Die rooster van die komprehensiewe skool is baie gekompliseerd en vereis gespesialiseerde kennis, ondervinding en noukeurigheid in die opstel daarvan. Daar bestaan verskillende maniere waarop 'n rooster gemaak kan word en die meeste metodes is doeltreffend mits hulle aan die basiese vereistes voldoen. Vir 'n groot skool is die beste metodes egter die stelsels wat van 'n groot aansteekbord en klein vierkantige kartonplaatjies wat deur middel van spelde op die groot bord vasgesteek word, gebruik maak. Besonderhede oor dae, periodes, onderwysers se voorletters of nommers, vakke, die vakonderwysers en lokale word dan op die aansteekbord en kartonplaatjies aangebring. Gekleurde kartonplaatjies, spelde en potloodmerke word dan gewoonlik gebruik om verskille en kombinasies te aksentueer.

In sommige skole bestaan die neiging om die rooster so ingewikkeld te maak dat alleen enkele persone dit kan interpreteer. 'n Goeie rooster behoort egter so te wees dat alle onderwysers, die administratiewe personeel en selfs seniorleerlinge met enkele verduidelikinge die rooster vir noodsaaklike inligting kan raadpleeg. Indien afkortings of simbole gebruik word, moet die nodige sleutel êrens op die rooster aangebring word.

Die/.........

---

1. Journal of the National Union of Teachers, The Schoolmaster and woman Teacher's Chronicle, October 1955, Vol. CLXVIII, Ministry plans a Comprehensive School, 561.

Die roosters van komprehensiewe middelbare skole moet gewoonlik ook nog aan geografiese eise voldoen. Wisseling van klasse tussen uiteindes van die gebou(e) moet probeer vermy word. Dit sal dus meebring dat die rooster in werklikheid driedimensionaal moet wees.

In baie groot skole is dit noodsaaklik om permanente voorsiening op die rooster vir moontlike afwesighede van die personeel te maak. Met 'n personeel van vyftig of meer is dit 'n natuurlike verskynsel dat een of meer onderwysers soms afwesig sal wees en is dit noodsaaklik dat afwesighede outomaties aangevul sal word sodat geen noemenswaardige onderbreking in die werk kan voorval nie.

Deur die loop van jare is die kurrikulum so uitgebrei dat daar in werklikheid 'n versnippering van die skooldag moet geskied om aan al die vereistes te voldoen. Periodes wissel meermale tussen 33 en 40 minute wat vir alle praktiese doeleindes heeltemal ontoereikend is. Pedley[1)] stel die ideaal as vyf periodes van een uur elk per dag met gereelde tussenposes van tien minute. Hierdie ideaal kan egter alleen bereik word indien vakke saamgesnoer word en die rooster op 'n tiendaagse basis (tweeweekliks) saamgestel word.

Indien die Projek-plan, "Unit"-metode of ander onderwysmetodes toegepas word, waarin heeltemal van die periodebeginsel afgesien moet word, sal dit ingrypende aanpassings van die rooster verg.

Roosters wat vir baan-, groep- en kruisgroepindelings voorsiening maak, sal onder andere nog aan die volgende vereistes moet voldoen:

i. die homogene groepe in die verpligte- en moontlik ook in die keusevakke, sal meebring dat vir elke vak die homogene groepe deurlopend op die rooster sal verskyn, dit wil sê dat die periodes saam sal val. Meer as een onderwyser sal dus vir hierdie vakke terselfdertyd benodig word. ;

ii. in die keusevakke word die vereistes eenvoudiger aangesien die groepe verskillende vakke neem;

iii. die byvakke word aan die registerklasse onderrig.

In kleiner skole sal die homogene groepe minder

in/......

1. Comprehensive Schools to-day, 22, 23.

in getal wees sodat die beperkte aantal onderwysers nogtans die verskillende groepe kan onderrig. Die organisasie van die komprehensiewe skool sal eenvoudiger wees indien onderwysers gedurende hulle opleiding, behalwe die vak waarin hulle spesialiseer, 'n breër algemene opleiding sal ontvang. Behalwe die vak waarin die onderwysers dus spesialiseer, is hulle ook bevoeg om ander vakke ook te doseer.

Sommige keusevakke sal in die kleiner skole saamgegroepeer moet word, aangesien die klasgroepe moontlik te klein en dus onekonomies kan wees. Deur middel van individuele en groepwerk kan die onderwyser egter nogtans daarin slaag om in dieselfde klas verskillende leergange aan te bied.

Om gedurige registerveranderinge te voorkom deurdat leerlinge van baan of klasgroep verander, kan alle verskuiwings aan die begin van elke kwartaal plaasvind of kan een gesamentlike register vir elke standerd gehou word.

In die komprehensiewe skool moet die hoof deur genoegsame administratiewe personeel, twee onderhoofde (indien daar nie afdelings-hoofde is nie), vakhoofde, standerdorganiseerders, huishoofde (indien hierdie stelsel gevolg word) en 'n algemene sportorganiseerder bygestaan word. Die beginsel van verdeling, maar ook die uiteindelike koördinering van pligte word dan gevolg en so kan die skool doeltreffend funksioneer.

5. <u>DIE ONDERWYSPERSONEEL</u>.

Die sleutel tot die sukses van enige skool hang uiteindelik van die onderwysers af. Indien hulle hul lwenstaak met entoesiasme, ywer en bekwaamheid aanpak en hulle roeping na die beste van hul vermoë vervul, kan hulle in die komprehensiewe skool die geleentheid vind om die hoogste ideale te bereik. Immers, in 'n inrigting waar die beste fasiliteite beskikbaar gestel word, waar die ideaal nagestreef word om alleen die beste vir elke individu volgens sy vermoë te bewerkstellig en waar die beginsels toegepas word wat deur wetenskaplik-opvoedkundige navorsing vasgestel en aanbeveel is, sal selfs die sluimerende in elkeen ontwaak en almal tot die hoogste prestasie geïnspireer word.

a. <u>Die hoofonderwyser</u>.

As gevolg van die grootte van die komprehensiewe skole, verminder die bevorderingsgeleenthede in die onder-

wys/........

wys aangesien een hoof nou vier of vyf hoofde onder die gewese stelsel vervang. Alleen die besonder-begaafde en bekwame persone sal dus onder 'n stelsel, waar meriete en doeltreffendheid vir bevorderingsdoeleindes geld, tot hoofde gepromoveer word. Indien afdelingshoofde egter aangestel word, sal dit in 'n mate die bevorderingsgeleenthede verbeter.

Met die groei van skole en die toename in interne en eksterne aktiwiteite, het dit nodig geword om die hoof se aandeel in die skool in hersiening te neem. Die konsentrasie van alle gesag, outoriteit en kennis in die persoon van die hoof het onmoontlik geword en het die desentralisasie van gesag en beheer meegebring.[1] Deur 'n stelsel van aangename samewerking en onderlinge raadpleging bly die hoof egter op hoogte van sake en word koördinasie bewerkstellig.

Die hoof van 'n komprehensiewe middelbare skool moet egter oor besondere eienskappe beskik. Hy moet 'n uitstekende leier en organiseerder wees, hy moet 'n hoë peil van algemene ontwikkeling en kennis bereik het, hy moet wye belangstellinge in onderwyssake maar ook in beroepsaangeleenthede hê, hy moet oor die nodige karakter en temperamentele eienskappe beskik, en met die hoogste ideale tot diens van die gemeenskap besiel wees.[2] 'n Aangename gees van samewerking en hoë idealisme onder die personeel kan alleen bereik word indien besef word ".... that the best and happiest school is the one in which life wells up spontaneously from within, and is not lived under the shadow of one dominating personality who imposes his own form and pressure on the living and growing organism."[3]

b. Die onderwysers.

As gevolg van ingrypende veranderings in die skoolwese en veral ten opsigte van die pligte en regte van onderwysers en leerlinge wat geleidelik en ook deur progressiewe opvoedkundiges teweeggebring is, is die aandeel van die onderwyser en die leerlinge in die onderwysproses baie verander. Die beklemtoning van selfdissipline, inisiatief en aktiwiteit het veroorsaak dat dat/.....

1. London County Council, The Organisation of Comprehensive Secondary Schools, 25.
2. Hughes, Education and the Democratic Ideal, 110.
3. English New Education Fellowship, The Comprehensive School, 41.

dat die onderwyser die tradisionele begrippe van outoritêre optrede, metodieke en "..... de oude wijze van lesgeven, waarbij de onderwijzer of leraar zijn zak met kennis - zolank hij zijn beroep uitoefent - telkens opnieuw uitpakt, na het al vele malen op precies dezelfde wijze te hebben gedaan, ....."[1] heeltemal moet wysig. Die klem val tans op leiding, aanmoediging en voorligting.[2]

In die komprehensiewe middelbare skool het die wye vakkeuse en gedifferensieerde metode ten gevolg dat onderwysers vakspesialiste[3] moet wees, maar ook oor 'n breë algemene vakkennis[4] moet beskik. In sy besondere rigting moet die onderwyser oor gespesialiseerde kennis beskik en moet hy gedurig op hoogte van moderne ontwikkelinge bly. Sy besondere belangstelling en entoesiasme in sy vak sal dan ook aansteeklik op die leerlinge inwerk. Van elke onderwyser word egter ook verwag om ook sy aandeel in sommige ander algemeenvormende vakke, veral in die laer standerds, te hê. Dit is ook noodsaaklik dat elke onderwyser in tenminste een of twee buitemuurse aktiwiteite besondere belangstelling sal toon. Buite die klasverband ontwikkel die onderwyser-leerling en ouer-onderwyser verhouding tot iets moois en waardevol.

Indien die hoof en personeel die komprehensiewe skool as 'n ware gemeenskapskool wil laat funksioneer, moet die belangstelling en die ondersteuning van die gemeenskap op 'n daadwerklike wyse gesoek word. Alleen deur die hartlike samewerking van huis en skool kan die opvoeding van die jeug met sukses bekroon word.

Om die samewerking tussen die personeel in 'n skool te verseker, behou die personeelvergadering sy belangrike funksie. 'n Gesamentlike personeelvergadering word dus op gesette tye gehou en aangeleenthede waarvan vroegtydig kennis gegee is, word op 'n demokratiese wyse bespreek en afgehandel. 'n Kerngroep, wat uit die hoof, onderhoofde en departementele of vakhoofde saamgestel is,

sal/.........

---

1. Vernieuwing van opvoeding en Onderwijs, 16 de Jaargang No. 146, September 1957, Rotten, Argumenten voor de Comprehensive School, 7.
2. Washburne, What is progressive Education, 57.
3. National Association of Inspectors of Schools and Educational Organisers, Essential Principles for the reconstruction of post war education.
4. Simon, Three Schools or one, 94.

sal meer dikwels vergader en sake bespreek en besluite neem. Op gereelde vak- of departementele vergaderings sal ook gereeld die besondere aangeleenthede van elke vak of departement behandel word.

6. DIE VOOGSTELSEL.

Die huis- of kommandostelsel word in die meeste groot skole en ook in die komprehensiewe skole aangetref. In die praktyk word dit egter hoofsaaklik aangewend om belangstelling in buitemuurse aktiwiteite, opvoerings en debatte op te wek en as 'n basis vir wedywering in skoolprestasies, skoolbesoek, ens., te gebruik. Hierdeur is in gebreke gebly om die skoolgemeenskap in kleiner huislike kringe in te deel waar leerlinge tuis kon voel en waar aandag ook aan hulle geestelike, sosiale, morele, etiese en emosionele ontwikkeling gegee kan word. Om in hierdie leemte te voorsien is die "Tutorial", [1] teacher counselor[2] of die "homeroom guidance"[3] stelsels ontwikkel en is dit ook reeds in Suid-Afrika in sommige skole (byvoorbeeld in Die Hoërskool F.H. Odendaal en Die Hoërskool Michael Brink, Pretoria) as die "voogstelsel" ingevoer.

A. Die doel van die voogstelsel.

Die doel van die voogstelsel is om in die onderwys, behalwe vir die intellektuele ontwikkeling van die kind ook die gelukkige en harmoniese ontwikkeling van die hele persoon na te streef. Die sukses van voogonderwys moet gemeet word in terme van 'n gelukkige en goedaangepaste jeug.[4] Elke leerling in die skool moet dan tenminste een goeie volwasse vriend hê wat vanaf sy intrede in die skool tot na skoolverlating, aktueel in hom belang stel en wat vir sy welvaart en geluk verantwoordelik sal wees. Dit is die voogonderwyser "..... who meets him in the homeroom every day, who is always accessible, always sympathetic, a kind of public defender against the slings and arrows of outrageous educational fortune."[5] In

werklikheid/....

1. London County Council, The Organisation of Comprehensive Secondary Schools, 16.
2. National Education Association, Education Policies Commission, Planning for American Youth, 16.
3. Fedder, Guiding Homeroom and Club Activities.
4. Little et al, Developmental Guidance in Secondary School, 307.
5. Keller, The Comprehensive High School, 262.

In werklikheid moet die voogonderwyser as plaasvervanger vir die ouers optree en vir die persoonlike, opvoedkundige en beroepskundige behoeftes van die kind verantwoordelik wees en moet as helper, raadgewer, en vriend van sy beskermlinge optree.[1]

B. Die indeling in vooggroepe.

Verskillende metodes word aangewend om vooggroepe saam te stel. In die V.S.A. word deur heelwat skole 'n vertikale stelsel van groepering toegepas. In dieselfde vooggroep is dus leerlinge uit standerd ses, sewe, agt, nege en tien. Jaarliks word die groep met standerses-leerlinge aangevul. 'n Horisontale metode van indeling berus weer daarop dat leerlinge uit dieselfde standerd 'n vooggroep vorm. 'n Verdere wysiging van die horisontale stelsel word ook gevolg deur leerlinge volgens standerd, intelligensiekwosiënt en skoolprestasie in homogene groepe te verdeel. Indien die skool se leerlinge oor 'n uitgestrekte gebied versprei is, is dit meer prakties en ekonomies gevind om 'n geografiese indeling te maak.[2] Die voogonderwyser vind met laasgenoemde stelsel dit geriefliker om sy voogkinders gereeld te besoek. Behalwe hierdie verskillende metodes word nog minder algemene stelsels ook toegepas. Elke metode het egter sy voor- en nadele en pas soms beter by spesiale omstandighede aan.

Die grootte van die vooggroepe wissel in skole van 25 tot 200 leerlinge. In skole waar een onderwyser 'n baie groot vooggroep moet behartig, word hy gedeeltelik van gewone onderwyswerk vrygestel. Indien 'n onderwyser egter die gewone skoolwerk moet doen, is dit nie wenslik dat 'n vooggroep uit meer as dertig leerlinge sal bestaan nie, anders kan doeltreffendheid ingeboet word.

C. Die funksies van die voogonderwyser.

Die funksies wat die voogonderwyser moet vervul, strek oor 'n wye gebied en hang ook van omstandighede af. Die volgende pligte[3] is egter die mees fundamentele en word in 'n program wat oor 'n paar jaar strek, versprei :

a/........

---

1. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 89.
2. Hierdie stelsel word aan die Hoerskool F.H. Odendaal, Pretoria, toegepas.
3. . Verwys ook Mc Kown, Home Room Guidance, 24 - 43.

a. die doelbewuste strewe na 'n aangename leerling-onderwyser verhouding waardeur die onderwyser die vertroue van sy voogkinders wen;

b. geleidelike voorligting aan leerlinge in verband met persoonlike, opvoedkundige, sosiale, etiese, estetiese, gesondheids en beroepskundige behoeftes en ook oor aangeleenthede soos vryetydsbesteding, ontspanning ens;

c. besoeke aan leerlinge se ouerhuise om meer van hulle agtergrond en omgewing te wete te kom, die ouers te leer ken en hulle belangstelling en samewerking te verkry;[1]

d. die ontwikkeling tot goeie burgers van die land en die versameling van kennis in verband met plaaslike en nasionale aangeleenthede;

e. die insamel en opteken van inligting en besonderhede oor leerlinge;

f. om voorligting, aanvullend met die beroepsvoorligter, aan leerlinge te gee;

g. kontrole oor skoolbesoek uit te oefen;

h. om finansiële hulp aan leerlinge deur middel van beskikbare beurse of bestaande welsynsorganisasies te organiseer;

i. die insameling van skoolfondse;

j. om as skakel te dien waar inligting oor 'n leerling verlang word; die voogonderwyser sal deur die hoof in verband met dissiplinêre en gedragsmoeilikhede en by prestasiemeting en bevordering van die leerling, geraadpleeg word;

k. Die voogonderwyser is verantwoordelik vir sy vooggroep se getuigskrifte wat uiteindelik deur homself en die hoof onderteken moet word;

l. hy sal as voog die leerlinge met advies in verband met vakkeuse en beroepskeuse bedien;

m. die voogonderwyser sal buiteskoolse werksgeleenthede organiseer en kontroleer; en

n. uiteindelik sal die voogonderwyser vir plasing in 'n beroep en toekomstige nasorgwerk in medewerking met die voorligter verantwoordelik wees.

D. <u>Die tyd wat aan voogonderwys behoort gewy te word</u>.

Die tyd wat gedurende skoolure vir voogonderwys gebruik/..

---

1. Onderwysblad, 1 Maart 1958, Cronje, Verpligte huisbesoek, 509.

gebruik word, wissel van skool tot skool. In sommige skole word een periode per week daarvoor afgesonder, terwyl in die V.S.A. van 15 tot 40 minute per dag daarvoor gebruik word. Leerlinge besoek dan hulle voogonderwyser aan die begin van die skooldag vir ongeveer 'n kwartier en pak hulle boeke en ander persoonlike eiendom in sluitkassies wat in die voogonderwyser se kamer vir hierdie doel aangebring is. Aan die einde van die dag word die voogonderwyser dan weer vir 'n bepaalde tyd besoek. Wanneer groep-aktiwiteite dit toelaat, kan die voogonderwyser ook deur leerlinge geraadpleeg word.

E. Die metodes wat vir voogonderwys aangewend kan word.

Indien die groepindeling dit toelaat, is dit bevorderlik indien die voogonderwyser ook vir die Godsdiensonderrig en Beroepsvoorligting van sy groep verantwoordelik kan wees. Hierdeur sal meer tyd en geleentheid tot beskikking van die voogonderwyser gestel word om sy voogkinders beter te leer ken, individuele aandag aan hulle te wy en oor hulle belange te waak.

Die hoof moet met groot sorg die voogonderwysers uit die bestaande personeel kies. Alle onderwysers is nie geneë of bevoeg om hierdie belangrike taak te verrig nie. Voogonderwys is 'n liefdeswerk. "Die voogonderwyser is 'n vriend van kinders, hy verstaan en bestudeer hulle persoonlikheidsamestelling en probleme en benader dit op so 'n wyse dat die leerlinge die nodige vrymoedigheid het om hom te nader met al hulle kwellinge."[1] Die volgende metodes sal deur die voogonderwyser aangewend word :

a. In die klaskamer sal daar hoofsaaklik groepbesprekings gehou en individuele onderhoude gevoer word. Die groepbesprekings moet op 'n taktvolle wyse deur die voogonderwyser volgens 'n vooraf goedbeplande skema gelei word. Aktuele vraagstukke en probleme waarby die leerlinge belang het, moet uitgekies word en in so 'n rigting gestuur word dat moeilike situasies vermy word. Individuele onderhoude kan gedurende voogperiodes gevoer word indien daar geleentheid daarvoor is en die nodige privaatheid verkry kan word. Persoonlike onderhoude kan egter ook op vooraf bepaalde tye geskied.

b./..........

---

1. T.O.D., Bulletin, Vol. 1, Nr. 2, Junie 1956, Kotzee, Die Voogonderwyser, 78.

b. Gedurende huisbesoeke is dit moontlik om met die ouers en ook met die leerlinge vriendskapsbande aan te knoop wat op geen ander manier gedoen kan word nie. Hierin skuil in 'n groot mate die sukses wat deur 'n voogstelsel bereik kan word. Die onderwyser wat die huislike agtergrond en omgewing van elkeen van sy voogkinders ken, beskik oor inligting wat die sleutel tot baie van sy probleme kan wees.

c. Deur beplande uitstappies na kunsuitstallings, fabrieke, myne, demonstrasies, howe, wetgewende vergaderings, laboratoria, ens., kan baie waardevolle inligting bekom word wat later nuttig verwerk en in groepbesprekings of vir versameldoeleindes aangewend kan word.

d. Nuttige gebruik kan van bevoegde persone uit die samelewing gemaak word om beroepspraatjies, lesings, oor aktuele vraagstukke, ens., ten voordele van die leerlinge te hou.

e. Inligting aangaande die leerlinge moet algaande ingesamel en op 'n sistematiese en doeltreffende wyse op 'n kaartstelsel aangebring word. Indien leerlinge na ander skole verhuis, kan hierdie inligting aan die volgende skool oorgedra word. Nadat leerlinge in beroepe geplaas is, word gereelde nasorgwerk gedoen totdat die kaart uiteindelik afgesluit word nadat die oud-leerling sy permanente plek in die samelewing ingeneem het.

F. <u>Die opleiding van voogónderwysers</u>.

Die goeie onderwyser is in die reël 'n goeie voogonderwyser. Indien natuurlike aanleg, vermoë en idealisme by die onderwyser beroepsbepalend was, sal hy ook reg aan die jeug wat aan sy sorg toevertrou word, laat geskied. Om egter oor die noodsaaklike kennis te beskik, moet studente reeds gedurende hulle onderwysersopleiding vir hierdie besondere taak voorberei word. Verder kan die onderwysdepartement deur middel van intensiewe kursusse aan diensdoende onderwysers die nodige opleiding verskaf. Deur selfstudie kan onderwysers hulle egter ook vir hierdie belangrike taak bekwaam.

Voogonderwys vervul 'n baie belangrike funksie in die komprehensiewe skool en skakel die nadele wat aan 'n groot skool verbonde is in 'n aansienlike mate uit. Die Oorsese Sending beweer dan ook : "Die funksie van die voogonderwyser in die vorming, vordering en aanpassing van die individuele leerling kan nooit oorskat word

nie/......

nie.[1]

## 7 VOORLIGTING IN DIE KOMPREHENSIEWE SKOOL.

### A. Die doel van voorligting.

In toenemende mate word tans die noodsaaklikheid van pedosentriese onderwys besef en word dit beklemtoon dat individuele verskille die grondslag van onderwysmetodes behoort te vorm. In ooreenstemming hiermee definieer Unesco[2] dan die doel van opvoeding "..... to help men and women to live fuller and happier lives in adjustment with their changing environment, to develop the best elements in their own culture, and to achieve the social and economic progress which will enable them to take their place in the modern world and to live together in peace." Die doel van voorligting as 'n geïntegreerde faktor van die opvoedingsproses, is dan om hierdie aanpassingsproses op ekonomiese, sosiale, emosionele en burgerlike terrein te help bevorder.

In die "Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys,"[3] word beroepsvoorligting gedefinieer as "..... die proses om die individu te help om 'n beroep te kies, hom daarvoor voor te berei, daartoe toe te tree en daarin te vorder." Aangesien hierdie doelstelling in die lig van bogenoemde vereistes vir opvoedingsdoeleindes as te eng beskou moet word, het die Oorsese Sending die term "Voorligting" aanbeveel.

Deur voorligting word dan beoog om 'n leerling tot die optimum ontwikkeling te help deur homself en sy eie probleme te begryp, die nodige kennis en vaardighede te verwerf en dit tot die nodige insigte te werk wat hom in staat sal stel om sy eie probleme op te los, sy lewe oordeelkundig te beplan en uiteindelik die gewenste aanpassing te maak.[4]

Die komprehensiewe skool, met sy heterogene leerling bevolking, het dus 'n besondere taak om elke jeugdige in die geleentheid te stel om homself te begryp en te aan-

vaar/.....

1. T.O.D., ~~Bull~~etin, Vol. 1, Nr. 2, Junie 1956, Kotzee, Die Voogonderwyser, 89.
2. Fundamental Education, Publication No. 363, 9.
3. U. van S.A., 213.
4. Warters, High School Personnel Work to-day, 40, 41.

vaar, hiervolgens sy lewe op 'n intelligente en onafhanklike wyse te beplan; om hom tot die maksimum ontwikkeling in staat te stel sodat hy uiteindelik suksesvolg by die milieu sal aanpas.[1] Voorligting is egter nie net die besondere taak van die onderwyser-voorligters nie, maar vereis die gesamentlike optrede van die hele personeel.

B. Die werkmetodes en tegnieke wat in die voorligtingsdiens aangewend behoort te word.

Die onderwyser-voorligter(s) sal ten nouste met die voogonderwysers moet saamwerk omdat hierdie twee terreine van die onderwysprogram baie na-verwant is en mekaar gedeeltelik oorvleuel. Die onderwyser-voorligter se werk is egter meer gespesialiseerd en strek meer in die beroeps- en samelewing uit. Gewoonlik het die voorligter(s) ook 'n baie geringe, indien enige, aandeel aan die gewone vakonderwys. Die volgende werkmetodes sal dan in die voorligtingsporses toegepas word :

C. Die diagnostiese bestudering van die individu.

'n Kumulatiewe rekord of persoonlike inventaris moet in objektiewe terme opgestel word, dit moet op feite gebaseer wees en die volgende inligting bevat:

i. Huislike agtergrond. Dit behels die beroep van vader/moeder, aantal broers en susters en hulle ouderdomme, nasionaliteit van vader en moeder, omgewings-omstandighede, huislike atmosfeer, vermaaklikhede, stokperdjies ens.

ii. Liggaamlike en mediese geskiedenis. Gesig, gehoor, kleurblindheid, hart, afwesigheid deur siekte, ens.

iii. Skoolprestasies.

iv. Buitemuurse aktiwiteite.

v. Spesiale aanleg en vermoëns. Stokperdjie.

vi. I.K.

D. Versamelde inligting.

Hiervoor moet 'n spesiale naslaan-biblioteek opgebou word. Dit sal hoofsaaklik bestaan uit :

a. Beroeps- en opvoedkundige inligting :

i. Besonderhede oor sake soos beroepe, beroepswetgewing, hoe om werk te soek en te hou, muurkaarte, plaaslike werkgeleenthede, koöperatiewe verenigings, ens.;

ii. inligting wat deur die onderwyser verstrek moet word;

iii/..........

1. a. Education Department Alberta, Junior High School Handbook, 42.
   b. Myers, Principles and Techniques of Vocational Guidance, 6.

iii. aanskouingsmateriaal, films, strokiesfilms, prente, uitstalmateriaal, ens.;

iv. plaaslike opnames in verband met werksomstandighede;

v. besonderhede oor oud-leerlinge;

vi. beroepsdae. Sekere sprekers word uitgenooi.

vii. Universiteitsdag. Besonderhede oor professionele aangeleenthede. Sprekers.

viii. Besoeke aan die beroepswêreld.

ix. Werksondervinding. Krediet word hiervoor in die skool toegeken indien dit aan sekere vereistes voldoen.

b. 'n Volledige verwysingstelsel oor arbeidsburos, moontlike werkgewers, beroepsorganisasies, ens., vir gebruik wanneer leerlinge in diens geplaas moet word.

E. Raad en leiding deur persoonlike onderhoude.

Die onderwyservoorligter moet oor sy eie kantoor beskik waarin die nodige uitrusting, apparaat en inligting beskikbaar is. Hy moet te eniger tyd gedurende skoolure en ook op gesette tye na skoolure vir persoonlike onderhoude beskikbaar wees. In verband met hierdie onderhoude beweer Jones[1] : "Counseling is primarily an individual matter and is apt to be successful when conducted on this basis. From a fund of knowledge of educational and vocational opportunities, the counselor offers information, advice and assistance to the individual, bearing in mind his particular interests, ability, and personal situation."

F. Die plasing van leerlinge.

Onder plasing van leerlinge word verstaan die bevredigende aanpassing van leerlinge by die nuwe omstandighede hetsy in die skool of in 'n beroep.[2] Volledige besonderhede van elke leerling is nodig om hierdie werk doeltreffend te kan doen.

G. Nasorgwerk.

Die ondervindinge van oud-leerlinge kan baie belangrike inligting aan toekomstige werknemers verskaf. Oudleerlinge se sukses of mislukkings kan ook as maatstaf van die skool se standaard van doeltreffendheid gebruik word. Behalwe vir hierdie aspek van die saak is die skool egter

verplig/......

---

1. Principles of Guidance, 268.
2. Jacobson, The American Secondary School, 300.

verplig om daadwerklik in sy oud-leerlinge belang te stel en die skool moet te alle tye nog gereed wees om aan hulle bystand te verleen. Nasorgwerk word dus gereeld gedoen en kan deur middel van 'n questionnaire of deur onderhoude deur seniorleerlinge na tussenposes van 1, 3, 5 en 10 jaar gedoen word.

8. ADVIESRADE.

In die V.S.A. word van die middelbare skole verwag om "live curriculums in live schools .... (that) prepare for life"[1] aan te bied. Aan die skole word dus besliste funksionele eise ten opsigte van die voorbereiding van leerlinge vir die lewe, gestel. Om die skool beter hiertoe in staat te stel, is adviesrade in die lewe geroep. Hierdie adviserende komitees wat uit sowel werkgewers as werknemers bestaan, stel hulleself dan ten doel om die skole in verband met beroepsaangeleenthede te adviseer en waar moontlik, ook bystand te verleen.

Oorspronklik is plaaslike adviesrade aan elke beroeps- en komprehensiewe skool wat beroepskursusse aangebied het, deur die Staatsadviesrade aangestel. Alhoewel hierdie liggame oor geen administratiewe magte beskik nie, het hulle sulke waardevolle werk verrig, dat dit algemeen byval gevind het.[1]

In San Diego, California is byvoorbeeld 36 adviesrade in die lewe geroep. Elke raad behartig net een beroepsrigting. Sommige rade vergader elke maand, terwyl ander vier keer per jaar vergader. Die werk van die adviserende komitees staan so hoog aangeskrewe dat die Junior College, San Diego, tesame met die beskrywing van elke kursus wat aangebied word, die name van die adviesraad verstrek onder die byskrif "The following representatives of ownership, management, and labor constitute the advisory committee in the Curriculum." Die algemene gebruik is egter om net een raad, wat al die beroepsvertakkinge behartig, saam te stel. In New York-stad bestaan daar alstesaam 50 sulke adviesrade.

Aangesien die komprehensiewe skool nie in alle beroepsvertakkinge voorberoepsopleiding kan verskaf nie, word alleen die kursusse aangebied wat die meeste in aanvraag is en deur die gemeenskap benodig word. Die adviesraad wat dan uit werkgewers en werknemers van hierdie

beroepsrigtinge/....

---

1. Grieder and Rosenstengel, Public School Administration, 166

beroepsrigtinge saamgestel word, verrig dan die volgende funksies :[1]

a. die komitee bly gedurig op hoogte van arbeidsaangeleenthede en verskaf hierdie waardevolle inligting aan die skool. Die beroepsvoorligter het sitting op hierdie komitee en bly dus op hoogte van sake.

b. Onderwysliggame word deur die adviesraad geadviseer en op hoogte van sake gehou sodat die skool deur 'n doeltreffende onderwysprogram in die gemeenskapseise kan voorsien.

c, Die adviesraad verleen hulp in verband met leerlinge se beroepskeuse. Die raad stel hierin baie belang aangesien hy uiteindelik self hierdeur bevoordeel word.

d. Deskundige raad word aan die skool in verband met beroepsbedrywighede gegee. Hy verskaf inligting in verband met bou-aangeleenthede, beplanning, die aankoop van voorrade, apparaat, ens.

e. Die adviesraad dien as skakel tussen die skool en die beroepslewe. Die lede van die raad is waardevolle kontakte waardeur die skool baie kan vermag,

f. Die adviesraad dien as ambassadeurs van die skool in die samelewing. Deur hierdie persone word inligting in verband met die skool versprei, word die belangstelling van die gemeenskap opgewek en kan die skool aan sy roeping as gemeenskapskool beantwoord.

## 9. DIE AANDEEL VAN DIE OUERS IN DIE KOMPREHENSIEWE SKOOL.

Die komprehensiewe skool as 'n gemeenskapskool neem nie alleen 'n besondere plek as 'n funksionele en kulturele instelling in die samelewing in nie, maar staan ook in 'n besondere verhouding teenoor die ouers. Daar word doelbewus daarna gestrewe om die ouers en ander lede van die maatskappy se belangstelling in die skool op te wek en hulle aktiewe deelname in skoolaangeleenthede te verkry. Oueraande, funksies van kulturele, opvoedkundige en vermaaklikheidsaard, klubaktiwiteite vir volwassenes in die skool, besoekersdae, uitstallings en so meer dra almal daartoe by om die skool en die gemeenskap in noue kontak te bring.

Wat die beheer van die ouers oor die skool betref, wissel die aandeel van die ouers in die verskillende lande vanaf algehele seggenskap tot alleen 'n raadgewende funksie. Die beheer word gewoonlik deur middel van ouerverenigings, skoolkommissies, beheerrade en afdelingsrade uitgeoefen. Die neiging bestaan egter om die ouers in 'n toenemende mate beheer oor die komprehensiewe skole te laat uitoefen.

-----------

# HOOFSTUK 6.

# DIE ALGEMENE VOOR- EN NADELE VAN DIE KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOOL.

## 1. DIE VOORDELE VAN DIE KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOOL.

Die voorstanders van die komprehensiewe middelbare skool sien in hierdie skooltipe die enigste opvoedkundige inrigting wat aan die adolessent reg kan laat geskied. Veranderde staatkundige, maatskaplike, ekonomiese en nywerheidstoestande het meegebring dat ook die onderwys vernuwing en aanpassing moet ondergaan. Die voorstanders van die komprehensiewe skool meen dat hierdie skool 'n antwoord daarop is om die volgende redes :

a. In 'n demokratiese gemeenskap is die komprehensiewe middelbare skool die natuurlikste opvoedkundige inrigting.[1)]

Omdat die komprehensiewe skool geen seleksie toepas nie en toegang aan alle normale leerlinge verleen, kan die skoolbevolking beskou word as 'n gemeenskap in embrio. Dit skep 'n skoolgemeenskap wat in sy verskeidenheid verteenwoordigend is van die veelsoortige gemeenskapslewe daarbuite, waarin die leerling uiteindelik as volwassene sy plek moet inneem.

In 'n skool waarin so'n ryke verskeidenheid aan mensemateriaal aangetref word en waarin hulle elke dag saam opgevoed word, moet die onnatuurlike skeidsmure wat deur sosiale stande, ekonomiese welvaart, en arbeidsaangeleenthede geskep word, afgebreek word. Uiteindelik word 'n samehorigheidsgevoel ontwikkel en word hulle in 'n hegte eenheid saamgesmee. 'n Onderwysstelsel wat differensiasie deur middel van afsonderlike skooltipes voorsien, neig in die rigting om klasseverskille steeds te handhaaf en te versterk en kan uiteindelik geïsoleerde groepe in die samelewing skep. Vergelyk in hierdie verband die Engelse "tripartite" stelsel met sy "Grammar Schools." As teenvoeter hiervoor word die komprehensiewe skole in Engeland aangewend.

Indien/.....

---

1. a. Cole, What is a Comprehensive School, 8.
   b. Dewey, The School and Society, 12.
   c. Richmond, Education in the U.S.A., 144.
   d. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 69, 87.

Indien die demokrasie dan ons erns is, indien "..... one accepts the ideal of a democratic fluid society with a minimum of class distinction, the maximum of fluidity, the maximum of understanding between different vocational groups, then the ideal Secondary School is a comprehensive public High School.[1] Reeds by die opvoeding van die jeug berus die moontlikheid om die westerse beskawing te beveilig. In die komprehensiewe skool, as 'n natuurlike demokratiese gemeenskapskool, skuil hierdie moontlikheid.

Die teenstanders van die komprehensiewe gedagte beweer daarinteen dat groepvorming 'n natuurlike verskynsel is wat in die mees demokratiese gemeenskappe voorkom. Die lewe is 'n stryd waarin elkeen sy eie bestaansreg moet beveilig. Die doelbewuste opheffing van maatskaplike en intellektuele skeidsmure lei tot die verlaging van standaarde en ongeluk vir die minder vermoënde.

b. Die komprehensiewe skool elimineer die probleme wat ontstaan by die oorskakeling van die laer na die middelbare skool.

Indien middelbare skoolleerlinge hulle onderrig in afsonderlike skole moet ontvang, vereis dit dat aan die einde van die laer skoolloopbaan 'n stelsel van eksamens en seleksie toegepas moet word. Hierdie stelsel is in Engeland in werking en veroorsaak die grootste ontevredenheid en ongeluk by ouers sowel as by leerlinge.[2] Hierdie sogenaamde 11-plus-eksamen word as onregverdig en onopvoedkundig bestempel en is die vernaamste faktor wat die "tripartite" stelsel in Engeland so ongewild maak en die onderwysowerhede aan kritiek blootstel. Foute wat in die eksamens insluip, leerlinge wat later ontwikkel en grensgevalle veroorsaak byna onoorkomelike probleme.

In Suid-Afrika is die huidige toestand egter dat die grootste persentasie leerlinge in die provinsiale skole opgeneem word waar hulle hoofsaaklik algemene onderwys ontvang. Die beroepskole - tegnies, handels, en huishoudkundig - trek nie genoegsaam leerlinge om uiteindelik in die land se behoeftes te voorsien nie. Die klag word/.......

---

1. Conant, Education and Liberty, 81.
2. a. Richmond, Education in the U.S.A., 144.
   b. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 87.

word dan ook deurgaans deur die beroepskole ten laste van die provinsiale skole gelê dat die provinsiale skoolhoofde en onderwysers leerlinge afraai om na die beroepskole te gaan en indien leerlinge nog na hierdie skole verwys word, is hulle uit die laer intelligensiegroepe. Dat hierdie toestand van sake die land se vooruitgang, veral op industriële en handelsgebied onberekenbaar skaad, is van alle twyfel ontbloot.

Indien 'n gemeenskap egter deur 'n komprehensiewe middelbare skool bedien word, word alle normale leerlinge in die middelbare skool opgeneem en ontstaan daar geen seleksieprobleme nie. Die Skotse "Advisory Council" beweer dan ook: "The omnibus school has the great advantage of not rousing bitter feeling over transfer and selection for secondary education."[1]

Die probleme wat by oorskakeling van laer skole na afsonderlike middelbare skole ontstaan, word allerweë deur die voorstanders van hierdie stelsel erken. Daar word egter doelbewuste pogings aangewend om die metode van seleksie te verbeter sodat die kritiek hierteen uiteindelik sal verdwyn.

c. <u>In komprehensiewe skole vind die oorskakeling van een kursus na 'n ander maklik plaas.</u>[2]

Kandel beweer[3] ".....the transfer of pupils from the course not suited to their abilities to one more appropriate would be facilitated and the number of failures and maladjustments would be reduced, particularly since the allocation of pupils to appropriate courses in the same school would be simplified." Indien leerlinge in 'n komprehensiewe skool van kursus wil verander, verg dit alleen 'n verskuiwing binne dieselfde skool wat met die grootste gemak en minste onaangenaamheid gedoen kan word. By afsonderlike skooltipes vereis dit egter die oorplasing na 'n ander skool, wat gewoonlik baie teësinnig gedoen word en met onaangenaamhede gepaard gaan. Leerlinge verkies gewoonlik om maar met die ou kursus voort te gaan en hierdeur ontstaan dan druiping en toekomstige mislukkings.

Voorstanders van die "tripartite" stelsel beweer

dat/......

1. Secondary Education, 37.

2. a. Hughes, Education and the Democratic Ideal, 108.
   b. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 71, 87.

3. The New Era in Education, 111.

dat indien die metode van seleksie bo alle kritiek verhef is, sal die noodsaaklikheid vir oorskakeling hoofsaaklik uitgeskakel wees.

d. Die komprehensiewe skool voorsien in die behoeftes van alle leerlinge.[1)]

As gevolg van die grootte van die komprehensiewe skool en die verskeidenheid kursusse, akademies sowel as beroepsgerig, kan die skool in die behoeftes van sy leerlinge voorsien. Die Steyn-verslag[2)] verwys dan ook na die groot Amerikaanse komprehensiewe skole "...... wat daarna streef om in die behoeftes van alle leerlinge te voorsien wat betref algemene opvoeding, sowel as in die gespesialiseerde behoeftes van groepe leerlinge wat beroepsonderrig, voorbereiding vir die universiteit of persoonlike ontwikkeling verlang." Die komprehensiewe skool is 'n volkskool met geleenthede vir almal en "..... promotes democratic equality of opportunity in a way that makes sense and appeals to the fairminded."[3)] Vir elke individu is daar die moontlikhede om sy aanleg en vermoëns te ontdek en dit tot volle ontplooiing te bring.

Indien gedifferensieerde onderwys op 'n doeltreffende wyse in afsonderlike middelbare skole aangebied word, kan ook in die behoeftes van elke individu voorsien word.

e. Die komprehensiewe middelbare skool kan aan die opvoedkundige, maatskaplike, ekonomiese en nywerheidseise voldoen.[4)]

Die middelbare skool het ook as funksionele instelling in die twintigste eeu 'n volslae metamorfose ondergaan. Die tyd is verby dat die skool alleen studente vir die universiteite selekteer en voorberei. Elke normale jeugdige in Transvaal is tans deur wetgewing tot 'n minimum van drie jaar middelbare onderwys verplig.

Aangesien/......

---

1. a. The Times Publishing Co., The Times Educational Supplement, 6 Jan., 1956.
   b. The New Era in Home and School, Vol. 38, No. 5, May 1957, 87.
   c. Keller, The Comprehensive High School, 7.
2. T.O.D.-komitee, Gedifferensieerde middelbare onderwys vir blankes, 24.
3. The New Era in Home and School, a.w. 87.
4. a. English New Education Fellowship, The Comprehensive School, 9.
   b. London County Council, The Organisation of Comprehensive Secondary Schools, 7.
   c. Amsterdam, N.O.V., Rapport van de Commissie "Grote Scholen,"4.

Aangesien die middelbare skoolbevolking dus nie meer 'n geselekteerde groep is nie, moet die middelbare skool sy program so uitbrei dat ook vir die groter toevoer van leerlinge voorsiening gemaak word. Uiteenlopende eise word dus aan die skole deur die leerlinge, maar ook deur opvoedkundige inrigtings, handel en nywerheid en die maatskappy in die algemeen gestel.

Die komprehensiewe skool as demokratiese gemeenskapsinrigting beskou dit as sy besondere roeping om deur middel van algemene onderwys, wye vakkeuse, uiteenlopende kursusse, ens., aan die besondere en algemene eise te voldoen.

- Middelbare onderwys in afsonderlike skole voorsien reeds op doeltreffende wyse in die meeste lande in die opvoedkundige, maatskaplike, ekonomiese en nywerheidseise. Die voorstanders van hierdie stelsel bepleit dus net 'n verbetering en verdere uitbreiding van hierdie stelsel.

f. Gedifferensieerde onderwys kan in die komprehensiewe skool op die doeltreffendste wyse geskied.

Die noodsaaklikheid van gedifferensieerde onderwys word teenswoordig deur opvoedkundiges algemeen aanvaar. Differensiasie kan alleen deur middel van afsonderlike skooltipes of in 'n komprehensiewe of gelyksoortige skole geskied. Die resultate wat reeds in komprehensiewe skole behaal is, bewys dat gedifferensieerde onderwys met die grootste welslae in hierdie skole uitgevoer kan word. So word in 'n publikasie van die "English New Education Fellowship"[1] verklaar : "The Comprehensive School affords a possibility of manifold grouping and regrouping according to ability, interest, and aptitude, for the widest variety of special courses, while offering at the same time the opportunity for pupils of varied background to follow many curricular and extra-curricular pursuits in common, whether social, cultural or athletic." Algemene gedifferensieerde onderwys dus in die volste sin van die woord.

Die voorstanders van die stelsel van gedifferensieerde onderwys na buite beweer egter tereg dat gedifferensieerde onderwys reeds deur sommige bestaande onderwysinrigtings op doeltreffende wyse verskaf word.

g/..............

---

1. The Comprehensive School, 14.

g. Die komprehensiewe skool is meer ekonomies as wanneer voorsiening deur middel van afsonderlike skooltipes gemaak word.

In 'n rapport[1] oor "Grote Scholen" deur 'n kommissie van die Nederlandse Onderwysvereniging oor die voor- en nadele van groot skole, word tot die gevolgtrekking gekom dat groot skole meer ekonomies is. Indien drie of vier afsonderlike skole een komprehensiewe skool moet vervang, sal die aanvanklike onkoste, uitlê van sportterreine, uitrusting en die uiteindelike onderhoud 'n baie groter finansiële las veroorsaak. Geriewe, leer en hulpmiddele, administratiewe en opvoedkundige personeel, ens., moet noodwendig in afsonderlike skole oorvleuel en bykomstige uitgawes veroorsaak. Komprehensiewe skole wat gewoonlik groot skole is, is dus meer ekonomies.

Teenstanders van die komprehensiewe skool beweer dat die uitrusting en geriewe vir beroepsonderwys so duur is dat die behoorlike en genoegsame voorsiening van hierdie noodsaaklikhede in alle middelbare skole 'n geweldige finansiële uitgawe sal meebring.

h. Die komprehensiewe skool spits hom toe op die ontwikkeling van die hele mens.

Dit word vandag allerweë beklemtoon dat individuele aanleg en vermoëns van leerlinge ontdek en tot volle ontplooiing gebring moet word. 'n Eensydige opvoeding in 'n gespesialiseerde rigting, reeds op die middelbare skoolvlak, lei uiteindelik tot wanaangepaste wesens.

In 'n artikel[2] oor "The needs of the 'whole man'" word die volgende beweer: "The pupil's needs must be fed at all phases of his development. The 'academic' type, who thrives on book learning, would often gain by a more balanced development as between his intellectual, emotional, and organic aptitudes. His capacity to respond to music, art, drama, and the urge to fashion material with his hands should not be neglected owing to the pressure of intellectual pursuits. The grammar school boy should have access to a wide variety of media for creative/......

---

1. Amsterdam, N.O.V., Rapport van de Commissie "Grote Scholen," 11.

2. English New Education Fellowship, The Comprehensive School, 13, 14.

creative and practical work, and the facilities of apparatus and workshops. He would benefit if some of his time were devoted to the kind of 'activities' characteristic of the good Modern School. We, therefore, arrive at the conclusion that for 'the education of the whole man' there is need for the widest possible range and variety of provision - a comprehensive educational environment."

En ook die Oorsese Sending[1] kom tot die gevolgtrekking in verband met die komprehensiewe middelbare skool: "Trouens dis die enigste skool waar die ontwikkeling van die volle mens tot sy reg kan kom."

Die voorstanders van die tradisionele stelsel met onderlinge kompetisie as aansporing tot prestasie, druiping as afskrikmiddel, strenge seleksie om hoër standaarde te verseker en vroeë spesialisering om die strewe en inspanning te kanaliseer, sien in die komprehensiewe gedagte die rede tot die verdwyning van inisiatief en die verlaging van die prestasiepeil.

i. <u>In die komprehensiewe skool geniet alle vakke en kursusse 'n gelykwaardige status.</u>[2]

Die wye kloof wat tussen akademiese vakke en beroepsvakke en tussen algemeen-vormende en beroepsonderwys deur die eeue heen ontstaan het, word in die komprehensiewe skool oorbrug. Baie klem word gelê op die sogenaamde "parity of esteem" ook wat vakke en kursusse betref. Hierdie ideaal word veral in die V.S.A. doelbewus nagestreef en dit word beweer dat leerlinge uiteindelik tot nuwe insigte kom en besef dat plesier uit en adel deur eerlike arbeid ontstaan.

j. <u>Die komprehensiewe skool is 'n gemeenskapskool.</u>[3]

Die komprehensiewe skool voorsien in die behoeftes van al die kinders van middelbare skoolleeftyd van die gemeenskap. Die hele gemeenskap het dus belang by die skool (vergelyk in hierdie verband die komprehensiewe skole op Anglesey en Mann) terwyl die skool weer as opvoedkundige inrigting 'n ligpunt in sy omgewing is.

Wedersydse/....

---

1. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 69.
2. a. Kandel, The New Era in Education, 111.
   b. T.O.D.-komitee, Gedifferensieerde middelbare onderwys vir blankes, 71.
3. a. Hughes, A Socialist Education Policy, 17.
   b. T.O.D.-komitee, a.w., 71.

Wedersydse bruê ontstaan tussen skool en gemeenskap ten voordele van leerlinge sowel as gemeenskap.

Kinders uit dieselfde huis word ook nie in verskillende skole afgesonder nie en die ouers en kinders het 'n gemeenskaplike belangstelling in een skool.

Die plattelandse hoër skool sowel as die stedelike hoër skole waar gebieds-afbakening toegepas word, bedien ook 'n bepaalde gemeenskap en akkommodeer die meeste leerlinge van middelbare skoolleeftyd. Indien differensiasie na buite egter konsekwent deurgevoer word, vereis dit dat leerlinge die skole sal besoek waarin die beste voorsiening vir hulle besondere aanleg en vermoëns gemaak word.

k. <u>'n Eenvormige stelsel van komprehensiewe skole lei tot bevredigende personeelverspreiding en verwante aangeleenthede.</u>[1)]

By afsonderlike skooltipes word die knapste vakonderwysers in sommige skole saamgetrek. (Vergelyk in hierdie verband die nadelige gevolge wat hierdie faktor op die sukses van die junior hoër skole in Transvaal gehad het.) Aangesien alle komprehensiewe skole egter gelykwaardig in status is, veroorsaak dit 'n regverdige verspreiding van onderwysers in die skole.

In sommige lande verskil die status, personeel- en salarisskale van onderwysers in afsonderlike skole en veroorsaak dit onderlinge ontevredenheid en soms ongesonde wedywering.

In komprehensiewe skole verdwyn ook die strenge eensydige vaksentriese belange by onderwysers en het hulle 'n meer normaal verspreide belangstelling. Die personeel bestaan uit akademici sowel as gekwalifiseerde vakkundiges wat gedurig kontak maak, aangenaam saam verkeer en gesamentlik hulle roeping vervul.

Daar word egter deur die voorstanders van die tradisionele skoolstelsel aangevoer dat gesonde mededinging, ook wat die skole onderling betref, 'n heilsame uitwerking op die onderwys as geheel uitoefen. Hierdie

stelsel/.....

---

1. a. National Union of Teachers, Questionnaire, 13 Aug 1957, 109.

   b. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 71.

   c. Amsterdam, N.O.V., Rapport van de Comissie "Grote Scholen.", 11.

stelsel het veral tot gevolg dat die skole en onderwysers genoodsaak word om 'n hoë standaard te handhaaf. Deur hierdie stelsel sal die begaafde leerlinge dan tot hoër prestasies aangespoor word.

l. Voorligting kan alleen in 'n komprehensiewe skool ten volle tot sy reg kom.[1)]

Die belangstelling van die leerlinge in 'n komprehensiewe skool in die verskillende vertakkinge van die beroepslewe veroorsaak dat die voorligtingsdiens op 'n breë en onbevooroordeelde grondslag geplaas moet word. Die komprehensiewe skole strewe daarna om gedurig kontak te maak en die samewerking te verkry van die verskillende beroepsvertakkinge waarin die leerlinge van die skool uiteindelik belang sal hê. (Vergelyk die "Advisory Boards" van die Amerikaanse komprehensiewe skole) Ons vind dan ook dat die meeste bestaande komprehensiewe skole oor besonder doeltreffende stelsels van voorligting en nasorg beskik.

Daar dien egter op gewys te word dat leerlinge wat in dieselfde beroepsrigting belangstel, in afsonderlike skooltipes saamgetrek word en dat hulle uiteindelik dus op dieselfde beroepe aangewys is. Hierdie afbakening van die beroepsveld en belangstellinge kan tot gevolg hê dat voorligting op 'n intensiewer wyse aangebied kan word en dat doeltreffender kontak met die besondere beroepe gemaak kan word.

m. Komprehensiewe skole geniet aanvanklik almal 'n gelykwaardige status.[2)]

Indien gedifferensieerde onderwys deur middel van afsonderlike skooltipes geskied, geniet sommige skooltipes onmiddellik 'n hoër status terwyl sommige 'n gedurige opdraande stryd moet voer om hulself te kan handhaaf. So word ondervind dat ".... the segregation of schools by types almost inevitably imposes the stigma of inferiority in/....

---

1. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 71.

2. a. Paedagogische Studiën, 28ste Jaargang, April, 1951, Bot, Die komprehensiewe hoërskool van Transvaal, Unie van S.A.
   b. T.O.D.-komitee, Gedifferensieerde middelbare onderwys vir blankes, 35.
   c. Education Department of Tasmania, Tribolet, Observations on Secondary Education England, Scotland and the U.S.A., 7.
   d. Kandel, The new Era in Education, 111.

in public estimation upon what must be the majority of schools. It necessarily involves selection of pupils for the grammar school, selection for the technical school, and, however we try to disguise it, rejection for the rest, .....The very fact that the great majority of children are 'rejected' does mean in many cases that they regard themselves and their parents regard them as failures. In consequence they do not give the best of which they are capable, and the modern school can hardly be expected to succeed in releasing their full potential."[1)]

Deur die komprehensiewe skool word hierdie stelsel van afroming en die gevolg dat 'n stigma op die agterblywende meerderheid geplaas word, uitgeskakel en kan dit alleen 'n heilsame uitwerking op die leerlinge hê. Uiteindelik word die werklike status van skole, in 'n heersende stelsel van komprehensiewe skole, dan, regverdiglik, aan hulle resultate geoordeel.

Hierdie nadele verbonde aan die stelsel van gedifferensieerde onderwys deur middel van afsonderlike skooltipes word terdeë deur die voorstanders van hierdie stelsel besef. Daadwerklike pogings word dan ook in werking gestel om ook aan die nie-akademiese skole die beste fasiliteite beskikbaar te stel sodat ouers en leerlinge meer tevrede kan wees.

## 2. DIE NADELE VERBONDE AAN KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOLE.

In die verskillende lande waar komprehensiewe skole aangetref word, word deur sommige liggame en persone verskillende besware teen die komprehensiewe middelbare skool gelug. In Engeland is dit egter opvallend dat dit veral die ondersteuners en die onderwysers van die "Grammar Schools" is wat die heftigste teen die komprehensiewe skole gekant is. Nieteenstaande die feit dat in die V.S.A. die komprehensiewe skool as hulle grootste bydrae op opvoedkundige gebied beskou word, word kritiek ook daar teen hierdie skooltipe ondervind. Die volgende is die vernaamste besware teen die komprehensiewe skool :

a. Komprehensiewe skole moet noodwendig groot wees.[2)]

Die/...

1. English New Education Fellowship, The Comprehensive School, 11.
2. a. Keller, The Double-Purpose High School, 14.
   b. London County Council, Education Committee, Minutes of Proceedings, 19 July, 1944, Report of the General Sub-committee, 464.
   c. The Times Publishing Co., The Times Educational Supplement, 6 Jan., 1956.
   d. Amsterdam, N.O.V., Rapport van de Commissie "Grote Scholen," 5.

Die belangrikste beswaar wat teen komprehensiewe skole ingebring word, is dat hierdie skole altyd groot moet wees om doeltreffend te kan funksioneer. Die normale komprehensiewe middelbare skool is dan ook wel groter as die afsonderlike skooltipes. In Engeland en die V.S.A. is die algemene neiging om in die komprehensiewe skole vir ongeveer 2000 leerlinge voorsiening te maak. Skole kan egter doeltreffend differensieer indien die leerlingtal rondom 'n duisend is.

Die volgende besware ontstaan, omdat die komprehensiewe skole as te groot beskou word :

(i) Die onderlinge verhouding tussen hoof, personeel en leerlinge ly skade. Hierdie gevaar word in die bestaande komprehensiewe skole aangevoel en word op verskillende maniere teengewerk.[1] Metodes wat aangewend word, is onder andere om die skool in 'n junior en senior afdeling te verdeel, om die skool in huisgroepe van 250 leerlinge elk te verdeel, 'n voogstelsel in die skool in te voer, die onderhoofde hoofde van afdelings te maak, godsdiensoefeninge en funksies vir die groepe afsonderlik en gesamentlik te reël, ens.

(ii) Die uitgawes aan geboue en uitrusting is baie groot. Die uitgawes verbonde aan geboue en normale toerusting is in werklikheid nie groter nie aangesien die skool 'n paar afsonderlike skole vervang. Die voorsiening van werkswinkels en toerusting vir die beroepsvakke sal egter wel groot finansiële uitgawes veroorsaak. Indien hierdie vakke egter noodsaaklik is, moet voorsiening ten alle koste gemaak word. Besparing ten koste van opvoedkundige noodsaaklikhede kan verreikende nadelige gevolge vir 'n volk se toekoms inhou.

(iii) Organisatories is die skool baie lomp. Om hierdie gevaar te bekamp is dit 'n vereiste dat die hoof oor besondere organisasievermoë sal beskik. Opleiding in hierdie rigting deur middel van deeltydse kursusse en departementele adviseurs kan doeltreffendheid baie verhoog. Verder moet die skool oor genoegsame administratiewe personeel beskik. Die hoof moet ook bygestaan word deur onderhoofde, departementele hoofde, senior assistente, vakhoofde, standerdorganiseerders en huishoofde.

iv/..........

---

1. Pedley, Comprehensive Schools today, 7.

(iv) Die skoolrooster is baie ingewikkeld. Gedifferensieerde onderwys in 'n komprehensiewe skool vereis 'n baie gekompliseerde rooster wat soms meermale per jaar saamgestel moet word. Bekwame onderhoofde en selfs senior assistente wat aanleg in hierdie rigting openbaar, kan hierdie moeilike taak in 'n groot mate uit die hoof se hande neem.

Die Londen "County Council" se opvoedkundige komitee kom tot die gevolgtrekking[1] "...... in principle, large schools can be accepted not hesitatingly and grudgingly as an unwelcome necessity but by virtue of their real merits. They provide flexibility of organisation, varieties of choice of subjects which are the vehicles of education, and superior general amenities."

b. <u>Die standaard van die werk in komprehensiewe skole neig na die gemiddelde.</u>[2]

'n Verdere beswaar teen komprehensiewe middelbare skole is dat die algemene standaard van werk te laag vir die skrander leerlinge en te hoog vir die minder skrander leerlinge is "...... that it caters to the average and that the needs of the gifted and dull pupils are not being met."[3]

Nadat Pedley[4] die Engelse komprehensiewe skole besoek het, het hy tot die gevolgtrekking gekom dat die standaard van die akademiese groepe nie noodwendig laer as in die afsonderlike akademiese skole is nie. Hy beweer verder "There is, then no levelling down. What about levelling up? Here again we have abundant evidence. Every school which has been even partly comprehensive in type for five or more years can give examples of pupils who would have failed to qualify for grammar school places in that locality, who were on entry graded 'non academic' and put in a low form, yet who subsequently made remarkable progress and did well in the General Certificate Examination - in some cases at Advanced Level." En die Skotse Advisory Council beweer: "They have maintained high

academic/....

---

1. Education Committee, Minutes of Proceedings, 19 July, 1944, Report of the General Sub-Committee, 464.
2. a. Hughes, Education and the Democratic Ideal, 101.
   b. T.O.D.Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 69, 71.
   c. The Times Publishing Co., The Times Educational Supplement, 6 Jan., 1956.
3. Kandel, The New Era in Education, 113.
4. Comprehensive Schools today, 4.

academic standards with the able boys, while the less bookish majority have always had their place and welcome, ......"[1)]

In komprehensiewe skole waarin homogene groepering plaasvind en differensiasie in leerplanne, metodiek en tempo geskied, kan die leerlinge tot die maksimum inspanning en prestasie aangespoor word. Ook vir die swakker groepe word daar spesiale voorsiening gemaak en indien remediërende onderwys doeltreffend aangewend word, kan die komprehensiewe skool ook vir hierdie leerlinge die weg tot geluk en sukses voorberei.

c. Die leerlinge met hoë intellektuele bekwaamheid verdring die ander leerlinge in die verantwoordelike poste in die skoollewe.[2)]

Die gevaar bestaan dat die leerlinge wat oor hoë intellektuele vermoëns beskik, die minder bekwame leerlinge in die skool uit die verantwoordelike poste soos prefekte, klasleiers, groepleiers, sportkapteins, ens., sal verdring. Die akademiese leerlinge bly ook langer op skool en vorm so die toonaangewende groep in die skool.

Die komprehensiewe middelbare skool strewe egter doelbewus daarna om vroeë skoolverlating uit te skakel. Indien die skool daarin kan slaag om sy leerlinge gelukkig te maak en deur middel van 'n uitgebreide kurrikulum en besondere metodiek hulle tot sukses te inspireer, sal die meeste leerlinge hulle kursusse voltooi en dus langer op s skool bly. Homogene groepering sal verder tot gevolg hê dat leerlinge tussen hulle gelykes beweeg en verantwoordelike posisies kan aanvaar.

d. Vroeë skoolverlaters beïnvloed die akademiese leerlinge ten nadele.[3)]

Vroeë skoolverlaters met lonende betrekkings mag vir die agterblywende leerlinge 'n gevaar inhou aangesien die aanloklikheid om selfstandig te wees, om oor genoeg sakgeld te beskik en geen huiswerk te hê nie, hulle van voornemens om verder te studeer, kan laat verander.

Die/.......

---

1. Secondary Education, 38.
2. a. Keller, The Comprehensive High School, 74, 75.
   b. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 69.
3. Keller, a.w., 74, 75.

Die algemene gees wat in 'n skool heers en in besonder die hoë idealisme wat gedurig aangewakker moet word, dien as kragtige teenmiddel teen hierdie moontlikheid. Indien vroeë skoolverlating verder uitgeskakel word, sal ook hierdie gevaar geleidelik verdwyn. Dit bly egter 'n probleem wat in alle skole aangetref word en is nie alleen tot die komprehensiewe skool beperk nie.

e. Die komprehensiewe skool kan onmoontlik nie vir alle beroepsvakke voorsiening maak nie.[1)]

Geen enkele skool, tegniese en beroepskole ingesluit, kan vir 'n groot aantal beroepsvakke voorsiening maak nie. Enige skool kan alleen maar sekere beroepe uitkies en leerlinge hiervoor oplei. Ook die komprehensiewe middelbare skool kan alleen sekere beroepsrigtinge selekteer en in sy program vir die opleiding in hierdie rigtings voorsiening maak. Aangesien die komprehensiewe skool egter 'n gemeenskapskool is, is hierdie beginsel in ooreenstemming met sy doelstellings. Die skool sal by uitnemendheid die beroepe kies waarby die gemeenskap onmiddellike belang het en waarin die leerlinge in die toekoms 'n heenkome mag vind. Hierdie beginsel impliseer dus dat komprehensiewe skole in sekere beroepsrigtinge sal spesialiseer en leerlinge dus ook uit ander gebiede wat in hierdie rigtings belang stel, en waarvoor sy eie gebiedskool nie voorsiening maak nie, sal moet akkommodeer.

f. Hoofde van komprehensiewe skole kan nie in al die verskillende rigtings van middelbare onderwys eweveel belangstel nie. Sekere rigtings sal dus bevoordeel word.

Dit is waarskynlik dat hoofde, netsoos enige ander opvoedkundige, vir 'n sekere onderwysrigting 'n besondere voorliefde kan koester. Hierdie rigting sal dan ten koste van die ander rigtings bevoordeel word.

In 'n komprehensiewe middelbare skool sal noodwendig van departementele hoofde vir die verskillende rigtings gebruik gemaak moet word. Hierdie persone sal dan in werklikheid elkeen vir die sukses of andersinds van so 'n afdeling verantwoordelik wees. Die hoof sal uiteindelik hierdie rigtings koördineer en in 'n groot geheel saamsnoer.

3/.........

1. Keller, The Double-Purpose High School, 14.

3. SAMEVATTING.

Daar kan tereg beweer word dat die komprehensiewe middelbare skool as gemeenskapskool groot voordele inhou. Dat dit 'n natuurlike en demokratiese milieu skep waarin die hele mens in ooreenstemming met sy persoonlike behoeftes en vermoëns tot voordeel van homself en die gemeenskap kan ontwikkel, kan moeilik weerlê word. Verder elimineer hierdie skooltipe in 'n groot mate die probleme wat as gevolg van die oorskakeling van die laer na die middelbare skole en van een kursus na 'n ander kan ontstaan. Komprehensiewe skole, asook alle kursusse en vakke in die skole, geniet almal 'n gelykwaardige status en as gevolg van die eenvormige stelsel kan verder 'n bevredigende personeelverspreiding en verwante aangeleenthede verkry word. As funksionele instelling voldoen die komprehensiewe skool op uitmuntende wyse aan moderne opvoedkundige, maatskaplike, ekonomiese en nywerheidseise.

Hierdie skooltipe is egter nie van alle nadele ontbloot nie. Wesenlike besware ontstaan veral ten opsigte van die grootte van die skool en die probleme wat hieruit voortvloei, die feit dat 'n skool alleen vir 'n beperkte aantal beroepsrigtinge voorsiening kan maak en dat die skool organisatories baie lomp is. In die bestaande komprehensiewe skole word hierdie nadele egter op doeltreffende wyse bekamp en in 'n groot mate uitgeskakel.

Samevattend kan dus beweer word dat die komprehensiewe middelbare skool as opvoedkundige instelling besliste voordele inhou en tot die algemene welsyn van gemeenskap en individu kan strek.

----------

## HOOFSTUK 7.

## STRUIKELBLOKKE IN DIE WEG VAN DIE STIGTING VAN VOLWAARDIGE KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOLE IN TRANSVAAL.

Die struikelblokke wat tans die verwesenliking van die aanvaarde beleid van gedifferensieerde onderwys in volwaardige komprehensiewe middelbare skole in Transvaal dwarsboom, is die stelsel van verdeelde beheer, die beperkende invloed van die Matrikulasie-vrystellingsvereistes, die tradisionele kloof wat tussen liberale en beroepsonderwys bestaan, die antipatie wat 'n gedeelte van die publiek en die onderwysprofessie teenoor gedifferensieerde onderwys en komprehensiewe skole openbaar en die hoë koste wat aan beroepsonderwys verbonde is.

### 1. DIE STELSEL VAN VERDEELDE BEHEER.

Een van die vernaamste struikelblokke wat tans die stigting van volwaardige komprehensiewe skole vir gedifferensieerde onderwys bemoeilik, is die huidige stelsel van verdeelde beheer in die onderwys. Deur die begrip "verdeelde beheer" word verstaan dat daar 'n vertikale verdeling van onderwysbeheer bestaan wat onderwysaangeleenthede vanaf kleuteronderwys tot tersiêre onderwys betref. Op die middelbare onderwysvlak beheer die Departement van Onderwys Kuns en Wetenskap alle beroepsonderwys terwyl die provinsiale onderwysdepartemente die gewone provinsiale of nie-beroepskole beheer soos deur Wet Nr. 70 van 1955 (die Beroepsonderwyswet) bepaal word.

#### A. Die geskiedkundige agtergrond van die huidige stelsel van verdeelde beheer.

Artikel 85(iii) van die Zuid-Afrika-Wet van 1909 bepaal dat alle "Onderwijs, uitgezonderd hoger onderwijs, voor vijf jaren en daarna tot het Parlement anders bepaalt,"[1] aan die provinsies toevertrou moet word. Onderwys sou dus horisontaal verdeel wees: tot en met middelbare onderwys sou die beheer by die provinsies berus, terwyl hoër onderwys die verantwoordelikheid van die Unie-Onderwysdepartement sou wees. Die term "hoger onderwijs" is egter nie verder omskrywe nie, maar in die gewone konnotasie van onderwysterme is tersiêre onderwys daarmee bedoel.

Net na unifikasie is egter reeds uitsonde-

ringe/.........

1. Unie van S.A., Hersiene Wette van Suid-Afrika, 1910 - 1912 met wysigings tot 1933, 31.

ringe op artikel 85(iii) gemaak, toe toestemming aan die provinsies verleen is om onderwysers vir die tweede- en derdeklas onderwysersertifikate op te lei. Aanvanklik is ook in 1911 besluit om die beroepskole onder beheer van die Unie-regering te plaas. In 1912 is hierdie besluit egter weer gewysig en het beroepsonderwys onder die provinsies bly ressorteer.[1)]

Hierdie toestand van sake het tot in 1923 voortgeduur, toe deur die Hoger Onderwijs Wet, No. 30 van 1923[2)] deur die Unie-parlement voorsiening gemaak is vir die stigting en beheer van tegniese kolleges deur die Unie-Onderwysdepartement. Deur hierdie wet is, in stryd met die gees van die Zuid Afrika-Wet van 1909, beroepsonderwys op 'n sekondêre vlak onder die beheer van die Unie-Onderwysdepartement gemagtig.

Op die Durbanse Konferensie van 1924 het die provinsies, op grond van finansiële oorwegings, toegestem dat die beheer oor beroepsgerigte handels-, huishoudkundige en tegniese onderwys aan die Unie-regering oorgedra kan word. Op 1 April 1925 het die oordrag van hierdie onderwysaangeleenthede geskied,[3)] alhoewel die Transvaalse Uitvoerende Komitee reeds toe die feit betreur het dat opvoedkundige oorwegings ondergeskik gemaak moet word aan finansiële oorwegings.[4)]

Deur die Wet op Beroepsonderwys en Spesiale Skole Nr. 29 van 1928 en die daaropvolgende wysiginge,[5)] is voorsiening gemaak vir die oprigting en beheer van skole vir beroepsonderwys en spesiale skole en vir hulptoelae aan staatsondersteunde skole deur die Unie-regering. Selfs spesiale laer skole kon nou deur die Unie-Onderwysdepartement beheer word.

In 1928 erken die Gemeenskaplike Matrikulasieraad ook die Nasionale Senior Sertifikaat van die tegniese kolleges as toelating tot die universiteite. Die tegniese kolleges kon dus direk tot die akademiese terrein toetree en leergange moes dus nie noodwendig meer

beroepsgerig/.........

---

1. Coetzee, Onderwys in Transvaal; 1838 - 1939, 122 - 123.
2. Unie van Suid-Afrika, Die Unie-Wette, Geklassifiseerde en Geannoteerde Herdruk 1910 - 1947, Deel 5, 536.
3. Coetzee, a.w., 192, 193.
4. T.O.D., Verslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1934, 6 - 7.
5. U. van S.A., a.w., 620.

beroepsgerig wees nie.

In 1937 het deur die Wet op Oordrag van Landbouskole Nr. 30 van 1937[1] die beheer van landbouskole weer in die hande van die provinsiale administrasies oorgegaan.

Deur Wet Nr. 70 van 1955[2] is alle vorige wetgewing in verband met beroepsonderwys herroep en is weer eens voorsiening gemaak vir die instelling, instandhouding en beheer van beroepskole en deeltydse klasse deur die Unie-regering. Verder is voorsiening gemaak vir die oordrag van die outonome beroepskole na die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap. Beroepsonderwys word dus uitgebrei en op 'n nasionale basis geplaas. Deur hierdie wet word verder bepaal dat die provinsiale skole nie beroepsonderwys mag gee soos gedefinieer deur die wet nie. Hiervolgens word provinsiale skole beperk tot 8 uur beroepsonderwys per week in 'n bepaalde beroepsrigting wat in die praktyk op twee vakke vir 'n beroepsrigting neerkom.

In plaas van die oorspronklik-bedoelde horisontale verdeling van die onderwys, het uiteindelik dus 'n vertikaalverdeelde skeiding in onderwysbeheer ontwikkel. Beide die provinsiale en die uniale onderwysdepartement beheer tans onderwysinrigtings vanaf kleuterskole tot inrigtings vir hoër onderwys.

B. <u>Pogings wat reeds aangewend is om die toestand van verdeelde beheer op te hef</u>.

Verskillende pogings is reeds deur uniale sowel as provinsiale liggame en kommissies aangewend om die stelsel van verdeelde beheer op te hef, maar almal sonder enige sukses. Die volgende is die vernaamste pogings :

a. <u>Die Jagger-kommissie van 1916</u>.

Reeds in 1916 het hierdie kommissie beweer : "De tegenwoordige regeling komt ons voor een aller onnatuurlikste verdeling van de opvoedingspoging te veroorzaken. Men hoeft geen opvoedkundige te zijn om te beseffen/.......

1. Unie van S.A., Die Unie-wette. Geklassifiseerde en Geannoteerde Herdruk 1910 - 1947, Deel 5, 612.
2. Unie van S.A., Wette van die Unie van S.A. 1955 Deel II. Nos. 56 - 70, 1695 - 1699.

beseffen dat het onderwijs van de jeugd van het land een systematies geheel behoort te zijn; dat lager, middelbaar, technies en hoger onderwijs allen behoren geregeld te worden om in elkander in een organies schema te werken; en dat, zonder zodanige regeling van middelen tot een doel, er noodwendig verlies van doeltreffendheid en verkeerde aanwending van poging moet zijn."[1]

Hierdie kommissie beveel dan die afskaffing van die provinsiale stelsel aan. Die beheer moet egter deur distriksrade oor primêre, sekondêre en tegniese onderwys uitgeoefen word. In werklikheid dus eenheidsbeleid maar gedesentraliseerde beheer.

b. Die Hofmeyer-kommissie van 1924.

Hierdie kommissie het aanbeveel "Dat de Provinsiale Administraties onmiddellik kontrole zal aanvaarden van alle onderwijs werk dat voortgezet wordt in inrichtingen door de Staat verschaft of door de Staat ondersteund, binne hun respektiewe gebieden, met uitzondering van Landbouw Kolleges en inrichtingen van Universiteitsrang."[2]

Die kommissie beveel dus ŉ stelsel van provinsiale kontrole of beheer oor alle onderwysaangeleenthede tot en met middelbare onderwys aan. Verder word ŉ koördinerende Uniale Raad van Onderwys aanbeveel sodat ŉ eenvormige beleid toegepas kan word.

c. Die Roos-kommissie van 1934.

Hierdie kommissie het die volgende oplossing aan die hand gedoen: "Koördinasie op die gebied van onderwys is so belangrik dat, as dit nie vrywillig deur die Provinsies tot stand gebring word nie, die Volksraad uiteindelik genoodsaak sal wees om dit by wet te verplig .... indien, nadat so ŉ komitee (die komitee beveel ŉ Provinsiale Raadplegende Komitee as koördinerende liggaam aan) ŉ jaar of twee bestaan het, blyk dat dit nie aan sy doel beantwoord nie, moet u kommissie met teësin tot die gevolgtrekking kom dat die wetlike kontrole van hierdie saak deur Parlementêre wetgewing, die enigste alternatief is."[3]

Deur/..........

1. Unie van Zuid-Afrika, Rapporten van de Provinciale Administratie Kommissie, 13.
2. Unie van Zuid-Afrika, Tweede Rapport van de Kommissie op de Administratie van Onderwijs, 67.
3. Unie van Suid-Afrika, Verslag van de Provinsiale Finansiële Kommissie 1933, 56.

Deur hierdie kommissie word ook aanbeveel[1] dat alle skole wat onder Wet No. 29 van 1928 (die Wet op Beroepsonderwys en Spesiale Skole) onder uniale beheer geplaas is, aan die Provinsies oorgedra moet word. Geen melding word egter van die tegniese kolleges gemaak nie.

Weer eens word dus ŉ stelsel van provinsiale beheer oor alle onderwys tot en met middelbare onderwys, gekoördineer deur middel van ŉ Provinsiale Raadplegende Komitee, voorgestel.

d. Die Nicol-kommissie van 1939.

Die Nicol-kommissie beweer: "Die onderwys van die opgroeiende kind moet as ŉ geheel gesien en beskou word. Dit vereis dat een enkele gesag die beheer moet uitoefen. ..... Dit is vir ons duidelik dat beroepskole en ander skole wat onderwys, 'uitgezonderd hoger onderwijs' verskaf, onder een en dieselfde beheer gestel moet word."[2]

Ook hierdie kommissie beklemtoon die noodsaaklikheid van ŉ horisontale verdeling van die onderwys soos oorspronklik deur die Zuid-Afrika Wet van 1909 neergelê is; die provinsies moet beheer oor alle vorme van sekondêre onderwys uitoefen.

e. Die Wilks-kommissie van 1946.

In hierdie verslag word die volgende beweer[3]: "Spheres of education which are complementary have been divorced from one another, and thus our education in any one sphere has become ill adapted to fit its recipients fully for the life they are expected to lead" en verder " .... it is in the interests of the children of the Province that all secondary education should be under one controlling authority, and as things stand today, this must be the Province."

Daar word dan aanbeveel:

i. "All full-time education up to and including Standerd X should be under the sole control of the Province.

ii. Existing full-time classes at the technical colleges falling under the category given in (i) should be/........

1. Unie van Suid-Afrika, Verslag van die Provinsiale Finansiële Kommissie 1933, 53.
2. Provinsie van Transvaal, Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1939, 105.
3. Provinsie Natal, Verslag van die Provinsiale Onderwyskomitee 1946, 10.

be taken over by the Province."

f. Die De Villiers-kommissie van 1948.

Die De Villiers-kommissie som die toestand wat deur die stelsel van verdeelde beheer in die onderwys veroorsaak is as volg op en beweer: "dat die huidige provinsiale middelbare en hoër skole met die bestaande leerplanne nie die regte onderwys vir elkeen van leerlinge verskaf en nie kan verskaf nie."[1] As oplossing stel die kommissie voor dat alle leerlinge eers na junior hoër skole moet gaan. Nadat die leerlinge hierdie skool deurloop het, gaan hulle dan of na 'n provinsiale akademiese hoër skool of na 'n beroepshoërskool wat deur die sentrale regering beheer moet word.[2]

Op hierdie wyse probeer die kommissie dus die stelsel van verdeelde beheer omseil en die nadele daaraan verbonde uit te skakel.

g. Die Pretorius-kommissie van 1951.

Hierdie kommissie het aanbeveel dat die Provinsiale Administrasie verantwoordelik sal wees vir alle

i. laer onderwys;

ii. middelbare onderwys

insluitende handels- en huishoudkunde onderwys soos dit in die provinsiale hoër skole doseer word; en

iii. landbou-onderwys wat tans onder provinsiale beheer is.

Die Unie-Onderwysdepartement moet dan vir die volgende verantwoordelik wees:

i. suiwer tegniese onderwys;

ii. vakonderwys vir dogters

soos tans deur die Unie-Onderwysdepartement gegee word; en

iii. alle gespesialiseerde handelsonderwys.[3]

h. Die Interkerklike Komitee van die Hollands-Afrikaanse Kerke van S.A., 1955.

In 'n memorandum wat deur die Interkerklike Komitee saamgestel is, word beweer:[4] "Effektiewe differensiasie is alleen dan moontlik as die onderwys in sy

breë/.........

---

1. Unie van Suid-Afrika, Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 1948, 17.
2. Ibid, 45.
3. Provinsie Oranje Vrystaat, Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie, 1951, 35, 36.
4. Die Interkerklike Komitee van die Hollandse-Afrikaanse Kerke van S.A., Memorandum insake die behoefte aan 'n uniale onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer t.o.v. middelbare onderwys, 23.

breë trekke deur een liggaam beheer word. En dit is veral hier waar verdeelde beheer die afgelope 30 jaar die direkte oorsaak was dat ons sekondêre onderwys onmoontlik kon voldoen aan die vereiste 'die regte soort onderwys vir almal.'"

Die Komitee beveel dan aan:

i. ŉ Uniale onderwysbeleid, vasgelê deur Uniale wetgewing, voorskriftelik en magtigend;

ii. die herinvoer van die horisontale skeidslyn tussen alle vorms van sekondêre onderwys en hoër onderwys soos dit oorspronklik in die Uniegrondwet vasgelê is.

i. <u>Samevattend</u>.

Hierdie verslae getuig dat die kommissies bewus was van die nadelige uitwerking van verdeelde beheer op middelbare onderwys. Op enkele uitsonderinge na, is die deurlopende gedagte dat die ideale stelsel een is waar provinsiale beheer toegepas word op alle vorme van onderwys tot en met die middelbare vlak. Verder moet ŉ uniale beleid deur middel van ŉ koördinerende liggaam bewerkstellig word.

Nieteenstaande die herhaaldelike en dringende aanbevelings van die onderskeie kommissies, is die stelsel van vertikale verdeling in die onderwys nog in werking.

Die Interkerklike Komitee beweer dan in hierdie verband: "Dit moet aan hierdie komitee vergun word om te boekstaaf dat ŉ objektiewe beskouing van al die pogings wat aangewend is om tot ŉ behoorlike beheerde stelsel te geraak, die uiters onaangename indruk skep dat die belang van die volk telkemale opgeoffer word aan die belange van die staatsdepartemente. Die onbeweeglike houding van hoof-amptenare en die magsuitoefening om te behou wat besit word, durf seer seker nie langer geduld te word nie. Daar dien onverwyld ŉ einde te kom aan die toestand waarin kinders vir sekere skole gewerf moet word ten einde die skole in stand te hou in plaas van die kind te dien."[1)]

C. <u>Die nadelige gevolge van die stelsel van verdeelde beheer op middelbare onderwys</u>.

a. <u>Die sielkundig-opvoedkundige nadele</u>.

As/.........

---

1. Die Interkerklike Komitee van die Hollands-Afrikaanse Kerke van S.A., Memorandum insake die behoefte aan ŉ uniale onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer t.o.v. middelbare onderwys, 25.

As gevolg van die stelsel van verdeelde beheer, is dit nie moontlik om volkome differensiasie in die provinsiale middelbare skole toe te pas nie. Dit is dan ook die rede waarom, onder die huidige omstandighede, die provinsiale middelbare skole in Transvaal nie in volwaardige komprehensiewe skole omskep kan word nie. Deurdat Wet No. 70 van 1955 provinsiale skole verplig om beroepsonderwys in enige bepaalde rigting tot agt uur per week te beperk, kan sommige kursusse nie, in ooreenstemming met die behoeftes van leerlinge, geleidelik meer beroepsgerig gemaak word nie. Leerlinge wat byvoorbeeld in 'n handelsrigting wil gaan, word in standerd nege en tien tot twee handelsvakke beperk en kan hulle nie byvoorbeeld in Boekhou, Tik en Snelskrif bekwaam nie. Die gevolg is dat die sekondêre provinsiale skole hoofsaaklik tot akademiese kursusse beperk word, instede daarvan dat die skole vry is om 'n wye vakkeuse, volgens die belangstelling, aanleg en vermoëns van die leerlinge, aan te bied.[1]

Die Transvaalse Onderwysersvereniging se standpunt word as volg gestel[2]: "Ons vra dat dit vir leerlinge moontlik gemaak moet word om in toenemende mate 'n beroepsrigting naas die akademiese rigting in ons gewone middelbare skole te volg sodat elke leerling die onderwys kan ontvang waarvoor hy aanleg en belangstelling het. Daardeur sal elke leerling ooreenkomstig sy aanleg in een of ander rigting kan presteer. Dit sal hom 'n besef van sy eie waarde as mens en landsburger gee en neigings tot asosiale gedrag by hom teenwerk. Solank die leerplan (kurrikulum) vir die kind nie fasiliteite bied om ook suksesse op skool te behaal nie, sal hy na elders omsien om sy prestasiedrang te bevredig. Asosiale bedrywighede bied hom daardie geleentheid. Ons middelbare skole kan die fasiliteite nie bied solank algemene en beroepsonderwys onder verskillende departement staan nie. Om die uniale owerhede van hierdie dringende noodsaaklikheid te oortuig, is tans ons groot probleem."

b. Die sosiologies-opvoedkundige nadele.

Ook die beroepskole kan nie as gevolg van die

stelsel/.........

1. T.O.D. Bulletin, Vol. II Nr. 1, Maart 1957, Kotzee, Beplanning in onderwys met spesiale verwysing na die verdeelde beheer, 25.

2. Transvaalse Onderwysvereniging, Onderwysblad Deel LX, Nr. 682, Augustus 1956, Die Provinsiale beheer van Onderwys, 156, 157.

stelsel van verdeelde beheer aan die nasionale behoeftes aan opgeleide tegnici en vakkundiges van allerlei slag en graad voldoen nie. Rekruteringsveldtogte word dus oorsee geloods om opgeleide tegnici en vakmanne te werf, terwyl die landseuns by gebrek aan die nodige opleidingsfasiliteite nie die leë en die hoogste betrekkinge kan beklee nie.[1)]

Wanneer hierdie toestand onder die aandag van opvoedkundiges van die beroepskole gebring word, skryf hulle dit toe aan die feit dat daar geen samewerking tussen uniale en provinsiale skole bestaan nie en dat die regte en die gewenste aantal leerlinge nie hulle weg na die beroepskole vind nie.

Hierdie bewering is in alle opsigte juis. In die stede word ten alle koste daarna gestrewe om die skranderste leerlinge in die provinsiale skole te behou om sodoende aan die skole goeie eksamenuitslae te kan besorg. Verder word leerlinge ook nie na die beroepskole verwys nie aangesien dit die provinsiale skole se getalle kan laat daal en gevolglik personeel- en salarisvermindering ten gevolge kan hê. Uiteindelik is dit alleen ꞌn klein persentasie en ander swakker leerlinge wat hulle vir beroepsonderwys aanmeld. Leerlinge van die platteland het gewoonlik ter plaatse nie die fasiliteite beskikbaar nie en is, indien hulle nie na ꞌn ander dorp wil gaan nie, op die akademies-gerigte provinsiale skole aangewys.

Nieteenstaande hierdie toedrag van sake moes Suid-Afrika binne ꞌn kwarteeu ꞌn rewolusie op tegniese gebied deurmaak en van ꞌn landelike na ꞌn verstedelikte, geïndustrialiseerde land omgetower word. Intussen moes nog na die verwoestende Tweede Vryheidsoorlog twee wêreldoorloë, met hulle hoë eise aan nywerheids- en tegnologiese vooruitgang, deurgeworstel word.

Die onderwys as een van die magtigste sosiale instellings mag nie onverskillig teenoor hierdie strominge staan nie; inteendeel, dit is sy plig om strominge te interpreteer en wordende toestande te antisipeer ten einde aan die funksionele eise te kan voldoen. Ander

Westerse/.........

---

1. T.O.D., Onderwysburo, ꞌn Ontleding van die Suid-Afrikaanse Onderwysstelsel met verwysing na die gebrek aan ꞌn nasionale stelsel en die verdeelde beheer van middelbare onderwys, vi.

Westerse lande het op groot skaal navorsing gedoen, leerplanne en skemas in die werk gestel om die onderwys in staat te stel om sy roeping te vervul. Maar in Suid-Afrika is daar nog geen doelbewuste beplanning nie.[1] Deur die stelsel van verdeelde beheer word die onderwys dus verhoed om aan die sosiologies-opvoedkundige eisc te voldoen om aan die land en sy jeug reg te laat geskied.

c. Die nadelige gevolge van die oorplasing van leerlinge van die een departement en skool na 'n ander.

Indien die oplossing vir die toestand daarin gesoek word om 'n grootskaalse oorplasing van die provinsiale na die beroepskole te probeer bewerkstellig, sal dit, net soos in Engeland, groot teenstand en ongerief veroorsaak. Oorplasing vereis 'n verandering van skool wat gewoonlik met die grootste teësin gepaard gaan, verandering van departement met die gevolglike administratiewe en organisatoriese moeilikhede, en moontlike oorplasing na 'n losiesinrigting in 'n ander dorp en vreemde omstandighede wat ontwrigting kan veroorsaak. Kontinuïteit word dus ingeboet en hierdeur kan die individuele prestasies verswak en vroeë skoolverlating ten gevolge hê.

d. Daar heers 'n ongesonde gees van mededinging en onwil tussen die provinsiale en beroepskole.

Die De Villiers-verslag meld:[2] "Verre daarvandaan dat ons die ideale verhouding tussen algemene en beroepsonderwys in hierdie land het, het ons derhalwe eerder mededinging en algehele antagonisme .....", en die Pretorius-kommissie laat hom as volg uit:[3] "Dit het 'n ongelukkige verdeling van die onderwys teweeggebring wat met verloop van jare nie alleen 'n onheilige kompetisie tussen die Unie-Onderwysdepartement en die Provinsiale Onderwysdepartement laat ontstaan het nie, maar wat die onderwys en opvoeding van die jeug seker onberekenbaar geskaad het ......"

Onder/..........

1. Die Interkerklike Komitee van die Hollands-Afrikaanse Kerke van S.A., Memorandum insake die behoefte aan 'n uniale onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer t.o.v. middelbare onderwys, 20.
2. Unie van S.A., Verslag van die Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys, 21.
3. Provinsie Oranje Vrystaat, Verslag van die Provinsiale Onderwys-kommissie, 1951, 29. 30.

Onder hierdie toestand van sake is dit net nie moontlik om die kloof tussen beroepsonderwys en algemene onderwys te oorbrug nie; om die adel van die arbeid heringestel te kry nie. Die verreikende nadelige gevolge van verdeelde beheer word allerweë besef maar nogtans word dit nie opgehef nie.

D. Die oplossing vir die ongewenste toestand van verdeelde beheer.

Daar is blykbaar twee weë[1] waarvolgens die eenheid van middelbare onderwys herstel kan word sodat die onderwys as 'n ondeelbare geheel, weer eens doeltreffend geadministreer en beheer kan word. Hierdie moontlikhede is die volgende:

a. Alle onderwys kan direk onder die Unie-regering ressorteer. Nieteenstaande moontlike streeks-desentralisasie in beheer, kan, netsoos in Australië, 'n hoogsgesentraliseerde stelsel van onderwys ontstaan wat die volgende gevare van oorsentralisasie kan inhou:[2]

i. In 'n uitgestrekte land soos Suid-Afrika is omstandighede baie verskillend en die interpretasie van en aanpassing by hierdie plaaslike toestande kan in gebreke bly.

ii. 'n Sentrale onderwysdepartement kan nie die noodsaaklike intieme kennis dra van so 'n groot en uitgestrekte organisasie en gebied nie.

iii. Die intieme verhouding tussen skoolouers en die verafgeleë sentrale owerheid kan skade ly. Onder die huidige stelsel van provinsiale beheer het hierdie faktor al reeds 'n nadelige uitwerking op die onderwys.

b. Die ander moontlike oplossing is dat die onderwysbeheer herstel moet word soos dit oorspronklik deur die Zuid-Afrika Wet van 1909 ingestel is. Hoër onderwys moet dan as tersiêre onderwys gedefinieer word. Alle middelbare onderwys vorm dan 'n integrale eenheid onder provinsiale beheer.

'n Koördinerende uniale beleid sal noodsaaklik wees om sekere basiese eksterna in die onderwys te kontroleer. Aspekte soos verpligte skoolbesoek, medium

van/.........

---

1. T.O.D., Bulletin, Vol. II Nr. 1, Maart 1957, Kotzee, Beplanning in Onderwys met spesiale verwysing na die verdeelde beheer, 29.
2. Transvaalse Onderwysvereniging, Onderwysblad LX, No. 683, 1 September 1956, Die Provinsiale beheer van Onderwys, 297, 298.

van onderrig, skoolgelde, eenvormige leerplanne, sertifisering van leerlinge, lengte van die skooljaar, gesondheidsbepalings, mediese toesig, diensvoorwaardes van onderwysers, ens. sal bepaal moet word.

Die provinsies word dan toegelaat om alle onderwys tot op die middelbare peil te beheer en hulle onderwyssake ooreenkomstig die geaardheid en behoeftes van die provinsie te reël.

Deur die opheffing van die stelsel van verdeelde beheer sal die onderwysowerhede in staat gestel word om die huidige middelbare skole in volwaardige komprehensiewe skole te omskep. Hierdeur sal dit dan moontlik wees om die ideaal van gedifferensieerde onderwys ten volle te verwesenlik.

## 2. DIE INVLOED VAN DIE MATRIKULASIE-VRYSTELLINGSVEREISTES OP GEDIFFERENSIEERDE ONDERWYS IN DIE KOMPREHENSIEWE SKOOL.

### A. Die doel en bepalings van die Matrikulasie-eksamen.

Die doelstelling van die Matrikulasie-eksamen, soos dit in Suid-Afrika toegepas word, is tweeledig en dien

a. as toelatingseksamen tot die universiteit, en
b. as skooleindsertifikaateksamen.

Alhoewel 'n groter persentasie leerlinge by die tweede doel as by die eerste betrokke is, bestaan daar geen twyfel dat eersgenoemde doel die tweede geheel en al oorheers nie.[1] Die Matrikulasie-eksamen het dan ook so 'n buitengewone houvas op die onderwys gekry dat dit die vakkeuse van leerlinge op die middelbare skole in 'n groot mate bepaal en beperk.

Die vakke wat vir die Matrikulasie-eksamen vereis word, word in twee groepe verdeel. Die A-groep bestaan uit 20 en die B-groep uit 11 vakke. Om Matrikulasie-vrystelling te verkry, moet 'n kandidaat aan die volgende vereistes voldoen :[2]

a. Keusevakke uit die A-groep:
   i. Een amptelike taal in die hoër graad;
   ii. een tweede amptelike taal in die hoër of gewone graad of Latyn of Grieks of Duits of Frans;

iii/........

1. T.O.D., Onderwysbulletin, Vol. 1. Nr 1, Maart 1956, Kotzee, Die Matrikulasie-eksamen, 24.

2. Gemeenskaplike Matrikulasie Raad, Handboek vir die Matrikulasie-eksamen, 21 - 24.

iii. een natuurwetenskaplike vak of Wiskunde;

iv. een derde taal gekies uit (ii) of Hebreeus of Portugees of Wiskunde of Geskiedenis of Aardrykskunde.

In hierdie vakke moet 'n minimum van 40% behaal word terwyl in die vyfde, sesde en sewende vakke 33⅓% vereis word.

v. 'n Vyfde vak moet uit die A-groep vakke gekies word, maar indien Wiskunde of 'n derde taal nie reeds een van die eerste vier vakke is nie, is Wiskunde of 'n derde taal noodsaaklik.

b. Keusevakke uit die B-groep:

Die sesde en sewende vak (indien 'n sewende vak geneem word) moet uit die B-groep vakke gekies word.

Dit blyk dus dat, behalwe vir die amptelike taalvereistes, Wiskunde, 'n vreemde taal en 'n natuurwetenskap as noodsaaklike vakke vir 'n toekomstige suksesvolle universiteitsloopbaan beskou word. In verband met hierdie aangeleentheid beweer die huidige Direkteur van Onderwys in Transvaal:[1] "Die goedgekeurde kursusse van die G.M.R. berus klaarblyklik op 'n vaste geloof aan die waarde van sekere vakke om toekomstige sukses van 'n student aan 'n universiteit te voorspel. Wiskunde, 'n vreemde taal en 'n natuurwetenskap word nog steeds deur die Raad as onfeilbare voelers vir die bepaling van 'n student se aanleg vir 'n universiteitsloopbaan beskou. Hierdie opvatting het geen basis op wetenskaplike bevindings of ervaring hier te lande en elders nie. Trouens die feit dat meer as 45% van die studente wat die G.M.R. vir die universiteite uitsoek, in hul eerste jaar op universiteit in minstens een vak druip, skyn op die teenoorgestelde te dui."

Dat die Matrikulasie-eksamen vir voornemende universiteitstudente, onder die huidige omstandighede nog belangrike voordele inhou, word deur die ondersoek van Sonnekus [2] bewys. Nadat hy die huidige hulpmiddele (die Matrikulasie-eksamen, studente vraelyste, persoonlikheids- en belangstellingstoetse, kumulatiewe verslagkaarte en verstandstoetse en -prestasies) om universiteits-

beginners/........

1. Transvaalse Onderwysvereniging, Onderwysblad, Nr. 655, Deel LVIII, 1 Mei 1954, Van Wyk, Die Matrikulasieraad, 57.

2. Die standaardisering van 'n battery akademiese prestasietoetse as prognostiese hulpmiddel by die vakkeuse van universiteitstudente.

beginners in hulle vakkeuse by te staan, ondersoek het, beweer hy: "Dit skyn dus dat die huidige Matrikulasie-eksamen sover nog die beste hulpmiddel is om die vakkeuse van universiteitsbeginners te vergemaklik."[1] Hy kom egter verder tot die gevolgtrekking dat "..... aan Suid-Afrikaanse universiteite (bestaan daar) ŉ groot behoefte aan dergelyke akademiese prestasietoetse om die vakkeuse van universiteitsbeginners te vergemaklik."[2]

Die beroepsvakke is net tot afdeling B van die Matrikulasie-vakvereistes beperk en bestaan uit die volgende: Landbou, Huisvlyt en Gesondheidsleer, Boekhou en Handelsrekene, Meetkundige Tekene, Handel, Snel- en Tikskrif, Kuns en Musiek.[3] Uit hierdie vakke kan dus drie gekies word mits daar nie meer as 2 vakke (of nie meer as 8 uur onderrig per week) aan ŉ bepaalde beroepsrigting gewy word nie.

B. <u>Universiteitstoelatingsvereistes in ander Westerse lande</u>.

Indien universiteitstoelatingsvereistes in ander Westerse lande bestudeer word,word gevind dat die stelsel wat in Suid-Afrika van toepassing is en in werklikheid geen verandering gedurende die laaste 40 jaar ondergaan het nie, heeltemal ŉ verouderde stelsel is en ŉ "frappante uitsondering tussen stamverwante Westerse lande is."[4]

Ook in Engeland "... there had been the reaction against the restrictive influence of examinations, against the tendency of university requirements to distort school curricula via the examinations, against the general acceptance of a university-aimed examination as the hall mark of general education for most other walks in life, and so forth."[5] En alhoewel die "General

Certificate/.........

---

1. Sonnekus. Die standaardisering van ŉ battery akademiese prestasietoetse as prognostiese hulpmiddel by die vakkeuse van universiteitstudente, 39.
2. Ibid, 44.
3. T.O.D., Transvaalse Eindsertifikaat van die middelbare skool, 1955, 44.
4. Muller, Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in Suid-Afrika as geïntegreerde faktore in verband met druiping aan die universiteit, 91.
5. Davies, Recent trends concerning Examinations, Promotion and Differentiation in Secondary Education in certain European countries, Canada and the United States of America, and the significance of these trends for Secondary Education in the Transvaal, 69.

Certificate Examination" sekere vakvereistes, te wete Engels, Wiskunde of ŉ Natuurwetenskap en ŉ tweede taal, stel, is die " ..... essential feature of the new system ..... that of permitting examinations to be written in different subjects at different levels at different times."[1])

In die V.S.A. word verskeie prosedures in verband met universiteitstoelating gevolg. Die volgende metodes is die mees algemene :[2])

a. Kandidate wat ŉ hoërskoolkursus suksesvol afgelê het, word sonder meer tot sommige hoër onderwysinrigtings toegelaat;

b. sommige universiteite en kolleges het hulle eie toelatingseksamens;

c. in sommige state soos New York lê kandidate die "Regents Examination", ŉ departementele skooleindeksamen af, en word daarna tot bepaalde inrigtings vir hoër onderwys toegelaat;

d. sommige universiteite en kolleges laat slegs leerlinge van geakkrediteerde skole toe. Die skole keur dus voornemende universiteitstudente.

e. Die "College Entrance Examination Board onder beheer van die Educational Testing Services", toets die kandidate en voorsien die universiteite met die resultate. Die toetse berus nie alleen op bepaalde voorgeskrewe leerplanne nie maar meet ook die algemene ontwikkelingspeil en kollege-geskiktheid van die voornemende studente.

Die "Commission on the Relation of School and College of the Progressive Education Association" het in die V.S.A. belangrike navorsing, die "Eight-Year Study", in verband met universiteitstoelating gedoen. "The purpose of this study was to find out whether the traditional college entrance requirements and examinations made any differences to success in college, and what secondary schools would do if these requirements and examinations were abandoned."[3]) Dertig progressiewe skole is uitgesoek en van die gewone kurrikulum- en

eksamenvereistes/..........

1. Davies, Recent trends concerning Examinations, Promotion and Differentiation in Secondary Education in certain European countries, Canada and the United States of America, and the significance of these trends for Secondary Education in the Transvaal, 73.
2. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 51.
3. Progressive Education Association, Thirty Schools tell their story, VXII.

eksamenvereistes wat gewoonlik deur inrigtings vir hoër onderwys gestel word, onthef. Alle leerlinge wat deur die skole goedgekeur is, is sonder meer deur die kolleges en universiteite toegelaat. Hierdie kandidate is met ander studente wat aan die gewone universiteitstoelatingsvereistes voldoen het, vergelyk.

Die bevinding was dat studente van die dertig skole nie net dieselfde prestasies gelewer het nie maar in verskillende aspekte verder ontwikkel was. Ook is gevind dat hoe verder die skole van die tradisionele kollege-voorbereidingsprogram afgewyk het, des te beter het die studente gepresteer. Uiteindelik is bevind ".... the traditional college entrance requirements and examination are no longer necessary to insure adequate preparation for college."[1)]

Nadat Yates[2)] 'n gevallestudie van 706 graduandi van drie universiteite in die V.S.A. gemaak het en hulle universiteitstoelatingsvereistes onder die klassieke, algemene, natuurwetenskaplike of beroepskundige geklassifiseer het, het hy gevind dat die kurrikulum wat op skool gevolg is, geen wesenlike verskil in waarde vir enige besondere universiteitskursus inhou nie. Hy beweer: "The influence of the type of high school curriculum are negligible. The low correlation emphasize the importance of other factors involved which may be summed up in terms of teacher ability and pupil activity."[3)]

Nadat Muller die invloed van die Matrikulasie-eksamen op die middelbare skoolwese in Suid-Afrika ondersoek het, kom hy tot die gevolgtrekking "Enige vakvereistes vir algemene universiteitstoelating blyk dus 'n verouderde idee te wees."[4)]

C. Die algemene nadelige invloed van die Matrikulasie-eksamen op middelbare onderwys.

Die invloed van die Matrikulasievereistes op die onderwys is dat

a. 'n eksterne skriftelike eksamen beïnvloed die benadering van die leerling se houding teenoor die leerstof en die/.........

1. Progressive Education Association, Thirty Schools tel their story, XVII.
2. Keller, The Double Purpose High School, 70 - 71.
3. Ibid, 71.
4. Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in Suid-Afrika as geïntegreerde faktore in verband met druiping aan die universiteit, 106.

die wyse waarop dit aangebied en geassimileer word sodat die eksamen uiteindelik verander van 'n middel tot 'n doel na 'n doel op sigself;[1]

b. as gevolg van die knellende eksamenvereistes word die kurrikulum so onbuigbaar gemaak dat 'n gedifferensieerde vakkeuse onmoontlik is;

c. dit 'n beperkende invloed op die leerstof en die aanbieding daarvan uitoefen met die gevolg dat differensiasie in ooreenstemming met die belangstelling aanleg en vermoëns van leerlinge onmoontlik is;

d. as gevolg van die stelsel van verdeelde beheer oefen dit 'n verdere beperkende invloed op die vakkeuse uit;[2] en

e. 'n oordrewe waarde deur die ouers, sake- en nywerheidswêreld aan die Matrikulasie-vrystellingsertifikaat geheg word sodat akademies minder-begaafde leerlinge " ..... teen hulle natuurlike aanleg in, wanhopig worstel om aan die matrikulasievereistes te voldoen hoewel hulle glad nie van plan is om universiteit toe te gaan nie."[3]

In plaas daarvan dus dat hierdie leerlinge, en hulle vorm die grootste persentasie van die middelbare skoolbevolking, deur middel van gedifferensieerde onderwys in die regte beroepsrigtinge gestuur en daarvoor voorberei word, verlaat hulle uiteindelik die skool as gefrustreerde wesens omdat prestasie en geluk nie vir hulle moontlik was nie. Uiteindelik word die maatskappy dus tekort gedoen aan 'n gestadige toevloei van gekeurde, ontwikkelde en gelukkige werkers wat elkeen sy aandeel in die algemene vooruitgang en welvaart van die land behoort te hê.

Die Nicol-verslag van 1939 rig die ernstige klag teen die Matrikulasie-eksamen ".... dat die hele werk van die skool voorgeskryf is deur die eise van 'n eksamen wat van buite af opgelê is, en haal verder die aanklag aan " .... die leerlinge werk in die skaduwee van die matriek van die dag af wat hulle die skool binnetree."[4]

Ook/..........

---

1. The Advisory Council on Education in Scotland, Secondary Education, 43.
2. T.O.D., Onderwysbulletin, Vol. 1, Nr. 1, Maart 1956, Kotzee, Die Matrikulasie-eksamen, 25.
3. Muller, Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in Suid-Afrika as geïntegreerde faktore in verband met druiping aan die universiteit, 105.
4. Provinsie van Transvaal, Verslag van die Provinsiale Onderwys-kommissie, 189, 186.

Ook die De Villiers-kommissie beweer: "Die kommissie is daar vas van oortuig dat die huidige verhouding tussen middelbare onderwys en universiteitsonderwys vir albei skadelik is. Die bestaande gebruik om toelating tot ŉ universiteit te baseer op die besoek van ŉ sekere soort skool en die gevolg van besondere sillabusse wat in belang van die universiteite opgestel is, maak doeltreffende differensiasie in middelbare onderwys onmoontlik. Baie ouers is sku vir ŉ studiekursus wat hul kinders se onderwys op ŉ dooie punt sal laat uitloop. Selfs as hul kinders klaarblyklik ongeskik vir studie aan ŉ universiteit is, wil hulle hê dat hulle ŉ kans moet hê om tot ŉ universiteit toegelaat te kan word, en verwerp opleiding in ŉ rigting wat die deur van die universiteite vir hulle sal sluit."[1)]

Weer eens het ons ŉ instelling, netsoos die stelsel van verdeelde beheer, waarvan die nadelige invloed allerweë erken en veroordeel word. Nogtans is daar skynbaar ŉ onvermoë om hierdie toestand te beëindig en om dit deur ŉ bevredigende en doeltreffende stelsel te vervang.

D. Die besondere nadelige invloed van die Matrikulasie-eksamen op die komprehensiewe skool.

Dwarsdeur die Westerse wêreld het die middelbare skool tans ŉ nuwe funksie om te vervul. Studente word nie meer slegs vir die universiteit voorberei nie, maar daar word rekening gehou met die veranderde eise wat deur die groter middelbare skoolbevolking aan die een kant en die eise wat deur die hoër onderwysinrigtings, handel en nywerheid aan die ander kant, gestel word. Die ideaal wat nagestreef word, is nie net om die hoogste moontlike onderwyspeil aan die grootste moontlike bevolkingsdeel te besorg nie, maar as ewe belangrik dat hierdie onderwys in ooreenstemming met elke individu se belangstelling, aanleg en behoefte sal geskied.

Deur hierdie strewe na gedifferensieerde onderwys het die wese van die middelbare skool, in aanpassing by veranderde omstandighede, so ŉ metamorfose ondergaan dat dit ŉ vernuwing van die onderwysproses en verwante

aangeleenthede/..........

---

1. Unie van Suid-Afrika, Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 42.

aangeleenthede noodsaaklik gemaak het. As antwoord hierop het die komprehensiewe gedagte ontstaan, die skool vir almal en elkeen, die skool waarin die demokratiese reg van die individu om tot sy volle gestalte te ontwikkel, nooit uit die oog verloor word nie.

Die Matrikulasie-vereistes beïnvloed egter gedifferensieerde vakgroepering en vak-inhoud so ten nadele dat die stigting en organisasie van volslae komprehensiewe skole ook hierdeur verhoed word. Die Interkerklike Komitee beweer dan ook dat:[1] "leergange en leerplanne van ons sekondêre skool ingrypend verandering nodig het ten einde die skool sy funksie te laat vervul in byvoorbeeld sulke maatskaplike toestande soos gesinsontwrigting, jeugverwildering en dergelyke; dat daar vir hierdie doel 'n einde moet kom aan 'n sekondêre leergang opgestel vir die klein persentasie wat na 'n universiteit gaan, en dan toegepas word op die groot persentasie wat nooit universiteit toe sal gaan nie, m.a.w. dat die sekondêre onderwys volslae gedifferensieerd kan word."

Ook in die Verslag van die Kommissie insake Tegniese en Beroepsonderwys[2] word bevestig dat "Solank as wat die universiteite, dit wil sê die Matrikulasie-Raad, in belang van die universiteite studiekursusse vir die hoër skool voorskryf en toelating tot ons universiteite 'n kwessie bly van die soort skool te besoek wat hierdie kursusse verskaf, sal die doeltreffende verdeling van senior adolessente leerlinge vir onderskeie soort onderwys op die basis van hulle individuele oogmerke en behoeftes nie bereik word nie."

Solank as wat die Matrikulasie-eksamen gedifferensieerde onderwys verhoed, so lank sal die middelbare skole nie in volwaardige komprehensiewe skole omskep kan word nie.

E. <u>Oplossings wat reeds aan die hand gedoen is.</u>

Verskillende metodes om tot 'n oplossing vir universiteitstoelatingsvereistes en skooleindeksamens te kom, word reeds in ander lande toegepas en is in Suid-

Afrika/.........

1. Die Interkerklike komitee van die Hollands-Afrikaanse Kerke van S.A., Memorandum insake die behoefte aan 'n uniale onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer ten opsigte van middelbare onderwys, 21.
2. Unie van Suid-Afrika, 43.

Afrika aanbeveel.[1] Die volgende is die vernaamste metodes :

a. Skooleindeksamens en universiteitstoelatingseksamens moet geheel en al geskei word. In die V.S.A., Frankryk, Kanada, Australië, Nederland en Nieu-Seeland bestaan verskillende stelsels waarvan in sommige, die eksamen intern en die ander ekstern is of albei weer ekstern is maar op verskillende stadiums in die kandidaat se loopbaan deur verskillende liggame afgeneem word terwyl in sommige lande die skooleksamen uit ŉ kumulatiewe rekord van leerlinge of uit ŉ kredietstelsel bestaan. Watter stelsel ook gevolg mag word, die algemene neiging is om weg te breek van ŉ enkele eindeksamen met ŉ dualistiese opset, aangesien die praktyk bewys het dat die pogings om ŉ kompromie tussen hierdie onversoenbare doelstellings te probeer tref, alleen daartoe lei dat die een rigting ten koste van die ander opgeoffer moet word.[2]

b. Die middelbare skool is nie ŉ voor-universiteitsfase waar ŉ minderheidsgroep vir hoër opleiding geselekteer en voorberei word nie. Die middelbare skool moet sy leerlinge vir die lewe voorberei en die belange van elke leerling behartig. In sommige dele van die V.S.A. en Kanada word ŉ voor-universiteitskursus dus in junior-kolleges aangebied terwyl in Brittanje, Australië, Frankryk en dele van die V.S.A. voor-universiteitskursusse in die skole aangebied word. Die Oorsese Sending beweer egter dat in skole waar die moderne tegnieke en metodes aangewend word, hierdie addisionele kursusse nie nodig is nie.

c. In sommige lande soos in Brittanje, Nederland, België, Swede en Denemarke word na-primêre keuring toegepas en word leerlinge volgens vermoë en aanleg geselekteer en op definitiewe rigtings aangewys. Hierdie stelsel word hoofsaaklik in lande toegepas waar gedifferensieerde onderwys deur middel van afsonderlike skole verkry word. In die Transvaal word leerlinge, met die

toestemming/.........

---

1. a. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 57.
   b. Muller, Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in Suid-Afrika as geïntegreerde faktore in verband met druiping aan die universiteit, 90 - 91.
   c. T.O.D., Onderwysbulletin, Vol. 1, No. 3, September 1956, Muller, This problem of university entrance requirements and standards, 149 - 150.
2. T.O.D., Onderwysbulletin, Vol. 1, No. 1, Maart 1956, Groenewald, University Entrance Examinations, 21.

toestemming van die ouers, in afsonderlike bane geplaas. Die A-baan berei leerlinge dan voor vir uiteindelike universiteitsopleiding terwyl die B- en C-bane leerlinge akkommodeer wat onderskeidelik alleen standerd tien en agt beoog.

d. In Nieu-Seeland, Kanada, V.S.A. en die Londense Universiteit geniet skole al meer die vertroue van die universiteite en is in 'n groot mate vry om hulle eie kurrikulum en leerplanne op te stel. Muller[1] beweer : "There is a clear tendency in all Western countries of which the systems were studied, to place less emphasis upon the pattern of subjects taken in high school and more upon the ability of the student." Gestandaardiseerde aanlegs- en skolastiese toetse, tesame met die skool- en vertrouelike verslag van die hoof geniet al meer aandag. Hierdie metode berus dus hoofsaaklik op die algemene prestasie, begaafdheid en ontwikkelingspeil van die studente as waarborg vir toekomstige sukses aan die universiteit.

Die skole is dus vry van knellende bande en kan na wense differensieer en hulle onderwysprogram in ooreenstemming met die algemeen-erkende opvoedkundige grondslae reel.[2]

e. In sommige dele van die V.S.A., Nieu-Seeland, Australië en ook in Brittanje geniet die middelbare skole die algehele vertroue van die hoër onderwysinrigtings en kandidate word op aanbeveling van die skool sonder meer tot die universiteit, universiteitstoelatingseksamen of voor-universiteitskursusse toegelaat. Die Oorsese Sending beveel dan ook hierdie stelsel van akkreditering met noodsaaklike plaaslike aanpassing aan.[3]

f. Gevolgtrekking.

Om die ideaal van gedifferensieerde onderwys te kan verwesenlik, is dit noodsaaklik dat die middelbare skole van die knellende bande van die Matrikulasievrystellingsvereistes losgemaak moet word. Universiteits-

toelatingseksamens/.........

---

1. T.O.D., Onderwysbulletin, Vol. 1, Nr. 3, September 1956, This problem of university entrance requirements and standards, 147.
2. T.O.D., Onderwysbulletin, Vol. 1, Nr. 1, Maart 1956, Kotzee, Die Matrikulasie-eksamen, 126.
3. T.O.D. Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 57.

toelatingseksamens en skooleindeksamens moet geheel en al geskei word sodat leerlinge vir die lewe voorberei kan word. Deur die gehalte van sy produkte sal die middelbare skole dan uiteindelik die vertroue van die hoër opleidingsinrigtings, handel en nywerhede wen en sal die skooleindsertifikaat deur alle liggame erken en aanvaar word. Hierdie stelsel het in Nieu-Seeland[1)] geslaag en kan ook in Suid-Afrika tot groot voordeel aangewend word.

Sodra hierdie ideaal verwesenlik is, is nog 'n struikelblok uit die weg van die komprehensiewe middelbare skool verwyder.

3. DIE TRADISIONELE KLOOF WAT TUSSEN LIBERALE EN BEROEPSONDERWYS BESTAAN.

Reeds gedurende die Griekse beskawingstydperk is alle handearbeid as slawewerk bestempel en is daarop neergesien. Hierdie stigma het ook deur die middeleeue, toe alle vakkundige werk deur die gildestelsel beheer is, aan handearbeid gekleef. Selfs in die twintigste eeu bestaan hierdie vooroordeel teen geskoolde arbeid nog. Deur die stigting van vakbonde, die verhoging van beroepstandaarde en deur middel van beroepsonderwys word die stryd teen vooroordeel geleidelik oorwin.[2]

Hierdie stigma is egter nog in 'n groot mate daarvoor verantwoordelik dat beroepsonderwys deur sommige mense as minderwaardig beskou word en was dit nog tot onlangs die stiefkind van die meeste Westerse lande se onderwysstelsel. In Suid-Afrika is oorspronklik alle industriële onderwys tot die armblankes, jeugdige oortreders en wanaangepastes beperk en is dit selfs onder die administrasie van die Departement van Justisie geplaas. Hierdeur is die saak soveel skade berokken dat die stigma deur die jare op alle vorme van beroepsonderwys bly rus het. Langsamerhand verdwyn hierdie uiters nadelige invloede egter en word die kultuur van die arbeid geleidelik ingestel.

Deur middel van beroepsonderwys word nie die aanleer van handvaardighede beoog nie maar ".... that the technical courses will be primarily educational and will be concerned with vocational training only in so

far/..........

---

1. International Review of Education, Vol. II, No. 4. 1956, Beeby, New Zealand - an example of secondary education without selection, 396-407.

2. Keller, The Double-Purpose High School, 32.

far as preparation for vocation is an integral part of education considered as a process of growth towards full adult stature as

a. a person;

b. a citizen; and

c. a producer."[1]

Ook die Skotse Advisory Council beweer: "The inclusion of Technical Subjects - woodwork and metalwork, technical drawing and applied mechanics - is amply justified by their high educational value and by the strength of their appeal to the adolescent boys."[2]

Nieteenstaande hierdie feit word gedifferensieerde onderwys, in soverre as wat dit ook beroepsonderwys insluit, deur ŉ gedeelte van die publiek en selfs deur sommige onderwysers veroordeel. Die "English New Education Fellowship" beweer[3]: "Secondary technical education in a Comprehensive School environment is well placed for making a special contribution to educational advance both in theory and in practice, in that it should succeed in breaking down the false and mischievous dichotomy between vocational and cultural education. In an industrial society it is preposterous for the public in general, and educationists in particular, to deny cultural significance to the work upon which the life of society depends."

Die verdere wanbegrip bestaan ook daarin dat beroepsonderwys as maklike onderwys bestempel word en dat die minder intelligente leerlinge hiervoor afgesonder moet word. Alhoewel sekere ambagte wel deur minder intelligente persone verrig kan word, is die teendeel egter waar waar dit toekomstige bedryfsleiers en hoër tegnologiese betrekkinge geld. Hierdie kortsigtige siening is dan ook verantwoordelik vir die geweldige tekort wat daar aan opgeleide vakkundiges en persone vir die hoër tegnologiese betrekkinge in Suid-Afrika bestaan.

Waar die komprehensiewe skool dus daarna strewe om deur middel van gedifferensieerde onderwys die onnatuurlike skeiding tussen kultuur en arbeid op te hef en beroepsvakke ŉ integrale deel van die onderwysprogram

wil/.........

1. English New Education Fellowship, The Comprehensive School, 33.
2. Secondary Education, 124.
3. The Comprehensive School, 34.

wil maak, word dit deur die tradisionele vooroordeel teen beroepsonderwys teengewerk. Indien volslae komprehensiewe skole egter opgerig word en doeltreffend wil funksioneer, moet ook hierdie struikelblok deur opvoeding weggeruim word.

4. DIE ANTIPATIE WAT DEUR 'N GEDEELTE VAN DIE PUBLIEK EN DIE ONDERWYSPROFESSIE TEENOOR KOMPREHENSIEWE SKOLE OPENBAAR WORD.

Netsoos in die meeste ander Westerse lande ondervind die voorstanders van die komprehensiewe skool as onderwysinstelling, in Transvaal sterk teenkanting van 'n gedeelte van die publiek maar ook van lede van die onderwysprofessie self. Hierdie gevoel van antipatie spruit hoofsaaklik voort uit die tradisionele konserwatiewe benadering van onderwysaangeleenthede wat onderwysvernuwing teenwerk, die gevoel van teenkanting wat spruit uit die strewe vir die behoud van klasse- en intelligensieverskille in die onderwys en die bewering dat hierdie skooltipe heelhuids vanaf oorsese lande in Transvaal ingevoer word.

In die onderwys is dit 'n normale verskynsel dat daar 'n gaping tussen wetenskaplike, maatskaplike en ekonomiese vooruitgang aan die een kant en onderwysontwikkeling aan die ander kant sal wees. Onderwyshervorming geskied eers geleidelik nadat tradisionele begrippe en gewoontes deur navorsing, nuwe waardebegrippe en belewing genoodsaak word om by veranderde omstandighede aan te pas. In verband met die komprehensiewe skool ondervind voorgestelde veranderinge soos die noodsaaklikheid van gedifferensieerde onderwys in dieselfde skool, die opheffing van die kloof wat tussen liberale en beroepsonderwys bestaan, die toepassing van moderne onderwysmetodes en die uitlewing van die demokratiese beginsels in die skool, geweldige sterk teenkanting.

Die tradisionele gebruik om die skoolkeuse en onderwysvoorsiening op 'n grondslag van klasse- en intellitensievermoë-verskille te baseer, het deur die eeue diep gewortel en word tans nog in die onderwysstelsels van lande soos Nederland, Frankryk en Brittanje aangetref. Die demokratiese reg van die individu op gelyke maar nie gelyksoortige onderwysgeleenthede, vind egter al meer inslag en onderwysstelsels word dienooreenkomstig gewysig.

Sommige/.........

Sommige persone koester ook bedenkinge teen die komprehensiewe skool omdat hulle van oortuiging is dat hierdie skooltipe heeltemal vreemd aan Suid-Afrikaanse omstandighede en onderwysontwikkeling is aangesien dit heelhuids van oorsese lande ingevoer is. Hierdie bewerings is egter ongegrond en kan op afdoende wyse weerlê word.

5. DIE HOË KOSTE VERBONDE AAN BEROEPSONDERWYS.

Die vernaamste oorsaak wat aanleiding gegee het tot die oorname van die beroepskole deur die Unie-onderwysdepartement in 1925 was die onvermoë van die provinsies om die hoë koste verbonde aan beroepsonderwys te kan dra. Die huidige toestand is dan ook dat die staat die "leeue aandeel" van die uitgawes verbonde aan beroepsonderwys moet dra.[1] As gevolg hiervan vind die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap dit dan noodsaaklik dat die Staat, deur middel van sy departement, volle beheer oor hierdie onderwysaangeleentheid moet uitoefen.

In Suid-Afrika word uniale toelaes vir algemene onderwys egter reeds jarelank op ŉ pro rata-grondslag aan die provinsies uitbetaal. Uitbetaling van uniale fondse sonder sentrale beheer is dus ŉ gevestigde beleid. Hierdie beginsel kan dus ook op beroepsonderwys van toepassing gemaak word.[2]

Die Oorsese Sending het dan ook in die agt lande wat besoek is, gevind dat plaaslike beheer geldelike steun van owerheidsweë vir beroepsonderwys ontvang en dat in sommige lande selfs ŉ verhoogde kwota vir beroepsonderwys uitbetaal word. In Engeland word 60% vir algemene onderwys en 75% vir beroepsonderwys bygedra terwyl in Holland ook 75% vir tegniese onderwys van owerheidsweë bygedra word.[3]

Algemene middelbare onderwys het egter in omvang en koste so toegeneem dat die uitgawes hieraan verbonde ook geweldig gestyg het. Die gemiddelde koste per middelbare skoolleerling word vir die jaar 1954 tot 1955 in Transvaal bereken op £61.8.0., kapitaaluitgawes

uitgesluit./.........

---

1. Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Senaat van die Unie van Suid-Afrika, No. 10, 9 - 13 Mei 1955, 2491.
2. T.O.D., Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 67.
3. Idem.

uitgesluit.[1] Indien die uitgawes vir beroepsonderwys hiermee vergelyk word, word die volgende toedrag van sake gevind:[2]

Gemiddelde Uitgawes 1957 - 1958 (Kapitaaluitgawes uitgesluit.)

| Soort beroepskool. | Gemiddelde Eenheidskoste. |
|---|---|
| Tegniese Kolleges | £96.14. 0. |
| Hoër Tegniese Skole | £152. 5. 0. |
| Hoër Handelskole | £91.15. 0. |
| Huishoudskole | £158. 3. 0. |

Hierdie eenheidskostes sluit egter uitgawes verbonde aan voorrade en dienste, verblyf en vervoerkoste ens. in wat nie normaalweg vir die provinsiale skole geld nie. Indien beroepskole uitgesoek word waar hierdie addisionele uitgawes weens omstandighede baie gering is, word die volgende eenheidskostes aangetref:

Pretoria Tegniese Kollege £75.
Hoër Tegniese Skool Randfontein £97.15. 0.
Hoër Handelskool Brakpan £83.10. 0.

Aangesien die leerlinge van alle Huishoudskole inwonend is, kan geen verdere inligting omtrent hierdie skole verstrek word nie.

Indien hierdie per capita-uitgawes dus met die van die provinsiale skole in Transvaal vergelyk word, is die verskille nie baie groot nie.

In die provinsiale middelbare skole is reeds vir bepaalde beroepsvakke voorsiening gemaak en aangesien alle leerlinge nie in die addisionele beroepsvakke onderrig sal word nie, sal die eenheidskoste dus na alle waarskynlikheid nie hoog styg nie. Die aanvanklike kapitaaluitgawes sal egter aansienlik wees, maar aangesien die noodsaaklikheid vir die uitbreiding van beroepsonderwys allerweë besef word, is dit noodsaaklike uitgawes wat in elk geval gemaak moet word.

Indien die noodsaaklike finansiële steun dus van owerheidsweë verkry word en beroepsvakke in komprehensiewe middelbare skole ingevoer word, behoort die

koste/.........

---

1. T.O.D., Jaarverslag vir die jaar geëindig 31 Desember 1954, tabel 53.
2. Inligting verskaf deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap.

koste daaraan verbonde geen werklike struikelblok vir die provinsiale onderwysdepartemente te wees nie.

---------------

# HOOFSTUK 8.

## BEROEPSONDERWYS IN DIE MIDDELBARE SKOOL.

Soos in die vorige hoofstuk aangetoon, is een van die vernaamste struikelblokke wat in die weg van die stigting en uitbouing van volwaardige komprehensiewe middelbare skole in Transvaal staan die huidige stelsel van verdeelde of dubbele beheer. In wese kom die huidige stelsel daarop neer dat gedifferensieerde onderwys in 'n baie beperkte mate deur middel van afsonderlike skole voorsien word en dat die middelbare onderwysinrigtings tussen twee departemente verdeel is. Verder word die provinsiale skole deur die Beroepsonderwyswet (Wet Nr 70 van 1955) verhoed om volslae beroepsonderwys aan te bied.

Voordat volwaardige komprehensiewe skole vir gedifferensieerde onderwys dus in Transvaal gestig kan word, sal hierdie stelsel van gedeeltelike differensiasie na buite en die beperking wat op provinsiale skole gelê is, opgehef moet word. Om dus 'n moontlike oplossing te probeer vind, is dit noodsaaklik dat die plek van beroepsonderwys in die kurrikulum van die middelbare skool ondersoek moet word en dat die huidige stelsel van beroepsonderwys in Transvaal ontleed moet word.

### 1. DIE PLEK VAN BEROEPSONDERWYS IN DIE KURRIKULUM VAN DIE MIDDELBARE SKOOL.

In teenstelling met die wanbegrip dat beroepsonderwys 'n eng gespesialiseerde vakopleiding is waardeur die aanleer van beroepsvaardighede en -tegnieke die hoofsaak is, word beroepsonderwys deur moderne opvoedkundiges as 'n belangrike aspek van die onderwysproses beklemtoon. Keller[1] definieer dan ook beroepsonderwys as 'n "...comprehensively conceived and fully integrated preparation of every individual .... according to his peculiar interests, aptitudes and abilities, for a full life in all its phases." Beroepsonderwys word dus geplaas in die breëre raamwerk van die opvoedingsproses waarvan dit 'n onafskeidbare en noodsaaklike fase uitmaak.

#### A. Die integrasie van algemene en beroepsonderwys.

Dit is noodsaaklik dat 'n duidelike onderskeid tussen algemene onderwys, met of sonder 'n beroepstrekking,

en/.....

---

1. The Double-Purpose High School, 6.

en volslae beroepsonderwys gemaak moet word. Struck[1] stel die verskil tussen algemene en beroepsonderwys as volg: "General education focusses upon knowledge, skills, and other attitudes that are held to be useful for successful living, in the broad sense of the word, without reference or application to a particular occupation or calling. Vocational education deals with knowledge, skills and attitudes that fit an individual, wholly and in part, for a definite occupation or vocation, the pursuit of which equips him for successful living." Algemeen-vormende onderwys beoog die ontwikkeling van die hele persoon vir die lewe sonder dat 'n spesifieke beroepsrigting dus beklemtoon word. Onder algemeen-vormende onderwys kan daar weer 'n verdere verskil gemaak word tussen 'n streng akademiese opleiding en algemene onderwys met 'n beroepstrekking. Beroepsonderwys is die doelbewuste voorbereiding van die individu vir 'n besondere beroep deur die verskaffing van kennis, vaardighede en spesiale fasiliteite aan die leerlinge en 'n algemene strewe of oriëntering van die skool om die leerlinge vir spesifieke beroepe te bekwaam sodat hulle uiteindelik goed toegerus hul regmatige plek suksesvol in die samelewing kan inneem.

Beroepsonderwys is in werklikheid egter 'n voortsetting van 'n periode van algemene onderwys wat in besonder die individu se ontwikkeling ten opsigte van 'n besondere beroep of ambag beklemtoon.[2] Die De-Villiers kommissie beweer dan ook :[3] "Beroepsonderwys is derhalwe nie die teenoorgestelde van algemene onderwys nie, maar 'n fase van onderwys, waartoe voltydse algemene onderwys noodwendig moet lei", en verder, "...... dat algemene en beroepsonderwys dele van dieselfde geheel is, aspekte van die onverdeelbare proses."

Nunn[4] regverdig ook beroepsonderwys as 'n noodsaaklike onderdeel van algemene onderwys en beklemtoon die opvoedkundige waarde daarvan as volg: "The upholders of

vocational/.....

---

1. Vocational Education for a changing world, 5.
2. Wulfsohn, 'n Vergelykende studie van Beroepsonderwys in Suid-Afrika en in sekere Wes Europese lande, met spesiale verwysing na tegniese en handelsonderwys, 26 - 27.
3. Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 14, 15.
4. Education its Data and First Principles, 256.

vocational education are on firm ground when they emphasize the strong desire of the adolescent to lay hold on the realities of life, and their opponents are in a correspondingly weak position when they deny that training for a specific occupation can have educational value." En Coetzee beweer[1]: "Daar is geen sprake van onderwys sonder opvoeding nie net so min as wat daar geen sprake kan wees van opvoeding sonder onderwys nie." Beroepsonderwys word dus op opvoedkundige gronde geregverdig en dit geskied in ooreenstemming met die besondere behoeftes wat in die adolessente tydperk ontstaan.

Afgesien van die sienswyse wat voorstanders en onderwysers van akademies-gerigte onderwys, in verband met die doel en waarde van beroepsonderwys, daarop mag nahou of verkondig, word ook hierdie soort onderwys tog ook deur 'n besliste beroepsbasis gekenmerk. Vir die meeste ouers en leerlinge is akademiese onderwys die deur wat toegang tot bepaalde beroepe verleen.[2] Spencer beweer in sy verslag[3] aan die Carnegie-korporasie oor die tegniese kolleges in Suid-Afrika die volgende : "A system of training is not necessarily wrong or inferior because it is definitely an aid to preparing for working life. If this were so, the education of teachers, lawyers, doctors, nurses, engineers, soldiers and sailors of the officer class, and incidentally therefore, a great mass of university work, would stand condemned. The truth is, that at the age of adolescence many boys and girls are immensely stimulated by the new interests which applied science and the handling of tools and materials provide. The mere fact that their training is directed to an occupation is in itself a valuable stimulus to that interested effort, which, properly directed, is the sun and centre of all real education."

Hierdie standpunt word dan ook deur die Transvaalse Onderwysersvereniging gehuldig. In 'n redaksionele artikel[4] word die noodsaaklikheid beklemtoon dat leerlinge

in/......

1. Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek, 57 - 58.

2. London County Council, Education Committee, Minutes of Proceedings, 19 July 1944, Report of the General Sub-Committee, 465.

3. The Technical Colleges of South Africa, II, III.

4. Onderwysblad, Deel LX, Nr. 682, Augustus 1956, Die Provinsiale beheer van onderwys, 156, 157.

in toenemende mate daartoe in staat gestel moet word om 'n beroepsrigting naas die akademiese rigting te kan volg.

Aanvanklik ontvang die leerling, in die laer standerds, hoofsaaklik algemeen-vormende onderwys maar langsamerhand word beroepsvakke saam met die akademiese vakke ingeskakel. Integrasie van algemene en beroepsonderwys vind dus geleidelik plaas totdat die kurrikulum in die finale middelbare skooljare al meer beroepsgeoriënteerd word en die leerlinge in bepaalde beroepsrigtinge gestuur en daarvoor voorberei word.

B. Beroepsonderwys in die middelbare skool.

In die meeste Westerse lande word die noodsaaklikheid van beroepsonderwys as 'n integrale deel van middelbare onderwys al meer en meer besef en word planne in werking gestel om hierdie aspek van die onderwysproses tot sy reg te laat kom. In lande soos Engeland, Nederland, Australië en dele van die V.S.A. waar differensiasie deur middel van afsonderlike skole geskied, geniet die inrigtings vir tegniese opleiding, na die akademiese skole, voorkeur en word sorg gedra dat hierdie inrigtings die regmatige kwota van gewenste leerlinge kry en oplei, sodat daar in hierdie lande se vakkundige, handels- en tegnologiese behoeftes voorsien kan word.

In die komprehensiewe skole word besef "...there is needed a refusing and re-uniting of educational objectives so that every student becomes the best total person he can be....."[1] en word die kurrikulum so by die individuele behoeftes van leerlinge aangepas dat wanneer hulle die skool uiteindelik verlaat, die oorskakeling na die beroepslewe met die minste moontlike aanpassingsprobleme gepaard gaan.

Veral in die V.S.A. word die noodsaaklikheid om algemene en beroepsonderwys in die middelbare skole te integreer, besef en doelbewus nagestreef. In 1944, en by herhaling in 1949, het die "National Association of Secondary School Principals" in 'n bulletin[2] genoem "Planning for American Youth" die tien belangrikste doelwitte/....

---

1. Keller, The Comprehensive High School, 232.
2. Education Policies Commission, National Association of Secondary School Principals, Planning for American Youth.

doelwitte in onderwys volgens rangorde geklassifiseer. Doelwit nommer een was die noodsaaklikheid om leerlinge vir bepaalde beroepe voor te berei ("saleable skills") Verder is beklemtoon dat vanaf standerd agt beroepsonderwys die tyd in toenemende mate in beslag moet neem.

Daar bestaan meningsverskille onder opvoedkundiges in verskillende lande oor die tyd wat op die skoolrooster vir beroepsonderwys ingeruim moet word. In die lande waar beroepsonderwys in afsonderlike skole aangebied word, word leerlinge vanaf hulle 13de jaar in die tegniese en handels skole toegelaat en neem beroepsopleiding reeds op hierdie jeugdige ouderdom 'n aanvang. In die komprehensiewe skole is die algemene gebruik egter om na 'n periode van algemeenvormende onderwys, beroepsvakke geleidelik in te voer. Keller[1] beweer dat leerlinge aan die begin van standerd agt gewoonlik die stadium in hulle opvoedkundige, liggaamlike en geestelike ontwikkeling bereik waarop daar met doelbewuste beroepsonderwys 'n aanvang gemaak moet word. Hy stel dan voor dat op hierdie stadium (standerd agt) ongeveer 'n kwart van die skooltyd aan beroepsvakke bestee moet word. Uiteindelik moet beroepsonderwys dan gedurende die finale middelbare skooljare helfte van die tyd in beslag neem.

Die industrieë in die V.S.A. is egter nie geneig om seuns en dogters voor hulle 18de en selfs 19de verjaarsdag in diens te neem nie. Volslae beroepsonderwys word dan eers in standerd nege en tien, en soms nog later eers ingevoer aangesien leerlinge langer op skool moet bly en voortgesette onderwys in standerds elf en twaalf aangebied word.

## 2. DIE ONTWIKKELING VAN BEROEPSONDERWYS IN SUID-AFRIKA.

Voor 1925 het alle beroepsonderwys in Suid-Afrika grotendeels sy ontstaan gehad deur die moeilike ekonomiese toestande en armoede van 'n groot deel van die blanke bevolking. Die doelstelling met beroepsonderwys was dan ook die maatskaplike rehabilitasie van die armblanke jeug van die land. Die meeste leerlinge moes die skool verlaat voordat hulle selfs die laer skool deurloop het en was kwalik toegerus vir die lewe. Deurdat beroepsonderwys hoofsaaklik tot hierdie persone beperk is, het daar langsamerhand 'n stigma aan beroepsonderwys begin kleef wat die ontwikkeling daarvan geweldig gestrem het.

Met/.........

---

1. The Comprehensive High School, 232.

Met die oorname van beroepsonderwys in April 1925 deur die Unie-onderwysdepartement, is die volgende inrigtings onder uniale beheer geplaas: drie ambagskole (in Johannesburg, Pretoria en Boksburg) en die klein landbouvakklasse op Delagersdrif en Brits en die Langlaagte weeshuis. In 1926 is die handelsklasse na Krugersdorp oorgeplaas.[1) ] Twee tegniese kolleges, een in Pretoria met twee dagskole en een in Johannesburg met vyf dagskole is ook oorgeneem. Nege deeltydse tegniese skole op Bloemhof, Buurmansdrif, Christiana, Langlaagte, Messina, Middelburg, Potchefstroom, Vereeniging en Witbank is oorgeplaas. Die vakskole op Belfast, Delagersdrif en Potchefstroom en die industrieskole op Heidelberg en Standerton, tesame met die twee fakulteite in tegnologie en landbou in Johannesburg en Pretoria is ook oorgeneem.[2)]

Sedert 1925 is beroepsonderwys dus nie 'n provinsiale aangeleentheid nie maar 'n uniale funksie. Om dus 'n duidelike beeld van die vordering wat op hierdie gebied van die onderwys gemaak is, te kan vorm, is dit noodsaaklik om dit in sy gehele raamwerk te sien. Die volgende syfers verskaf 'n totaalbeeld van die ontwikkeling van beroepsonderwys in die Unie van Suid-Afrika sedert 1925.[3)]

| | | Gemiddelde Jaarlikse aantal studente. | |
|---|---|---|---|
| Jaar. | Tegniese Kolleges | Voltyds. | Deeltyds. |
| 1926/27 | 7 | 2,484 | 13,184 |
| 1946/47 | 11 | 9,639 | 28,764 |
| 1955/56 | 11 | 8,650 | 49,875 |

| Jaar. | Beroepskole en voorbereidingsklasse. | Voltyds. | Deeltyds. |
|---|---|---|---|
| 1926/27 | | 1,113 | 900 |
| 1946/47 | | 3,820 | 2,600 |
| 1955/56 | | 5,505 | 3,162 |

Om/.....

1. Coetzee, Onderwys in Transvaal; 1838 - 1939, 193.
2. Idem.
3. Unie van S.id-Afrika, Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en beroepsonderwys, 10.

Om 'n duidelike beeld van die verskillende soorte beroepsonderwys te kan vorm, is dit nodig om dit onder die volgende hoofde te behandel: tegniese kolleges, nywerheidskole en verbeteringskole, hoër huishoudskole, hoër tegniese skole, spesiale skole, hoër tegniese skole vir volwassenes, hoër handelskole, staatsondersteunde spesiale skole en staatsondersteunde vakskole.[1)]

A. Tegniese Kolleges.

Daar is alstesaam 11 tegniese kolleges in die Unie waarvan een vir nie-blankes is (die M.L. Sultan-kollege, Durban).Verder is daar nog die S.A. Seevaart Kollege, Generaal Botha, Gordonsbaai. Twee van die kolleges is in Transvaal geleë. (Pretoria en Johannesburg). Die kolleges behartig verskillende vertakkings van beroepsonderwys. Sommige van die vertakkings is selfs in ander dorpe geleë.

Vanaf die instelling van die Unie-onderwysdepartement (die huidige Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap) in 1910 was daar vaagheid in verband met die verdeling van funksies tussen die onderwysdepartemente van die Unie-regering en die van die provinsies. Na die oordrag van beroepskole na die Unie-onderwysdepartement het hierdie verwarrende toestand verder voortgeduur. Tegniese kolleges as semi-outonome inrigtings, kon hulle eie beleid bepaal, sonder om soms die vereistes van die land in geheel in aanmerking te neem sodat die noodsaaklike samewerking tussen staats-, handels- en nywerheidsorganisasies soms ontbreek het. Hierdie samewerking is 'n onmisbare voorwaarde vir die ontwikkeling van die hoogste nasionale doeltreffendheid. Alhoewel die staat feitlik die volle lopende koste van die tegniese kolleges moes dra, en dus uit 'n staatkundige oogpunt effektiewe kontrole oor die besteding van die staatsgeld moes uitoefen, kon dit onder die heersende stelsel nie gedoen word nie. Verder het die meeste tegniese kolleges nie genoeg met die Afrikaner se volksaard en lewensbeskouing rekening gehou nie. 'n Veranderde stelsel van beheer het dus noodsaaklik geword en dit is deur die Wet op Beroepsonderwys, No. 70, van 1955 daargestel.[2)]

Deur/.........

---

1. Inligting i.v.m. hierdie inrigtings word in 'n brosjure verstrek wat deur die Dept. van Onderwys, Kuns en Wetenskap uitgereik word.

2. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Jaarverslag 1955, 9.

Deur hierdie wet word die gebiede van die beroepskole en tegniese kolleges en provinsiale skole afgebaken. Verder sal die Tegniese kolleges voortaan onder die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap ressorteer en moet oorname voor 1959 voltooi wees. Reeds in 1956 is 10 tegniese kolleges en staatsondersteunde beroepskole oorgeneem en die res sal binnekort oorgedra word. [1)]

Nieteenstaande die geweldige groei van die tegniese kolleges en hoewel veel gedoen is en nog gedoen word om Suid-Afrika van tegniese personeel te voorsien, veroorsaak die industriële ontwikkeling van die land dat daar nie genoeg opgeleide personeel van die gewenste gehalte gelewer word om in die behoeftes te voorsien nie.[2)]

Die tegniese kolleges in Suid-Afrika is geweldige groot inrigtings wat onderrig aan voltydse en deeltydse studente verskaf. Die kolleges kan as baie groot "multilateral" skole beskou word aangesien die verskillende afdelings en kursusse gewoonlik op dieselfde terrein aangebied word maar, selfs die voltydse kursusse, selfstandig en afsonderlik van mekaar bestaan en in werklikheid nooit geïntegreer word nie.

Die Pretoriase Tegniese Kollege onderrig alstesaam 12,000 studente waarvan 1819 voltyds is. Die onderwyspersoneel bestaan uit 129 voltydse en 230 deeltydse dosente. Hierdie inrigting voorsien op uitmuntende wyse kursusse wat op handels-, tegniese, kuns-, professionele, vakkundige en ander deeltydse gebied deur die inwoners van die stad benodig word. 'n Uiteenlopende reeks deeltydse kursusse op verskillende terreine van die lewe word aangebied sodat die inrigting 'n ware kultuursentrum is wat onskatbare dienste aan die gemeenskap lewer.

Nieteenstaande hierdie dienste word besef dat die inrigting so groot is dat die organisasie daarvan so veeleisend is dat die taak byna onmoontlik geword het. In die nabye toekoms sal ander kolleges wat vir die stad beplan word egter die nodige verligting bring.

Vir die onderrig in die verskillende beroepsrigtinge is die kollege ten volle en hoogs doeltreffend toegerus/.......

1. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Jaarverslag 1955, 3.

2. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Jaarverslag 1952, 11.

Die skool beskik oor die volgende vertakkinge :

i. Tegniese hoërskool : Meganise Ingenieurs-, Elektriese, Smeed- en Sweis- en Houtwerkambagte; Motorwerktuigkunde; Loodgietery.

ii. Hoër handelskool; sekretariële skool; deeltydse algemene en handelsklasse.

iii. Kunsskool : deeltyds en voltyds.

iv. Gespesialiseerde tegniese en professionele kursusse (deeltyds).

v. Vakleerlingskool (deeltyds).

vi. Onderwys buite skoolverband.

vii. Ligaamlike Opvoeding.

viii. Buitetak : tegniese kursus te Lyttleton.

Die verskillende werkswinkels, laboratoria, gimnasia, klaslokale en die auditorium getuig van die uitstekende fasiliteite wat ter beskikking van die studente gestel word.

Die beroepsonderwys van die inrigting bly in noue kontak met die beroepswêreld en die opleiding voldoen aan die eise wat deur beroepsorganisasies en werkgewers gestel word. Studente wat beroepsopleiding in die kollege ontvang, geniet dan ook voorkeur in baie beroepe. Vakleerlinge kry erkenning vir hulle opleiding en afslag van die vakleerlingtydperk word in ooreenstemming met hulle opleiding toegestaan.

Alhoewel dit betreur word dat die gewenste leerlinge, en by uitstek leerlinge vir hoër tegnologiese opleiding, nie altyd deur die provinsiale skole na die tegniese kolleges verwys word nie, ontvang die Pretoriase Tegniese Kollege tog soveel aansoeke vir voltydse opleiding, dat keuring wel toegepas kan word.

'n Aspek van die deeltydse opleiding wat beslis kommer wek, is die opleiding van vakleerlinge. As gevolg van die huidige stelsel dat vakleerlinge, nadat die vereiste vakleerlingtydperk verstreke is, afgesien daarvan of hulle in die teoretiese eksamens geslaag het, tog wel hulle vakkundige sertifikate verwerf, veroorsaak dat die meeste jong seuns nie die minste belangstel in die verpligte opleiding in die tegniese kolleges nie. Die klasse word hoofsaaklik net bygewoon om aan die gestelde vereiste te voldoen, maar verder steur die grootste persentasie leerlinge hulle nie aan die teoretiese opleiding nie. Voor-

dat/........

dat vakleerlinge nie verplig word om ook in hierdie eksamens te slaag nie, sal die peil van die meeste vaklui, soos tans die geval is, veel te wense oorlaat aangesien dit aan teoretiese kennis en agtergrond ontbreek.

Indien volwaardige komprehensiewe middelbare skole in Transvaal gestig word, sal daar 'n gedeeltelike oorvleueling van werksaamhede wees tussen die tegniese kolleges en die komprehensiewe skole. Aangesien daar egter maar net twee tegniese kolleges in Transvaal bestaan, sal hierdie oorvleueling van baie beperkte omvang wees. Daar bestaan egter so'n geweldige aanvraag vir goed-opgeleide tegnici, vakkundiges en handelslui dat daar moeilik in die tekorte voorsien kan word. Die tegniese kolleges kan dus gebruik word om in die behoeftes van meer gespesialiseerde aard te voorsien soos hoër opgeleide tegnici, gespesialiseerde na-skoolse handelsopleiding, onderwys vir vakleerlinge en onderwys buite skoolverband wat in die menigvuldige behoeftes van die gemeenskap kan voorsien.

B. Nywerheid- en verbeteringskole.

In Suid-Afrika is daar nege nywerheidskole vir seuns waarvan vier in Transvaal is en een vir kleurlingseuns is (Ottery, K.P.). Vir dogters is daar 7 nywerheidskole waarvan drie in die Transvaal geleë is. Die verbeteringskole is alstesaam sewe; vier vir seuns en drie vir meisies. Hiervan is een vir naturelleseuns in Transvaal (Diepkloof, Johannesburg), een vir asiatiese en kleurlingseuns in Retreat, K.P. terwyl by Eersterivier, K.P. een vir kleurlingseuns alleen is. Die drie vir meisies bestaan uit een vir blanke meisies in Durbanville, K.P., een vir naturellemeisies te Eshowe, Natal, en een vir kleurlingmeisies te Faure, K.P.

Die nywerheidskole is in 1913 deur die "Wet ter Bescherming van Kinderen" gestig om voorsiening te maak vir die onderhoud, beskerming en opleiding van kinders wat as gevolg van ongunstige omstandighede gevaar loop om in misdaad of verwaarlosing te verval of om 'n las vir die staat te word. Hierdie wet is in 1937 deur die "Kinderwet" gewysig en is nog van krag.[1] Ongeveer 75 persent van hierdie kinders word weens armoede en verwaarlosing na

hierdie/......

1. Unie van S.A., Verslag van die kommissie in sake die Tegniese en Beroepsonderwys, 10.

hierdie inrigtings gestuur, terwyl die res as gevolg van ander onbelangrike oortredings na die inrigtings oorgeplaas word. Nywerheids- en verbeteringskole is egter suiwer opvoedkundig en nie strafinrigtings nie.[1] Ongelukkig was die nywerheidskole (industrieskole) vanaf 1917 tot 1934 onder beheer van die Departement van Gevangenisse en hierdie stigma kleef vandag nog aan hierdie inrigtings.[2]

Die beroepskursusse wat aan die Nywerheidskool vir seuns, Heidelberg aangebied word is :

| | |
|---|---|
| Skilder- en Letterskilderwerk, | Bakkery, |
| Pasmaak en Draaibankwerk, | Klipmesselwerk, |
| Loodgietery en Plaatmetaalwerk, | Houtwerk. |
| Messel- en Pleisterwerk, | |

Aan ander nywerheidskole vir seuns word alternatief die volgende aangebied :

| | |
|---|---|
| Timmer- en Skrynwerk, | Kleremakery, |
| Grofsmedery en Plaatmetaalwerk, | Meubelmakery, |
| Stoffeerwerk, | Skoenmakery, |
| Visserbootmasjiniste, | Motorherstelwerk. |

Die vakopleiding geskied onder toesig van goed gekwalifiseerde instrukteur-onderwysers.

Die skole beskik verder oor die dienste van onderwyser-sielkundiges wat onder andere vir die uitplasing en nasorgwerk van leerlinge verantwoordelik is. Daar word tans geen moeilikhede ondervind om werkgeleenthede vir die seuns na skoolverlating te vind nie. Ongeveer 88 persent van die leerlinge maak uiteindelik 'n sukses van hulle ambag. Uitplasing hang af van die toelatingsouderdom en geskied tussen die 18de en 21ste verjaardag. 'n Sesmaandelikse verslag word tot op die leerlinge se 21ste verjaarsdag, na uitplasing, deur proefbeamptes van die Departement van Volkswelsyn aan die skole gestuur.

Behalwe beroepsopleiding ontvang die leerlinge ook skolastiese onderwys tot standerd agt. Die volgende vakke word aangebied :

<u>Verpligtend</u> : Afrikaans, Engels, Wiskunde, Tegniese en Masjientekene.

Keusevakke : Wetenskap of vakteorie of 'n verdere praktiese vak.

Die/.......

1. Unie van S.A., Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van S.A., 1947, 17.

3. Unie van S.A., Verslag van die kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 11.

Die Nywerheidskole vir dogters funksioneer baie op dieselfde wyse as die seunskole. Die verpligte vakke bestaan uit Afrikaans, Engels, Geskiedenis en Fisiologie. Die beroepskursusse is die volgende :

| | |
|---|---|
| Kookkuns, | Waskunde, |
| Naaldwerk en Kleremakery, | Huisbestuur, |
| Eerstehulp en Tuisverpleging, | Kindersorg, |
| Kunsnaaldwerk en Naaldwerk (St. IX en X) | Hoedemakery (St. IX.) |
| Kuns en Kunsvlyt (St IX) | Inrigtingbestuur (St. IX en X) |

Hierdie dogters word sover moontlik in goeie betrekkinge soos in hospitale, die posspaarbank en -sentrale en ander staatsafdelings geplaas. Sommige dogters word, indien omstandighede dit regverdig, na die ouerhuise teruggestuur.

Aan die George Hofmeyer-nywerheidskool vir dogters te Standerton word, by gebrek aan fasiliteite, geen handelsvakke gedoseer nie, nieteenstaande die feit dat hierdie skool in 1959 sy 50-jarige bestaan sal vier. Hierdie dogters ondervind dus dat betrekkinge in die handelswêreld soos tiksters en kantoorwerkers vir hulle uitgesluit is. Aan die Nywerheidskool vir dogters, Tempe, is tikskrif egter 'n verpligte vak en hierdie skool ondervind dus geen probleme om die dogters in diens te plaas nie.

Die Nywerheidskole streef doelbewus daarna om die leerlinge deur middel van sportbedrywighede, sangfeeste, konserte, funksies, ens by die samelewing te laat aanpas. Gedurende die lang vakansies gaan almal na hulle ouerhuise.

Die Nywerheidskool te Tempe laat voorbeeldige dogters baie vryhede toe. Hierdie dogters kry verlof om gereeld saam met hulle leidsters (ook leerlinge) na Bloemfontein te gaan. Hulle is dan vry om bioskope of ander opvoerings by te woon. Sommige dogters word toegelaat om Saterdagoggende in besighede te werk om sodoende sakgeld te verdien.

Hierdie skool het sy eie kleuterafdeling. Daagliks bring ouers hulle kindertjies na die skool en word hulle deur die kleuteronderwyseresse en die dogters versorg. Die dogters word dan as kleuterassistente opgelei. Die skool beskik ook oor 'n woonstel waar die onderhoof en 'n kleuterskool-onderwyseres tesame met twee dogters inwoon. Die dogters wissel elke 14 dae en is gedurende hierdie tyd vir die bestuur van die woonstel en die etes verantwoordelik. Hierdie verblyf dien dan as 'n praktiese kursus in Huisbestuur. Verder beskik die skool

oor/............

oor vier afsonderlike koshuise op die skoolterrein waar die dogters inwoon. In Bloemfontein het die skool ook 'n koshuis waar dogters wat in diens geplaas word, inwoon.

Die nywerheid- en verbeteringskole bedien dus 'n besondere terrein van die lewe en maak voorsiening vir behoeftes wat hoofsaaklik as gevolg van maatskaplike en ekonomiese ontwrigting ontstaan. Die werksaamhede van hierdie skole en die van komprehensiewe middelbare skole oorvleuel dus geensins nie.

C. Hoër Huishoudskole.

Daar bestaan alstesaam nege van hierdie inrigtings in die Unie waarvan drie in Transvaal geleë is. By George en Potchefstroom is daar kleuterafdelings aan die skool verbonde. Al die huishoudskole het hulle eie koshuise en feitlik al die leerlinge is kosgangers.

Leerlinge wat in die afgelope jare huishoudskole besoek het, is nie net meer die "minderwaardige" tipe nie en die ou stigma wat aan hierdie skole gekleef het, is besig om te verdwyn. Die onderwys in hierdie inrigtings is egter gedeeltelik of heeltemal vry en bied dus ook 'n uitkoms vir dogters uit arm gesinne. In 1955 was daar 802 leerlinge in hierdie skole.

Daar bestaan geen twyfel dat hierdie skole nuttige en belangrike werk doen nie. Na hulle opleiding vind die oorgrote meerderheid leerlinge een of ander geskikte werk en is toegerus vir hulle uiteindelike plig as huisvrou en moeder.[1)]

Toelating tot die Huishoudskole word verkry indien leerlinge die standerd vyf eksamen geslaag het en hulle ouers daarom aansoek doen. Nadat hulle standerd agt geslaag het, verlaat sommige leerlinge die skool terwyl die res verdere kursusse volg.

Die volgende vakke word aan die Hoër Huishoudskool, Hartbeespoort aangebied :

| | |
|---|---|
| Afrikaans, | Naaldwerk en Kunsnaaldwerk, |
| Engels, | Fisiologie en Higiëne, |
| Boekhou, | Eerstehulp en Tuisverpleging, |
| Kleremakery, | Ontwerp van patrone, |
| Kookkuns, | Moederkunde, |
| Was en Stryk, | Godsdiensonderrig en Sang. |

Na standerd agt word die volgende spesiale kursusse aangebied:

a/............

---

1. Unie van S.A., Verslag van die kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 7.

a. <u>Assistent-huismoeders</u>.

Dit behels die volgende : Kookkuns, Voedingsleer, Koshuisadministrasie wat Waskunde, Huisbestuur, Kindersorg, Naaldwerk en Kleremakery insluit.

b. <u>Kleremaaksters</u>.

Die volgende vakke word geneem : Kleremakery, Naaldwerk en Kunsnaaldwerk en ontwerp van patrone.

c. <u>Hoedemaaksters</u>.

Dit sluit in : Modemakery, Kuns en Kunsvlyt, Naaldwerk en Kunsnaaldwerk.

Opvallend is die feit dat die meeste leerlinge, na hierdie gespesialiseerde opleiding in die huishoudkunde rigting 'n heenkome in die staatsdiens, poswese en ander kantore vind.

Weer eens word gevind dat handelsvakke en veral Tikskrif nie aangebied word nie. Boekhou word wel aangebied en verder word die kurrikulum in so 'n mate deur die huishoudvakke in beslag geneem dat verdere vakke moeilik ingevoer kan word. 'n Oplossing kan moontlik gevind word deur Tikskrif as alternatief vir een vak aan te bied of deur twee vakke saam te voeg en so 'n plek vir Tikskrif in te ruim.

By die Hoër Huishoudskool, Hartbeespoort woon die dogters naby die dam in 'n skilderagtige omgewing. Op die terrein is daar ses koshuise wat elkeen 21 leerlinge tesame met twee onderwyseresse huisves. Die koshuise skep dan ook die indruk van ses afsonderlike groot huisgesinne. Die terrein is pragtig uitgelê en beplant en die atmosfeer wat heers is rustig en aangenaam. Aangesien die geboue al baie oud is, word 'n nuwe skool te Saartjiesnek opgerig, maar die besoeker vind dit byna jammer dat sulke ideale omstandighede vir moontlike moderne en massiewe geboue prysgegee moet word.

Alhoewel die dogters in hierdie vreedsame en beskutte omgewing woon, word doelbewus daarna gestrewe om hulle by die samelewing te laat aanpas. Die skool beskik oor sy eie luukse bus en passasiersmotor en hierdie voertuie word byna daagliks gebruik om dogters vir sportaktiwiteite (korfbal, jukskei, tennis en swem), kerkgeleenthede, skool- en ander funksies, kunsuitstallings, kooruitvoerings, ens. te Brits en Pretoria te vervoer. Gedurende koshuisnaweke en vakansies gaan die dogters na hulle ouerhuise.

Die hoof van die skool woon in 'n afsonderlike huis op die terrein en die dogters wissel twee-twee,

om/........

om die beurt, om vir gesette tye by die hoof in te woon. Gedurende hierdie tye doen die leerlinge dan veral praktiese kennis in huisbestuur en verwante aangeleenthede op.

Hierdie inrigting dien as ideale voorbeeld van opvoedingsmoontlikhede wat veral vir stedelike dogters geskep kan word. In sulke skole kan die nadelige gevolge wat deur armoede, swak behuising, ontwrigte gesinslewes en ander ongelukkige huislike omstandighede veroorsaak word, opgehef word.

Indien die provinsiale middelbare skole in volwaardige komprehensiewe skole omskep word en dus alle huishoudkundige en verwante kursusse kan aanbied, sal die noodsaaklikheid vir huishoudskole in 'n groot mate verdwyn. Die huishoudskole sal dus tussen die terreine van die nywerheid- en verbeteringskole aan die een kant en die komprehensiewe skole aan die ander kant vir hulle 'n plek moet inruim. Oorvleueling sal dus geskied.

D. Hoër Tegniese skole.

Hierdie skole is opgerig kragtens Wet No. 29 van 1928 en maak voorsiening vir blanke seuns wat standerd vyf geslaag het en tussen die ouderdom van 14 en 19 jaar is. Daar is alstesaam 16 van hierdie skole in Suid-Afrika waarvan agt in Transvaal geleë is. Hierdie vakskole is hoofsaaklik vir praktiese beroepskursusse bedoel wat gewoonlik drie jaar duur.[1]

Deur onlangse ondersoeke het dit duidelik aan die lig gekom dat die tegniese hoërskole nie genoeg en ook nie die gewenste gehalte leerlinge oplei nie. Dit word bereken dat ongeveer 35 persent van die leerlinge aan die tegniese hoër skole alleen op grond van intelligensie dit baie moeilik sal vind om 'n gewone hoër skoolkursus te voltooi. Die toestand is baie sorgwekkend omdat dit in belang van die land is dat die tegniese skole met intelligente seuns gevul sal word. Tegniese ontwikkeling is so noodsaaklik vir die toekoms dat dit 'n dwase beleid sal wees om nie die regte persentasie van bekwame leerlinge na hierdie skole te stuur nie.[2]

Getal/......

1. Unie van S.A. Bulletin van Onderwysstatistiek vir die Unie van S.A. 1947, 17.

2. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Jaarverslag 1951, 7.

Getal leerlinge ingeskryf by Departementele Hoër Tegniese skole.[1]

| Jaar. | Aantal leerlinge. |
|---|---|
| 1935 | 1182 |
| 1940 | 1383 |
| 1945 | 1245 |
| 1950 | 1632 |
| 1955 | 2556 |

Uit bostaande syfers blyk dit duidelik dat daar 'n uiters stadige toename aan leerlinge aan hierdie inrigtings is wat hulle vir industriële loopbane wil bekwaam. In Januarie 1952 is slegs sowat 300 geskikte manlike applikante toegang tot tegniese kursusse deur hoër tegniese skole en tegniese kolleges dwarsdeur Suid-Afrika geweier omdat daar 'n tekort aan akkommodasie was. Uit hierdie feit blyk dit dus dat daar in Suid-Afrika verbasend min leerlinge is wat 'n aanleg vir tegniese opleiding openbaar of anders word leerlinge nie na die regte skole gelei nie.[2]

Die ambagte wat aan die verskillende Hoër Tegniese skole geleer word is die volgende :

Elektrisiënswerk,
Meubelmakery,
Messel- en Pleisterwerk,
Timmer- en Skrynwerk,
Houtwerk,
Stoffeerwerk,
Spuitverf- en Uitklopwerk,
Skilderwerk,
Radioherstelwerk,
Smedery,
Motorherstelwerk,
Pasmaak en Draaibankwerk,
Plaasgereedskaptegniek,
Basiese metaalwerk,
Trekkerherstelwerk,
Loodgietery en Plaatmetaalwerk,
Kleremakery,
Ketelmakery.

Behalwe die praktiese werk in die ambag en die ambagsteorie, is ook nog die volgende skolastiese vakke verpligtend : Afrikaans, Engels, Wiskunde, Tekene, Wetenskap, Godsdiensonderrig en Sang. Leerlinge kan die Nasionale Tegniese standerd ses, sewe of juniorsertifikaat behaal.

In Wolmaransstad is daar 210 leerlinge in die Hoër Tegniese Skool en net vyf persent van hierdie leerlinge woon nie in die koshuise in nie. Die leerlinge kom hoofsaaklik/....

1. Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap, Jaarverslag 1951, 7.

2. Ibid, 8.

hoofsaaklik van die omliggende plattelandse dorpe en plase.

Gedurende die oggend ontvang helfte leerlinge skolastiese onderwys, terwyl die res met beroepsopleiding besig is. In die middag ruil die twee groepe dan weer om.

Indien die leerling aan die volgende vereistes voldoen, word afslag as volg verkry :

Vir elke 120 uur praktiese beroepsopleiding : 1 maand afslag.

Vir die Nasionale Tegniese St. ses sertifikaat : 3 maande afslag.

Vir die Nasionale Tegniese st. sewe sertifikaat : 5 maande afslag.

Vir die Nasionale Juniorsertifikaat (Tegnologie): 7 maande afslag.

Op hierdie wyse kan 'n leerling 'n totale afslag van 19 maande verkry. Na twee jaar en vyf maande vakleerlingskap kan die leerlinge dan 'n praktiese toets aflê en indien hulle daarin slaag, ontvang hul die volle vakmansertifikaat.

Die beroepskursusse aan die Hoër Tegniese skole is ingestel om, as gevolg van die geweldige vooruitgang op landbou- en nywerheidsgebied in Suid-Afrika, in die groot tekort aan opgeleide ambagslui en tegnici wat ontstaan het, te voorsien. Alhoewel die tegniese skole besonder goed toegerus is en 'n groot aandeel lewer om die noodtoestand te verhelp, is dit noodsaaklik dat uiteindelik aan die volgende eise voldoen sal moet word, naamlik :

a. die standaard van vakmanskap sal deur drastiese maatreëls aansienlik verhoog moet word;

b. om in die land se behoeftes aan opgeleide tegnici te voorsien, sal die tegniese skole (indien hierdie stelsel van beroepsonderwys in werking bly) groter getalle skrander leerlinge moet trek; en

c. toelatingsvereistes vir hierdie gespesialiseerde opleiding sal verhoog moet word.

Die tegniese hoër skole is aanvanklik gestig om alleen praktiese beroepskursusse aan te bied. Die huidige toestand van sake is egter dat die toelatingsouderdom en skolastiese toelatingsvereistes so laag is dat hierdie skole algemeen-vormende sowel as beroepsonderwys verskaf. Indien komprehensiewe middelbare skole dus ontwikkel word, sal hierdie twee skooltipes oorvleuelend funksioneer. Om in die land se behoeftes te voorsien, sal dit nodig wees dat die tegniese hoër skole beperk word tot gespesialiseerde

bc/......

beroepsopleiding, spesiale tegniese kursusse en aanvullende beroepskursusse soos verfrissings- en aanvullingskursusse.

E. Spesiale skole. (Liggaamlik afwykendes)

Hierdie skool is in Februarie 1938 gestig met die doel om rekrute vir die Spesiale Diensbataljon op te lei. Alleen leerlinge wat 'n liggaamsgebrek gehad het wat deur mediese en remediële behandeling verhelp kon word, is opgeneem.[1] Na die oorlog is die "Liggaamlike Opleidingsbataljon" deur die Verdedigingsdepartement aan die Unie-onderwysdepartement oorgedra en tans word dit kragtens Wet No. 9 van 1948 geadministreer.

In die Elizabeth Conradieskool te Diskobolos, Oor Kimberley, word seuns en dogters en 'n beperkte aantal vrouens opgeneem wat aan liggaamlike afwykings ly en 'n handelskursus tot standerd tien wil volg.

Die Hoër Beroepskool vir seuns op Diskobolos neem seuns in wat oor twaalf jaar oud is en standerd vyf geslaag het, tesame met 'n beperkte aantal mans van 19 tot 35 jaar oud. Hulle moet aan liggaamlike afwykings ly en verlang om tegniese opleiding te ontvang. Die gewone skoolvakke tot standerd tien word ook gedoseer.

Beroepsopleiding wat by elke leerling se gebrek aanpas, word aan diegene verskaf wat dit verlang. Die volgende vakopleiding word aangebied :

| | |
|---|---|
| Kleremakery, | Oorlosiemakery, |
| Radiotegniek, | Meubelmakery, |
| Ortopediese Skoenmakery, | Houtwerk, |
| Skoenmakery, | Leerwerk. |

In die skolastiese afdeling van die skool moet, as gevolg van verstandelike en liggaamlike belemmering, onderwys vanaf die grade tot standerd tien voorsien word. Die volgende vakke word in die middelbare klasse aangebied :

St. VI : Afrikaans, Engels, Aardrykskunde, Geskiedenis, Rekene.

St. VII en VIII : Afrikaans, Engels, Tegniese Tekene, Natuurwetenskap en Wiskunde.

Nadat beroepstoetse afgelê is, word 'n ambag gekies. Die ambagsteorie en werkswinkelpraktyk van hierdie ambag word dan in standerds ses tot agt as twee vakke beskou. In standerd nege en tien word, behalwe Afrikaans

en/....

---

1. Unie van Suid-Afrika, Verslag van die kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 11.

Engels, hoofsaaklik handelsvakke doseer. Die vakke kan dan uiteindelik agtereenvolgens afgelê word.

In die Hoër Beroepskool vir seuns, Diskobolos, is alstesaam 152 liggaamlik-afwykende leerlinge wat oral uit Suid-Afrika, Suidwes-Afrika en die Federasie afkomstig is. Behalwe die skolastiese en ambagsopleiding ontvang die leerlinge ook vry mediese en liggaamlik remediële dienste. Ortopediese snykunde word in die Kimberley-hospitaal toegepas en na 'n paar dae word die pasiënte dan na die skool se eie hospitaal op Diskobolos oorgeplaas. Die verdere verpleging en terapeutiese behandeling word in samewerking met die spesialis, deur die skool se medikus, twee fisioterapeute, een arbeidsterapeut, vyf onderwysers vir liggaamlike opvoeding en vier verpleegsters gedoen. Die liggaamlike vooruitgang wat deur middel van hierdie behandeling en met behulp van die besondere fasiliteite wat vir terapeutiese en liggaamlike herstel ter beskikking van die personeel gestel is, bereik word, kan alleen as wonderbaarlik beskryf word. In die meeste gevalle is algehele herstel uitgesluit maar die mate waarin die liggaamlike afwykings verbeter en verhelp word, die geestelike balans herwin word en die geluk en sukses wat deur prestasie op skolastiese en beroepsgebied ondervind word, is vir elkeen van hierdie persone van onskatbare waarde. Die grootste meerderheid van hierdie leerlinge word uit hulle hulpelose toestand waarin die meeste van hulle heeltemal sorgbehoewend was, na algehele onafhanklikheid op liggaamlike en self op ekonomiese gebied gehelp.

Daadwerklike pogings word deur die skool aangewend om hierdie seuns by die gewone lewe en sosiale omgang in te skakel. Die leerlinge gaan gereeld op Saterdae en soms vir naweke na familie, vriende of goedgesindes in Kimberley of elders. Gedurende lang vakansies gaan almal na hulle ouerhuise. Op sportgebied word selfs met ander skole gewedywer. Krieket, bofbal, tennis en selfs rugby word gespeel. Die skool het al die krieket-trofee verower.

Sommige leerlinge gaan, nadat hulle die skool verlaat het, terug na hulle ouerhuise terwyl ander hulle plek as ambagsmanne in die een of ander beroep inneem. Sommige word in beskutte arbeid geplaas. In 'n groot mate word daarin geslaag om aan hierdie leerlinge selfstandigheid te besorg en word hulle in staat gestel om hul plek in die samelewing in te neem en as gelukkige en nuttige burgers te lewe.

Hierdie/........

Hierdie spesiale skole bedien 'n besondere terrein en maak aanvullend voorsiening vir liggaaamlike-afwykende persone. Die skole het dus 'n besondere funksie en oorvleuel nie die werksaamhede van die gewone middelbare skole nie.

F. <u>Hoër Tegniese Skole vir Volwassenes</u>.

Om die land se groot tekort aan opgeleide vakmanne te probeer aanvul, is kragtens Wet No. 38 van 1951 tegniese skole vir mans oor 21 jaar by Diskobolos, Olifantsfontein en Westlake gestig. Hierdie inrigtings verskaf opleiding in verskillende ambagte wat die meeste in die industrieë en boubedryf benodig word. In 1955 was daar 291 mans wat opleiding ontvang het.

Die ambagte wat in hierdie inrigtings geleer word, is die volgende :

| | |
|---|---|
| Elektrisiënswerk, | Messel- en Pleisterwerk, |
| Loodgietery, | Timmer- en Skrynwerk, |
| Pasmaak en Draaibankwerk, | Laswerk. |

Die mans ontvang nie gewone skolastiese onderwys nie, maar leer alleen die ambag, die ambagsteorie van die besondere ambag en ook die ambagsteorieë van verwante ambagte.

Die kursus aan hierdie skole duur een jaar. Gedurende hierdie tyd ontvang die mans 'n toelaag van die regering van £4 per week as hulle ongetroud is en £6 per week indien getroud. Nadat die kursus voltooi is, word hulle in diens van 'n kontrakteur geplaas, en kan hulle na twee jaar die finale ambagstoets aflê. Indien hulle in die toets slaag, ontvang hulle onmiddellik die ambagsertifikaat. Ongeveer 20% van hierdie vakleerlinge slaag die finale toets die eerste keer, dit wil sê na twee jaar.

By Diskobolos is al die nodige fasiliteite vir hierdie "toebroodjie kursusse"[1)] geskep en word die ambag onder toesig van goed gekwalifiseerde ambagsonderwysers geleer. Hierdie intensiewe opleiding onder bekwame vakkundiges verseker dat die leerlinge gedurende die eenjaar-kursus soms meer van 'n bepaalde ambag leer as wat ander vakleerlinge soms in die beroepslewe in vier of vyf jaar leer.

Aangesien/....

---

1. Hierdie "toebroodjie kursusse" is kursusse wat aan onopgeleide werkers die geleentheid bied om in 'n beperkte tyd, met behulp van 'n intensiewe opleidingskursus en besondere fasiliteite wat geskap word, gespesialiseerde beroepsopleiding te ontvang.

Aangesien die toelae so klein is dat dit vir getroude persone byna onmoontlik is om daarvan te kan lewe, word afsonderlike woongeriewe vir klein families op die terrein verskaf.

Hierdie stelsel van volwassene opleiding, alhoewel baie duur, die 1957 - 58 eenheidskoste was £346-16-0, dien 'n tweeledige doel deur te help om in die land se behoeftes aan goedopgeleide vaklui te voorsien en verder deur ongeskoolde werkers in staat te stel om 'n behoorlike bestaan te kan maak.

Hierdie vakopleiding beïnvloed dus geensins die stigting van komprehensiewe middelbare skole nie.

G. Hoër Handelskole.

In die afgelope jare het daar in Suid-Afrika groot ontwikkelings in verband met handelsonderwys plaasgevind. Private handelskole en besigheidskolleges het hulle oorspronklik hoofsaaklik op die onderrig van gespesialiseerde handelsvakke soos Snelskrif, Tikskrif en Boekhou toegelê. In die jongste tyd is die neiging egter om volledige handelskursusse beskikbaar te stel sodat leerlinge volle sertifikate kan verwerf wat die ekwivalent van die gewone skoolsertifikate is. Die omvang van die werk van hierdie nie-amptelike inrigtings is so groot dat van die 34,616 kandidate wat in 1945 die nasionale handelseksamens van die Unie-onderwysdepartement afgelê het 21,096 van private inrigtings afkomstig was. [1]

Die vernaamste werk word nogtans deur die 14 Hoër Handelskole van die Unie-onderwysdepartement en die tegniese kolleges verrig. Die hoër handelskole is kragtens Wet No. 29 van 1928 opgerig en is vir blanke seuns en dogters tussen die ouderdom van 14 tot 21 jaar wat standerd sewe geslaag het. Elf van hierdie skole is in Transvaal geleë.

Vanaf 1917, toe daar 'n aanvang met handelsonderrig gemaak is, het die getalle gestyg tot 2000 in 1923 en ongeveer 40,000 in 1946. [2] Inskrywings in die hoër handelskole self het van 170 in 1935 tot 794 in 1946 en 1483 in 1955 gestyg en indien die ruimte nie so beperk

was/........

1. Unie van S.A., Verslag van die kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 9.

2. Ibid, 126.

was nie, sou die vermeerdering in die aantal leerlinge baie groter gewees het. Baie applikante moes jaarliks toegang geweier word weens die gebrek aan klaskamer- en koshuisruimte.[1] Die gebrek aan opleidingsfasiliteite word tans deur die handelsvakke wat in die provinsiale middelbare skole gedoseer word, aangevul, maar aangesien hierdie skole nie volle handelskursusse mag aanbied nie (as gevolg van die afbakening op onderwysgebied deur die Wet op Beroepsonderwys van 1955) kan leerlinge nie ten volle bekwaam word nie.

Die Hoër Handelskole berei leerlinge vir die Nasionale Seniorsertifikaat (en in spesiale gevalle ook vir Matrikulasie-vrystelling) en die Nasionale Handelsertifikaat voor. Die volgende vakke word aangebied :

| | | |
|---|---|---|
| a. <u>Vir seuns</u> : | Afrikaans, | Tikskrif, |
| | Engels, | Handelsrekenkunde, |
| | Boekhou, | Ekonomie, |
| | Handel, | Matesis. |
| b. <u>Vir dogters</u>: | Afrikaans, | Afrikaanse Snelskrif, |
| | Engels, | Engelse Snelskrif, |
| | Boekhou, | Matesis, |
| | Handel, | Ekonomie. |
| | Tikskrif, | |

In die Hoër Handelskool, Potchefstroom is 376 leerlinge wat hoofsaaklik van die platteland afkomstig is waar geen handelsonderwys-geriewe in tegniese kolleges of handelskole beskikbaar is nie. Die skool beskik oor ses koshuise vir dogters en twee vir seuns.

Hierdie skool het ook 'n afdeling vir voortsettingsklasse wat leerlinge vir die handels- en tegniese beroepsrigtings voorberei. Die leerlinge van die tegniese afdeling ontvang hulle onderrig aan die plaaslike tegniese kollege. Nadat die leerlinge hulle kursusse voltooi het, word hulle onmiddellik deur die sakewêreld geabsorbeer. Die aanvraag vir hierdie skole se leerlinge is so groot dat werksgeleenthede vir die leerlinge reeds vooruit aangebied word.

Die opleiding wat in handelskole en komprehensiewe skole verskaf word oorvleuel mekaar. Die elf handelskole in Transvaal kan egter hoegenaamd nie in die aanvraag vol-

doen/......

---

1. Unie van S.A., Verslag van die kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 128.

doen nie. Hierdie leemte word dus deur die provinsiale middelbare skole aangevul, maar as gevolg van die Beroepsonderwyswet kan hierdie leerlinge nie behoorlik vir hulle toekomstige handelsbetrekkinge toegerus word nie en ly die landsekonomie en die individu uiteindelik skade.

Indien volwaardige komprehensiewe skole ontwikkel word, kan die hoër handelskole hulle veral op volwassene en gespesialiseerde opleiding toespits.

H. Staatsondersteunde Spesiale Skole.

Hierdie skole wat ook kragtens Wet No. 9 van 1948 deur die Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap geadministreer word, bestaan uit ses skole vir dowes (twee hiervan is in Transvaal), ses vir blindes, een vir epileptici, een vir doofstom naturelleseuns (in Transvaal) en vier vir serebraalverlamde kinders (twee hiervan is in Transvaal).

Indien die volgende gegewens,[1] wat in 1946 vir afwykende kinders saamgestel is, bestudeer word, word die noodsaaklikheid besef om vir hierdie kinders van skoolgaande leeftyd voorsiening te maak :

| | |
|---|---:|
| Blindes | 256 |
| Swaksigtiges | 965 |
| Gehoorgebrekkiges | 4273 |
| Epileptici | 400 |
| Spraakgebrekkiges | 8000 |
| Kreupeles | 1500 |
| Hartlyers | 1200 |
| Verstandelike afwykendes | 15786 |
| Totaal | 32,380 |

Deur 'n doeltreffende stelsel van onderwys en opleiding is dit moontlik om die meeste van hierdie persone as nuttige burgers in die samelewing in te skakel en kan hulle 'n selfstandige, nuttige en selfs gelukkige bestaan voer. In 1955 het die volgende leerlinge in Staatsondersteunde Spesiale skole onderrig ontvang : Blankes 904, Bantoes 376, Kleurlinge 285 en Asiate 23.

In/......

1. Unie van S.A., Verslag van die kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys, 237.

In die gewone sin van die woord is die skole vir dowes, blindes, epileptici en serebraal-verlamdes nie beroepskole nie, maar is hulle in die eerste plek buitengewone skole wat een of ander liggaamlike gebrek by leerlinge probeer verbeter of verhelp en om dan, tesame met die skolastiese onderwys, die leèrlinge moontlik ook in een of ander beroepsrigting te bekwaam.

1. Skole vir dowes.

Hierdie skole is geleë te Worcester, Johannesburg, Kaapstad en Pretoria en indien beroepsopleiding verskaf word, word die volgende rigtings aangebied :

a. Seuns : Skoenmakery,
Meubelmakery,
Landbou.

b. Dogters : Naaldwerk,
Kookkuns,
Kleremakery.

Die gewone skolastiese vakke word tot standerd agt gedoseer.

By die Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys in Pretoria, ontvang die leerlinge nie beroepsopleiding nie. Skolastiese onderwys strek van graad een tot standerd agt.

Die skool beywer hom daarvoor om die leerlinge by die gewone samelewing in te skakel. Die meeste sportsoorte, maar veral rugby en korfbal word beoefen en dit word gevind dat die leerlinge hierin uitblink. Die skool beskik oor sy eie bus en besoeke word gereeld na musea, laboratoria, industrieë, kunsuitstallings, besienswaardige plekke, ens. gereël. Gedurende naweke gaan sommige leerlinge na hulle ouerhuise of vriende, maar gedurende lang vakansies gaan almal na hulle ouerhuise.

Opvallend is die feit dat handelsvakke nie in hierdie skole aangebied word nie. Die leerlinge is almal daartoe in staat om met liplees 'n gesprek of 'n opdrag te volg. Snelskrif en veral Tikskrif is dus binne hulle vermoë. In die meeste kantore word hoofsaaklik net Tikskrif vereis en is Snelskrif nie noodsaaklik nie. Daar word gevind dat, watter beroep hulle in elk geval beoefen, hierdie persone in die meeste gevalle, toegewyde en vlytige werkers is.

II. Die skool vir blindes.

Hierdie skool is in Worcester en is toeganklik vir seuns en dogters onder 21 jaar en enige skoolstanderd.

Skolastiese/........

Skolastiese onderwys strek tot standerd tien terwyl die volgende beroepsopleiding verskaf word :

a. Seuns : Klavierstem, Mandjiesmakery.

b. Dogters : Breiwerk (ronde en plat) Spin en Weef.

c. Seuns en Dogters. Snel- en Tikskrif, Musiek, Telefonie.

III. Skole vir serebraal kreupeles.

Hierdie skole is in Pretoria, Johannesburg, Rosebank, Port Elizabeth en Meerhof. Laasgenoemde is onder beheer van die Transvaalse Provinsiale Administrasie. Die doel van hierdie skole is die opvoeding en rehabilitasie van die serebraal verlamde kind en is nie beroepsgerig nie.

Die skolastiese onderwys strek vanaf die grade tot standerd agt en die vakke wat aangebied word is gewoonlik Bybelsonderrig, Afrikaans, Engels, Rekene, Geskiedenis, Kuns en Kunsvlyt, Naaldwerk en Tikskrif. Die leerlinge moet hoofsaaklik individueel onderrig word sodat die onderwyserkwota ongeveer een per elke tien leerlinge is.

In die skool vir Serebraal Kreupeles, Pretoria, is tans 62 leerlinge met die volgende onderwyspersoneel en terapeute : die hoof, vyf onderwyseresse, twee fisioterapeute, een spraakterapeut en een arbeidsterapeut. Die skool beskik oor die dienste van die Algemene en die Ortopediese hospitale, spesialiste en medici. Die leerlinge word daagliks per bus by hulle ouerhuise gehaal en in die middag weer terugbesorg.

Leerlinge van die Meerhof Spesiale Skool vir Kreupeles woon in die skolderagtige en rustige omgewing langs die Hartbeespoortdam. Die skool en hospitaal is aangrensend geleë en die leerling-pasiënte loop of ry met hulle rystoele vanaf die een gebou na die ander. In hierdie skool begin leerlinge reeds in standerd twee met Tikskrif en is meesal in standerd ses al in staat om die Junior Tikeksamen af te lê.

Weens omstandighede kan hierdie leerlinge nie aan die gewone sportaktiwiteite deelneem nie maar hulle word gedurig met lees en deur die arbeidsterapeut besig gehou. Uitstappies word gereeld gereël om die leerlinge uit hierdie beskutte omgewing ook met die lewe daarbuite in aanraking te bring. Tentoonstellings, bioskope, ens. word gereeld besoek; 'n groep gaan een keer per jaar na

die/.......

die Wildtuin terwyl die ander groep per vliegtuig na Durban gaan.

Waar moontlik word die leerlinge by skoolverlating in betrekkings geplaas, byvoorbeeld as tiksters. In die toekoms kan hierdie persone moontlik ook as hysbakbestuurders in diens geneem word.

IV. Die skool vir Epileptici.

Hierdie skool, die Jan-Kriel skool, is by Kuilsrivier in die Kaapprovinsie en beskik oor sy eie koshuise. Die skool bied die gewone skolastiese vakke tot standerd tien aan. Handelsvakke word na standerd agt aangebied asook Naaldwerk vir dogters.

I. Staatsondersteunde Vakskole.

In 1955 was daar 14 van hierdie inrigtings in Suid-Afrika, waarvan ses blank en agt nie-blank was met 'n totale inskrywing van 718 Blankes, 519 Kleurlinge en 20 Asiate. In Transvaal is dit net die Abraham Kriel-tehuis wat onder hierdie vakskole ressorteer. Sedert 1955 het al die blanke staatsondersteunde vakskole, behalwe die Abraham Kriel-tehuis en die Salesian-Instituut, Kaapstad, volwaardige tegniese hoër skole, handelskole, huishoudskole, ens. geword. Tans is daar elf inrigtings vir kleurlinge.

Hierdie inrigtings bekwaam leerlinge vir verskillende vertakkinge van die samelewing. Onder hulle vind ons byvoorbeeld handelskole, sendingskole, huishoudskole en ambagskole.

Die Staatsondersteunde vakskole maak voorsiening vir besondere onderwysgeriewe wat aanvullend by die gewone middelbare onderwys is.

3. SAMEVATTING :

Indien beroepsonderwys in Suid-Afrika ontleed word en die volgende aspekte in aanmerking geneem word, naamlik :

a. beroepsonderwys gesien in sy breëre verband met toestande en gebruike in ander Westerse lande;

b. die ontwikkeling van beroepsonderwys in Suid-Afrika; en

c. die huidige stelsel van beroepsonderwys in Suid-Afrika.

dan kan die volgende gevolgtrekkinge gemaak word :

a. beroepsonderwys is 'n integrale en noodsaaklike onderdeel van middelbare onderwys;

b. in die komprehensiewe skool kan beroepsonderwys sy regmatige plek in die opvoedingsproses inneem;

c/........

c. die Wet op Beroepsonderwys van 1955 verhoed egter dat provinsiale middelbare skole beroepsonderwys op 'n doeltreffende skaal mag invoer en aanbied;

d. beroepsonderwys in Suid-Afrika het, as gevolg van verskillende faktore, 'n opdraende stryd gevoer en baie teenkanting ondervind;

e. nieteenstaande hierdie stryd is veel vermag en word tans baie verdienstelike werk gelewer;

f. die stelsel van verdeelde beheer en die gevoel van antipatie wat tussen uniale en provinsiale onderwys departemente heers, tref beroepsonderwys en daardeur die land as sodanig, baie nadelig;

g. navorsing in beroepskole wat deur die skrywer uitgevoer is, het aan die lig gebring dat leerkragte van die beroepskole sterk daarteen gekant is om, indien die stelsel sodanig gewysig word, by die provinsiale onderwysdepartemente ingeskakel te word.

Die vernaamste besware wat onder andere genoem word is :

i. die administrasie van die uniale en provinsiale onderwysdepartemente verskil hemelsbreed. Die provinsiale stelsel laat dan minder vryhede toe sodat skole en leerkragte baie gebonde is.

ii. Die stelsel van promosie van onderwysers in die provinsiale onderwysdepartemente word as ondoeltreffend en onbevredigend bestempel;

iii. daar word beweer dat beroepskole teen geweldige teenkanting uiteindelik hulle regmatige aandeel en status verwerf het. Die provinsiale skole wat in die verlede beroepsonderwys verwaarloos het, wil nou deur hierdie metode van inskakeling hulle agterstand probeer uitwis.

h. In werklikheid is die meeste beroepskole in Suid-Afrika inrigtings wat op onderwysgebied hoofsaaklik vir spesiale geriewe en omstandighede voorsiening maak. Nywerheidskole, verbeteringsskole, spesiale skole, hoër tegniese skole vir volwassenes, staatsondersteunde spesiale skole en staatsondersteunde vakskole is skole met besondere oogmerke en terreine wat hoegenaamd nie die van die gewone middelbare skole oorvleuel nie. Tegniese kolleges, hoër handelskole oorvleuel alleen gedeeltelik die terrein van die provinsiale middelbare skole. As voorbeeld hiervan dien die Pretoriase Tegniese Kollege wat jaarliks ongeveer 12,000 studente onderrig. Hiervan is alleen

1490/.........

1490 voltydse leerlinge van middelbare onderwyspeil. Hierdie aantal leerlinge, gesien teen die totale inskrywing van die kollege en ook teen die 13,007 middelbare skoolleerlinge van die provinsiale onderwysdepartement van die 17 middelbare skole van Pretoria, is 'n bewys van die geringe mate van oorvleueling wat daar wel op die middelbare onderwysvlak is.

------------

# HOOFSTUK 9.

## DIE IMPLEMENTERING EN VERWESENLIKING VAN DIE KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOOL AS OPVOEDKUNDIGE INSTELLING VIR TRANSVAAL.

Indien die huidige stelsel van middelbare onderwys in Transvaal ontleed word, word besef dat, nieteenstaande verskillende veranderinge en ontwikkelinge wat noodsaaklik geag word, daar reeds ver gevorder is om 'n doeltreffende en bevredigende onderwysstelsel te skep wat aanpassing vind en uitdrukking gee aan vereistes en ideale wat deur eie bodem, bevolking en kultuur maar ook deur die opvoedkunde gestel word. Sodra die algemene besef van die noodsaaklikheid vir en die goeie wil om enkele veranderinge aan te bring, ontstaan, veral van owerheidsweë besef word, kan die bestaande stelsel sonder veel ingrypende veranderinge en finansiële verpligtinge omgeskakel word.

Die gelukkige toestand waarin onderwys in Suid-Afrika verkeer, is hoofsaaklik toe te skrywe aan twee faktore, naamlik :

a. indien daar op sosiale gebied wel sprake van klasseverskille mag wees, word die onderwysinrigtings nie op 'n dergelike basis ingedeel en aan besondere groepe beskikbaar gestel nie. Hierdie toedrag van sake word egter in sommige ander lande aangetref en alhoewel die nadelige invloede hiervan allerweë besef word, sal die tradisionele voorkeur wat besondere skole geniet, indien ooit, alleen deur ingrypende veranderinge moontlik gemaak kan word. Die feit dat Suid-Afrikaanse "Public" en "Grammar" skole nooit 'n werklikheid geword het nie, kan vandag alleen as 'n seën aanvaar word.

b. Indien differensiasie deur middel van afsonderlike skooltipes reeds verder ontwikkel het, sou dit die ideaal vir die daarstelling van komprehensiewe skole uiters nadelig getref het. Die enigste werklike vorm van differensiasie na buite wat tans in Suid-Afrika bestaan, is waar beroepsonderwys in tegniese kolleges, hoër tegniese skole, hoër handelskole en hoër huishoudskole in 'n minder mate, aangebied word. Aangesien hierdie inrigtings egter nog van beperkte omvang is, bied dit nog nie 'n onoorkomelike struikelblok nie.

Ook in Suid-Afrika het die besef egter posgevat dat beroepsonderwys reeds op die middelbare skool-vlak tuishoort en word dit beplan om hierdie soort onderwys op 'n uitgebreide skaal in afsonderlike beroepskole aan te bied. Indien hierdie beplanning deurgevoor word, sal dit

die/.........

die verwesenliking van gedifferensieerde onderwys in komprehensiewe skole verder teenwerk.

Die implementering en verwesenliking van die ideaal vir gedifferensieerde onderwys in komprehensiewe middelbare skole moet dus onverwyld aangepak en deurgevoer word.

1. BESONDERE ASPEKTE VAN DIE HUIDIGE ONDERWYSSTELSEL EN DIE IDEAAL VAN KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE SKOLE.

In teenstelling met die tradisionele begrip van middelbare onderwys as 'n voor-universiteitsfase, is die huidige opvoedkundige beskouing van die doel van middelbare onderwys :

a. die vorming en ontwikkeling van die hele kind;

b. die erkenning van individuele verskille tussen leerlinge; en

c. die voorbereiding van die kind vir die lewe in die wydste sin van die woord.[1)]

Om hierdie doelstellings te kan verwesenlik, is dit noodsaaklik dat die volgende veranderinge in die huidige onderwysstelsel van Transvaal aangebring sal moet word :

A. Die opheffing van die stelsel van verdeelde beheer.

Nieteenstaande herhaaldelike bewerings deur gesagdraende uniale en provinsiale kommissies dat die stelsel van verdeelde beheer die land ontsaglike skade berokken en die dringende aanbevelings reeds sedert 1916, dat eenheidsbeheer op 'n uniale of provinsiale basis onverwyld ingestel moet word, sit Suid-Afrika tans nog opgeskeep met 'n onderwysstelsel wat allerweë betreur word. Middelbare onderwys is 'n ondeelbare eenheid; om beroepsonderwys wat 'n integrale, onafskeidbare onderdeel van algemeen-vormende onderwys vorm, as iets "eiesoortigs"[2)] te bestempel en dit deur afskeiding buite die bereik van die grootste persentasie middelbare skoolleerlinge te plaas, kan alleen as 'n kortsigtige beleid bestempel word.

Provinsiale/......

1. Dagbreek en Sondagnuus, 18 Mei 1958, van Wyk, Transvaalse onderwys beplan met 'n duidelike doel, 6.

2. Die toespraak van die Minister van Onderwys, Kuns en Wetenskap verwys : Unie van Suid-Afrika, Debatte van die Senaat, Offisiële Verslag, Nr 10, 9 - 13 Mei 1955, 2495.

Provinsiale beheer oor alle vorme van middelbare onderwys, gekoördineer deur 'n doeltreffende stelsel van interprovinsiale samewerking om 'n uniale beleid te bewerkstellig, is 'n geregverdigde eis en 'n basiese vereiste vir die verwesenliking van komprehensiewe middelbare volkskole.

Die uiteindelike funksie van tegniese kolleges en tegniese hoër skole lê dan op die gebied van deeltydse klasse, onderwys buite skoolverband en hoër tegniese opleiding.

B. Middelbare skole moet vrygemaak word van die knellende bande van die huidige matrikulasie-vrystellingsvereistes.

Die middelbare skole is "in die greep van gestereotipeerde akademiese vereistes; hierdie toestande vererger deur snobisme en tradisie wat 'n vryer keuse van skoolvakke vir die nie- akademiese aangelegde leerling belemmer; 'n duur proses van uitsakking en druiping op ons hoërskole grotendeels terwille van die klein persentasie leerlinge wat uiteindelik op die universiteit beland, en dan nog druiping van byna die helfte van hierdie uitverkorenes, .... (en) 'n bende gefrustreerdes en ontnugterdes wat langs die pad agtergebly het (en nie) na die universiteit deurgeworstel het (nie)."[1)]

Alleen as middelbare onderwys van hierdie bande losgemaak word, kan gedifferensieerde onderwys in komprehensiewe skole aangebied word en kan die middelbare skool 'n werklike lewensfase in elke leerling se onderwysloopbaan word. Die nuwe doelwit van die middelbare skool sal dan lewensvoorbereiding in plaas van universiteitsvoorbereiding wees. Die algehele skeiding tussen skooleindsertifikaat en universiteitstoelatingseksamen kan hierdie strewe 'n moontlikheid maak.

C. Die integrasie van beroeps- en algemeen-vormende onderwys in die middelbare skool.

Indien beroepsonderwys in ander Westerse lande bestudeer word, word gevind dat :

a. beroepsonderwys as 'n noodsaaklike fase van middelbare onderwys beskou word;

b. behalwe in Denemarke eenheidsbeheer as noodsaak-

lik/.....

1. Transvaalse Onderwysersvereniging, Onderwysblad, Nr. 55, Deel LVIII, 1 Mei 1954, Van Wyk, Die Matrikulasieraad, 58 - 59.

lik beskou word;

c. daar tans al meer en meer beklemtoon word dat beroepsonderwys die reg van elke indiwidu is en dat dit noodsaaklik vir die ontwikkeling van die hele persoon is;

d. as gevolg van industriële en tegnologiese ontwikkeling 'n wêreldwye aanvraag na tegnici ontstaan het; en

e. as gevolg van massaproduksie, outomatisasie en tegnologiese vooruitgang wat gespesialiseerde opleiding verg, dit besef word dat algemeen-vormende onderwys met die geleidelike integrasie van beroepsonderwys as voorvereiste al meer noodsaaklik word met die gevolg dat gespesialiseerde beroepsopleiding tot op 'n later stadium in die onderwysprogram verskuiwe moet word.

Nieteenstaande hierdie wêreldneiging word gevind dat in Suid-Afrika

a. beroepsonderwys as iets "eiesoortigs" bestempel word;

b. ten spyte van herhaalde pleidooie deur verskillende liggame en kommissies die stelsel van verdeelde beheer provinsiale en uniale onderwysdepartemente al verder van mekaar af wegvoer;

c. nieteenstaande die strewe en daadwerklike pogings van die provinsiale onderwysdepartemente om deur middel van 'n stelsel van gedifferensieerde onderwys ook aan beroepsonderwys sy regmatige aandeel in middelbare onderwys toe te ken, hierdie strewe van owerheidsweë gefnuik word deur die Wet op Beroepsonderwys Nr 70 van 1955;

d. weens heersende toestande en departementele antagonisme die bekwaamste persone nie in die rigting van hoër tegniese opleiding gestuur word nie;

e. daar ook 'n gebrek aan doelgerigte tegnologiese kursusse van tersiêre onderwyspeil bestaan wat in die land se besondere groot aanvraag na hoër gespesialiseerde tegnici kan voorsien; en

f. dit nogtans moontlik is om met 'n ontoereikende lae onderwyspeil toegang tot betreklik eng-gespesialiseerde kursusse in hoër tegniese, hoër handel- en hoër huishoud skole te verkry.

In ooreenstemming met die aanbevelings van die Oorsese Sending[1] is dit dus van absolute belang dat Suid-Afrika/....

---

1. T.O.D., Verslag van die Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys, 69.

Afrika sy beleid in verband met beroepsonderwys ingrypend moet verander sodat die agterstand ingehaal kan word en dat Suid-Afrika ook op hierdie gebied in pas met moderne ontwikkeling kan kom. Die nouste integrasie tussen algemeenvormende en beroepsonderwys, koördinasie tussen onderwys- en beroepsorganisasies, verhoogde staatsondersteuning vir alle middelbare beroepsonderwys en 'n verhoogde toelatingspeil tot alle gespesialiseerde beroepsopleiding is noodsaaklik. Hierdeur sal ook volwaardige komprehensiewe middelbare skole moontlik gemaak word.

D. Gedifferensieerde onderwys as die noodsaaklike korrelaat van die komprehensiewe skool.

Deur middel van gedifferensieerde onderwys is die strewe om aan die grootste moontlike aantal leerlinge reg en geregtigheid te laat geskied deur aan hulle onderwys in ooreenstemming met hulle besondere aanleg, vermoëns en behoeftes te verskaf. Tot op die huidige kon die middelbare skole in Suid-Afrika nie hierdie ideaal verwesenlik nie. Belemmerende faktore wat van buite af op die onderwys inwerk, maar ook die skynbare onwil en onvermoë onder opvoedkundiges om van die tradisionele, gesteriotipeerde en selektiewe akademies-gerigte onderwysmetode en stelsel weg te breek en aan elke individu sy beskore aandeel en reg op die ontwikkeling van sy Godgegewe vermoëns te verseker, het middelbare onderwys in 'n tregtervormige voor-universiteitsfase omskep waarin alleen na die belange van 'n geselekteerde minderheidsgroep omgesien word.

In die komprehensiewe skool vind die ideaal van differensiasie die opvoedkundige inrigting waarin dit verwesenlik kan word. Op sy beurt kan die komprehensiewe skool weer nie reg aan sy heterogene bevolking laat geskied indien differensiasie nie op byna elke terrein van die skoollewe toegepas word nie. Differensiasie in doelstellings, vakkeuse, leergange, groepvorming, metodiek, tempo, meting, prestasiebeoordeling, bevordering en sertifisering sal verseker dat elke individu na sy eie vermoë tot die optimum prestasie aangespoor word.

Indien die komprehensiewe middelbare skool dus aan sy doel en funksionele vereistes wil voldoen, is hy verplig om van gedifferensieerde onderwys, as noodsaaklike korrelaat, ten voordele van individu en gemeenskap gebruik te maak.

Deur middel van gedifferensieerde onderwys moet die komprehensiewe skool aan elkeen van sy leerlinge met

hulle/.......

hulle groot verskeidenheid in belangstellinge, aanleg en vermoëns maar ook in uiteindelike doelstellinge die grootste moontlike ontwikkelingskanse bied. Hierdie uiteenlopende doelstellinge kan alleen moontlik gemaak word deur 'n kurrikulum wat wydvertakte, selfstandige, funksionele en stimulerende leergange aanbied. Hierdie distributiewe funksie is alleen moontlik indien van homogene baan- en groepindelings gebruik gemaak word. In die Transvaal word reeds van hierdie groeperingstelsel gebruik gemaak. Sodra die skole die vertroue en samewerking van die ouers en gemeenskap in verband met hierdie noodsaaklike organisasiemiddel verkry het, kan die doeltreffende toepassing daarvan tot groot voordele aangewend word. In die verskillende groepe moet noodwendig van aangepaste onderwysmetodes gebruik gemaak word om by leerlinge se persoonlike behoeftes en vermoëns aan te pas. In die klaskamer sal afwisselend, en na omstandighede mag vereis, van individuele en groepmetodes van onderrig en studie gebruik gemaak moet word. Leerlinge se natuurlike belangstelling en aktiwiteitsdrang sal ingespan en gekanaliseer moet word sodat hierdeur verhoogde prestasie en uiteindelike sukses bereik kan word.

Aangesien leerlinge ook in verstands- en werkvermoë verskil, sal dit meebring dat ook van tempodifferensiasie gebruik gemaak moet word. Elke leerling moet toegelaat word om teen sy natuurlike tempo te werk. Hierdeur sal druiping in 'n groot mate geëlimineer word.

In verband met prestasiemeting, beoordeling en promosie is dit noodsaaklik om te besef dat "Success is necessary to every human being. To live in an atmosphere of failure is tragedy to many. It is not a matter of intellectual attainment; not an intellectual matter at all but a moral matter. The Boys and girls coming out of school clear-headed and with good bodies, who are resolute, who are determined to do and sure that they can do, will do more for themselves and for the world than those who come out with far greater intellectual attainments, but who lack confidence, who have not established the habit of success but within whom the school has established the habit of failure."[1] Deur prestasie en sukses, promosie en uiteindelike geluk vir elke individu moontlik te maak, vervul onderwys sy vernaamste roeping.

Uiteindelik/....

---

1. Ayres, Laggards in our Schools, 220.

Uiteindelik sal daar noodwendig ook van 'n stelsel van gedifferensieerde sertifisering gebruik gemaak moet word wat inligting aangaande elke persoon se prestasies, besonderhede en moontlikhede verstrek. Die vermelding van die onderwyspeil sal dus aangevul moet word deur inligting oor karaktereienskappe, temperament, liggaamlike gesteldheid, werkywer, werk- en organisasievermoë, entoesiasme, ens. wat 'n duidelike beeld van die persoon daar sal stel.

E. Organisatoriese implikasies.

Aangesien die komprehensiewe skool om doeltreffend te kan funksioneer, noodwendig groot moet wees, noodsaak dit teenmaatreëls om die nadele hieraan verbonde, te bekamp.

Sommige skole in Transvaal, veral in die stede, het reeds die 1000-tal bereik of oorskry sodat ook in hierdie skole voorsorgmaatreëls teen die verdwyning van die individu in die massa en die nadelige gevolge hieraan verbonde, te bekamp.

In groot skole is gevind dat, indien die skool horisontaal in twee of drie afdeling verdeel word en verder onderlinge groepe soos huise en vooggroepe geskep word, die skool in vlotwerkende groepe maar ook as 'n eenheid kan funksioneer. Indien die geboue reg beplan is en die noodsaaklike geriewe voorsien is, word die organisatoriese en ook dissiplinêre probleme in 'n groot mate verlig.

In laasgenoemde opsig sal toekomstige beplanning en voorsiening in Transvaal in elk geval, nog groot leemtes moet aanvul. Behalwe die noodsaaklike werkswinkels wat aangebou moet word, sal ook moet voorsien word in groter en kleiner sale, 'n ouditorium,gimnasia en swembaddens, kombuise, eetsale, lokale vir klubwerk (soos onder andere donkerkamers vir fotografie), 'n ruimer voorsiening in laboratoria, sekere vaklokale (soos byvoorbeeld klankdigte lokale vir musiekonderrig[1]), verdere huis./.....

---

1. In die Oranje Meisiesskool, Bloemfontein is daar alstesaam 25 klaviere wat vir individuele en ook groeponderrig in die skool gebruik word. Die skool beskik oor die dienste van agt musiekonderwyseresse wat elkeen individuele musiekonderrig in 'n spesiale musiekkamer gee.

huishoudvakgeriewe[1], ens.

In die meeste groot komprehensiewe skole word van die diens van afdelingshoofde gebruik gemaak. Hierdie persone is dan elkeen vir 'n besondere afdeling aan die hoof verantwoordelik. Aangesien promosiegeleenthede in die onderwys, en veral in groot middelbare skole baie beperk is, kan die instelling van afdelingshoofde, en desnoods die vermindering van die aantal A-poste, hierdie leemte aanvul en stimulerend op die onderwys in die algemeen inwerk.

Sommige groot skole vind dit noodsaaklik om die groter skoolgemeenskap in kleiner huislike groepe in te deel. Verskillende stelsels word toegepas waarvan die voogstelsel besliste voordele bied. Deur hierdie stelsel word daarin geslaag om te voorsien dat elke leerling in die skool ten minste een volwasse vriend het wat na sy belange kan omsien en wat hom gedurig met raad en daad kan bystaan.

As gevolg van verpligte middelbare onderwys vir alle leerlinge wat daarby baat kan vind, die oorskakeling na kindgerigte onderwys en die nuutgevonde beroepsverpligtinge van die skool teenoor sy leerlinge, het die skool tans nuwe verantwoordelikhede teenoor leerlinge. 'n Aspek wat tans al meer aandag geniet, is die werk van die voorligter. Hierdie persoon, in samewerking met die res van die personeel, probeer om elke leerling te help om homself, sy eie moontlikhede en probleme te besef, hiervolgens sy toekoms te beplan, sodat hy deur middel van kennis en insig, beplanning en aanpassing in staat gestel sal word om sy toekoms met vertroue en voorbereid tegemoet te gaan.

Met/..........

---

1. Aan die Oranje Meisieskool, Bloemfontein, behalwe die gewone huishoudvakke word ook Moederkunde as 'n volle matriekvak doseer. Aan die huishoudsentrum is spesiale geriewe aangebou wat bestaan uit 'n babakamer, volledig toegeruste kombuis, slaapkamers, ens. Behalwe die inwonende huishoudkunde onderwyseres, beskik die skool oor 'n voltydse verpleegster wat vir die moederkunde-afdeling medeverantwoordelik is. Elke twee jaar word 'n swak babatjie aangeneem wat dan in die moederkunde-afdeling verpleeg en groot gemaak word. Na twee jaar word die baba deur ouers aangeneem. Dogters woon dan afwisselend voltyds in en is onder toesig, vir die versorging van die baba verantwoordelik. Op hierdie wyse ontvang die dogters onder ideale omstandighede, praktiese onderrig in Moederkunde.

Met die samewerking van die res van die personeel, ouers, beroepsorganisasies en deur sy eie optrede en organisasie probeer die voorligter hierdie vername roeping vervul.

Die tyd het dan ook aangebreek dat elke middelbare skool oor die dienste van 'n opgeleide beroepsvoorligter sal beskik. Indien die stelsel van twee onderwyser-voorligters wat elkeen die helfte van sy tyd aan voorligtingswerk wy, in skole deurgevoer word, is dit noodsaaklik om hiervoor 'n addisionele pos te skep wat bo en behalwe die gewone onderwyserskwota bereken word. Hierdie voorligters moet noodwendig van die meeste ander skool- en buitemuurse bedrywighede vrygestel word sodat hulle te alle tye beskikbaar kan wees en in staat sal wees om hulle aandag voltyds aan hierdie belangrike werk te wy. Adviesrade kan as skakel tussen skool en bedryfslewe dien. Indien hierdie liggaam reg funksioneer, kan dit van besondere diens vir leerlinge, skool en gemeenskap wees.

'n Belangrike aspek van voorligting wat in sowel die provinsiale as beroepskole in Suid-Afrika tot op die huidige, byna nog geen aandag ontvang nie, is nasorgwerk. Die meeste skole behou alleen toevallige kontak deur besoeke of briewe wat oud-leerlinge soms aan die skole skrywe. Geen doelbewuste nasorgstelsel word egter opgebou nie. Hierdeur ly die skool sowel as die oud-leerlinge groot skade. Verdere hulp wat vir die jong werker in sy aanpassingstryd onontbeerlik is, word hom ontsê terwyl die skool self hierdeur 'n belangrike skakel tussen skool en gemeenskap verloor. Deur die nasorgstelsel word die skool ook in staat gestel om sy funksionele waarde, gemeet aan die sukses van sy produkte, te bepaal.

F. Spesiale onderwys-inrigtings as aanvullende voorsiening by komprehensiewe skole.

Behalwe enkele uitsonderinge is dit nie gebruiklik om in komprehensiewe middelbare skole leerlinge op te neem wat spesiale onderwys nodig het nie. Indien dit in die beswil van die kind is dat afsonderlike en besondere geriewe vir hom geskep moet word, behoort hierdie soort leerling nie in die gewone middelbare skool opgeneem te word nie.

Ook wat spesiale skole aanbetref, is eenheidsbeheer wenslik. Hierdie skole moet op 'n normale wyse by die gewone onderwysprogram van die provinsies inskakel sodat die optimale administratiewe, organisatoriese en funksionele doeltreffendheid bereik kan word deur 'n

stelsel/........

stelsel waarin koördinasie deur middel van eenheidsbeheer moontlik gemaak word.

In Suid-Afrika is spesiale onderwysvoorsiening hoofsaaklik 'n funksie van die uniale onderwysdepartement. Hierdie inrigtings, naamlik nywerheidskole, verbeteringskole, spesiale skole (vir liggaamlik afwykendes), staatsondersteunde spesiale skole (vir dowes, blindes, epileptici, doofstommes en serebraal-verlamdes) doen reeds uitstekende werk. Die provinsiale spesiale skole vir afwykende leerlinge in Transvaal het sedert 1951 snel vooruitgegaan. Onder hierdie soort onderwys ressorteer skole vir verstandelike vertraagde leerlinge, die skool vir gedragsafwykende leerlinge by Loopspruit, klasse vir swaksigtiges en hardhorende leerlinge, klasse by die kinderhospitale te Johannesburg, Pretoria en Meerhof, spraakterapeutiese behandeling en die skool vir kreupel kinders verbonde aan die Hope-herstellings en opleidingstehuise. Die geweldige aanvraag wat vir hierdie soort spesiale onderwys bestaan en die sukses wat in hierdie skole behaal word, maak dit noodsaaklik dat voorsiening op 'n steeds groter skaal sal geskied.

By die Spesiale Skool, Gezina, waar tans 196 verstandelike vertraagde leerlinge spesiale onderwys ontvang, word, behalwe die gewone skolastiese vakke, ook onderrig in Plaatmetaalwerk, Sweiswerk, Hoenderboerdery, Kookkuns, Naaldwerk en Grimmeerkuns verskaf. Die goeie vordering wat ook hierdie leerlinge in hulle skoolwerk, maar veral in die praktiese vakke maak, bewys bo alle twyfel dat deur spesiale onderwys-metodes en -fasiliteite hierdie leerlinge gehelp kan word om uiteindelik 'n nuttige en selfstandige bestaan te kan voer. Hierdie soort onderwys vereis egter besonder goed toegeruste werkswinkels en apparaat. Die gebruik in die verlede om hierdie skole in ou opgeknapte of tydelike geboue te huisves waarin ook die toerusting baie te wense oorgelaat het, het nie alleen net sy nadelige uitwerking op die algemene gees wat in die skool heers, gehad nie, maar het ook die houding van die ouers en die gemeenskap teenoor die skool en die produkte wat die skool die lewe in stuur, gehad.

Spesiale skole het dus hulle besondere plek en funksie. Hierdie inrigtings voorsien aanvullend in die behoeftes van leerlinge wat nie deur die gewone komprehensiewe skole verskaf kan word nie.

## 2. DIE ONTWIKKELING VAN DIE KOMPREHENSIEWE MIDDELBARE S[illegible] AS OPVOEDKUNDIGE INSTELLING.

Ten spyte van die feit dat sommige opvoedkundiges beweer dat die Transvaalse middelbare skole reeds komprehensiewe skole is,[1] is hierdie stelling nie heeltemal juis nie. Indien die Transvaalse skole aan sekere maatstawwe gemeet en met ander lande vergelyk word, word besef dat daar wel reeds ver op hierdie gebied gevorder is.

In Engeland word skole as komprehensief bestempel indien hulle alle normale leerlinge van middelbare skoolleeftyd uit hul voedingsgebied, wat die skool wil bywoon, akkommodeer. In die meeste gevalle vind 'n stelsel van afroming egter eers plaas en besoek die skranderste en/of vermoëndste leerlinge die "Grammar", "Public" of tegniese skole. Differensiasie word gewoonlik op 'n beperkte skaal toegepas, 'n onbuigbare stelsel van baanindeling word gevolg sodat die skole in werklikheid 'n "multilateral" karakter aanneem. Verder word soveel waarde aan die 11-plus-eksamen en die "G.C. Examination" geheg dat differensiasie in die onderwys én die behartiging van individuele belange nie tot sy reg kan kom nie. Aan hierdie standaarde gemeet, kan dus wel beweer word dat die Transvaalse skole komprehensief is.

Indien die Transvaalse middelbare skole egter met sommige Amerikaanse komprehensiewe skole vergelyk word, word besef dat die ideaal op verre na nog nie verwesenlik is nie. Behalwe vir die feit dat alle middelbare skoolleerlinge toegelaat word, is daar verdere kenmerkende eienskappe waaraan voldoen moet word.

Die volgende is die vernaamste vereistes :

a. die middelbare skole moet geen seleksie by toelating toepas nie;

b. as gevolg van individuele verskille moet gedifferensieerde onderwys verskaf word sodat elke leerling onderrig in ooreenstemming met sy aanleg, belangstelling en vermoë kan ontvang.

c. integrasie tussen algemeen-vormende en beroepsonderwys moet bewerkstellig word;

d. deur die toepassing van 'n kredietstelsel kan die knellende bande van 'n universiteitsgerigte eksamen verdwyn en selfs die formele skooleindeksamen in 'n groot mate vervang word;

e./........

---

1. Paedagogische Studiën, 28ste jaargang, April 1951, Bot, Die komprehensiewe hoërskool van Transvaal Unie van Suid-Afrika.

e. die demokratiese beginsels moet doelbewus nagestreef en uitgeleef word; en

f. daar moet doelbewus na die vorming en ontwikkeling van die hele mens gestreef word sodat leerlinge vir die lewe in die wydste sin van die woord voorberei word.

Gemeet aan hierdie vereistes dus, skiet die Transvaalse middelbare skole nog ver te kort.

A. Die huidige middelbare skool in Transvaal as die natuurlike resultaat van 'n langsame ontwikkelingsproses.

Vanaf die aanvangsjare tot op die huidige, 'n tydperk van ongeveer 100 jaar, het onderwys in Transvaal, nieteenstaande teenkanting en stryd, tog snelle vooruitgang gemaak. Aanvanklik pionierstoestande, daarna die invoer van 'n Nederlands-georiënteerde onderwysstelsel, die anneksasie en die uiteindelike verowering van Transvaal deur Brittanje net nadat die Zuid-Afrikaansche Republiek, veral op onderwysgebied, 'n bloeityd deurgemaak het en die gevolglike totale uitwissing van die bestaande onderwysstelsel en die vervanging daarvan deur 'n Engels-Kaapse stelsel en die twee wêreldoorloë wat hulle invloed ook terdeë op Suid-Afrika laat geld het, was almal faktore wat 'n stremmende maar soms tog 'n prikkelende invloed op die natuurlike gang van onderwysontwikkeling gehad het.

Aanvanklik was middelbare onderwys uitsluitlik 'n voor-universiteitsfase wat alleen deur enkelinge benut kon word. In ooreenstemming met die ontwikkeling ook in ander Westerse lande, het middelbare onderwys stadigaan die voorreg van al meer en meer van die opgroeiende jeug geword todat dit uiteindelik die reg van elke normale skoolpligtige individu geword het. Tesame met die toename van die middelbare skoolbevolking moes ook die skole hulle onderwysprogram in ooreenstemming met veranderde omstandighede en eise wysig. In hierdie ontwikkelingsproses het die laer skole eers die "secondary top" bygekry, hierdie skole het verander in die intermediêre skole terwyl volwaardige middelbare skole langsamerhand ook hulle verskyning begin maak het. Die intermediêre skole is vervang deur die skoolplase en junior hoër skole en op hulle beurt moes hulle plek maak vir die huidige landbou- en middelbare skole.

Die verskillende opvoedkundige inrigtings wat die hedendaagse skole vooraf gegaan het, word soms as mislukkings bestempel wat die breinprodukte van een of ander hooggeplaaste amptenaar was. Gesien teen die agtergrond van ontwikkelende toestande en vereistes is dit

egter/.....

egter duidelik dat hierdie skooltipes in die onmiddellike behoeftes voorsien het en elkeen 'n skakel vorm van 'n geleidelike en natuurlike wordingsproses wat uiteindelik in 1950 op die beslissing vir die daarstelling van gedifferensieerde onderwys in komprehensiewe skole uitgeloop het.

B. <u>Die komprehensiewe middelbare skool word geregverdig deur en is gebaseer op opvoedkundig-filosofiese, -psigologiese, -sosiologiese en - ekonomiese grondslae</u>.

Nuwe wysgerig- en psigologies-opvoedkundige beskouinge tesame met sosiologiese en ekonomiese eise wat veral gedurende die afgelope 50 jaar ontstaan het, het meegebring dat 'n onderwysvernuwing noodsaaklik geword het.

Die lewens- en wêreldbeskouing van die gemeenskap bepaal die opvoedingsideale wat nagestreef word en die grondslae waarop die onderwysorganisasie moet berus.

Die beskouing wat die komprehensiewe skool die nouste ten grondslag lê, en nie vreemd aan die Suid-Afrikaanse beskouinge is nie, is die Personalistiese opvoedkundig-filosofiese rigting soos deur Kohnstamm vertolk. Die hoofgedagte hierin is die verantwoordelikheid wat op die volwassene rus om aan die jeugdige, in ooreenstemming met sy natuurlike vermoëns, maar onderworpe aan aanvaarde godsdienstige en sosiale voorbehoude, die geleentheid tot volle ontwikkeling van sy persoonlikheid te bied. Hierby moet aanvullend genoem word dat die opvoedkundige stelsel gekenmerk moet word en die stempel moet dra van die eie nasionale volksaard, taal en kultuur.

Die opvoedkundig-psigologiese beskouinge wat die komprehensiewe skool ten grondslag lê, is hoofsaaklik gebaseer op die begrip van die individu as 'n dinamiese totaliteit en onderwys as 'n aktiewe proses wat plaasvind as gevolg van die gedurige wisselwerking tussen individu en gemeenskap. Verder moet onderwys uitgaan van die belangstelling, aanleg en vermoë van die kind en geskied deur middel van geestelike en liggaamlike aktiwiteit. Vir elke individu is die mooatlikheid tot prestasie, sukses en geluk 'n onontbeerlike vereiste en moet as aansporing in die onderwys dien. Dit word veral beklemtoon dat middelbare onderwys in die besondere behoeftes van die adolessent moet voorsien en dat die onderwysprogram in ooreenstemming met die veranderinge wat in die rypende jeug plaasvind, sal geskied.

Op/..............

Op sosiologiese gebied strewe die komprehensiewe skool as gemeenskapsinstelling doelbewus daarna om :

a. sy leerlinge in 'n natuurlike omgewing op te voed deur 'n gemeenskap in embrio in die skool te probeer skep en te laat funksioneer;

b. volle gebruik van die gemeenskap en gemeenskapsmiddele as ervaringsgebied te maak;

c. om aan elke leerling gelyke kanse en geleenthede te bied; en

d. as demokratiese instelling die demokratiese beginsels te handhaaf en in te skerp.

Aangesien die komprehensiewe skool as 'n natuurlike sosiale eenheid funksioneer, 'n gemeenskap in klein probeer skep, impliseer dit dus dat in dieselfde skool vir albei geslagte voorsiening gemaak moet word en ko-edukasie dus toegepas sal word. In Suid-Afrika het ko-edukasie 'n algemeen-aanvaarde instelling geword en is dit dus in ooreenstemming met hierdie beginsel waarop die komprehensiewe skool gebaseer is.

As gevolg van die heterogene middelbare skoolgemeenskap is die skool verplig om sy tradisionele onekonomiese selektiewe funksie te laat vaar en deur middel van 'n veelsydige onderwysprogram vir elke leerling doeltreffend voorsiening te maak. Gedifferensieerde onderwys in volwaardige komprehensiewe skole kan hierdie funksionele eise moontlik maak.

Daar kan ten regte beweer word dat die komprehensiewe middelbare skool ten volle aan die opvoedkundig wysgerige, -psigologiese, -sosiologiese en -ekonomiese eise voldoen.

## 3. DIE KOMPREHENSIEWE SKOOL AS OPVOEDKUNDIGE INSTELLING VIR MIDDELBARE ONDERWYS IN TRANSVAAL.

Indien volwaardige komprehensiewe skole as toekomstige onderwysinrigtings vir middelbare onderwys in Transvaal oorweeg word, kan uit die voorafgaande die volgende gevolgtrekkinge gemaak word :

a. die komprehensiewe skool vind aansluiting by die volksverlede. Dit het deur 'n natuurlike ontwikkelingsproses op onderwysgebied ontstaan.

b. Ook in verskillende ander Westerse lande het die middelbare skole langsamerhand in komprehensiewe skole ontwikkel of is besig om te ontwikkel;

c/..........

c. die komprehensiewe skool is gebaseer op en word geregverdig deur opvoedkundige-filosofiese, -psigologiese, -sosiologiese en -ekonomiese grondslae en vereistes ;

d. die komprehensiewe middelbare skool is die draer van gedifferensieerde onderwys ;

e. die komprehensiewe skool bied in werklikheid die oplossing vir aktuele probleme in Suid-Afrika soos die stelsel van verdeelde beheer, die matrikulasie-vrystellingsvereistes en die herinstelling van die adel van die arbeid;

f. in die komprehensiewe skool kan beroepsonderwys as integrale onderdeel van algemene onderwys tot sy reg kom; en

g. indien die voor- en nadele van die komprehensiewe skool teen mekaar opgeweeg word, word besef dat, alhoewel hierdie skooltipe, soos dit tans funksioneer, nie van alle nadele ontbloot is nie, uiteindelik as die werklike en gewaande besware en teenkanting deur praktiese ondervinding en resultate genoodsaak, vervaag, sal die komprehensiewe middelbare skool as opvoedkundige instelling die Westerse beskawing tot groot diens wees.

En, netsoos die Transvaal in 1900 op die wereldtentoonstelling in Parys die "Grand Prix"-prys vir sowel laer as middelbare onderwys verower het, sal hy deur die uitbouing van volwaardige komprehensiewe middelbare skole weer eens in staat gestel word om op die gebied van onderwys in die voorste geledere te beweeg.

----------

## BYLAAG.

## OPVOEDKUNDIGE INRIGTINGS WAT BESOEK IS.

1. Afrikaanse Hoër Seunskool, Pretoria.
2. Die Hoër Skool Michael Brink.
3. Die Hoër Skool Wonderboom, Pretoria.
4. Diepkloof - Verbeteringskool.
5. George Hofmeyer-nywerheidskool, Standerton.
6. Gezina Skool.
7. Hoër Beroepskool vir Seuns, Kimberley.
8. Hoër Handelskool, Potchefstroom.
9. Hoër Huishoudskool-Martha Human, Hartbeespoort.
10. Hoër Tegniese Skool vir Volwassenes, Kimberley.
11. Hoër Tegniese Skool, Wolmaransstad.
12. J.W. Luckhoof-Nywerheidskool, Heidelberg.
13. Landbou-Hoërskool, Brits.
14. Loopspruitskool.
15. Meerhof Spesiale Skool, Hartbeespoort.
16. Nywerheidskool vir Dogters, Tempe.
17. Oranje Hoër Meisieskool, Bloemfontein.
18. Pretoria Tegniese Kollege, Pretoria.
19. Skool vir Serebraal Kreupeles, Pretoria.
20. Transoranje-Instituut vir Buitengewone Onderwys.

---------

# BIBLIOGRAFIE.


## A. ARGIVALE BRONNE.

1. Staats Courant der Z.A. Republiek. Potchefstroom, 20 Mei 1859, No. 74, Vol II, "Reglement voor de Gouvernements Onderwyzers in de Z.A. Republiek."

2. Staats Courant der Z.A. Republiek. Nr. 165, 4 September 1866, "Reglement voor de Gouvernements Onderwyzers."

3. "Report of The Pretorian Committee appointed 18th February 1873 to prepare a scheme of Education for the South African Republic."

4. Transvaalsche Gouvernements Courant, 7 Januarie 1879, No. 95, Vol. III : J.Vacy Lyle, "Report on the Condition of Education in the Transvaal."

5. Transvaalsche Gouvernements Courant, 20 April 1880, No. 178, Vol. IV : H.S. Bosman, "Report of Superintendent of Education."

6. Staats Courant der Z.A. Republiek, 15 Junie 1892 : "Wet No. 8, 1892."

7. Celliers, J.F. : "De Locale Wetten der Z.A. Republiek; 1849 - 1885", Pretoria, 1887.

8. "The Statute Law of the Transvaal", Vertaal deur Barker, MacFadyen and Findlay, Londen, Waterlow and Sons, 1901.

## B. VERSLAE EN OMSENDBRIEWE.

1. Unie van Suid-Afrika :

   a. "Rapporten van de Provinciale Administratie Kommissie", Pretoria, Staatsdrukker, 1916, U.G. 45/16. (Jagger-verslag)

   b. "Tweede Rapport van de Kommissie op de Administratie van Onderwijs", Kaapstad, Cape Times Beperkt, 1924, U.G. 19/24. (Hofmeyer-verslag)

   c. "Verslag van die Provinsiale Finansiële Kommissie", Pretoria, Staatsdrukker, 1934, U.G. 46/34.

   d. Unie-Onderwysdepartement, : "Bulletin van Onderwys-statistiek vir die Unie van Suid-Afrika", Pretoria, Staatsdrukker, 1947.

   e. "Verslag van die Kommissie in sake Tegniese en Beroepsonderwys", Pretoria, Staatsdrukker, 1948 U.G. 65/48. (De-Villiers-verslag)

   f. "Offisiële Jaarboek van die Unie van Suid-Afrika en van Basoetoland, Betsjoeanalandprotektoraat en Swaziland", Pretoria, Staatsdrukker, 1956-57, No. 28, 1954-55.

   g. Unie-onderwysdepartement (Departement van Onderwys, Kuns en Wetenskap) : Jaarverslae sedert 1910.

2. Provinsiaal :

a. Transvaal, "Report of the Education Commission", Pretoria, Staatsdrukker, 1920.

b. Transvaal, "Verslag van die Onderwyskomitee", Pretoria, Staatsdrukker, 1928.

c. Transvaal, "Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie", Pretoria, Staatsdrukker, 1939, (Nicol-verslag.)

d. Natal, "Verslag van die Provinsiale Onderwyskomitee", Pietermaritzburg, Natal Witness, 1946. (Wilks-verslag.)

e. Oranje-Vrystaat, "Verslag van die Provinsiale Onderwyskommissie", Bloemfontein, White Maatskappy Bpk, 1951. (Pretorius-kommissie.)

f. Transvaal, T.O.D., "Verslag van Oorsese Sending in verband met gedifferensieerde middelbare onderwys", Pretoria, Staatsdrukker, 1955. (Van Wyk-verslag.)

g. Transvaalse Onderwysdepartement, Jaarverslae sedert 1903.

h. Transvaalse Onderwysdepartement, Departementele en Algemene Omsendbriewe sedert 1935.

C. SEKONDÊRE WERKE :

1. Alexander, W.M. and Saylor, J.G. : "Secondary Education", New York, Rinehart en Co., 1950.

2. American Association of School Administrators : "Ninth Yearbook, 1931", Washington, The Department of Superintendence, 1931.

3. Ayres, L.P. : "Laggards in our schools", New York, Survey Associates Inc., 1913.

4. Barker, et al : "The Statute Law of the Transvaal", Londen, Waterlow and Sons, 1901.

5. Basson, M.A. : "Die Voertaalvraagstuk in die Transvaalse Skoolwese", Johannesburg, Voortrekkerpers, 1944.

6. Board of Education, The Consultative Committee : "Secondary Education", Londen, Her Majesty's Stationery Office, 1938.

7. Bot, A.K. : "Honderd Jaar Onderwys in Transvaal ; 1836 - 1936", Pretoria, Staatsdrukkery, 1936.

8. Brouwer, W.H. et al. : "De Comprehensive School in Engeland, Wales en Schotland", Groningen, Wolters, 1956.

9. Brubacher, J.S. : "Modern Philosophies of Education", New York, Mc Graw-Hill Book Co., 1950.

10. Bühler, C. : "From Birth to Maturity", Londen, Kegan Paul et al, 1947.

11. Butts, R.F. : "Assumptions underlying Australian education", Melbourne, Brown, Prior and Anderson, 1955.

12. Coetzee, J.C. :

a. "Die Moderne Opvoeding", Pretoria, Van Schaik, 1939.

b. "Inleiding tot die Algemene Teoretiese Opvoedkunde", Pretoria, Van Schaik, 1953.

c. "Onderwys in Transvaal; 1838 - 1939", Pretoria, Van Schaik, 1941.

d. "Vraagstukke van die Opvoedkundige Politiek", Pretoria, Van Schaik, 1930.

13. Coetzee, J.C. en Bingle, H.J.J. : "Beginsels en metodes van die Middelbare Onderwys, Pretoria, Van Schaik, 1947.

14. Cole, M. : "What is a Comprehensive School", Londen, Co-operative Press Ltd., 1954.

15. Conant, J.B. :"Education and Liberty", Harvard, University Press, 1953.

16. Cramer, J.F. et al. : "Contemporary Education", New York, Harcourt, Brace and Co., 1956.

17. De Hovre, F. : "Paedagogische Wijsbegeerte", 's Hertogenbosch, Malmsberg, 1934.

18. Dempster, J.J.B. : "Purpose in the Modern School", Londen, Methuen and Co., 1956.

19. Departement van Onderwijs, Transvaal : "Onderwijswetten van 1907, 1908 en 1909 met de herziene regulaties en instrukties", Pretoria, Goevernements-drukkerij en Kantoor van Schrijfbehoeften, 1910.

20. Dewey, J. :

a. "Democracy and Education", New York, Macmillan Co., 1939.

b. "The School and Society", Chicago, The University of Chicago Press, 1932.

21. Dewey, J. and E. : "Schools of to-morrow", New York, Dutton and Co.

22. Du Toit, P.S. : "Onderwys in Kaapland", Pretoria, Van Schaik, 1940.

23. Education Department Alberta :

a. "Junior High School Handbook", Edmonton, Shnitka, 1955.

b. "Senior High School Handbook", Edmonton, Shnitka, 1957.

24. Ellis, R.S. : "The Psychology of individual differences", New York, Appleton and Co., 1930.

25. English New Education Fellowship : "The Comprehensive School", Hull, Brown and Sons, 1953.

26. Fedder, R. : "Guiding Homeroom and Club Activities", New York, McGraw-Hill Book Co., 1949.

27. Freeman, F.S. : "Individual Differences", Londen, Harrop and Co., 1934.

28. Gie, S.F.N. : "Geskiedenis vir Suid-Afrika", Stellenbosch, Pro Ecclesia - Drukkery, 1932.

29. Good, G.V. : "Dictionary of Education", New York, McGraw-Hill Book Co., 1945.

30. Grieder, C. and Rosenstengel, W.E. : "Public School Administration", New York, Ronald Press Co., 1954.

31. Hanekom, T.N. : "Die Liberale rigting in Suid-Afrika", Stellenbosch, Die Christen-Studente-vereniging-Maatskappy van S.A., 1951.

32. House of Commons :

    a. "Parliamentary Debates, (Hansard), Fifth Series-Vol. 478, 1950", Londen, His Majesty's Stationery Office, 1950.

    b. "Parliamentary Debates, (Hansard), Fifth Series-Vol. 491, 1950 - 51", Londen, His Majesty's Stationery Office, 1951.

33. Hughes, A.G. : "Education and the Democratic Ideal", Londen, Longmans, Green and Co., 1951.

34. Hughes, H.D. : "A Socialist Education Policy", Londen, Devonport Press Ltd., 1955.

35. Jacobson, P.B. : "The American Secondary School", New York, Prentice-Hall, Inc., 1952.

36. James, W. : "The principles of Psychology", Londen, Mac Millan and Co., 1890.

37. Kallen, H.M. : "The Education of Free Men", New York, Farrar, Straus and Co., 1949.

38. Kandel, I.L. : "The New Era in Education", Boston, Houghton Mifflin Co., 1955.

39. Keller, F.J. :

    a. "The Comprehensive High School", New York, Harper and Bros., 1955.

    b. "The Double-Purpose High School", New York, Harper and Bros., 1953.

    c. "Principles of Vocational Education", Boston, Heath and Co., 1948.

40. Keyter, J. de W. : "Opvoeding en Onderwys", Bloemfontein, Nasionale Pers Bpk, 1936.

41. Kilpatrick, W.H. : "Foundations of Method", New York, Mac Millan Co., 1926.

42. Kohnstamm, Ph. : "Keur uit het didactisch werk", Groningen, Wolters, 1952.

43. Kühlen, R.G. : "The Psychology of Adolescent Development", New York, Harper and Bros., 1952.

44. Langeveld, M.J. : "Inleiding tot de studie der Paedagogische Psychologie", Groningen, Wolters, 1950.

45. Little, W. et al. : "Developmental Guidance in Secondary School", New York, Mc Graw-Hill Book Co., 1953.

46. London County Council : "The Organisation of Comprehensive Secondary Schools", Londen, 1954.

47. Lugtenburg, A.H. : "Geskiedenis van die Onderwys in die S.A. Republiek (1836 - 1900)", Pretoria, Van Schaik, 1925.

48. Lynd, R. and H. : "Middeltown in transition", New York, Harcourt, Brace and Co., 1937.

49. Malherbe, E.G. : "Education in South-Africa; 1652 - 1922", Kaapstad, Juta and Co., 1925.

50. McKown, H.C. : "Home Room Guidance", New York, Mc Graw-Hill Book Co., 1934.

51. Middlesex County Council, : "The Comprehensive Secondary School", Londen, Harrison and Sons Ltd., 1948.

52. Ministerie van Onderwijs, Kunsten en Wetenschappen :

a. "Het Onderwijs in Nederland, 1954", 'sGravenhage, 1956.

b. "Onderwijs en Opvoeding in Nederland", 1953.

53. Ministry of Education : "Education in 1955", Londen, Her Majesty's Stationery Office, 1956.

54. Morrison, H.C. : "Basic Principles in Education", Londen, Harrap & Co.

55. Mort, P.R. and Vincent, W.S. : "Modern Educational Practice", New York, Mc Graw-Hill Book Co., 1950.

56. Myers, G.E. : "Principles and Techniques of Vocational Guidance", New York, Mc Graw-Hill Book Co., 1941.

57. National Education Association, Education Policies Commission : "Planning for American Youth", New York, National Association of Secondary School Principals, 1951.

58. National Society for the Study of Education,
a. Thirtyseventh Yearbook, Part 2, Dewey, J : "The determination of ultimate values or aims through antecedent or a priori speculation or through pragmatic or empirical inquiry", Bloomington, Public School Publishing Co., 1938.

b. Forty-first Yearbook, Part I, "Philosophies of Education", Bloomington, Public School Co., 1942.

59. Nel, B.F. : "Druiping by skoolleerlinge", Johannesburg, Voortrekkerpers Bpk, 1945.

60. Nunn, P. : "Education, its Data and First Principles", Londen, Arnold and Co., 1949.

61. Oberholzer, C.K. : "Inleiding in die Prinsipiële Opvoedkunde", Pretoria - Brugge, Moreau en Kie, 1954.

62. Ontario Education Department : "Report of the Royal Commission on Education in Ontario", Toronto, Johnston, 1950.

63. Parkhurst, H. : "Education on the Dalton Plan", Londen, Bell and Son Ltd, 1923.

64. Pedley, R. et al. :

a. "Comprehensive Education", Londen, Gollancz, 1956.

b. "Comprehensive Schools to-day", Londen, Councils and Education Press Ltd., 1956.

65. Progressive Education Association Publications : "Adventure in American Education, Thirty Schools tell their story", New York, Harper and Bros., 1943.

66. Richmond, W.K. : "Education in the U.S.A.", Londen, Redman Ltd., 1956.

67. Rousseau, J.J. (vertaal deur Foxley, B.) : Emile or Education, Londen, Dent and Sons, 1933.

68. Rugg, H. and Shumaker, A. : "The Child - centred school", New York, World Book Co., 1928.

69. Scottish Education Department :

a. "Secondary Education; A Report of the Advisory Council on Education in Scotland", Edinburgh, His Majesty's Stationery Office, 1947.

b. "The Report of the Advisory Council on Secondary Education, Circular No. 206", Edinburg, His Majesty's Stationery Office, 1951.

70. Simon, B. :

a. "Intelligence testing and the Comprehensive School", Londen, Lawrence and Wishart Ltd., 1954.

b. "Three Schools or one", Londen, Muller Ltd., 1948.

71. Spencer, F.H. : "The Technical Colleges of South Africa", New York, Carnegie Corporation, 1937.

72. Stevenson, J.A. : "The Project Method of Teaching", New York, Mac Millan Co., 1930.

73. Struck, F.T. : "Vocational Education for a changing world", New York, Wiley and Sons, 1950.

74. Thayer, V.T. et al : "Reorganizing Secondary Education", New York, Appleton - Century Co., 1939.

75. The Consultative Committee on the Education of the Adolescent (Hadow Report) : "The Education of the Adolescent", Londen, His Majesty's Stationery Office, 1926.

76. The Schoolmaster : "Ministry plans a Comprehensive School", October 1955, Vol. CLXVIII, Londen, St. Clements Press Ltd., 1955.

77. Transvaalse Onderwysdepartement :

a. Bot, A.K. : "Die Ontwikkeling van Onderwys in Transvaal. 1836 - 1951", Pretoria, Staatsdrukker, 1951.

b. T.O.D.-komitee : "Gedifferensieerde middelbare onderwys vir blankes, Pretoria, T.O.D., 1953 (Steyn-verslag).

c. "Transvaalse Eindsertifikaat van die Middelbare Skool", Pretoria, Staatsdrukker, 1955.

78. Tribolet, D.H. : "Observations on Secondary Education in England, Scotland and the U.S.A.", Education Department of Tasmania, 1955.

79. Unesco :

a. "Fundamental Education", Publication No. 363, Parys, Unesco, 1949.

b. "World Survey of Education", Parys, Unesco, 1955.

80. Unie van Suid-Afrika :

a. "Debatte van die Senaat van die Unie van Suid-Afrika", 3de sitting, 5de Senaat, 9 - 13 Mei 1955, No. 10, Elsiesrivier, Nasionale Handelsdrukkery Bpk, 1955.

b. "Die Unie-wette. Geklassifiseerde en Geannoteerde Herdruk 1910 - 1947, Deel 5", Pretoria, Staatsdrukker, 1947.

c. "Hersiene Wette van die Unie van Suid-Afrika, 1910 - 1912 met wysigings tot 1933", Pretoria, Staatsdrukker, 1935.

81. United States Department of Health, Education, and Welfare : "Teaching Rapid and Slow Learners in High Schools", Washington, United States Government Printing Office, 1954.

82. University of London Institute of Education : Studies of Education, 6, "The Problems of Secondary Education today", Londen, Evans Bros. Ltd., 1955.

83. Van Praag, H. : "De Zin der Opvoeding", Haarlem, Bohn, 1950.

84. Wasters, J. : "High School Personnel Work to-day", New York, McGraw-Hill, 1958.

85. Washburne, C. : "What is Progressive Education", New York, Day and Co., 1952.

86. Waterinck, J. : "Theorie der Opvoeding", Kampen, Kok, 1951.

87. Wiley, G.M. : "The redirection of Secondary Education", New York, Macmillan Co., 1942.

88. Wyndham, H.S. : "Ability Grouping", Melbourne, Melbourne University Press, 1934.

89. Wynne, J.P. : "Philosophies of Education", New York, Prentice-Hall, Inc., 1947.

D. <u>ONGEPUBLISEERDE MANUSKRIPTE</u>.

1. Barnard, J.S. : "'n Empiriese studie van die sosiale ontwikkeling van 'n groep Afrikaanssprekende middelbare skoolleerlinge", Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Doktorsproefskrif, 1956.

2. Basson, M.A. : "Die Britse Invloed op die Transvaalse Onderwys; 1836 - 1907", Universiteit van Pretoria, Doktorsproefskrif, 1950.

3. Bekker, J.H. : "Godsdiens in die onderwys van blankes in Transvaal tot 1953", Potchefstroomse Universiteit vir C.H.O., Doktorsproefskrif, 1954.

4. Coetzee, A.J.S. : "Die ontwikkeling van die sedelike oordeel by leerlinge van die middelbare skool", Universiteit van Pretoria, Doktorsproefskrif, 1951.

5. Davies, J.E. : "Recent trends concerning Examination, Promotion and Differentiation in Secondary Education in certain European countries, Canada and the United States of America, and the significance of these trends for Secondary Education in the Transvaal", University of Pretoria, Doctors Thesis, 1958.

6. Laburn, J.A. : "A study of the Junior High School System in Canada and the United States, with reference to the development of Junior High Schools in the Transvaal", University of the Witwatersrand, M.Ed. Dissertation, 1943.

7. Lynch, J.R. : "Differentiated Education in the Transvaal Secondary School 1900 - 1950", University of Potchefstroom for C.N.E., Doctors Thesis, 1952.

8. Muller, J.D. : "Universiteitstoelating en die middelbare skoolwese in Suid-Afrika as geïntegreerde faktore in verband met druiping aan die universiteit", Universiteit van Suid-Afrika, Doktorsproefskrif, 1957.

9. Sonnekus, M.C.H. :"Die standaardisering van 'n battery akademiese prestasietoetse as prognostiese hulpmiddel by die vakkeuse van Universiteitstudente", Universiteit van Pretoria, Doktorsproefskrif, 1957.

10. Symington, F.C. :

a. "Onderwys in Transvaal gedurende die Kroonkolonieperiode ; 1900 - 1907", Universiteit van Pretoria, Doktorsproefskrif, 1948.

b. "Die konsentrasiekampskole in die Transvaal en Oranje Vrystaat", Universiteit van Pretoria, M.Ed.-verhandeling, 1943.

11. van Zyl, J.A. : "Die onderwysgeskiedenis van Lydenburg en distrik voor 1900", Universiteit van Suid-Afrika, M.Ed.-verhandeling, 1947.

12. Visser, J.G.M. : "Die Juniorhoërskool as gewese onderwysinstelling in Transvaal. 'n Kritiese studie", Universiteit van Pretoria, M.Ed.-verhandeling, 1951.

13. Wulfsohn, B. : "'n Vergelykende studie van Beroepsonderwys in Suid-Afrika en in sekere Wes-Europese lande, met spesiale verwysing na tegniese en handelsonderwys", Universiteit van Pretoria, Doktorsproefskrif, 1957.

E. <u>BROSJURES EN TYDSKRIFTE</u> :

1. <u>Brosjures</u> :

a. De Commissie "Grote Scholen" : "Rapport van de Commissie 'Grote Scholen', Afdeling Amsterdam N.O.V.," Amsterdam, September 1948.

b. De Lange, W. : "Het gedifferentieerde stelsel bij middelbaar onderwijs; principe en praktijk", 1957. (Verkrygbaar by T.O. Biblioteek, Pretoria)

c. Department of Education, Alberta :

i. "Curriculum Guide for Alberta Secondary Schools", 1950.
ii. "Curriculum News Letter", Aug., 1956, No. 6.
iii. "Curriculum New Letter", Febr., 1957, No. 7.

d. Department of Education, Ontario : "Requirements for Certificates and Diplomas", 1957 - 58.

e. Department of Education South Australia, 1957.

f. Department of Education Western Australia : "Secondary Education Western Australia", 1957.

g. Die Interkerklike Komitee van die Hollandse Afrikaanse Kerke van S.A. :

i. "Memorandum insake die behoefte aan 'n uniale onderwysbeleid en die beëindiging van die huidige stelsel van verdeelde beheer t.o.v. middelbare onderwys", Pretoria, Minerva Drukkery Edms Bpk., 1955.
ii. Aanvullende inligting by (i).

h. Joint Committee of the Four Secondary Associations : "The Organisation of Secondary Education", Londen, Wightman Mountain Ltd., 1957.

i. London County Council, Education Committee, Minutes of Proceedings, 19 July 1944 : "Report of the General Sub-Committee", Londen, King and Staples Ltd., 1944.

j. London Schoolmasters' Association : "Problems of the Comprehensive School", Londen, 1954.

k. Manitoba Legislative Assembly : "Report of the Special Select Committee of the Manitoba Legislative Assembly on Education", Winnipeg, Cowie, 1945.

l. Minister of Education : "Intermediate Division. Outlines of courses for experimental use", Ontario, 1951.

m. Ministry of Education : "Education in the Netherlands", Ongepubliseer, Ministerie van Onderwijs Kuns en Wetenskap, 1957.

n. Ministry of Education : "The New Secondary Education", Pamphlet No. 9, Londen, His Majestys Stationery Office, 1951.

o. National Association of Inspectors of Schools and Educational Organisers : "Essential Principles for the reconstruction of post war education", Holborn, Palmer and Co., 1943.

p. National Education Association, Education Policies Commission : "Planning for American Youth", New York, National Association of Secondary School Principals, 1951.

q. National Union of Teachers : Questionnaire, Londen, 13 August, 1957.

r. Pauw, J.C. : "Die kultuur van die arbeid", Referaat gelewer voor die Jaarvergadering van die Transvaalse Werkgemeenskap van die S.A. Akademie op 24 April 1957.

s. Senekal, H.J. :

  i. "Gedifferensieerde middelbare onderwys."

  ii. "Die praktiese toepassing van sekere aspekte van gedifferensieerde onderwys aan die Dr. Malan Hoër Skool, Meyerton".

t. The incorporated association of assistant masters in secondary schools : "The 1944 Act and the Grammar Schools", Londen, Baynard Press, 1955.

u. The Labour Party : "A Policy for secondary Education", Londen, Victoria House Printing Co., 1951.

v. Transvaalse Onderwysdepartement, Onderwysburo : "'n Ontleding van die Suid-Afrikaanse onderwysstelsel met verwysing na die gebrek aan 'n nasionale stelsel en die verdeelde beheer van middelbare onderwys", Pretoria, 1953.

2. Tydskrifte.

a. Dagbreek en Sondagnuus.

Van Wyk : "Transvaalse onderwys beplan met duidelike doel", Jaargang 14, Nr 15, 12 Oktober 1958, Johannesburg, Hayne en Gibson.

b. Education.

Association of Education Committees : i. Vol. 98, 1951. ii. Vol. 103, 1954. iii. Vol. 104, 1954, Londen, Councils and Education Press.

c. Educational Review.

Journal of the Institute of Education, University of Birmingham : Vol. 8 No. 3, June 1956, Birmingham, Cunningham & Sons Ltd.

d. International Review of Education.

i. Green, M.G. : "Kidbrooke School; An English Comprehensive School."
ii. Beeby, C.E. : "New Zealand - An example of Secondary education without selection." Vol. II, No. 4, 1956, 's Gravenhage, Nijhoff.

e. The Schoolmaster and woman Teacher's Chronicle.

Journal of the National Union of Teachers : "Ministry plans a Comprehensive School", Vol. CLXVIII, October 1955, Londen, St Clements Press Ltd.

f. Onderwysbulletin.

Transvaalse Onderwysdepartement, Onderwysburo, Publikasies sedert Maart 1956.

g. Onderwysblad.

Transvaalse Onderwysersvereniging, die Natalse Onderwysersunie en die Suid-Wes-Afrikaanse Onderwyksersunie, Tydskrifte sedert 1950.

h. Tydskrif vir Middelbare Onderwys.

Vereniging van Onderwysers(esse) aan Transvaalse Middelbare skole. Tydskrifte sedert 1950.

i. Paedagogische Studiën.

Orgaan van het Nutsemenarium voor Paedagogiek te Amsterdam en de Vereeniging voor Paedagogische Onderwys aan de Rijks-Universiteit te Groningen, Groningen, Wolters. Tydskrifte sedert 1950.

j. The Architect and Building News.

i. "Comprehensive Schools",
ii. "New L.C.C. Comprehensive Schools." Vol 200, No. 4312, Aug 9, 1951, Londen, Iliff and Sons Ltd.

k. The New Era in Home and School.

i. Vol 38, No. 5, May 1957.
ii. Vol 28 - 31, 1947 - 50. Londen, New Era.

l. The Times Educational Supplement.

i. January 7, 1955.
ii. January 14, 1955.
iii. January 6, 1956.
iv. January 27, 1956.
v. February 7, 1958.

m. Vernieuwing van Opvoeding en Onderwijs.

Rotten, "Argumenten voor de Comprehensive school", 16de jaargang, September 1957, Utrecht, Admiraal van Geutstraat.

---------